# Die boek Prediker as vertrekpunt vir die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener

**Theunis Christiaan de Klerk**
**Studente nr: 10256938**
**B.A. ThB. ThM.**

**Proefskrif voorgelê vir die graad**
***Philosphiae Doctor* in Pastoraal**
**(Fakulteit Teologie)**
**aan die**
**Noordwes-Universiteit**

**Promotor: Prof. Dr.W.C Coetzer**
**November 2010**
**Potchefstroomkampus**

# Bedankings

Aan God al die dank dat Hy my as instrument gebruik het om sy Woord op hierdie wyse te bedien en deur hierdie studie jongmense te begelei om die sin en vreugde van die lewe in Hom te soek.

Dankie aan Prof. Wentzel Coetzer, my promotor, wat met bekwame kundigheid en insig my in hierdie studie begelei het. Dankie vir die verstaan en die omgee.

Dankie aan Prof. Herrie van Rooy, hulp-promotor, en Dr. Tom Larney, taalversorging en vertaling, vir julle insette en begeleiding met hierdie studie.

Baie dankie Martie, my eggenote, vir jou ondersteuning en motivering en dat ons deur hierdie studie ook kon heel word en help om heel te maak.

Dankie aan my dogters, Kita, nog in haar tydelike woning hier, en Estie, reeds verhuis na haar ewige woning, dat julle die motivering was vir hierdie studie. Dankie Henning, my skoonseun, vir jou ondersteuning.

Dankie aan die Gereformeerde Kerk Okahandja wat dit moontlik gemaak het met voorbidding, studieverlof en voortdurende bemoediging om hierdie studie te voltooi.
"*Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie."*

Theuns de Klerk
November 2010.

## Opsomming

In hierdie studie is daar gefokus op die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener aan die hand van 'n aantal breë merkers uit die boek Prediker.

Uit die basisteoretiese navorsing (Hoofstukke 2 en 3) het geblyk dat om tot 'n sinvolle verstaan te kom van die problematiek rondom die tiener en sy belewenisse, 'n gewelidige uitdaging is. Indien daar die nodige begrip vir al die relevante aspekte is en dit ook reg hanteer word, kan dit die groeiproses tot ’n intieme verhouding met God by die tiener bevorder, en uiteindelik ook lei tot die ervaring van ware sin en lewensvreugde. Vanuit die boek Prediker is 'n aantal riglyne geïdentifiseer wat kan meehelp om aan die tiener die nodige perspektief te gee betreffende sy daaglikse lewenstryd. Antwoorde op die soeke na sin en lewensvreugde lê nie in mense en dinge hier *onder die son nie*, maar in ’n lewende en intieme verhouding met God, met ander woorde in die dinge *bokant die son* (beeldspraak soos deur Prediker gebruik).

In die meta-teoretiese afdeling is gefokus op bydraes vanuit die grenswetenskappe. Hier het duidelik geblyk dat die emosionele verwonding van die tiener daartoe aanleiding gee dat die vorming van identiteit en selfwaarde grootliks skade ly. Wanneer die tiener nie veiligheid en sekuriteit binne gesonde verhoudings te midde van’n veranderende wêreld ervaar nie, lei dit heel dikwels tot 'n identiteitskrisis en tot verdere verwonding.

Vanuit die empiriese navorsing het geblyk dat as gevolg van die las van die onverwerkte emosionele bagasie uit die verlede, tieners geneig is om die uitdagings van die lewe baie negatief te ervaar en ook die lewe as sinloos en sonder vreugde te beleef. In die vestiging van ’n eie identiteit en selfwaarde het hulle dan ook’n sterk behoefte aan persoonlike verhoudings getoon. Hulle negatiewe en swak selfpersepsie kan verder ook herlei word na hulle gebrek aan rolmodelle. Hierdie gebrek se verdere uitwerking is dat daar ’n swak verhouding met God en hulle medemens is, asook 'n onvermoë tot sinvolle besluitneming en 'n onvermoë om krisisse en trauma te hanteer.

Deur middel van ’n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese riglyne en metateoretiese perspektiewe is daar gepoog om binne die praktyk-teoretiese afdeling uiteindelik ’n verstelde praktykteorie te formuleer met betrekking tot die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener aan die hand van van riglyne vanuit die boek Prediker. Die praktykgerigte model bied parameters vir die pastorale begeleiding van alle onverwerkte

trauma en emosionele pyn by die tiener, oftewel aspekte wat geestelike vordering en emosionele genesing in die breë blokkeer. Eers dan is die tiener in staat om waarlik te kan fokus op die genieting van die lewe hier *onder die son*, in die lig van die beginsels uit Prediker.

**Sleutelterme:**

- Emosionele verwonding
- Trauma
- Tiener
- Die boek Prediker
- Pastorale begeleiding

# Abstract

This study focused on the pastoral guidance of the emotional wounded teen on the basis of a number of broad markers from the book Ecclesiastes.

From the basis-theoretical research (Chapters 2 and 3) it was clear that it is a major challenge to come to a proper understanding of the nature and problems of the teen and his experiences.It there is the necessary understanding of all the relevant aspects and if these are handled correctly, it can promote the growth process of the teen developing an intimate relationship with God, and eventually also lead to the experience of a true sense of life and joy. From Ecclesiastes a number of guidelines were identified which can assist in giving the teen the necessary perspective about his daily life struggles. Answers to the search for sense and joy in life do not lie in people and things *under the sun*, but in a living and intimate relationship with God, in other words in that which is *above the sun* (to use the imagery of Ecclesiastes).

The meta-theoretical section focused on contributions from the adjacent disciplines. Here it was clear that the emotional wounding of the teen results in damage to the forming of identity and self-esteem.When the teen, in a changing environment, does not experience safety and security within healthy relationships, it quite often leads to an identity crisis and to more wounding.

From the empirical research it transpired that, as a result of the burden of unresolved emotional baggage from the past, teens are inclined to have a very negative view of the challenges of life and also to experience life as senseless and without joy. In the establishment of an own identity and self-esteem they displayed a strong need for personal relationships. Their negative and weak self-esteem can furthermore be traced to the lack of role models. Another consequence of this lack is a weak relationship with God and other people, as well as an inability to make decisions and to handle crises and trauma.
In the practice-theoretical section, through a hermeneutical interaction between basis-theoretical guidelines and meta-theoretival perspectives, the formulation of an adapted practice theory, on the basis of guidelines from Ecclesiastes, about the pastoral guidance of the emotional wounded teen was attempted.

This model, aimed at pastoral practice, presents parameters for the pastoral guidance of all unresolved trauma and the emotional pain of teens, which are aspects that inhibit spiritual

advancement and emotional healing. Only then will the teen be able to truly focus on the enjoyment of life *under the sun,* in the light of the principles and guidelines from Ecclesiastes.

**Key terms:**

- Emotional wounding
- Trauma
- Teen
- Ecclesiastes
- Pastoral guidance

# INHOUDSOPGAWE


**BEDANKINGS** **ii**

**OPSOMMING** **iii**

**ABSTRACT** **v**

## HOOFSTUK 1: INLEIDING

**1.1 Voorgestelde titel en sleutelterme** **1**

1.1.1 Voorgestelde titel 1

1.1.2 Sleutelterme 1

**1.2. Probleemstelling** **1**

1.2.1 Fokus van die Ou-Testamentiese boek Prediker 1

1.2.2 Patrone van emosionele verwonding in die gees van die tiener 2

1.2.2.1 Verhoudings 3

1.2.2.2 Waardes 5

**1.3. Leemte in bestaande navorsing** **6**

**1.4. Navorsingsvraag** **6**

1.4.1 Verdere vrae voortvloeiend uit die navorsingsvraag: 6

**1.5. Doelstelling en doelwitte** **7**

1.5.1 Doelstelling 7

1.5.2 Doelwitte 7

**1.6. Sentrale teoretiese argument** **7**

**1.7. Metodologie** **7**

1.7.1 Basisteoretiese perspektiewe 7

1.7.2 Metateoretiese perspektiewe 8

1.7.3 Praktykteoretiese perspektiewe 8

**1.8. Ander tegniese aspekte** **8**

**1.9 Voorgestelde hoofstukindeling** **9**

**1.10 Skematiese voorstelling** **9**

## BASIS-TEORETIESE AFDELING

## HOOFSTUK 2: EKSEGESE VAN KERNGEDEELTES VAN DIE BOEK PREDIKER


**2.1 Basiese vertrekpunte** 11

**2.2 Die keuse van toepaslike gedeeltes vir eksegese en praktiese riglyne** 11

**2.3 Die boek Prediker** 14

2.3.1 Die boek Prediker as deel van die wysheidsliteratuur 14

2.3.2 Skrywer en datering van Prediker 17

2.3.3 Sosio-historiese konteks 19

2.3.4 Struktuur van Prediker 25

2.3.5 Waar pas gekose gedeeltes in 32

**2.4 Prediker 1:1-11** 32

2.4.1 Prediker 1:1 32

2.4.2 Prediker 1:2 33

2.4.3 Prediker 1:3 39

2.4.4 Prediker 1:4-11 41

2.4.4.1 Prediker 1:4 42

2.4.4.2 Prediker 1:5 42

2.4.4.3 Prediker 1:6 42

2.4.4.4 Prediker 1:7 43

2.4.4.5 Prediker 1:8 43

2.4.4.6 Prediker 1:9 43

2.4.4.7 Prediker 1:10-11 44

**2.5 Prediker 12:8-14** 45

2.5.1 Prediker 12:8 47

2.5.2 Prediker 12:9-10 48

2.5.3 Prediker 12:11 48

2.5.4 Prediker 12:12 49

2.5.5 Prediker 12:13-14 50

**2.6 Gevolgtrekkings** 53

**2.7 Basisteoretiese perspektiewe** 55

## HOOFSTUK 3: BELANGRIKE PASTORAAL TEOLOGIESE VERTREKPUNTE BETREFFENDE DIE BEGELEIDING VAN DIE EMOSIONEEL VERWONDE TIENER


**3.1 Inleidend** **56**

**3.2 Wat sê die Bybel oor tieners** **56**

3.2.1 Struikelblokke in die verstaan van die tiener 57

3.2.1.1 Die rol van mag in die tiener se lewe 57

3.2.1.2 Die tiener toets altyd die grense 58

3.2.1.3 Vriende oefen 'n groot invloed uit 58

3.2.1.4 Tieners het 'n baie beperkte perspektief betreffende die toekoms 59

3.2.1.5 Bybelse riglyne in die hantering van hierdie struikelblokke 59

**3.3 Oorsake van emosionele verwonding in die gees van die tiener** **60**

3.3.1 Die invloed van die huidige postmoderne fase. 60

3.3.2 Gesinne is nie meer die bakermat van verhoudings nie 61

3.3.3 Leë emosionele tenks veroorsaak 'n liefdeshonger 61

3.3.4 Die verwaarlosing van gesinswaardes 62

3.3.5 Gesinne stel nie meer grense nie 63

3.3.6 Die onsekere rolverdeling tussen man en vrou 64

3.3.7 Werksdrukte lei tot afwesige ouers 65

3.3.8 'n Gebrek aan sin en lewensvreugde 66

3.3.9 Skynheiligheid en 'n gebrek aan opregtheid en konsekwentheid 66

3.3.10 Die invloed van die kits-toegangskultuur 68

3.3.11 Die aftakelende gevolge van stres en trauma 69

**3.4 Gevolge van emosionele verwonding in die gees van die tiener** **70**

3.4.1 Versteurde verhoudings 70

3.4.2 Verdraaide waardes 71

3.4.3 Verskuifde grense 72

3.4.4 Vrees 73

3.4.4.1 Vrees vir mislukking 73

3.4.4.2 Vrees vir verwerping 73

3.4.5 Eensaamheid en vervreemding 74

3.4.6 Depressie 74

**3.5 Pastoraal-teologiese vertrekpunte in die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener 75**
3.5.1 Die vader se oortuiging 76
3.5.2 Die vader se karakter 77
3.5.3 Die vader se optrede 77
3.5.4 Die godvresende man het sy vrou lief en gee leiding 79
3.5.5 Die godvresende man het sy kinders lief en gee leiding 79
3.5.6 Die moeder gee geborgenheid en veiligheid 80
3.5.7 Kinders is unieke gawes van God 81
3.5.8 Opvoeding impliseer 'n gesamentlike poging 82
3.5.9 Onvoorwaardelike liefde is van wesentlike belang 84
3.5.10 Die handhawing van gesag 84
3.5.11 Die stel van duidelike grense 86
**3.6 Gevolgtrekkings 87**

## META-TEORETIESE AFDELING

## HOOFSTUK 4: NAVORSING VANUIT DIE HULPWETENSKAPPE MET BETREKKING TOT DIE BEGELEIDING VAN DIE EMOSIONEEL VERWONDE TIENER

**4.1 Inleidend 89**
**4.2 Die tiener van vandag 89**
4.2.1 Die tiener se lewe word gekenmerk deur veranderinge 89
4.2.1.1 Fisiese veranderinge 90
4.2.1.2 Psigologiese ontwikkeling 91
4.2.1.3 Sosiale ontwikkeling 91
4.2.2 Veranderinge lei tot die ontdekking van die self 92
4.2.3 Behoeftes in die ontwikkeling tot volwassenheid 94
4.2.4 Emosionele bagasie lei tot verwarring en gevoelens van hopeloosheid 95
4.2.4.1 Emosionele pyn vanuit die gesin van oorsprong 95
4.2.4.2 Onverwerkte trauma 96
4.2.4.3 Emosionele bagasie lei tot verskillende reaksies 98

4.2.4.4 Selfmoord 99
4.2.4.5 Depressie 100
4.2.4.6 Seksuele wanpraktyke 102
4.2.4.7 Stres 104
4.2.4.8 Dissipline 105
4.2.4.9 Angs 105
4.2.4.10 Dwelm- en alkoholmisbruik 106
**4.3 Belangrike rolspelers in die ontwikkeling van die tiener tot volwassenheid 107**
4.3.1 Die rol van die gesin 109
4.3.1.1 Die gesonde gesin het 'n duidelike rolverdeling 109
4.3.1.2 Die gesin lê die fondament vir 'n gesonde leefstyl 109
4.3.1.3 Die gesin bied geborgenheid 110
4.3.1.4 In die gesin leer die tiener gesonde verhoudings bou 111
4.3.1.5 Humor help ouers om tieners te verstaan 111
4.3.1.6 Gesonde kommunikasie leer tieners sosialiseer 112
4.3.1.7 Verantwoordelikheid as moderne ouers word te veel 112
4.3.1.8 Disfunksionele gesinne as teelaarde vir wangedrag 114
4.3.2 Die belangrikheid van die ouerlike voorbeeld 115
4.3.3 Die belangrike rol van ouers in die bepaling van waardes 115
4.3.3.1 Waardes gee rigting en veiligheid in die lewe 115
4.3.3.2 Die vestiging van identiteit 117
4.3.3.3 Waardes kweek respek en dissipline 117
4.3.3.4 Gebrek aan waardes lei tot bandeloosheid 118
4.3.4 Die noodsaaklikheid van grense vir 'n sinvolle lewe 118
4.3.4.1 Grense help in die bepaling van identiteit 118
4.3.4.2 Grense bepaal verantwoordelikhede 119
4.3.4.3 Grense hou voordele in 120
4.3.4.4 Die kultuur van menseregte laat grense vervaag 120
4.3.4.5 Ouers vermy grense uit vrees dat hulle hul kinders gaan verloor 121
4.3.4.6 Verkeerde bepaling van grense kan emosionele skade berokken 121
4.3.4 Die rol van die skool 122
4.3.5 Die rol van die portuurgroep 123
4.3.6 Die rol van die gemeenskap 124

4.3.7 Kommunikasie en tegnologie 124
**4.4 Gevolgtrekkings 127**

## HOOFSTUK 5: EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK BETREFFENDE DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE EMOSIONEEL VERWONDE TIENER

**5.1 Inleidend 129**
**5.2 Die proses van kwalitatiewe navorsing 130**
**5.3 Die proses van kwantitatiewe navorsing 132**
**5.4 Empiriese ondersoek 135**
5.4.1 Keuse van 'n navorsingsonderwerp 135
5.4.2 Formele formulerings 135
5.4.3 Selekteer die spesifieke navorsingsontwerp 135
5.4.4 Formuleer die probleem 135
5.4.5 Stel 'n navorsingsvoorstel op 136
**5.5 Beplanning 136**
5.5.1 Onderneem 'n in-diepte literatuurstudie 136
5.5.2 Kies 'n metode(s) van data-insameling en –analise 136
5.5.3 Kies 'n steekproefplan 137
**5.6 Implementering 137**
5.6.1 Voer 'n loodsondersoek uit 137
5.6.2 Voer die kernnavorsing uit 137
**5.7 Interpretasie en aanbieding 138**
5.7.1 Agtergrond van respondente 138
5.7.2 Gevolgtrekkings op grond van die resultate 138
5.7.2.1 Positiewe funksioneringselemente 138
5.7.2.2 Selfpersepsie 138
5.7.2.3 Traumadinamika 139
5.7.2.4 Verhoudings 139
5.7.2.5 Besluitnemingsvermoë 141
5.7.2.6 Toekomsperspektief 141
5.7.2.7 Deursettingsvermoë 141

5.7.2.8 Tevredenheid 142
5.7.2.9 Verantwoordelik vir ander 143
5.7.2.10 Angstigheid 143
5.7.2.11 Gebrek aan selfgelding 144
5.7.2.12 Isolasie 144
5.7.2.13 Wantroue 146
5.7.2.14 Skoolprobleme 146
5.7.2.15 Geheueverlies 147
5.7.2.16 Houding teenoor volwassenes 147
5.7.2.17 Frustrasies 147
5.7.2.18 Stigma 148
5.7.2.19 Verhoudings met ouers 148
5.7.2.20 Onafhanklikheid 150
5.7.2.21 Verantwoordelikheid 150
5.7.3 Samevatting 151

## PRAKTYK-TEORETIESE AFDELING

## HOOFSTUK 6: DIE FORMULERING VAN 'N PASTORALE MODEL VIR DIE BEGELEIDING VAN DIE EMOSIONEEL VERWONDE TIENER

**6.1 Inleiding 153**
**6.2 Doelstelling 153**
**6.3 Doelwitte 154**
**6.4 Perspektiewe vanuit die onderskeie hoofstukke 154**
6.4.1 Perspektiewe vanuit die eksegese van kerngedeeltes uit Prediker (hfst. 2) 154
6.4.2 Belangrike pastoraal-teologiese perspektiewe betreffende die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener (hfst.3) 155
6.4.3 Belangrike perspektiewe vanuit die hulpwetenskappe met betrekking tot die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener (hfst.4) 156
6.4.4 Perspektiewe vanuit die resultate van 'n empiriese ondersoek (hfst.5) 156

**6.5 Begrippe met betekenisinhoude wat belangrik is vir die pastorale begeleiding van 'n emosioneel verwonde tiener 156**

6.5.1 Tevergeefs 157

6.5.2 Watter voordeel 157

6.5.3 Onder die son 157

6.5.4 Doellose sirkelgang 157

6.5.5 Vrees van God 158

6.5.6 Gesinne 158

6.5.7 Waardes 158

6.5.8 Grense 159

6.5.9 Emosionele bagasie 159

**6.6 Algemene riglyne ten opsigte van die pastorale begeleidingsproses 159**

6.6.1 Verwonding geskied op emosionele vlak 159

6.6.2 Die betekenis en sin van pyn 160

6.6.3 Vandag se pyn is dikwels gewortel in pyn van die verlede 160

6.6.4 Emosionele verwonding is pynlik want dit konfronteer die persoon met die realiteite van die lewe 160

6.6.5 Emosionele simptome bevestig emosionele verwonding 161

6.6.6 Tyd genees nie noodwendig emosionele wonde nie 161

6.6.7 Reaksies op die gevoel van verlies na traumatiese belewenisse 161

6.6.7.1 Die ego-reaksie 161

6.6.7.2 Die geestelike reaksie 162

**6.7 'n Praktykgerigte model vir die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener in die lig van beginsels uit die Boek Prediker 163**

6.7.1 Inleiding 163

6.7.2 Die noodsaaklikheid van begeleiding 163

6.7.2.1 Tessa van Wijk – *Genees jou Trauma* 165

6.7.2.2 JanFrank – *Door of hope: recognizingandresolvingthepains of your past* 166

*6.7.2.3* Stephen Arterburn – *Healing is achoice* 167

6.7.2.4 Sarah Trollinger – *Advanced triage counseling* 168

6.7.2.5 Wentzel Coetzer – *Tien fases van die genesingsproses* 169

6.7.3 Saamgestelde model vir die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener 171

6.7.3.1 Fase 1: *Tel op* – onmiddellike hulp is nodig vir die verwonde tiener 172

6.7.3.2 Fase 2: *Hou op* – help sodat die bene weer sterk kan word 178

6.7.3.3 Fase 3: *Bou op* – help die geloofspiere bou 180
**6.8 Samevatting 183**

## SAMEVATTING

## HOOFSTUK 7: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

**7.1 Inleiding 185**
**7.2 Samevatting van bevindinge 185**
7.2.1 Basisteoretiese perspektiewe 185
7.2.1.1 Basisteoretiese konklusies vanuit die eksegese 188
7.2.1.2 Basisteoretiese konklusies vanuit die pastorale teologie 188
7.2.2 Metateoretiese perspektiewe 189
7.2.2.1 Metateoretiese konklusies vanuit die empiriese navorsing 190
7.2.3 Praktykteoretiese konklusies 191
**7.3. Finale konklusie 193**
**7.4. Terreine vir verdere ondersoek 194**

## BYLAE EN BRONNELYS

**Bylaag A: Die liefdestenks 195**
**Bylaag B: Die liefdestenks – II 196**
**Bylaag C: Opsommende Groep Verslag 197**
**Bronnelys 198**

# INLEIDING

---

# HOOFSTUK 1

**1.2 Voorgestelde titel en sleutelterme**

**1.1.1 Voorgestelde titel**

Die boek Prediker as vertrekpunt vir die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener.

**1.1.2 Sleutelterme**

Afrikaans: emosionele verwonding, trauma, tiener/adolessent, die boek Prediker, pastorale begeleiding.
Engels: emotional wounding, trauma, teen/adolescent, Ecclesiastes, pastoral guidance.

**1.2. Probleemstelling**

**1.2.1 Fokus van die Ou-Testamentiese boek Prediker**

Die boek Prediker is een van die drie wysheidsboeke in die Ou Testament. Die doelstellings van dié drie boeke bepaal hulle inhoud (Van Rooy, 1991:306). Die drie boeke Spreuke, Job en Prediker verteenwoordig telkens 'n soeke na die betekenis van die lewe. Spreuke is op soek na kennis, Job soek na God se teenwoordigheid en Prediker is op soek na betekenis in die lewe. Spreuke is gerig op die verlede en op die orde wat God daargestel het in die verre verlede,, Job fokus met sy lyding op die hede, en Prediker worstel omdat hy nie 'n toekoms kan sien nie (Van Rooy. 1991:306).

Alle menslike aktiwiteite vind plaas "onder die son". Die uitdrukking "onder die son" word 29 keer in Prediker gebruik. Volgens Vos (2006:20) is dit duidelik dat die gebied "onder die son" oor sake soos geregtigheid, regverdigheid, wysheid, kennis, tyd, die kosmiese en sosiale ordes, die koning, die lewe en so meer strek. In hierdie sfeer "onder die son" is dit ook so dat die vloek van die sonde aanleiding gegee het tot gebroke verhoudings en oorweldigende emosionele pyn.

In sy worsteling en soeke na die sin van die lewe beskryf die Prediker dan ook die sleutel om die lewe te verstaan. Onder die son sal geen sin verkry word nie, maar die sin en die

vreugde van die lewe hier lê daarin dat die mens bokant die son uitstyg (Barnes, 2004:2). *Alles tevergeefs* – dit is die sleutelterme in die boek Prediker. Die betekenis van hierdie terme het betrekking op die waarde van die mens se handewerk *onder die son* as:

- Verganklik of van verbygaande aard.
- Nikswerd of ydel.
- Onbegryplik (Fox, 1999:4).

Die Prediker soek gevolglik na die sin van die lewe – enersyds die verlies maar andersyds ook die herstel (Fox. 1999:3). In Gen 3 word 'n beskrywing gegee van die lewe op aarde onder die las van die sonde. Die gevolge van die sonde raak die hele skepping, in al sy fasette – veral dan ook wat verhoudings betref (Wolters, 2005:53).

God het die mens as 'n verhoudingswese geskep (Gen 1:27 en 2:18). Wanneer hierdie verhoudings egter skade ly, bring dit emosionele verwonding, veral dan ook by tieners. Die enigste wyse waarop sodanige verwonding weer herstel en genees kan word, is om terug te keer na 'n intieme verhouding met God (Pred. 12:13) (Fox, 1999:5). Teen hierdie agtergrond kan die boek Prediker sinvol gebruik word in die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener wat gewoonlik ook worstel rondom toekomsvrae en op soek is na antwoorde wat betekenis kan gee in die lewe vandag.

Die tiener se verwysingsraamwerk word beïnvloed deur onder andere sy gesin, skool, kerk en vriende – dit vorm dan uiteindelik gesamentlik die bron van die tiener se gesindheid en gedrag (Covey, 1989:28). Om werklik lewensin te ervaar moet die tiener egter hulp kry om vanuit die herskeppingswerk van Jesus Christus te leef. Die verhouding met God moet weer herstel word, want hierdie verhouding is bepalend vir alle ander tussenpersoonlike verhoudinge (Barnes, 2001:92). Die boek Prediker bied in hierdie opsig 'n aantal praktiese riglyne vir die begeleiding van die tiener tot herstel in sy verhouding met God, en om uiteindelik die sin en vreugde van die lewe in Hom te vind. Die geestelike verdieping wat met hierdie proses gepaard gaan, dra dan ook by tot die verwerking van alle onverwerkte seer uit die verlede (Provan, 2001:227).

### 1.2.2 Patrone van emosionele verwonding in die gees van die tiener

Die tiener (12-20 jaar) is in die adolessente fase. Gedurende hierdie fase vind baie betekenisvolle veranderinge plaas (Du Toit *et al.*, 1997:2). Du Toit *et al.* (1997:5) is van

mening dat die ontwikkeling van lewenswaardes en “coping strategies” die tiener in die moeilike oorgangsfase van kind tot volwassene kan ondersteun.

Wat tieners betref, is emosionele verwonding aan die orde van die dag. Tereg merk Retief (2004:14) op dat binne die huidige samelewing individue nie juis sterk aangemoedig word om hulp te verkry met die hantering van emosionele verwonding nie. Baie tieners loop dus rond met emosionele letsels wat weer ŉ vernietigende invloed het op die verskillende verhoudings waarin hulle staan.

Retief (2004:17) omskryf hierdie emosionele verwonding ook as trauma. Volgens haar het ŉ persoon trauma beleef indien hy/sy blootgestel is aan gebeure wat te make het met sy/haar lewensomstandighede of met sy/haar lewensfase (byvoorbeeld die oorgaan van een lewensfase na ŉ ander of omstandighede as gevolg van ŉ nuwe lewensfase wat die persoon onhanteerbaar vind), en wat tot gevolg het dat daardie persoon se gewone hanteringsmeganismes lamgelê is en ten minste een van die volgende effekte waargeneem kan word:

- Daar is ŉ element van gelatenheid.
- Daar is diep, amper onomkeerbare verandering in ‘n basiese lewensiening of oortuiging.
- Daar is ernstige oorbelading van die mens se normale hanteringsmeganismes.

Du Toit *et al.* (1997:2) skryf dat die kernbehoeftes van die tiener op aspekte soos identiteit, selfstandigheid, verhoudings, intimiteit, seksualiteit en sukses gefokus is. Tieners is dus daarop ingestel om te ontdek en te verstaan wie hulle is. Dit gaan gewoonlik om ŉ soeke na identiteit, onafhanklikheid en selfstandigheid. Daar is ook ŉ behoefte om ŉ naby en omgeeverhouding met ander persone te ontwikkel (intimiteit). Hulle wil aan hulle seksualiteit op ŉ passende en veilige wyse uiting gee (seksualiteit). Hulle wil suksesvolle en bekwame lede van die gemeenskap wees (sukses). Hulle wil hul eie waardesisteem ontwikkel.

Verhoudings en waardes is vervolgens twee sake wat ‘n belangrike rol speel in die verstaan van die sin en vreugde van die lewe hier ‘onder die son’.

**1.2.2.3 Verhoudings**

Die wêreld waarin geleef word, maak dit vir die tiener heel dikwels moeilik om die behoefte aan sinvolle verhoudings en waardes ten volle te vervul. Die verhoudings waarin hulle leef, is so dikwels siek en stukkend en ook daagliks onderworpe aan die gebrokenheid van die

lewe hier ‘onder die son’. In ’n studie wat gedurende 1997 gepubliseer is (vgl Meier *et al.,* 2005:81) word byvoorbeeld verwys na ’n ondersoek onder 90,000 tieners in die VSA, waarin onder andere bevind is dat een persent van hierdie groep ’n ouer verloor het gedurende die voorafgaande 12 maande as gevolg van selfmoord; meer as 7% het self probeer selfmoord pleeg gedurende die voorafgaande 12 maande; talle rapporteer dat hulle heelwat oppervlakkige vriende het maar innerlik diep alleen en geïsoleer van intimiteit voel. Verder blyk uit hierdie studie dat die voorkoms van selfmoord, aborsie, dwelm- en alkoholmisbruik asook ander soortgelyke negatiewe gedrag met 75% toegeneem het gedurende die voorafgaande 10 jaar. Gebaseer op vroeëre studies word daar verder verwys na ’n toename van 300% vergeleke met getalle van 50 jaar vroeër.

Die mens is so geskep dat daar ’n honger na intimiteit is. Daarom is mense deur God in verhoudings geplaas en dit skep weer ’n veilige omgewing – veral tydens die vormingsjare van die kind en tiener (Smalley, 2005:4). Goeie verhoudings skep ’n waardesisteem wat later bepalend is met betrekking tot die helingsproses ten opsigte van byvoorbeeld ’n aspek soos emosionele verwonding. Wanneer iemand veilig in ’n verhouding voel, is dit makliker om die feite rondom emosionele verwonding openbaar te maak en jouself oop te stel vir genesing (Smalley, 2005:6) en so verwonding te hanteer.

Dikwels is die tiener in verhoudings waar grense nie duidelik geleer is nie, en dit skep verwarring (Cloud, 1992:30) in ’n samelewing waar grense besig is om al meer te vervaag en selfs plat te val. Grense bepaal egter wie die mens is en wat hy nie is nie (Cloud, 1992:29). Grense omskryf ook die areas wat beheer word deur die ‘hart’ en die emosies en dit help die mens om sy hart te bewaak en te bewaar, want die oorspronge van die lewe is daaruit (Spr 4:23).

As daar nie grense is nie, dan loop dit gewoonlik uit op emosionele pyn. Tieners bevind hulself in ‘n fase waar hulle soek na identiteit. Volgens Parrot (2002:563) soek hulle veral hulle identiteit op terreine en fasette soos die volgende: “… family relationships, status symbols, grown-up behavior, rebellion, other’s opinions, idols and cliques”. Tieners beleef baie veranderinge in hierdie leeffase: fisies, seksueel, sosiaal, geestelik en moreel (Parrot, 2002:566). Ten einde emosionele verwonding te voorkom is dit krities noodsaaklik dat hierdie veranderinge op die regte wyse begelei en hanteer moet word.

Die diepste basis van so ’n vertrouensatmosfeer is alreeds gevestig in hierdie persoon se verhouding met God. Indien hierdie verhouding sterk is, dan breek dit die selfgeboude beskermingsmeganismes af deurdat hierdie tiener dan in staat is om homself te midde van

krisisse en pyn nogtans telkens in Jesus Christus as oorwinnaar te sien – so ŉ verhouding help dan ook om alle pyn, gekoppel aan die verlede, te verwerk (MacDonald, 2002:32).

#### 1.2.2.4 Waardes

In ŉ navorsingsverslag met betrekking tot die wangedrag van leerders in die Vrystaat, Oos-Kaap en Vaaldriehoek is bevind dat pligsversuim, ontwrigtende gedrag, vloek- en leuentaal, onbeskoftheid en nog baie ander onbehoorlike gedrag vry algemeen voorkom (Wolhutter *et al.,* 2007. 379).

Hierdie hele proses hou in ŉ groot mate verband met die aftakeling van waardes. Waardes moet geleer word en dit begin in die gesin (Salzwedel, 2006:99). Larney en Lotter (2005:661) beklemtoon die belangrike rol wat ouers vervul in die oordrag van etiese en morele waardes. In ŉ studie oor dissipline in skole het De Klerk-Luttig (2007:5) bevind dat dissipline afhanklik is van die kwaliteit van verhoudings. Gesonde ouerhuise kweek gewoonlik gesonde waardes. Respek vir ouers is ook baie krities vir die bepaling van latere verhoudings (Dobson, 1992:18). In hierdie verband beklemtoon Salzwedel (2006:100) die feit dat die moderne samelewing se waardestelsel te sterk gefokus is op bloot die fisieke dimensie van mense se lewens. Die geestelike dimensie (verhouding met God) behoort egter die primêre fokus te wees.

Die tiener is ingestel op dit wat die oog sien en die hart begeer. Hiermee saam speel selfbeeld ook ŉ geweldige belangrike rol. In hierdie verband is die algemene persepsie so dikwels dat selfwaarde gemeet word aan prestasie asook die menings van andere. Hierteenoor moet die tiener begelei word om te besef dat sy selfwaarde primêr gevestig moet wees op sy verhouding met God en dat alle soeke na selfwaarde en ŉ goeie selfbeeld op God gefokus moet wees (Pred 12:1). God het die mens geskep en daarom is dit slegs Hy wat weet hoe om in hierdie begeerte te voorsien (McGee, 1998:25).

Vrees kenmerk ons tyd en dan veral die tiener se lewe: vrees vir verwerping, mislukking en straf (McDowell's, 1996:33). Na aanleiding van uitsprake deur die Christenpsigiaters Paul Meier en Frank Minirth verwys McDowell's (1996:33) hierna as "the underlying cause of most psychiatric problems". Die uitwerking van hierdie vrese kan fisiese, geestelike en psigologiese gevolge hê.

Tyd heel nie noodwendig emosionele wonde nie. Om volkome genesing te ervaar, is begeleiding nodig, anders het dit ŉ negatiewe invloed op hierdie persoon gedurende latere jare – veral die tiener voel dan ook gou alleen en van mens en God verlate (Clinton,

2006:xiv). Emosioneel verwonde tieners is ook geneig om mure rondom hulle te bou ten einde hulself te beskerm. Om hierdie beskermingsmure te deurbreek ten einde die emosionele pyn te kan genees, moet daar gevolglik eers 'n vertrouensatmosfeer geskep word (Seamands, 1985:40).

**1.3.Leemte in bestaande navorsing**

'n Uitgebreide bibliografiese soektog is gedoen met behulp van die Ferdinand Postma-Biblioteek deur die gebruikmaking van die volgende databasisse: ATLA Religion Database, EBSCOhost, die NEXUS-databasis en SACat. Hieruit het geblyk dat verskillende studies gedoen is met betrekking tot die getraumatiseerde adolessent of die adolessent met emosionele probleme. Een doktorale studie (*Ecclesiastes as an authoritative foundation for teaching life skills to youth today* – University of Pretoria) handel oor Prediker, maar fokus egter nie spesifiek op die rol van Prediker in die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener nie. Twee M-studies by die Noordwes Universiteit, naamlik dié van Johan Nel, met die titel *Die Godsbegrip van die seksueel gemolesteerde tiener: 'n pastorale studie* (tans in finale stadium van afhandeling), asook dié van Linda Grobler (2005) met die titel *Hulpverlening aan die gemolesteerde kind met behulp van spelterapie – 'n pastorale studie*, handel oor die emosioneel verwonde tiener, maar nie noodwendig gefokus op riglyne vanuit die boek Prediker nie.

**1.4. Navorsingsvraag**

Watter rol kan riglyne vanuit die boek Prediker vervul in die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener?

**1.4.1 Verdere vrae voortvloeiend uit die navorsingsvraag:**

- Watter riglyne kan geïdentifiseer word vanuit 'n eksegetiese studie van sekere passasies uit die boek Prediker ten opsigte van die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener?
- Watter perspektiewe bied die hulpwetenskappe oor hoe 'n godsdienstige teks 'n rol kan speel in die begeleiding van emosioneel verwonde tieners?
- Watter insigte betreffende hierdie tema kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom?
- Watter praktykteoretiese model kan geformuleer word met betrekking tot die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener vanuit die boek Prediker?

### 1.5. Doelstelling en doelwitte

### 1.5.1 Doelstelling

Om 'n pastorale model te formuleer vanuit die boek Prediker met die oog op die pastorale begeleiding van emosioneel verwonde tieners.

### 1.5.2 Doelwitte

- Om riglyne te identifiseer vanuit 'n eksegetiese studie van sekere passasies uit die boek Prediker waarvolgens die emosioneel verwonde tiener pastoraal begelei kan word tot heling.
- Om vas te stel watter verhelderende perspektiewe die aangrensende wetenskappe kan bied met betrekking tot die rol wat 'n godsdienstige teks kan vervul in die begeleiding van emosioneel verwonde tieners.
- Om vas te stel watter insigte betreffende die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener deur 'n empiriese ondersoek na vore kom.
- Om 'n praktykteoretiese model daar te stel ten einde die emosioneel verwonde tiener pastoraal te begelei tot heling deur gebruikmaking van riglyne vanuit die boek Prediker.

### 1.6. Sentrale teoretiese argument

Riglyne vanuit die boek Prediker kan rigtinggewend wees in die daarstelling van 'n voorgestelde model met die oog op die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener.

### 1.7. Metodologie

In die metodologie van hierdie studie word aansluiting gevind by die handelingswetenskaplike model wat Zerfass (1974:164-177) ontwerp het. Prakties toegepas sien dit soos volg daar uit:

### 1.7.1 Basisteoretiese perspektiewe

Eksegese sal volgens die grammaties-historiese metode gedoen word terwyl die Gereformeerde tradisie as vertrekpunt sal dien vir hierdie studie (Coetzee, 1990:17). Vertrekpunte ten opsigte van 'n omvattende eksegetiese verkenning van spesifieke gedeeltes uit Prediker sal berus op die bundel *Preekgeboorte* (De Klerk & Van Rensburg, 2005).

Gedeeltes ten opsigte waarvan daar ‘n in-diepte eksegetiese studie gedoen sal word,is Prediker 1:1-11 en 12:8-14. In hierdie hoofstukke worstel die skrywer met die vraag na die sin van al ons arbeid onder die son (Provan, 2001:67) asook met die vraag wie in beheer is van die lewe (Kidner, 1985:98).Die Prediker se woorde word omraam deur die epiloog se opsommende verklarings in 1:2 en 12:8 dat alles tevergeefs is. Hierdie feit ondermyn die aanspraak dat daar ‘n ontwikkelende gedagtegang by die Prediker is. Alles in die hoofinhoud word gefilter deur hierdie verklaring in 1:2 en 12:8. Die Prediker gee nie, in lyn met die wysheid, antwoorde nie. Selfs die beste wyse maak geen sin uit in die lewe nie (Shields. 2006:122). Die Prediker se pessimistiese teologiese boodskap in die hoofinhoud (1:12-12:7) is nie die hoofboodskap van die boek nie. Longman III (1998:37) is van mening dat daar ‘n tweede stem in 1:1-11 en 12:8-14 gehoor word. Hierdie gedeeltes gee perspektief hoe die hoofinhoud se boodskap gelees moet word

### 1.7.2 Metateoretiese perspektiewe

- Daar sal met behulp van ‘n literatuurstudie bepaal word in watter mate die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe soos die psigologie en opvoedkunde ŉ bydra kan lewer in die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener.
- Daar sal verder deur ŉ kwalitatiewe empiriese ondersoek gepoog word om vas te stel of daar enige vernuwende insigte betreffende hierdie tema na vore kom.

### 1.7.3 Praktykteoretiese perspektiewe

Deur middel van ŉ hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese riglyne en metateoretiese perspektiewe sal gepoog word om ŉ verstelde praktykteorie te formuleer met betrekking tot die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener met behulp van riglyne vanuit die boek Prediker.

## 1.8 Ander tegniese aspekte

- Vir die afkorting van Bybelboekname, is gebruik gemaak van die algemeen erkende afkortings soos wat dit voorkom in die nuwe vertaling (1983) van *Die Bybel* (sien BYBEL in bronnelys).
- Waar die geslagsvorm *hy/hom* in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm *sy/haar.*
- Die terme *beradene, persoon* en *getraumatiseerde* word afwisselend gebruik vir die persoon wat berading of terapie ontvang.
- Die term *berader* word gebruik vir die persoon wat berading of terapie aanbied.

### 1.9. Hoofstukindeling

**Hoofstuk 1:** Inleiding

**Basisteoretiese perspektiewe**

**Hoofstuk 2:** Eksegese van kerngedeeltes van die Boek Prediker

**Hoofstuk 3:** Belangrike pastoraal-teologiese vertrekpunte betreffende die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener.

**Meta-teoretiese perspektiewe**

**Hoofstuk 4:** Navorsing vanuit die hulpwetenskappe met betrekking tot die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener

**Hoofstuk 5:** Evaluering van die resultate van 'n empiriese ondersoek.

**Praktyk-teoretiese perspektiewe**

**Hoofstuk 6:** Die formulering van 'n pastorale model

**Samevatting**

**Hoofstuk 7:** Samevatting en gevolgtrekking

### 1.10 Skematiese voorstelling

| **Probleemstelling** | **Doelstelling en doelwitte** | **Metodologie** |
|---|---|---|
| Watter riglyne kan geïdentifiseer word vanuit 'n eksegetiese studie van sekere passasies uit die boek Prediker ten opsigte van die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener? | Die doelstelling is om riglyne te identifiseer vanuit 'n eksegetiese studie van sekere passasies uit die boek Prediker waarvolgens die emosioneel verwonde tiener pastoraal begelei kan word tot heling. | 'n Basisteorie sal gevorm word deur die eksegese van relevante gedeeltes uit Prediker. Daar word deurgaans gebruik gemaak van die grammaties-historiese metode van eksegese. |
| Watter perspektiewe bied die hulpwetenskappe oor hoe 'n godsdienstige teks 'n rol kan speel in die begeleiding van | Om vas te stel watter verhelderende perspektiewe die hulpwetenskappe kan bied met betrekking tot die | Op metateoretiese vlak word gebruik gemaak van die hulpwetenskappe psigologie en opvoedkunde spesifiek |

| | | |
|---|---|---|
| emosioneel verwonde tieners? | rol wat 'n godsdienstige teks kan vervul in die begeleiding van emosioneel verwonde tieners. | met betrekking tot die emosioneel verwonde tiener. Dit sal aangevul word deur kwalitatiewe empiriese navorsing |
| Watter praktykteoretiese model kan geformuleer word met betrekking tot die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener vanuit die boek Prediker? | Om 'n praktykteoretiese model daar te stel ten einde die emosioneel verwonde tiener pastoraal te begelei tot heling deur die gebruikmaking van Prediker as voorgestelde paradigma. | Vanuit die gegewens van die basisteoretiese studie en die metateoretiese perspektiewe en die wisselwerking daartussen, sal praktyk-teoretiese perspektiewe as riglyne gevorm word waarvolgens die emosioneel verwonde tiener pastoraal begelei kan word. |

# BASIS-TEORETIESE AFDELING

---

# HOOFSTUK 2

# EKSEGESE VAN KERNGEDEELTES VAN DIE BOEK PREDIKER

## 2.1 Basiese vertrekpunte

Venter (1993:247) definieer basisteorie as die ontginning van teologiese vertrekpunte, primêr vanuit die Skrif. 'n Basisteorie vir 'n pastorale model behels dus die interpretasie van Bybelse norme, waardes en kriteria van die mens se optrede ten opsigte van 'n spesifieke studieveld, binne die raamwerk van pastorale berading (Schoeman, 2005:14). Om 'n pastorale model daar te stel, is dit dus belangrik dat die navorsing vanuit die Skrif gefundeer word. Die praktiese teologie gaan dan ook oor God se handeling deur die bediening van mense.

Eksegese sal volgens die grammaties-historiese metode gedoen word terwyl die Gereformeerde tradisie as vertrekpunt sal dien vir hierdie studie (Coetzee, 1990:17). Vertrekpunte ten opsigte van 'n omvattende eksegetiese verkenning van spesifieke gedeeltes uit Prediker sal berus op die bundel, Preekgeboorte (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005). Praktykteoretiese riglyne sal uiteindelik op grond van die basisteoretiese perspektiewe, tesame met die tersaaklike metateoretiese perspektiewe, geformuleer word met die oog op die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener tot heling en genesing.

## 2.2 Die keuse van toepaslike gedeeltes vir eksegese en praktiese riglyne

Gedeeltes waarvan 'n omvattende eksegetiese studie gedoen sal word, is Prediker 1:1-11 en Prediker 12:8-14. Die Prediker se woorde word omraam deur die epiloog se opsommende verklarings in 1:2 en 12:8 dat alles tevergeefs is. Hierdie feit ondermyn die aanspraak dat daar 'n ontwikkelende gedagtegang by die Prediker is. Alles in die hoofinhoud word gefilter deur hierdie verklaring in 1:2 en 12:8. Die Prediker gee nie, in lyn met die

wysheid, antwoorde nie. Selfs die beste wyse maak geen sin uit in die lewe nie (Shields, 2006:122).

Die Prediker se pessimistiese teologiese boodskap in die hoofinhoud (1:12-12:7) is nie die hoofboodskap van die boek nie. Longman (1998:37) is van mening dat daar 'n tweede stem in 1:1-11 en 12:8-14 gehoor word. Hierdie gedeeltes gee perspektief oor hoe die hoofinhoud se boodskap gelees moet word. Eaton (1983:55) verklaar daarom dat die probleem waarmee die Prediker worstel, die lewe self is. Wanneer na die lewe, sonder verwysing na God, gekyk word (onder die son), is die lewe waarin die mens hom bevind chaoties en sonder betekenis en vooruitgang (1:2-11), nie wysheid nie (1:12-18), nie plesier nie (2:1-11), en so 'n lewe sal nie vergenoegdheid bring nie. Dood het die laaste sê (2:12-23). Prediker lê die fondament vir 'n God-gesentreerde uitkyk op die lewe deur kritiek te lewer op alle sekularisme, hetsy teologies (daar is geen God) of pragmaties (ek gee nie om vir God nie). Die Prediker sien die lewe as meer as die som van dit wat "onder die son" gesien word. Die probleme in die lewe word deur God gegee (1:13).

Olyott (1983:13) se kommentaar is dat die Prediker die lewe wat betekenis het, beskryf. Hy doen dit deur 'n proses van beredenering, refleksie, waarnemings en konklusies en ook kernagtig en deur poësie bekyk hy die lewe vanuit twee hoeke. Dieselfde saak word vanuit twee perspektiewe gesien. Sy eerste perspektief is vanuit die gesigsveld van die natuurlike mens – die onbekeerde mens. Die lewensprobleme word nie bekyk in die lig van God se openbaring nie. God word uit die prentjie gelaat. Die Woord word nie in ag geneem nie. Die enigste konklusie waartoe so 'n mens kan kom, is dat alles tevergeefs is (1:2). Sy ander perspektief is om te kyk vanuit die gesigspunt wat die openbaring van God bied. Alles word in 'n nuwe lig gesien. Die lewe het betekenis, maar slegs wanneer God aanbid en gedien word. Vanuit hierdie perspektief het die Prediker se woorde sekerheid en hoop. Prediker gee egter nie antwoord op die vraag oor hoe ons God kan ken nie. Hy los die vraag vir ons om mee te stoei. Die antwoord hierop lê in ons verhouding met Jesus Christus wat deur die Evangelies geopenbaar word. Die mens sal in sy soeke na die waarheid nêrens uitkom nie. Die betekenis van die lewe lê nie in ons waarneming en optekening van ervarings nie. Forsyth (2005:25) se fokus in sy studie van die boek Prediker lê daarin dat die Prediker 'n eerlike en kritiese uitkyk maak op die lewe "onder die son". Die betekenis van die uitdrukking "onder die son", wat 29 keer in die boek gebruik word, dui op 'n lewe sonder die ingrype van God. Die skrywer gebruik sy eie wysheid en ervaring om die kompleksiteit van die lewe te verklaar. Morgan (1961:229) som Salomo se uitkyk op die lewe soos volg op:

> "This man had been living through all these experiences under the sun, concerned with nothing above the sun…until there came a moment in which he had seen the whole of life. And there was something over the sun. It is only as a man takes account of that which is over the sun as well as that which is under the sun that things under the sun are seen in their true light."

Barnes (2004:2) wys daarop dat die mens die omgewing en omstandighede blameer vir dit wat hy nie kan wees nie, terwyl die fout eintlik binne homself is. Die skepping is vol van die goedheid van God (Ps 33:5), maar aan die ander kant bring dit vrese, want die magte van die skepping eis sy tol. Die skepping is onderwerp aan die tevergeefsheid (Rom 8:20), want dit is vervloek as gevolg van die sonde van die mens (Gen 3:17-19). Daarom die paradoks van die lewe: die lewe is goed want dit kom van God af, maar die lewe is gebroke as gevolg van die sonde wat ingekom het. Die skepping is dus onderwerp aan nietigheid, maar ook hoop (Rom 8:20). Lioy (2005:15) is van mening dat Prediker die beste verstaan kan word in die lig van 'n "*arresting but thorouhly orthodox exposition of Genesis 1-3"* (vgl. ook James, 2010:59). In beide gevalle is die pynlike gevolge van die val sentraal. Die mens is na die beeld van God geskep en daarom is daar 'n bewustheid dat die lewe meer is as die fisiese bestaan en oorlewing. Daarom is daar 'n soeke na die sin en doel van die lewe.

Prediker is 'n boek wat hoofsaaklik geskryf is om gelowiges die realiteit van die vervloeking as gevolg van die val (vgl Gen 3:17-19) te laat begryp. Die gelowige, wyse mens word geleer hoe om die frustrasies en die seer van so 'n wêreld onder die las van die sondeval te verminder en reg te hanteer. James (2010:59) haal Luther aan wat sê: "*Solomon wants to put us at peace and to give us a quiet mind in the everyday affairs and business of this life, so that we may live contentedly in the present without care and yearning about the future."*

Die Prediker is nie die enigste in die Bybel wat oor die lewe hier onder die son dink en praat nie. Hy sluit aan by Moses in Psalm 90 (400 jaar vroeër). Moses stel in sy Psalm die ewigheid, sekuriteit in God en vastigheid in God (Ps 90:1) teenoor die nietigheid van die mens (Ps 90:3; vgl Gen 3:17-19). Die ewigheid van God staan teenoor die kortstondigheid van die mens (Ps 90:6). Dan volg die vraag waarom die mens so kortstondig is? Volgens Moses (Ps.90:7) en die Prediker (Pred 12:14) is dit as gevolg van God se toorn. Op grond van hierdie vraag vra Moses (Ps 90:11) en die Prediker (Pred 1:3) of die mens werklik die impak van die sondeval en God se toorn as gevolg daarvan verstaan. Verdriet, seerkry en vermoeiende arbeid is alles die gevolge van die vloek op die sondeval. Moses en Salomo spreek albei die begeerte uit wat in Op 22:3 beloof word, naamlik dat daar nie weer 'n vervloeking sal wees nie. Die Prediker, soos Moses, kyk realisties na 'n lewe onder die vloek

van die sondeval. Die mens probeer hierdie realiteite vermy en daarom beland hy dikwels in situasies waarin die lewe tevergeefs voorkom.

## 2.3 Die Boek Prediker

### 2.3.1 Die Boek Prediker as deel van die wysheidsliteratuur

Blok (1988:11), soos ook Burden (1993:939), klassifiseer Prediker onder die wysheidsliteratuur. Wysheid is 'n vorm van openbaring – die vrees van God is die begin van die wysheid. Hierdie beginsel is ook belangrik by Job (28:28), Psalms (111:10) en Spreuke (1:7).

Viviers (1999:735) se kommentaar is dat Prediker 'n wysheidsboek is en dus familie van die boeke Spreuke en Job. Prediker, soos Job, leer proteswysheid. Die twee boeke bevraagteken die simplisme van die vergeldingskema, want soms lei goeie dade tot slegte gevolge, en andersom. Viviers (1999:735) grond sy uitspraak dat Prediker 'n wysheidsboek is deur daarop te wys dat Prediker al die literatuursoorte van die wysheid gebruik: spreuke (9:4), aforismes (8:14), beter-spreuk (4:9), getallespreuk (4:9-12), vermanings (7:9), saligspreking (10:17), voorbeeldvertelling (4:14-16), allegorie (12:3-4), refleksies (7:1-4), waarneming (4:4) en selfgesprek (3:17). Die Prediker vul hierdie vorme egter nie met gangbare wysheid nie, maar met proteswysheid. Wysheid het te doen met die regte inrigting van die lewe, met die mens se harmoniese integrering in die orde van die wêreld deur die hulp van God. Die waarde van die wysheid sit in die relasie met tyd en omstandighede. 'n Standpunt is slegs geldig in 'n spesifieke tyd en situasie. As die standpunt vas is, geld dit ook vir ander situasies. Prediker protesteer (Loader, 1979:3).

Volgens Ogden (1987:14) is die doel van die Boek om 'n antwoord te kry op die vraag of daar enige voordeel is om "wys" te wees in die wêreld (1:3; 2:22; 3:9; 5:16,17; 6:11). Hierdie vraag na die voordeel is veral 'n vraag wat die Prediker tot die jongmense rig. Hy spoor hulle aan om veral te fokus op die sake wat hy beklemtoon terwyl hulle nog jonk is. Want as hulle dit doen terwyl hulle nog jonk is, sal daar rigting aan hulle lewe gegee word.
Longman (1998:17) redeneer dat Prediker onder verskillende soorte genres, waaronder wysheidsliteratuur en refleksie, beskryf kan word. Die beskrywing het egter verander na "*framed wisdom autobiography".* Hierdie beskrywing sluit aan by die Mesopatniese outobiografiese teks*.* Fox (1999:153) sluit hierby aan wanneer hy skryf dat Prediker se genre elemente bevat van die wysheidsliteratuur waaronder outobiografieë, spreuke, nadenke en berading. Prediker het ten doel om die leser die reëls van 'n suksesvolle lewe te leer, maar sonder om 'n appèl te doen op goddelike openbaring of spesifieke tradisies.

Wysheid is die grooste menslike mag. Dit ontdek waarhede en help die mens om sukses in die lewe te behaal en om seerkry te vermy. En tog is dit kwesbaar en frustrerend in sy taak, dus sinloos. Fox (1998:229) begrond hierdie standpunt wanneer hy daarop wys hoe Prediker wysheid sien as 'n krag wat selfs beter is as wat Spreuke dit beskryf. Whybray (1998:241) benadruk ook hierdie uitgangspunt wanneer hy daarop wys dat Prediker se doel opvoedkundig van aard was, veral in die tweede deel van die boek waar hy meer van die spreukstyl gebruik maak. Iets beters word voorgestel in die plek van die bestaande. Hy sluit hiermee aan by Spreuke.

Prediker sien wysheid as 'n doel van ondersoek, as belangrik vir kennis. Hy fokus nie soseer op wysheid as sodanig nie maar meer op wat met wysheid gebeur. So groot soos wat wysheid is, so misluk dit soms in dit wat bereik moet word. Fox (1998:229) dui vier wyses aan waarop dit belemmer kan word:

- Wysheid verskaf nie genoeg kennis nie, naamlik die kennis wat nodig is om die rasionaliteit van die lewe se gebeure te verstaan (1:13). Selfs die wyses kon nie verstaan wat God doen nie (8:17). God plaas hindernisse voor die wysheid sodat die mens nie sal uitvind wat in die toekoms sal gebeur nie (3:22; 6:12; 7:14).
- Wysheid is kwesbaar vir dwaasheid en voorspoed. (2:21; 2:19). Wysheid kan die mens ryk maak, maar dit kan steeds nie lewensmiddele waarborg nie, nog minder rykdom en beskerming nie (9:11, 15; 10:5-7). Al het wysheid groot mag (9:18) kan dit maklik deur dwaasheid ondermyn word (9:18).
- Wysheid maak seer (1:13 – moeilike taak om hulle daarmee te kwel) (1:17b-18).
- Wysheid word deur die dood weggevee. Wyses en dwases is by die dood vergete (2:15).

Fox (1999:153) sê dat laasgenoemde vier 'belemmeringe' realiseer deurdat daar telkens op die menslike rede 'n beroep gemaak word – daarom noem hy dit "wisdom instruction". Hill (2000:367) sluit hierby aan wanneer hy opmerk dat Prediker verskillende literêre genres bevat. Die skrywer maak gebruik van allegorieë, vertellings, metafore, spreuke en ander vorme.

Volgens Dillard (2007:310) is daar nêrens 'n presiese parallel met Prediker nie – nie in die Bybel nie en ook nie in die Nabye Ooste nie. Die beste is om die boek te identifiseer as 'n outobiografie "met een kader".

James (2010:57) lê nadruk daarop dat Prediker alleen verklaar kan word as die doel van die wysheidsliteratuur verstaan word. Die wysheidsliteratuur gaan oor die doel, sin en vreugde

van die lewe. Hooglied leer hoe om wys in die huwelik te leef. Job leer hoe om wys te leef wanneer onvoorsiene traumas jou tref. Die Wysheidspsalms leer hoe om wys te leef wanneer onreg en misdaad oënskynlik voordeel inhou. Spreuke leer hoe om in die hele lewe wys te leef. Prediker sluit veral in sy doel hierby aan. Dit is dieselfde slotsom waartoe Kidner (1985:116) ook kom wanneer hy oor die verhouding tussen Spreuke, Job en Prediker die volgende skryf:

> *Between them, the three books clearly cover three aspects of existence which no-one can afford to overlook. The demands of practical good management (Proverbs); the enigma of calamities that are beyond control or explanation (Job), and the tantalizing hollowness and brevity of human life (Ecclesiastes).*

Die Wysheidsboeke fokus op 'n wyse, vaardige en vredevolle lewe, en dit is ook die fokus van Prediker. Die beginsel van die vrees van die Here verbind die doel van Prediker met die oorkoepelende doelstelling van die ander wysheidsboeke (James, 2010:58). Om sin en betekenis van die lewe te maak, is wysheid nodig (Koh, 2006:187). Om God te vrees beteken dat die mens beide die onmoontlikhede en die moontlikhede van die mens erken en daarmee saamleef. Die erkenning van menslike tekortkominge kan tot 'n diepgaande vryheid lei. Diegene wat God vrees, word vry om die lewe in sy volheid te geniet en die lewe as 'n gawe te ervaar. Hy weet die lewe is buite sy beheer, maar elke oomblik is 'n gawe van God en moet gebruik word (Lee, 2005:121).

Volgens Shields (2006:21) kan die aanbieding van wysheid in die Hebreeuse Bybel in twee kategorieë ingedeel word:

- *Goddelike wysheid* – God is die oorsprong. Dit word geopenbaar deur die profete en saamgevat in die Wet en manifesteer in gehoorsaamheid aan die Woord van God. Hierdie wysheid word deurgaans positief aangebied en word eerder verwerf deur gehoorsaamheid as deur filosofiese oorweginge.
- *Menslike wysheid* – wysheid wat berus op die toepassing van menslike intellek op die probleme van die lewe in die wêreld. Dit omvat die analises van Job se beproewinge deur sy vriende, en ook die pogings van die Prediker om hierdie wêreld te verstaan. Hierdie wysheid, al maak dit aanspraak dat dit goddelike veronderstellings het, is hoofsaaklik negatief ingestel.

Hierdie agtergrond is belangrik om die plek van Prediker in die Kanon te verstaan. Met die verklaring van Prediker is dit duidelik dat die boek inpas by die wysheid soos in die res van die Hebreeuse Bybel. Dit is duidelik dat Prediker 'n duidelike voorbeeld is van die mislukking

van menslike wysheid. Alhoewel Prediker in kontras en selfs afkeurend staan teenoor die wysheid in die res van die Hebreeuse Bybel, naamlik gehoorsaamheid aan God, erken die boek as geheel tog die soort wysheid.

**2.3.2 Skrywer en datering van Prediker**

Op grond van 1.1 is Salomo tradisioneel as skrywer beskou (Lioy, 2005:9). Garret (1993:254) merk egter op dat met die opkoms van die historiese kritici in die agtiende en negentiende eeu die outeurskap van Salomo bevraagteken word. In die meeste kommentare vandag word Salomo nie as outeur beskou nie en die boek as 'n na-ballingskapse werk gesien. Argumente soos die linguïstiese bewys, interne bewys, historiese en literêre argumente en vrae rondom kanonisiteit word aangevoer om te bewys dat Salomo nie die outeur was nie. Die skrywer is 'n onbekende wysheidsleraar (Aalders, 1948:10). Murphy (1992:2) sluit hierby aan wanneer hy beweer dat daar geen duidelike aanduidings in die boek Prediker is dat Salomo die skrywer was nie – daar is geen koninklike aanduiding nie. Die skrywer identifiseer homself met Salomo (vgl.7-9). Die skrywer is onbekend.

Whybray (1998:242) sluit by baie aan dat die plek waar die boek geskryf is, Jerusalem was. Dit is gedurende die Hellenistiese tyd, rondom die derde eeu v.C., geskryf. Grenshaw (1992:275) is van mening dat die woordgebruik op 'n Hellenistiese tyd dui.
Shields (2006:22), soos Murphy (1992:xxii), daarenteen, is van mening dat Prediker geen historiese verwysings bevat nie en daarom is dit moeilik om 'n tyd en plek in die geskiedenis vir die boek te vind. Daar moet dus van die inligting oor die sosiale omstandighede gebruik word om 'n tyd en plek te bepaal en sulke inligting is ook min in die boek. Murphy (1992:xxii) ondersteun die standpunt van die kritiese leerskool dat dit die laat na-ballingskapse tyd moet wees.

Die Hebreeuse woord "Qohelet" kom van die werkwoord "qahal" wat "om te roep" of "om bymekaar te kry" beteken. Dit is dus iemand wat bymekaar bring om dan te onderrig (Bartholomew, 2009:18).

Prediker 1:1 dui die skrywer aan as Salomo. Bartholomew (2009:43) versterk hierdie standpunt deur daarop te wys dat in die voor-kritiese era skrywers oor die algemeen dit eens was dat Salomo die outeur was. Die Targum het Salomo as skrywer aangedui. In die vroeë Christelike tradisie, so ver terug as Origines (185-254), is Salomo as outeur erken. In die inleiding op sy kommentaar op Hooglied teken hy aan dat Salomo in Spreuke die morele wetenskap (moral science) onderrig, in Prediker die natuurwetenskap (natural science) – deur die nuttelose te onderskei van die waardevolle en belangrikste, leer hy die mens om die

nuttelose te los en bruikbare en opregte dinge te bewerk – en in Hooglied leer hy die ondersoekende wetenskap (inspective science). Die outeurskap van Salomo word deur Jerome, wie se kommentaar gedurende die kerkvadertyd en die Middeleeue oorheers het, bevestig. Ook Luther bevestig dit in sy kommentaar. Hugo Grotius (1644) was die eerste wat die outeurskap van Salomo bevraagteken het. Daarna volg daar verskeie persone wat die boek aan verskillende outeurs toeskryf.

Bartholomew (2009:102) se slotsom is dat Prediker 1:1 op 'n versameling van vertellings dui wat aan 'n vergadering van mense deurgegee moet word. Qohelet is iemand wat mense bymekaar kry en hulle leer. Die persoon is Salomo. Salomo is nie self die skrywer nie, maar word as verwysing gebruik in die vertellinge. Die boek is 'n "royal fiction". Salomo was ryk, baie wys, en het groot gesag gehad. Crenshaw (1992:271) gaan van die standpunt uit dat Qohelet nie met Salomo geïdentifiseer kan word nie. Longman (1998:57), soos Olyott (1983:18), is van mening dat Salomo die skrywer is, soos aangedui in 1:1. Hy is in 'n bevoorregte posisie om die hele lewe te ondersoek en ander daardeur te leer. James (2003:1) sluit hierby aan dat dit die algemene standpunt is dat Salomo die skrywer was (1:1 en 1 Kon 4:29,32). Ten spyte van al die argumente teen die outeurskap van Salomo, is Lioy (2005:9) oortuig dat faktore soos die eenheid van die boek in styl, tema en doel, daarop dui dat Prediker een skrywer gehad het. Hierdie skrywer was 'n koning met onvergelykbare wysheid en alle bewyse dui op Salomo.

Verskeie argumente is vir en teen die outeurskap van Salomo aangevoer. Uit die datering en die taalgebruik van die boek wil dit egter voorkom of die outeur nie Salomo self kon wees nie. Prediker was 'n Joodse teologiese onderwyser wie se doel dit was, vanuit 'n geloofsperspektief, om aan 'n klomp jongmanne onderrig te gee oor hoe om hulle geloof te behou te midde van omstandighede wat teen dit indruis. Dit het beteken dat daar sekere aanpassings gemaak moes word in die geloof waarin hulle opgegroei het. Hieroor word Prediker soms gesien as onortodoks. Dit het egter ingepas in die Hellenistiese wêreld van die tyd. Tog het dit gebly binne die grense van die belangrike kenmerke van die Judaïsme. Prediker was konserwatief – hy het vasgehou aan die basiese beginsels van die Judaïsme – maar hy was ook radikaal – hy het sy eie interpretasie gegee aan sekere aspekte. Uit studies blyk dat Prediker vir derde-eeuse Israeliete geskryf is. In die tyd is beleef dat God se beloftes nie werklikheid geword het nie en dat daar min empiriese getuienis van sy planne en beloftes is. Die Israeliete was blootgestel aan omvattende Griekse denke en kultuur in dié tyd wat daartoe aanleiding gegee het dat jongmense God se planne in die wêreld as onbegryplik en uiters geheimsinnig beleef het. Wysheid word dus gesoek deur persoonlike ervaring en nie deur die bril van die vrees van God nie.

Die skrywer is dus onbekend. Vir die doeleindes van die verstaan en betekenis van die inhoud van die boek en vir die doeleindes van hierdie studie speel die outeurskap nie 'n belangrike rol nie.

**2.3.3 Sosio-historiese konteks**

Die boek Prediker pas vir baie mense nie in die boodskap van hoop wat in die res van die Bybel verkondig word nie (vgl. Blok, 1988:10). Dillard (2000:314) vra ook die vraag hoekom 'n boek met so 'n pessimistiese vraag inpas in die Bybel. Hy antwoord die vraag deur te wys op "*het evangelie in een notendop"* soos bewoord in 12:13-14. In hierdie verse word die boodskap van die Ou Testament saamgevat. Kommentatore is verdeel oor of Prediker fundamenteel positief is, of dit blydskap bevestig en of dit in wese pessimisties is. Baie geleerdes handhaaf die standpunt dat Prediker gelees moet word in die lig van sy uitsprake oor die tevergeefsheid "Hebel", of in die lig van sy "carpe diem"-standpunt – geniet die lewe. Dit ignoreer die naasmekaarstelling van die teenoorgestelde sieninge wat sentraal is in die boek, en dus ook die lewe/dood-spanning wat dit omvat. Die boek gaan oor die stryd om te leef met die spanning en om hierdie pynigende spanning te verlig (Bartholomew, 2009:93).

Kidner (1976:14) beklemtoon verder die belangrikheid van die boek in die Bybel wanneer hy wys op die belangrike temas wat in die boek hanteer word. Temas wat hanteer word is:

- *Waarhede oor God* – die Prediker beklemtoon die boodskap dat God nie gemanipuleer kan word nie. God word in hierdie boek ontmoet as Skepper, as soewerein en as onmeetbare Wysheid.
- *Waarhede uit ondervinding* – die Prediker het met alle gesag en geld tot sy beskikking alles ondersoek om sin te maak uit die lewe.
- *Waarheid as grondslag* – die slotsom – vrees God en gehoorsaam sy gebooie.

Rankin (1956:17) skryf dat die Prediker se doel nie was om oor God onderrig te gee nie, maar eerder om te vertel wat hy van die lewe ontdek het en hoe die mens voordeel daaruit kan trek. Prediker is volgens Lioy (2005:9) dikwels gesien as meer wêrelds as die ander boeke van die Bybel. Die mens word ontmoet in sy leefwêreld, buite die aanbiddingsplek, daar waar hy selfsugtig vir die oomblik leef en gefokus is op die bymekaarmaak van besittings en die naleef van die wêreldse leefstyle. Sy begrip van God is egter fundamenteel vir die slotsom waartoe hy kom oor die wêreld en die voordeel uit die lewe onder die son. Dit is dus belangrik om te weet wat sy begrip van God was. Dit het verskil van dié van die profete wat 'n woord van God ontvang en dit verkondig het. Die kern van die Prediker se onderrig was nie geloof en gehoorsaamheid nie. Sy onderrig was gegrond op lesse uit die

lewe en ervaringe. Beek (1984:14) wys daarop dat die naam Jahweh nie gebruik word nie. Hy gebruik die algemene Naam Elohim=God. Sy uitkyk was universeel. Hy gebruik die naam Israel slegs een keer (1:12). Dit sluit aan by die feit dat die gebeurtenisse uit die geskiedenis van Juda en Israel geen rol speel nie. Sy betoog gaan buite die nasionale geskiedenis om. Die geskiedenis van Israel speel nie 'n rol in die wysheidsliteratuur van die Ou Testament nie. Hy het dit wat hy gesien het, getoets in die lig van wysheid (7:23) en dit wat hy gevind het, het hy ter harte geneem en deurgrond (9:1). Dit is 'n gesindheid by al die wysheidsliteratuur, hoewel die Prediker meer rasionalisties was as die ander.

Daar is geen direkte aanhalings van Prediker in die Nuwe Testament nie, en tog is daar Nuwe-Testamentiese tekste wat hulle oorsprong in Prediker kan hê (vergelyk Mat 6:7 met Pred 5:2; Mat 23:23 met Pred 7:18). Verder kan Rom 2:16 en 2 Kor 5:10 met Pred 12:14 vergelyk word, Rom 9:16 met Pred 9:11, 2 Kor 5:1 met Pred 12:5 en Jak 1:19 met Pred 7:9 (Blok, 1988:10). Blok (1988:10) beklemtoon dat die Nuwe Testament 'n antwoord is op die oproep van Prediker.

Prediker sluit nou aan by sommige Ou-Testamentiese boeke waaronder Genesis, Job, Psalms en Spreuke, met ander woorde veral die wysheidsliteratuur (Blok, 1988:11). Die wysheidsboeke word almal gekenmerk deur die nadenkende ontleding van die Goddelike orde in die lewe, die suksesvolle inskakeling by hierdie orde en die formulering van reëls om dit te bereik (Viviers, 1999:735).

Vos (2006:15) is egter van mening dat Prediker enig in die Ou Testament is, omdat hy weier om hom te beroep op die heilsgeskiedenis van Israel en vanweë sy radikale sienings oor die lewe, God en die dood.Die verbintenis met die hoofstroom Bybelse tradisie is skraal, want daar is niks oor Abraham, Isak en Jakob, of die Eksodus, of God se besondere handelinge met Israel in die Beloofde Land, of profetiese hoop nie (Provan, 2001:23). Viviers (1999:735) wys ook op hierdie uniekheid van Prediker wanneer hy daarop wys hoe hy die vergeldingsdogma omkeer en nie met gangbare wysheid vul nie, maar met proteswysheid. Hy protesteer teen die verstarde en onbuigsame idees van sekere teoloë van sy tyd wat beweer het dat die mens uit die lot van die mens kon aflei wat die mens se verhouding met God is (Burden, 1993:939).

In die Hebreeuse Bybel word Prediker gevoeg by die sogenaamde "megillot", vyf boeke wat hulle betekenis en bekendheid ontleen aan die feesdae. Prediker is voorgelees tydens die feesviering van Sukkot, terherinnering aan die herinwyding van die tempel na die Makkabese oorlog in 164 v.C (Beek, 1984:27). Op die derde dag van die Loofhuttefees lees

die Jode gewoonlik uit die vyf feesrolle, waarvan Prediker een is. Die hele boek word dan in die sinagoge voorgelees (Venter, 2003:405).

Elwell (1996:1,2) wys op die belangrikheid dat Prediker die laaste geskrewe boek van die Ou Testament is. Die deurdringende vrae word in die Nuwe Testament wat volg, beantwoord. Lee (2005:1) beskryf Prediker as 'n boek met teenstrydighede. Ten spyte van teenstrydighede bly die boodskap duidelik deurkom. Die teenstrydighede is soms sterk, maar oorweldig nie die boodskap nie (Fox, 1989:9). Die teenstrydighede het daartoe gelei dat die rabbi's dit aan die vergetelheid wou toeskryf. Dis ook teenstrydighede wat kommentators verdeel het – aan die een kant dié wat die Prediker sien as 'n pessimis met sy uitspraak dat alles tevergeefs is, en aan die ander kant diegene wat hom gesien het as 'n optimis met sy opdrag om die lewe te geniet (8:15). Ook wat die verklaring van belangrike woorde soos "hebel" betref, is daar uiteenlopende verklarings.

Die religieus-historiese ontwikkeling van Prediker moet volgens Loader (1979:124) gesien word in die lig van die volgende twee feite:

- Die veraf God – Die geneigdheid om die naam Jahweh te vermy ter wille van omskrywings, word al gesien in Daniël, die tweede en derde Psalm-versamelings en Job. God se naam word vervang met Kurios. Omskrywings wat na vore kom, is "hemel", "die Hoë", "die Majesteit", "die heerlikheid". Dit het later meer abstrak en onpersoonlik geraak soos "die Naam" en "die Woord". Op dié manier word die verhewendheid van God beklemtoon. Hierdie geneigdheid ontstaan na die ballingskap en bly so tot met die Hellenistiese periode. Wanneer God veraf word, dan onstaan daar 'n vakuum wat dan 'n teenpool ontwikkel: aan die een kant word die geloof in God onderhou en eksklusiwiteit word beklemtoon. Aan die ander kant ontstaan daar 'n leegheid, want vroeër is daardie vakuum gevul deur die nabyheid van God. Rankin (1956:18) beweer daarom dat die Prediker deeglik bewus was van die gaping tussen God en die mens (5:2). Sy siening van die verhouding tussen God en die wêreld het byvoorbeeld uitdrukking gevind in deterministiese sieninge (6:10-11, vgl. 9:1). Die mens kan dus nie die paslikheid van die goddelike aktiwiteit bevraagteken nie. Wat is die sin om die regverdigheid en die wysheid van die Goddelike voorsienigheid te bevraagteken? (7:13-14). Die Godheid is nou ver. Hy is die bepalende mag.
- Bemiddelaars – Die vakuum tussen God en mens is gevul met bemiddelaars. Na die ballingskap is baie meer van engele en aartsengele gepraat. Die veraf God moes nader gebring word.

Die Prediker aanvaar God, maar in sy situasie dat God ver is. Daarom die polarisasie in sy denke. God is ver, maar die vakuum word nie met bemiddelaars gevul nie, en daarom die slotsom dat alles tevergeefs is. Hoekom wil die Prediker nie hierdie vakuum vul nie? Hy is 'n reaksionêre figuur wat terselfdertyd in twee tradisies staan. Aan die een kant is daar die algemene wysheid en aan die ander kant sy teenkanting teen algemene wysheid (Loader, 1979:128). Volgens Rankin (1956:18) spreek die Prediker hom veral oor wysheid uit en in hierdie opsig is daar veral twee aspekte waarop in die besonder gefokus word:

- Die mens se kennis sal nooit aan die doel beantwoord nie, naamlik om hom te help om die betekenis van die lewe en die doel van God soos gereflekteer in hierdie wêreld, te verstaan.
- In die praktyk van die mens se daaglikse verantwoordelikhede en verhoudings het wysheid 'n sekere waarde, maar wel in 'n beperkte mate.

Wanneer Prediker wysheid in die praktyk beoordeel, het hy nie dieselfde positiewe siening as die spreukedigters nie. Die voordeel wat die wyse bo die dwase het, is slegs tydelik en kort, want dood onderskei nie tussen wys en dwaas nie (9:10, vgl. 9:5, 6:8). Die voordeel wat die wyse bo die dwase het, word in 2:13-14 beskryf. Te veel kennis van die wêreld maak dat die mens later simpatie het met die onderdruktes en die ongelukkiges (1:18). Wysheid het ook sy tekortkominge (Rankin, 1956:19).

Lee (2005:86) wys egter daarop dat die afstand tussen God en mens nie 'n vervreemding van God beteken nie. Goddelike teenwoordigheid word nie soseer deur gebed, aanbidding en ander religieuse waarnemings beleef nie, maar deur God se gee en die mens se gebruik van die gawe van genieting. Om te geniet wat God gee, herinner jou aan jou Skepper (11:7-12:7).

Die analise van die spesifieke teksgedeeltes (3:14; 5:6; 7:18; 8:12; 12:13b) waarin die saak van "die vrees van God" bespreek word, openbaar die volgende:

- Prediker se kommentaar op die vrees van God is deel van sy gedagtegang.
- Die vrees van God bevestig 'n erkenning van die mens se werklike plek in die orde van die skepping, 'n plek wat gekenmerk word deur beide beperkinge en moontlikhede.
- Die genietinge van die lewe maak 'n belangrike deel uitvan die Prediker se opvatting van die religieuse verantwoordelikheid.

Hierdie belangrike verbintenis tussen plesier en vrees is kenmerkend van die verklaring van die vrees van God in Prediker.

Prediker kla nie omdat die dinge nie duursaam (blywend) of waardevol of verdienstelik of bruikbaar genoeg is nie. Hy kla oor die weerspannigheid, paradoksale, ellendige kwaliteit van die realiteit. Betekenis kan nie in die gebeure "gelees" word nie. Die Prediker sien absurditeite in 'n reeks van gebeure binne drie terreine nl. werk en plesier, wysheid en regverdigheid. Prediker wil sin herstel deur die weersprekings bloot te lê. Hy hanteer werk en plesier saam, want werk bring plesier voort. Dit gaan nie oor blydskap of vreugde nie, maar oor plesier (Fox, 1998:227). Die Prediker beklemtoon die mens se onvermoë om rykdom te beheer, om bevrediging te kry uit jou besittings, en om 'n allesomvattende wysheid vir 'n suksesvolle lewe te bekom. Hy beveel verder aan dat genietinge, 'n gesindheid van "carpe diem" in die aangesig van die naderende dood en die vrees van God, maniere is om omstandighede te hanteer in 'n wêreld wat gekarakteriseer word deur teenstrydighede (Kamano, 2001:25).

Die Prediker plaas hom dus in die skoene van die Griekse wêreldbeeld en pas dit toe in die wêreld wat hy sien en beleef, net om te wys dat dit tot die geheimsinnige en nie noodwendig altyd tot die waarheid lei nie. Die oplossing vir hierdie paradoks lê in die vrees van God, wat jou in staat stel om te geniet en die lewe positief te leef te midde van al die dinge wat jy nie verstaan nie, veral die dood (Bartholomew, 2009:95).

Dit is waar dat Prediker nie verwys na heilsgeskiedenis nie, maar Whybray (1998:247) meen dit is ook waar van Spreuke en Job. Die belewenis van menslike verlatenheid – dat God Homself verberg vir die mens se stryd – kom ook voor in die klaagpsalms of in die uitspraak van die vrou van Tekoa (2 Sam 14:14). Ander gedeeltes waar daar 'n noue verband is, is Gen 1-11. In hierdie gedeelte word ook gefokus op die mens se toestand in God se wêreld. Ook in hierdie gedeelte word nie 'n baie positiewe beeld van die mens se toestand en God se handelinge met die mens geskets nie.

Prediker praat nie oor die magtige dade van God in die geskiedenis nie, maar oor hoe die mens moet handel met die uitdagings van die lewe wat die mens nou ervaar. Die lewe vandag is vir die Prediker belangrik. Die dinge van die lewe nou – eet, drink, werk, rus, om met jou geliefde te wees – dit is die dinge wat belangrik is en jy moet nou die beste daarvan maak. Hoewel die "hebel"-term in baie gedeeltes voorkom waar die Prediker tot 'n slotsom kom, is dit op grond van sy soeke na die voordeel wat die optrede van die mens inhou. Hy gee nie hierin advies hoe om in 'n lewe vol raaisels op te tree nie. Sy advies kom wel na vore in die gedeeltes waar hy die mens oproep om die lewe te geniet (2:24; 3:12, 22; 5:17,18; 8:15; 9:7-10). Die tema van die boek is dus dat die lewe as gawe van God ontvang moet word en met al sy geheimenisse geniet word (Ogden, 1987:14).

Prediker se teologie van genieting het ook 'n etiese implikasie vir die lewe van die menslike gemeenskap. Dit is belangrik om die lewe te geniet, want dit help om goed te doen (3:12). Dit is nie net goed vir die individuele persoon nie, maar ook vir die bou van gesonde verhoudings. Genieting moet nooit ten koste van die naaste wees nie (5:7-6:9; 10:16-19). Die genieting van die lewe staan in noue verband met die "vrees van God" (Lee, 2005:82). Kamano (2001:250) konkludeer dat die Goddelike soewereiniteit die grondslag van die kosmologiese etos is. Terwyl sy vermanings wissel van versigtige kultiese gedrag (4:17-5:6) na 'n leefstyl van carpe diem (9:7-10) en na nadenkende vrysinnigheid (11:1-6), word die klimaks bereik in sy vermaning: "Dink aan jou Skepper" (12:1). Sonder om die soewereine God wat die geleenthede bied om vreugde in jou moeitevolle arbeid te geniet, te erken, sal niemand die beste kan maak van omstandighede in hierdie wêreld nie. *Vrees God* is die saamtrekpunt van die advies. Om 'n leefstyl te hê wat met die kosmologiese etos kan "cope", moet die mens 'n lewe onder die soewereiniteit van God leef. Die menslike tekortkominge moet besef word. God moet gevrees word. Om God te vrees, beteken dat die mens sy gebooie moet gehoorsaam.

"Vrees van God" is volgens Lee (2005:119) 'n belangrike konsep in die hele Ou Testament (ongeveer 250 keer) en is veral prominent in die wysheidsliteratuur. Die "vrees van God" word dikwels in die Ou Testament gebruik in die sin van 'n godsdienstige verantwoordelikheid. Die woord vir "vrees" (yr') word dikwels parallel met woorde gebruik wat toewyding aan God beteken, byvoorbeeld om lief te hê ('hb), om aan te kleef (dbq), om te dien ('bd), om gehoorsaam te wees aan wette (smr), om te luister (sm'), om in God se weë te wandel (hlk bidrakayw). Die twee terme liefde en vrees is prakties gesproke sinonieme en gelykwaardig, omdat albei die algemene betekenis van "godsdiens" het.

Die soewereine God het diepgaande ordelikheid in die skepping ingebou en 'n wyse persoon vind sin in die lewe wanneer hy binne hierdie ordelikheid met integriteit leef. Die eerste stap tot so 'n sinvolle lewe is om God te vrees. Lee (2005:120) beklemtoon die belangrikheid van hierdie vrees van God met 'n verwysing na 'n beskrywing daarvan deur von Rad:

> "*Israel was, in all seriousness, of the opinion that effective knowledge about God is the only thing that puts a man into a right relationship with the objects of his perception, that it enables him to ask questions more pertinently, to take stock of relationships more effectively and generally to have a better awareness of circumstances".*

Kennis van jouself en kennis van die wêreld vloei met ander woorde primêr voort vanuit 'n kennis van God. So alleen kan die mens die onderlinge verband tussen dinge, en ook sy plek in die orde van die skepping, onderskei, beide met sy moontlikhede en beperkinge.

**2.3.4 Struktuur van Prediker**

Volgens Loader (1979:8) is daar nie 'n logiese ontwikkeling van 'n gedagte in die boek Prediker nie en nog minder 'n los samestelling van spreuke in 'n reeks van kort versamelings. Die boek begin met die *hebel*-verklaring en eindig daarmee (1:2; 12:8). Dit is nie 'n toevalligheid nie. Deur die hele boek kom die term voor, ook in hoofstuk 10 waar die woord *hebel* nie voorkom nie. Dit bring eenheid in die verskillende dele van die boek. Dit is opmerklik en duidelik dat hierdie een oortuiging van sinloosheid en leegheid die dominante gedagte in die boek is. Daar is egter ander eenhede ook, maar dié dien almal as illustrasies, motiverings en besprekings van die een sentrale gedagte. Die verskillende perikope hou verband met mekaar en die basiese gedagte wat deur almal beheer word, is die oortuiging van leegheid en sinloosheid waarmee die boek begin en eindig.

Walwood (1983:978) grond sy indeling van die boek op die standpunt dat daar sekere formules is wat herhaal word. Hy deel dus die hoofinhoud in twee dele, naamlik: 1:12-6:9 waar die klem gelê word op die tevergeefsheid van menslike pogings, en 6:10-11:6, waar die klem val op die tevergeefsheid van menslike wysheid. Cox (1993:177) merk in aansluiting hierby op dat die vraag in 1:2-3 die reaksies in die res van die boek oorheers en dat die boek op grond van hierdie tematiese vraag in twee gedeel kan word: Prediker 1-6: 'n filosofiese betoog oor die lewe en die absurde, en Prediker 7-12: 'n etiese bespreking oor hoe 'n mens dus moet lewe.

Die ander gedeeltes buite hierdie hoofinhoud is 'n gedig oor die tevergeefsheid van die menslike lewe (1:3-11) en 'n gedig om die mens aan te moedig om die lewe te geniet (11:7-12:7). Hierdie finale gedig word gevolg deur 'n herhaling van die tema (12:8) en die finale konklusie (12:13-14). Ogden (1987:13) is van mening dat die tema "watter voordeel het die mens?" (1:3) met sy antwoord wat negatief is en die reaksie wat daaruit voortvloei, die raamwerk bied wat nodig is om Prediker se struktuur te verstaan. Voorbeelde uit die persoonlike en sosiale lewe dra by tot die bespreking van wat voordelig is vir die mens. Die slotsom, omdat daar geen voordeel is nie, is dat die mens die lewe moet sien as 'n gawe van God en dit geniet. Elke onderafdeling dra by tot die soeke na 'n antwoord op die basiese vraag. Die eerste agt hoofstukke fokus op die soeke na 'n antwoord in die lewe onder die

son. In hoofstukke 9-12 is daar meer 'n fokus op die bydrae wat die wysheid in hierdie soeke na die voordeel in 'n raaiselagtige lewe kan lewer.

Die boek Prediker het volgens Blok (1988:9) en ook Farmer (2000:367) nie 'n logiese konstruksie nie, maar daaruit moet nie gekonkludeer word dat daar nie 'n plan was nie. Die sentrale tema is: "Alles is tevergeefs," en hierdie tema word dan uit verskillende hoeke belig. Die doel is om die mens se aandag op God te fokus (Blok, 1988:9). Farmer is weer van mening dat daar verskillende temas is wat mekaar afwissel en dan weer herhaal word. Tog fokus die eerste ses hoofstukke op die vraag wat goed is vir die mens in sy lewe hier onder die son, en die laaste ses hoofstukke is besorg oor dit wat die mens kan weet en nie weet nie. Ogden (1998:2) beredeneer ook dat die uitdrukkings wat gedurig herhaal word, karakter aan die boek gee. Hierdie uitdrukkings is:

- "Tevergeefs" en "alles tevergeefs", wat 39 keer in die boek voorkom.
- Die oproepe tot genietinge (2:24; 3:12,22,5:18; 8:15; 9:7-10).
- Die vraag wat gereeld opkom: "Watter voordeel het die mens van al sy moeite waarmee hy hom vermoei onder die son?" (1:3; 3:9; 5:16).

Na aanleiding van sy tematiese standpunt in 1:2 en 12:8 het hy daarna gesoek om te wys dat die lewe geen voordeel inhou nie en dus absurd is. In aansluiting by hierdie tema argumenteer Qohelet volgens Crenshaw (1992:275) die volgende:

- Dat wysheid nie sy doel kan bereik nie.
- Dat 'n veraf God oor 'n verdraaide wêreld regeer.
- Dat dood nie deugsaamheid in ag neem nie.
- Dat hy hierteenoor vreugde/plesier aanmoedig as die beste elemente tydens die fase van jonkheid voordat die dae van die ouderdom kom waar dit nie meer moontlik is nie.

Die verskil in kommentare oor die indeling van Prediker wys op die kompleksiteit van die inhoud. Fox (1999:147) vat dit dan ook saam wanneer hy opmerk dat daar by die lees van die boek blyk dat die inhoud ongeorganiseerd is. Wanneer daar egter verby die literêre oppervlakte gekyk word en na die Prediker se metode van ondersoek en rapportering gekyk word, dan is daar 'n sterk "*conceptual organization"* (Fox, 1999:150). Die hoofinhoud van die boek (1:3-12:7) beredeneer die een saak: "Alles tevergeefs". Hierdie saak word vanuit die ervaringswêreld van die Prediker beredeneer en wysheid word gevra vir hierdie saak. Volgens Whybray (1998:246) verkondig Prediker die boodskap van die Ou Testament – Glo in 'n enige, verhewe God wat die wêreld goed geskep het (3:11), en die mens uit stof geskep en die asem van die lewe in hom geblaas het (3:19). Baie aspekte van die menslike lewe en

uiteinde korrespondeer met die Ou-Testamentiese boodskap. Hy lê klem op die mens se swakheid en waardeloosheid en absolute afhanklikheid van hulle Skepper. Deur sy eie toedoen het die mens korrup geraak (7:29). Hy bevestig deurlopend dat die lewe 'n gawe van God is en dat die mens dit ten volle moet geniet.

Die sentrale besorgdheid van die Prediker is gefokus op sin en betekenis – nie verganklikheid, nie werk, nie waardes of moraliteit nie. Al hierdie sake is daar, maar hulle is alles sake wat uiteindelik uitloop op die hoofsaak, naamlik die sin en betekenis van die lewe. Al die Prediker se besware word saamgevat in die mislukking van die sin van die lewe, soos geopenbaar in die weersprekings wat die lewe beheers. Die ineenstorting van die sin van die lewe is die een kant van die werk; die ander kant is die herstel, die opbou van hierdie sin. Om te sê dat 'n persoon se lewe sin het, beteken dat die somtotaal van sy dade en ervaringe moet heenwys na iets of iemand buite homself (Fox, 1998:225).

Jamieson (1997:1) meen die doel van Prediker is "*to show the vanity of all mere human pursuits, when made the chief end, as contrasted with the real blessedness of true wisdom, that is religion".* Die Prediker kom uiteindelik tot die slotsom dat die werklike sin en vreugde van die lewe nie in die antwoorde op al die waaroms van die lewe hier onder die son lê nie, maar daarin dat God gevrees word en sy gebooie gehoorsaam word (Pred 12:13-14). Die lewe hier en nou is 'n gawe van God en moet geniet word (Pred 3:12-13). Prediker se hoofdoel volgens Whybray (1998:254) was om die mens te oortuig om die wêreld te aanvaar soos dit is met al sy tekortkominge en as 'n onderwyser van die wysheid hulle aan te moedig om God te vrees (3:14; 5:6; 7:18;8:12,13) in alle fasette van hulle lewe. Hy begin die boek (1:4-15) deur die dinge in perspektief te plaas en daarop te wys dat die wêreld ver van volmaak is en dat hulle nie fundamentele veranderinge moet verwag nie.

Uit sy ervaring bewys hy dat die lewe goeie en slegte dinge inhou. Al is daar baie slegte dinge in die lewe (2:17; 2:18-21; 4:1-3) is daar tog die vreugde van daglig en die son wat soet en goed is (11:7). Al kan dinge sleg wees, het die Prediker egter nooit selfmoord as 'n uitweg aangedui nie. Die genieting van die lewe is moontlik (2:24; 3:12; 5:17; 9:7-10) en dit is 'n gawe van God. Hy spoor veral die jongmense aan om hierdie gawe ten volle te geniet terwyl hulle nog jonk is (11:8-12:1). Hulle moet egter altyd onthou dat hulle sterflik is en dat oormatige genieting dwaasheid is (7:1-6). Dit is vir die Prediker belangrik dat jongmense hulle sterflikheid sal besef, want jongmense is geneig om nie daaraan te dink nie.

Van Zyl (1997:722) gee inleidend die volgende kommentaar: Die skrywer is 'n gelowige man wat erken dat God die lewe (5:17 – vgl. 7:29; 11:5), die verstandelike (2:26), materiële (6:2)

en aangename dinge (2:24) aan die mens gee. God is direk betrokke by alle gebeure in die wêreld (3:15 – vgl. 7:14) en vervul ook 'n regterlike funksie (3:17 – vgl. 11:9) op verskillende maniere (2:26; 5:5; 9:7). Tog beleef die Prediker vir God as ver van hom af (5:1 – vgl. 6:10). Wat Hy doen, is onbegryplik (8:17). Die verwagte gebeur net nie altyd nie (8:14). Menslike arbeid geskied nie in medewerking met die werk van God nie, maar staan vrugteloos daarteenoor (1:15; 7:13 – vgl 1 Kor 3:9). Sukses al dan nie is van buite-faktore afhanklik (11:6). Nie eie wilsbeskikking nie, maar tyd en geleentheid bepaal optrede (3:1-8) sowel as die uitslag daarvan (9:11). Te midde van alles oorheers die besef van die verganklikheid van die aardse bestaan (11:8). Die dood is onontkombaar (2:16; 3:19).

So beskou is die Prediker se tema (1:2) en sy vraagstelling (1:3) logies gefundeer. Sy voorstelle om sake enigsins te beredder (3:22; 9:7) is verder prakties en verantwoordelik. Gelyksoortige raad vir verwante problematiek is ook onder die Egiptenaars, Babiloniërs en vroeë Grieke (1 Kor. 15:32) te vind. Tog bied dit geen werklike troos nie. Die Prediker se realisme bly verontrustend. Die vroegste verklaarders het reeds daarin 'n gevaar vir tradisionele godsdiensbeoefening gesien (vgl. 12:12-14). Tog help dit nie om die tragiek van die lewe (6:12) en die verydeling van die skepping (Rom. 8:20) te ontken nie. Hoe duideliker die besef daarvan, hoe aangrypender word die boodskap van die verlossing in Christus (Joh. 3:16; 11:25-26; 1 Kor. 15) (Van Zyl, 1997:722).

Die gebruik van verskillende woorde weerspieël die karakter van die boek. Schoors (1998:39) ondersoek in hierdie studie die betekenis van die vier woorde wat die meeste voorkom, naamlik die mens (49x), wat gewees het, gebeur het (49x), sien (47x), en wat goed is (52x). Dit kom voor of die Prediker daarna streef om 'n gesonde siening te kry op die dinge wat gebeur, maar altyd gefokus op die mens se bestaan, dit is dat elke ding wat gebeur en gedoen word, geoordeel word vir sy waarde vir die mensheid en die individuele mens. Die woord "God" is die volgende mees gebruikte woord in die boek en wys dus op die sterk komponent van teodisee.

Net soos die Prediker afbreek, gee hy ook verskillende grondbeginsels van hoe om te leef, hoe om die beste te maak van die slegte deel van die lewe. Hy sê soms wat is goed of wat is beter as ander dinge. Hierdie grondbeginsels, alhoewel soms lukraak en rakende 'n verskeidenheid van onderwerpe, het tog ook 'n verband aan die dieper kant. Sy voorstelle is nie oplossings nie, maar "accommodations". Dit raak dieselfde sake wat hy as sinloos beskryf het, naamlik werk en plesier, wysheid en geregtigheid (Fox, 1998:232).

Fox (1998:235) redeneer dat die Prediker van die veronderstelling uitgaan dat regverdigheid nodig is vir die wêreld om rasioneel en betekenisvol te wees. Alle gedrag moet gepaste en eweredige resultate oplewer. Sinvolheid in die lewe beteken dat daar 'n onveranderlike gemeenskaplike uitvloeisel van die gedrag moet wees asookdie gepaste gevolg. Om gepas te wees, moet die gevolg:

- Onmiddellik wees (8:10-11) – dit is absurd as die reg vertraag word.
- Individueel (2:18, 26; 6:2) – dit is absurd dat iemand wat nie moeitevolle arbeid verrig nie, die verdienste ontvang vaniemand wat dit wel gedoen het.
- Sigbaar (8:11) – wanneer mense nie sien dat reg geskied nie, dan raak hulle moreel bandeloos (8:11b).
- Finaal en onomkeerbaar – wanneer iemand finaal verloor wat hy verdien het, is sy pogings sinneloos (5:14vv; 4:15vv).

Enige inbreuk op hierdie stipulasies veroorsaak onreg. Prediker se indruk is dat werk, wysheid en geregtigheid – die drie grootste terreine van die menslike strewe – nie toepaslike beloning tot gevolg het nie. Volgens Prediker is daar niks onder die son wat nie as sinloos en waardeloos gesien kan word nie.

Prediker is nie 'n sistematiese verhandeling met 'n duidelike struktuur nie. Aan die ander kant is dit ook nie 'n sameflansing van los gedagtes nie. Daar is, in aansluiting by Fox, 'n samehang tussen die verskillende temas wat deurloop van begin tot einde. Daar is 'n logiese gedagtegang van begin tot einde. Die begin en einde van die boek word omraam deur "hebel". Die inleidende perikoop (1:3-11) wat volg op die "hebel"-uitspraak (1:2) word herhaal in die slot (12:3-7) wat die "hebel"-uitspraak in 12:8 voorafgaan (Lee, 2005:15). Lee (2005:2) beklemtoon veral twee temas – die vrees van God en die genieting van die lewe. Hy erken datdaar uiteenlopende standpunte ook oor hierdie twee temas is. Die aanbeveling van genieting van die lewe kom meer gereeld voor (2:24-26; 3:12-13, 22; 5:17-19; 7:14; 8:15; 9:7-10; 11:7-12:1). Selfs metafore en idiome dui op genieting – eet, drink, dra van helder klere, om die kop met olie te salf, om met jou geliefde te wees, sowel as uitdrukkings soos "geniet die goeie" (2:1, 24; 3:13; 5:17), "doen goed" (3:12), "wees goedsmoeds" (7:14), "geniet die lewe" (9:9). Vreugde kom in elke literêre eenheid van die boek voor. Dit kom op strategiese plekke voor.

Lee (2005:125) wys daarop dat geleerdes vir 'n lang tyd nie die verband tussen vreugde en vrees ondersoek het nie. Vrees en vreugde is meer gesien as antiteses van mekaar. Oor die algemeen is dit gesien dat Prediker se siening van vreugde meer gerig was op die genotsugtige (hedonistiese), wat in stryd was met ware vroomheid. Om te leef in 'n wêreld

waar die mens nie in beheer is nie, is nie 'n maklike taak nie. Die ervaring van vreugde kan egter dien as motivering, aanmoediging en opwekking om die lewe ten volle in beslag te neem ter wille van jouself en ander. 'n Idee van die vitaliteit van hierdie vreugde word uitgedruk in Nehemia se opmerking teenoor die terugkerende ballinge (Neh 8:11, vgl. 1 Kron 1627; Ps.81:2). Prediker beklemtoon dieselfde gedagte in 9:7-10. Die feit dat God oomblikke van vreugde op die lewenspad gee, is 'n gawe.

Om die gawe van vreugde ten volle te benut en die lewe in sy oorvloed te geniet, is dit volgens die Prediker belangrik dat God gevrees moet word, sy gebooie gehoorsaam moet word en dat die mens gedurig herinner sal word dat God elke daad uiteindelik sal oordeel. Longman (1998:39) som die boodskap van Prediker dus soos volg op:

- Eerstens gee Prediker opdrag dat God gevrees moet word. Die regte verhouding met God is dus belangrik. In hierdie verhouding moet die mens besef hy is ondergeskik aan God en dus van Hom afhanklik.
- Tweedens gaan sy opdrag oor die mens se voortgaande verhouding met God, en daarom: "gehoorsaam sy gebooie". Die eerste opdrag: "Vrees God" herinner aan Spreuke 1:7 en dus die wysheidstradisie, terwyl hierdie tweede opdrag aan die Wet herinner.
- Derdens herinner Prediker die mens: "God sal elke daad uiteindelik oordeel". Hierdeur word die mens opgeroep om die hede te leef in die lig van die toekoms.

Bartholomew (2009:82) is van oordeel dat die grootste deel van die boek oor Prediker se soeke na 'n antwoord op die vraag van 1:3 gaan. Hy gaan dus van een tema na die volgende en kom dikwels weer terug na 'n tema wat reeds bespreek is. Dit beklemtoon verder dat hy die stukke van die wêreld nie bymekaar kan sit nie. Hierdie reis deur die krisisse van die lewe is nie reglynig nie, want die een oomblik is daar skielik insig in 'n saak om dan net die volgende oomblik weer te verval in verwarring. Die "carpe diem"-gedeeltes (5:1-7; 7:23-29; 11:7) staan uit as aangrypende insigte – 5:1-7 staan ook in verband met 12:13-14.

Bartholomew (2009:83), soos Olyott (1983:14), maak die volgende driedeling betreffende die inhoud van die boek:

- *Frame narative, 1:1-11* – dit wil hierin verklaar dat die lewe vanuit die menslike oogpunt tevergeefs is.
- *Qohelet's exploration of the meaning of life, 1:12-12:7* – dit bestaan uit vier preke of redevoeringe. Elkeen verklaar die twee temas ydelheid en hoop. Die kernboodskap

is dat wanneer ons uitkyk aardsgebonde (onder die son) is, dan is die lewe sinloos en hooploos. Wanneer ons in 'n verhouding met God leef, dan het die lewe doel.

- *Frame narrative: Epilogue, 12:8-14* – as God nie die sentrum van die gelowige seleweis nie, dan is dit tevergeefs (12:8). Die slotsom is om vir Hom te leef en te besef dat ons eendag aan Hom verantwoording moet doen

Longman (1998:37) konkludeer dat Job en Prediker dieselfde struktuur het. Die Prediker se introspektiewe outobiografie (1:12-12:7) bevat baie wat lesers afsit. Die positiewe perspektief kom, soos by Job, aan die einde van die boek. Prediker is eerstens nie 'n kerugmatiese boek nie, maar een wat die leser oproep om in te skakel by die Prediker se reis en betrokke te raak by die dialoog wat hy meebring. Sy boodskap ontvou soos die reis vorder. Prediker verwoord sy soeke in terme van die betekenisloosheid/sinloosheid van werk (1:3). Hierdie vraag bring hom egter na 'n dieper vraag en dit is die vraag na die sin van die lewe "onder die son" (Bartholomew, 2009:93).

Prediker as wysheidsboek het ten doel om die mens te leer hoe om in 'n gevalle wêreld wys te leef. Hoewel daar verskillende standpunte oor die presiese struktuur van die boek is, kan daar in aansluiting by die doel van Prediker as wysheidsboek die volgende indeling gemaak word:

- Prediker 1:1-11. Die Prediker kyk na die lewe en die effek wat die sonde daarop het. Soos Paulus in Romeine 8:18-22 bely hy die sug van die skepping onder die vloek van die sonde. Maar soos Paulus bely hy ook dat dit nuut gaan word en dat die mens kan weet dat al die inspanning in diens van die Here (bokant die son) nie tevergeefs is nie (1 Kor 15:58). Wanneer die Prediker na die lewe "onder die son" kyk, dan is sy slotsom dat dit tevergeefs is. Die lewe onder die son is skeefgetrek deur die sonde. Dit is 'n lewe in 'n onwerklike wêreld.
- Prediker 2-6. Hier is wyse raad om die frustrasies in 'n Genesis 3-wêreld beter te kan hanteer. In hierdie hoofstukke spreek die Prediker verskeie sake aan wat frustrasie in die lewe bring, onder andere die soeke na sin en betekenis van die lewe op verkeerde plekke, 'n verkeerde siening van God se soewereiniteit, onreg, onderdrukking, werk, godsdiens, politieke korrupsie en geld.
- Prediker 7-12. Hier is wyse waarskuwing teen die misbruik van wysheid. In hierdie hoofstukke word die mens vermaan om nie die wysheid te idealiseer nie. Die mens moenie dink dat wanneer hy wys of geregverdig leef, hy beheer kan uitoefen oor die mate van seën of trauma wat hy van God kan ontvang nie. Die mens kan nie deur sy leefwyse God manipuleer nie. Prediker 7:14 is 'n kernvers in die wyse raad wat die Prediker gee: *"Wees bly op die dag van voorspoed, en as daar 'n dag van teëspoed*

*kom, sien dit so: soos die een het God ook die ander gegee, sodat die mens nie sal weet wat vir hom voorlê nie."*

- Prediker 12:8-14. Prediker gee kommentaar, interpretasie en inligting in hierdie laaste gedeelte. Hierdie slotgedeelte is krities vir die verstaan van die boek. Hy begin hierdie gedeelte deur die leser terug te neem na waar hy begin het (1:2). Sy slotsom is: Wat is, is verkeerd en daarom moet die mens op God vertrou wat in Christus begin het met die vernuwingsproses en dit uiteindelik sal vervolmaak.

### 2.3.5 Waar pas gekose gedeeltes in

Prediker 1:1-11 vorm 'n inleiding tot die Prediker se hoofgedagte. Die funksie van hierdie proloog is om die gemoedstoestand van wat gaan volg te bepaal. Die Prediker se gemoedstoestand word in die proloog en epiloog (12:8-14) saamgevat in die woorde: "Tevergeefs, alles tevergeefs" (Longman, 1998:58).

Shields (2006:47) merk op dat dit algemene konsensus is dat die laaste ses verse (12:9-14) die epiloog vorm. Hierdie woorde is belangrik vir die verstaan van die boodskap van die boek. Die indrukke oor die inhoud van die boek en sy siening oor die wysheidsbeweging van sy tyd word hier saamgevat. In hierdie konklusie word die Prediker se verhouding met die wêreld en die res van die kanon verstaan.

Die epiloog is 'n integrale deel van die res van die boek. Aan die einde word gesien dat wysheid nie sy eie fundamentele vrae kan beantwoord nie en al bied dit sekere voordele, is dit ook maar gebroke en word dit maklik ondermyn. Slegs hier word die geloofwaardigheid van die Prediker se bevindinge bevestig en word 'n weg uit die duisternis, waaruit die wysheid nie kon ontkom nie, aangebied (Shields, 2006:49).

Die Prediker fokus op die probleem van die menslike bestaan in 'n gevalle wêreld. Hy toon aan hoe 'n lewe sonder God in wese chaoties, sinloos en onvergenoegd is. Hy moedig sy leerders aan om 'n Godgesentreerde leefstyl aan te kweek deurdat hy sekere leefstyle en strewes waarin God uitgelaat word, kritiseer. In Prediker 1:3-11 word die gevolge van sulke leefstyle en strewes uitgespel (Lioy, 2005:10).

## 2.5 Prediker 1:1-11

### 2.4.1 Prediker 1:1

דִּבְרֵי קֹהֶלֶת בֶּן־דָּוִד מֶלֶךְ בִּירוּשָׁלִָם׃ 1

Dit verwys hier na 2.3.2 waar die saak van outeurskap volledig bespreek is.

#### 2.4.2 Prediker 1:2

2 הֲבֵל הֲבָלִים אָמַר קֹהֶלֶת הֲבֵל הֲבָלִים הַכֹּל הָבֶל׃

Vers 2 gee 'n evaluasie van wat die lewe is. Dit is tevergeefs – doelloos, sinloos. Dit is die Prediker se visie op die lewe onder die son. Die resultate moet gesien word as die invloed van die sonde. Genesis 3 sit agter die tevergeefsheid van die lewe, maar in die mens is daar die smag na 'n wêreld-utopia. Hierdie smag na volmaaktheid kan lei tot tirannie, 'n goedkoop maak van die lewe en degradering (Barnes, 2004:52). Die Prediker skryf hierdie dinge nie om die mens desperaat of wanhopig te maak nie, maar juis om 'n begeerte in hulle te werk om dit om te keer.

Hierdie vers vorm volgens Lioy (2005:10) die grondslag van die Prediker se hele beredenering. Sy slotsom is dat die lewe vir die goddelose geen voordeel inhou nie en dat dit totaal absurd is. So 'n lewe is gevul met angs en frustrasie en loop op 'n nul uit.

Die woord הָבֶל"hebel" het 'n spesifieke betekenis vir die Prediker. Die "vreugdegedeeltes" is nie maardie Prediker se filosofiese beredeneringe, of sy verdowende dosis teen die lewe se stryd of wensdenkery nie. Hierdie oproep tot vreugde is belangrik in die beredenering van die "hebel"-tema (Lee, 2005:80). Ten spyte van die Prediker se bewustheid van die realiteit van die lewe se beperkinge, is sy liefde vir die lewe kenmerkend deur die boek. Sy oproep tot die genietinge van die lewe is 'n belangrike komponent in sy leringe.

Genietinge/plesier/vreugde gaan oor die lewe. Dit moet dus aansluit by die realiteite van die lewe. Die wysgeer wat die ambisieuse taakonderneem het om "alles onder die son" te ondersoek, het te doen gehad met teenstrydighede en inkonsekwenthede oral waar hy gekom het. Dit het hy toegeskryf aan die onnaspeurlike werk van God, wat onvoorspelbaar wissel van goed na sleg, seën en vloek, en wat die mens laat met 'n worsteling oor die logiese agter alles. Die goddelike aktiwiteit is daar om die mens bewus te maak van die vrees van God (3:14; 7:14). Die vreugde wat die Prediker voorstaan, omdat dit gebore is uit sy diepgaande realisme, is daardie een wat die lewe konfronteer en voller beleef. Dit vind plaas te midde van die moeitevolle arbeid van die lewe. Dit vind plaas met die volle bewustheid dat dit enige oomblik deur die stukkend van die lewe onderbreek kan word. Dit vind plaas met die bewustheid van die dood wat om die draai wag. Die geleentheid van vreugde is klein want die lewe word gebind deur die dood. Hierdie vreugde van die lewe word verder ingeperk deur die aftakeling van die ouderdom. Al die moontlikhede van

vreugde sal uiteindelik tot 'n einde kom wanneer God die lewensasem van die ganse skepping sal onttrek. Vreugde, soos alle dinge onder die son, is tevergeefs ("Hebel").

"Hebel" identifiseer die raaiselagtige, die ironiese dimensie van die menslike ervaring; dit gee te kenne dat die lewe nie voorspelbaar is nie. Dit het nie die betekenis van "vanity" of "meaningless" nie (Ogden, 1987:14). In gedeeltes buite Prediker dui die betekenis veral op "vanity", "nothingness", "vapour" (vgl. Deut 32:21; Jes.57:13; Jer. 8:19; 51:18; Spr 13:11; 21:6; Ps.78:33). Murphy (1992:liv) gebruik "vanity" omdat dit in die betekenis van die boek die bes beskrywende is. Basiese betekenis van die woord is "asem" of "damp". Voortvloeiend hieruit is daar betekenisse soos vlietend (menslike bestaan), of tevergeefs en oneffektief en selfs misleidend (afgode wat nie die aanbidder se begeertes kan vervul nie). Oor die algemeen is die betekenis negatief – ydel, waardeloos. Die term word gekoppel aan vermoeiende arbeid en sy produkte, vreugde, wysheid, gesprek, menslike bestaan, dood, onreg en straf.

Ogden (1987:18) beskryf drie faktore in Prediker wat meehelp in die bepaling van die betekenis van die woord "hebel":

- Die pynlike scenarios waaraan die "hebel"-frase gekoppel word as 'n reaksie, byvoorbeeld 3:16-19, die reaksie op onreg; 6:1-2 – die probleem dat die mens nie kans kry om sy rykdom te geniet nie; 4:7-8 – die werkolis wat homself nooit afvra wat die doel van sy werk is nie; 8:14 – slegte dinge gebeur met goeie mense en goeie dinge met slegte mense. Hoekom?
- Die betekenis van parallelle en aanvullende frases soos: "striving after wind" (1:14 – gejaag na wind), het die betekenis om die onmoontlike na te jaag. "Sore affliction" (6:1 – wat swaar druk) is swaar om te verstaan dat iemand wat so hard werk nie sy rykdomme kan geniet nie, en "an unhappy business" (beskrywend van die persoon wat fanaties na rykdom soek maar nie na die doel daarvan vra nie en dit bring bitter lyding (6:2)).
- Die oproepe om die lewe te geniet, wat tydens kernmomentebeklemtoon word. Hierdie oproepe tot genieting is eintlik teologiese verklarings van geloof in 'n regverdige en liefdevolle God, ten spyte van baie tekens wat waarskynlik teenstrydig is. Prediker het nie 'n negatiewe siening op die lewe nie. Hy is realisties maar verloor nooit uit die oog die feit dat die lewe 'n gawe van God is en tot ons voordeel is nie.

Op grond van bogenoemde beredenering kom Ogden (1987:22) dan tot die slotsom dat dit duidelik is dat "hebel" 'n uitsonderlike funksie en betekenis in Prediker het.

Die betekenis van "hebel" is volgens Seybold (1978:315) oop. Dit het 'n breë emosiebelaaide strekking met sterk oproepende moontlikhede en dit leen hom tot 'n sleutelwoord. Die woord word byvoorbeeld gebruik in uitsprake wat waardeloosheid uitdruk (Jes 57:13), ook in jammerklagte (Ps 39:6,7,12), en ook in twisgesprekke teen die aanbidding van afgode (Jes 57:13). Prediker maak die meeste gebruik van die woord "hebel".

Seybold (1978:318) wys daarop dat die Prediker die woord in al sy nuanses gebruik. In samehang met "wind" (1:14) gee dit die oorspronklike betekenis. Dit vind sterk aansluiting by die bestaan van diere (3:19) en dui op die verband met die asem van die lewe. Dit word gebruik in die sin van waardeloosheid (11:10), in die sin van ydelheid, en in hierdie sin in aansluiting by die uitspraak "gejaag na wind". Teenoor die woord "voordeel" hou "hebel" die betekenis in van "dit wat geen voordeel inhou nie". Die woord hou die betekenis van evaluasie in, of meer korrek devaluasie. "Hebel" dien as 'n "destructive judgement", 'n devaluasie van die norme soos deur die tradisionele wysheid bepaal, 'n stryd teen hulle waarneembare waardebepalings, 'n eerskending van die wysheidsideaal vir die lewe.

Whybray (1998:263) wys op die belangrikheid van die woord "hebel". In die res van die Ou Testament het dit die betekenis van "asem", wat dui op 'n betekenis dat dit "verdwyn". In 'n derde van die gebruik van die woord in die res van die Ou Testament wys dit na heidense afgode en afgodery wat waardeloos is met die verdere betekenis dat as jy hierdie afgode aanbid, dit dwaas en gevaarlik is. Dit verwys ook na iets wat waardeloos en betekenisloos is (Jes.30:7; Klaagl.4:17; Sef. 10:2; Job 9:29; Jes.49:4; Jer 16:19; Spr 31:30; Ps.39:7). Die gemeenskaplike element in al hierdie gebruike dui op "onwesenlikheid" of "swakheid". In Prediker is dit 'n sleutelwoord. Hy gebruik hierdie woord vir alle fasette van die lewe onder die son. Die betekenis van die woord verskil nie substansieel van die gebruik in die res van die Ou Testament nie. Hy sien die menslike lewe as onwesenlik, kortstondig, soms sinloos of absurd, in die lig van die ewigheid.

Wilson (1998:361) verklaar dat die letterlike betekenis van "hebel" "asem" of "briesie"is (Jes.57:13). Dit word egter meestal metafories in die Ou Testament gebruik. Meer as die helfte van die gebruik van hierdie woord kom in Prediker voor. Buite die boeke is die algemene betekenis "waardeloos" of "betekenisloos". Die NRSV verkies "vanity"; die NIV verkies "meaningless". Ander vertalings gebruik verskillende woorde om die woord "hebel" in die Ou Testament te vertaal. Wilson (1998:362) verwys na verskillende vertalings van ander skrywers: Fox verkies byvoorbeeld "absurd", Crenshaw sien 'n vermenging van "ephemeral

and futile/absurd", Fredericks verkies "transience", en Whybray stel "futility" voor, maar op ander plekke "brevity" (6:12; 9:9; 11:10). Graham Ogden skryf:

> "*Hebel has a very specific meaning: it identifies the enigmatic, the ironic dimension of human experience; it suggest that life is not fully comprehensible"*.

Die lewe kan nie ten volle gepeil/deurgrondword nie en moet geleef word met baie vrae wat onbeantwoord gelaat word.

Shields (2006:112) wys daarop dat pogings om die presiese betekenis van die woord te bepaal, uiteenlopend is. Die letterlike betekenis van die woord is "damp" (vapor) of "asem" (breath). In die meerderheid van die 73 keer waar dit in die Ou Testament voorkom, word dit metafories gebruik – dertien keer word dit gebruik met verwysings na afgode. In Jer 16:19 en Sag 10:2 word dit parallel met die term "leuen/ valsheid" gebruik. In sommige gevalle word dit gebruik met verwysing na "kortstondigheid" (Job.7:16). Verdere betekenisse waarmee dit in verband gebring kan word, is die volgende:

- "Gejaag na wind" (1:14; 2:11, 17, 26; 4:4; 6:9). In die betekenis waarin dit hier gebruik word, dui dit op "nutteloos, sinloos" .
- "Geen voordeel onder die son nie" (2:11,13; 1:3; 3:9; 5:8, 15; 7:12; 10:10). Daar is geen voordeel in moeitevolle arbeid nie.
- "Groot euwel" (2:21).
- "Verkeerde saak" (4:8).
- "'n Bitter lyding" (6:2).

Prediker gebruik hierdie terme in aansluiting by "hebel" om omstandighede te beskryf wat sy siening van wat regis, omkeer, en die tradisionele verwagting in die wysheidskringe dat daar 'n waarneembare orde in die wêreld is, ondermyn. In baie van die betekenisse dui dit op nutteloosheid, sinloosheid. Die gebruik van "hebel" in die sin van "sinloos" word bevestig deur die gebruik van die term in ander omstandighede, byvoorbeeld in 3:6-21; 5:9-12. "Sinloos" is die naaste aan wat Prediker bedoel met "hebel". Dit is belangrik dat die woord in 'n negatiewe sin gebruik word (Shields, 2006:121).

Daar is baie voorstelle oor hoe die woord "hebel" vertaal moet word, onder andere "absurd" (Fox); "meaningless" (Longman); "useless" (GNB); "vanity" (KJV); "a puff of breath" (N. Lohfink). Vir Bartholomew (2009:93) is die beste vertaling "enigmatic", want in aansluiting by die parallel "a striving after wind" dui "hebel" nie daarop dat daar geen sin is nie, maar dat dit onbegryplik en onverstaanbaar is. "Enigmatic" laat die ruimte vir 'n betekenis – dit is net dat die Prediker dit nie kan vind nie. "Hebel" het 'n negatiewe konnotasie maar maak nie die deur vir betekenis/sin toe nie.

Christianson (2007:99) is van mening dat die Prediker "hebel" gebruik om die ervaring van sy jonger lewe te beoordeel. Dit is dan sy ervaring wat "hebel" vir die lesers verklaar. Prediker verklaar die volgende, na aanleiding van sy ervaringe, as "hebel": alles wat hy sien (1:14); sy toets van wysheid en dwaasheid (2:1); alles wat hy gedoen het (2:11,17); sy lot in vergelyking met die dwaas (2:14-15); die lot van sy erfenis (2:18-19, 21; 2:26; 4:7-8); die dae van sy lewe (7:15); en natuurlik, alles (1:2; 3:19; 9:1; 12:8).

Die woord "hebel" word vyf keer in hierdie vers gebruik en 38 keer in die boek. Die verklaring van hierdie woord is belangrik vir die verstaan van die boek. Aalders (1948:31) dui aan dat "hebel" verskillende betekenisse het, byvoorbeeld: onwenslik, geen werklike bestaan – in dié sin word die afgode genoem (Jer 10:15). Dit is doelloos en lei tot geen resultaat (vgl Job 21:34) nie, soos die vergeefse poging van Job se vriende om hom te troos, of Klaagl. 4:17 wat wys op die nuttelose hulp van Egipte. Uit vers 3 is dit duidelik dat dit in die laaste sin bedoel word. Daar is geen voordeel vir die mens nie. Alles waarvoor die mens hom beywer, lei tot geen resultaat nie. Eaton (1983:2) verklaar ook dat "hebel" verskillende betekenisse inhou, en dat "alles" by geleentheid deur die Prediker gebruik word. Die verskillende betekenisse waarna hy verwys en die "alles" sluit letterlik alles in die wêreld in met die kwalifikasie "onder die son". Vanuit die gebruik deur ander outeurs van hierdie selfde term, is daar byvoorbeeld die volgende betekenisse wat ook deur die Prediker gebruik word:

- Kortstondigheid en onwerklikheid soos beskryf in Job 7:6-9.
- Onbetroubaarheid en onstandvastigheid (Ps.62:3,6,9).
- Ydelheid (Job 9:29).
- Misleidend (Jes.16:19).

Prediker bedoel nie dat die lewe in sy verskillende fasette sonder betekenis en futiel is nie. Hy beklemtoon wel dat die lewe raaiselagtig is en dat dit nie in ons vermoë is om ditte verklaar en te voorspel nie. Die verklaring in vers 2 bepaal die rigting van die boek en word deur 'n gelykluidende vers in 12:8 gebalanseer. Komende van 'n wyse man wat ander moet leer hoe om die lewe te hanteer, is dit 'n waarskuwing dat selfs die wyses nie alles weet nie (7:23 -24) (Ogden, 1987:28).

Volgens Longman (1998:61) kom die Prediker tot 'n baie duidelike slotsom – elke ding is sonder betekenis, sinloos, tevergeefs. Hierdie vers sluit aan by 12:8 waar die finale konklusie gemaak word. Die begrip "hebel" as "sinloos", word in sy betekenis versterk deur aansluitende uitdrukkings. Die sinloosheid van elke ding word gekwalifiseer met die uitdrukking "onder die son".

Longman (1998:62) kom tot die konklusie dat die woord "hebel" hoofsaaklik metafories gebruik word, wat dan dui op die betekenis van nutteloos en sinloos. Die vraag wat gevra word, is of elke ding nou sinloos is en of elke ding tydelik is. Wanneer die betekenis van die woord "hebel" soos dit buite Prediker in ander dele van die Ou Testament gebruik word, bestudeer word, help dit in die nadere verstaan soos in Prediker gebruik. In dertien gevalle is dit in die sin van afgode. In dié sin dui dit op nutteloosheid en sinloosheid, nie op kortstondigheid nie. Afgode is 'n probleem vir Israel juis omdat hulle nie tydelik is nie, maar nutteloos. In ander gedeeltes dui die betekenis net op sinloos. Daar is net 'n paar gedeeltes waar die betekenis op "tydelik" dui (Ps.39:12; Job 7:16; Spr.31:30; Ps.144:4). Die belangrikste vertalings verstaan met "hebel" dat alles sinloos is. Alles is tevergeefs. Die Prediker los niks uit nie. Hy vind geen betekenis in enige persoon of ding nie. Hierdie uitspraak word gemaak om die leser voor te berei vir wat kom.

Kamano (2001:241) is, soos Aalders (1948:31) en Eaton (1983:2), van mening dat dit onmoontlik is om een betekenis aan die woord "hebel" te gee in sy voorkoms in Prediker. Daar is tog een karaktertrek wat die betekenisse van die woord saamvat. Hierdie woord dui op enige situasie waar die mens ly as gevolg van die mislukkings van die kosmologiese etos. Die woord word gebruik as 'n simbool om die ganse menslike ervaring aan te dui. Hierdie woord verteenwoordig dus die menslike ervaring van die kosmologiese etos. Dat die woord op die mens en die kosmos fokus, word veral in die openingsverse (1:1-11) beklemtoon. Die "hebel"-verklaring in 1:2 (vgl. 12:8) word onmiddellik gevolg deur die kosmologiese teks in 1:4-11. In hierdie gedeelte word die beweging in die kosmos (vv.4-7) in noue verband gebring met die aktiwiteite van die mens (vv.8-11). Die verklaring in 12:8 volg op die gedig oor die dood. Die dood van die mens (12:1b, 5b,7) word vergelyk met die heengaan van die kosmos (12:2-5a).

"Hebel" moet dus gesien word as 'n brug tussen kosmos en menslike realiteit. Binne hierdie raamwerk (1:2 en 12:8) moet Qohelet se boodskap gesien word. Alles wat met die kosmos te doen het, insluitende die mens se aktiwiteite, is "hebel", "vapor". Die motto van die boek in 1:2 word die refrein regdeur sy ondersoek. Dit dui op die verskillende nuanses van die woord en daarmee saam die verskillende probleme waarmee die mens in die wêreld te doen het.

In die lees van die eerste elf verse word hierdie betekenis van "hebel" dus beklemtoon. Die lewe is raaiselagtig en geheimsinnig, want aan die een kant is daar baie gereelde, voorspelbare kringlope in die natuur, maar aan die ander kant is daar onverstaanbare herhaling. Hierdie realiteit is nie soseer futiel, absurd, betekenisloos nie, maar eerder

kompleks, geheimsinnig en meerduidig. Dit vertolk die begrip dat die lewe raaiselagtig en geheimsinnig is, en dat daar baie onbeantwoorde vrae is en vrae wat nie geantwoord kan word nie. Die persoon wat glo, erken hierdie feit en beweeg positief vorentoe deurdat hy die lewe as gawe van God ontvang en dit geniet soos God dit aanbied. Dit blyk dat Prediker ook, soos Job, geskryf is om misverstande oor vergelding reg te stel. Prediker ontken nie dat God orde geskep het nie, maar hy wil beklemtoon dat ons persepsie van hierdie orde soms verwarrend is. Die lewe is beide sinvol en raaiselagtig. Die Prediker herinner in hierdie inleiding, wat dan verder in die boek uitgewerk word, dat die waarnemings deur wysheid slegs maar 'n deel van die waarheid is. Ander perspektiewe moet ook bekom word.

**2.4.3 Prediker 1:3**

3 מַה־יִּתְרוֹן לָאָדָם בְּכָל־עֲמָלוֹ שֶׁיַּעֲמֹל תַּחַת הַשָּׁמֶשׁ׃

Die Prediker begin om sy stelling in vers 2 te bewys met 'n vraag in vers 3: Waar bring harde werk die mens nou eintlik? Dit is in elk geval 'n vermoeienis. Is die rykes werklik gelukkiger as die armes? Kan geld en rykdom vir jou blywende geluk bring? Almal kom uiteindelik by dieselfde plek uit. Die lewe onder die son is sinloos en doelloos. Die lewe het geen ware betekenis nie (Wilson, 1998:362). Eaton (1983:56) som Prediker 1:2-11 op as "die mislukking van sekularisme". Die skrywer ondermyn die vertroue in 'n sekulêre uitkyk op die lewe deur sy lesers uit te nooi om die volgende basiese feite in ag te neem: die ydelheid van die lewe (v.2), die gevolge vir die mens (v.3), die onmoontlikhede om die omstandighede wat die probleem veroorsaak te verwyder (v.4) en die implikasies wat hierdie dinge tot gevolg het vir die mens se siening van die natuur (vv. 5-7) en die geskiedenis (vv. 8-11).

Die tematiese vraag in 1:3 vorm volgens Kamano (2001:44) die basis van Qohelet se ondersoek. Sy belangstelling is "anthropocentric" (die mensdom), in hierdie wêreld (onder die son) en selfs ekonomies (watter voordeel). Hy is nie net geïnteresseerd in die positiewe kant van die mens se moeisame arbeid nie, maar ook in die langtermyn voordeel daarvan.

Die woord יִתְרוֹן"voordeel" kom volgens Beek (1984:39) net in Prediker voor. Dit kom van die stamwoord wat "oorblijven" beteken en verwys na die sakewêreld waarin dit wat oorbly wins is. Die moeitevolle arbeid van die mens lewer geen wins op nie. Die ruimte waarbinne geleef word, is "onder die son". Die woord "*Yitrôn*" – voordeel – word tien keer gebruik (1:3; 2:11, 13; 3:9; 5:8, 15; 7:12; 10:10,11) en ook ander woorde wat nou aansluit, soos "môtar" (3:19) en "yôter" (6:8,11; 7:11) (Ogden, 1987:23). Shields (2006:122) sien dit as 'n retoriese vraag. "Watter voordeel" – wat kan dus bygevoeg word? Bartholomew (2009:108) beredeneer dat dit nie gaan of werk betekenis het nie, maar dit bring nie addisionele voordeel in nie. Die

vraag waarmee Prediker worstel, is of werk en lewe enige voordeel inhou. Hierdie vraag beheers die hele boek – Prediker is in sy soeke besig om 'n antwoord op hierdie vraag te kry. Wysheid speel 'n belangrike rol in die verstaan van die "voordeel" van die mens se arbeid hier op aarde. Wysheid van bo die son stel die mens in staat om vreugde in sy arbeid te vind. Wysheid van onder die son maak hierdie arbeid moeisaam en geen voordeel word daarin gevind nie.

Dit is 'n retoriese vraag waarop die leser op grond van vers 2 die antwoord weet. Die vraag is die sentrale vraag in die wysheid. Dit is belangrik dat hierdie term nie gekoppel is aan 'n ewigheidsdimensie nie (Murphy, 1992:liv). Hy hou hom egter betrokke in die soeke na 'n antwoord (Longman, 1998:65). Ogden (1987:29) lê klem daarop dat die vraag in vers 3 die inhoud van die boek bepaal. Die vraag kom ook voor in 2:22; 3:9; 5:10, 15; 6:8,11. Prediker kom tot die slotsom dat daar "onder die son" geen voordeel vir die mens is nie (2:11). Die Prediker moet egter op grond van hierdie konklusie advies gee en die mens begelei om sinvol te leef.

Ander terme wat in hierdie vers aansluit by die woord "voordeel" is "moeisame arbeid," wat dui op die aktiwiteit van werk sowel as die resultaat van hierdie werk: עֲמָלוֹ שֶׁיַּעֲמֹ˙ל"sy moeite waarmee hy hom vermoei". Hierdie woord kom 50 keer in die Bybel voor, waarvan 22 keer in Prediker. Die gebruik van hierdie woord het dus soos "hebel" 'n besondere betekenis vir die verstaan van die boodskap van die boek. Die betekenis van die woord hier het niks te doen met die eerlike, doelgerigte arbeid waarmee die mens in opdrag van God besig moet wees nie. Volgens Towner (1997:280) is die betekenis hier gewoonlik gekoppel aan moeilikheid (Job 3:10; 5:6), moeite (Ps 73:16), kommer (Jer 20:18), onreg (Job 4:8; Ps 140:9) en selfs verdrukking (Deut 26:7). Vir Prediker is moeisame arbeid en die lewe hier identies.

Die ander frase is תַּחַת הַשָּׁמֶשׁ"onder die son" wat dui op die wêreldse bestaan. "Onder die son" word 29 keer gebruik en kom nêrens anders in die Ou Testament voor nie. "Onder die son" dui op die betekenis van die moeilike lewe van die mens in hierdie wêreld teen die agtergrond van die onontkombare dood (Murphy, 1992:7). Die uitdrukking wys op die beperkte terrein waarop die Prediker sy ondersoek doen (Longman, 19998:66). Die beskrywing "onder die son" kom volgens Shield (2006:123) net in Prediker voor. Dit word gesien in die betekenis van die wêreld van die lewende en die gebied van die dooies. In die ou Nabye Ooste is dit gesien dat die son net na onder skyn en dit is waar die lewe is. Bokant die son is daar nie lig nie en dit is dus die terrein van die dooies.

Die uitdrukking "onder die son" speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die Prediker se argument. Prediker 12:1-7 herinner dat die lewe onder die son kortstondig is. Gebrek aan permanensie beteken egter nie gebrek aan vreugde nie. Die lewe is verbygaande maar ook aangenaam (11:7-10) (Farmer, 2000:368).

Hierdie vers verwoord die wanhoopskreet van die mens wat in die sweet van sy aangesig (Gen 3:19) hier "onder die son" geen voordeel in sy bestaan en werk sien nie. Die lewe en die werk hier lyk sinloos en bring geen vreugde nie (die volgende verse 4-11 beklemtoon hierdie doellose sirkelgang). Hierdie vers beskryf die gevolge van die wêreldse ydelheid vir die mens. Die lewe lewer geen voordeel nie. As ons strewe nie verder gaan as "onder die son" nie, dan hou dit geen voordeel in nie. Van die begin af maak die Prediker dit duidelik wat sy doel is. Hy ondersoek die lewe en werk met die doel om uit te vind of daar enige voordeel is.

**2.4.4 Prediker 1:4-11**

Ogden (1987:30), soos ook Bartholomew (2009:109), verklaar hierdie gedeelte as 'n gedig oor die geheimenis van die lewe. Die tema dui op die oneindige sirkel van aktiwiteit in die natuur. Die wêreld staan, maar binne dit is daar 'n vloei, 'n sirkel van gereelde en voortdurende aktiwiteit. Lewe is deel van die wêreld al is daar 'n eb en vloed daarbinne. Die mens worstel steeds om die lewe te verstaan. Daar is niks nuuts onder die son nie. Die Prediker wil met sy onderwys die mens leer dat hy nie kan staatmaak op antwoorde uit die verlede nie. Elke geslag moet self die vraag en betekenis van die lewe hanteer.

Hierdie gedig beklemtoon die noodsaaklikheid om hierdie ondersoek na die sin van die lewe te onderneem. In die volgende hoofstukke rapporteer die Prediker dan sy poging om 'n antwoord te kry op die vraag na die sin van die lewe, in die hoop dat dit ander sal help (Ogden, 1987:33).

Bartholomew (2009:110) verklaar die gedig as chiasme:

A. v.4
  B. vv.5-6
    C. vv.7-8
  B. vv.9-10
A. v.11

Die herhaling van die werkwoord "loop" dui op die onderlinge verband. Die slotsom van die gedig, wat dui op die Prediker se herhaalde slotsom, word in die middel gevind, naamlik die begin van vers 8 "al die dinge is so vermoeiend". Die voortdurende wisseling van geslagte (v.4) se resultaat is dat individue nie onthou word nie (v.11).

**2.4.4.1 Prediker 1:4**

4 דּוֹר ה ֹלֵךְ וְדוֹר בָּא וְהָאָרֶץ לְעוֹלָם ע ֹמָדֶת׃

Vers 4 wys op die redes waarom die mens geen voordeel in sy inspanning sien nie. Niks verander nie, behalwe vir die tyd. Die manier waarop individue vergeet word, is 'n saak waarop die Prediker gereeld terugkom. As ons vergeet word, wat is dan die waarde van ons arbeid? Die mens se probleme word vererger deur die kontras van die kortstondigheid van die lewe en die oënskynlike permanensie van die aardse gebied. Die inherente ydelheid van die wêreldse omgewing gee geen hoop vir verandering nie – "kom…gaan…bly". Daar is voortdurende aktiwiteite en daar is geen einde aan die probleem van aardse ydelheid "onder die son nie" (Eaton, 1983:58).

Die sirkelgang van die natuur (vv.5-6) is parallel met die herhaling van die geskiedenis (vv.9-10). In vers 4 is beklemtoon dat die aarde dieselfde bly ten spyte van die voortdurende sirkel van die mens en die natuur.

**2.4.4.2 Prediker 1:5**

5 וְזָרַח הַשֶּׁמֶשׁ וּבָא הַשָּׁמֶשׁ וְאֶל־מְקוֹמוֹ שׁוֹאֵף זוֹרֵחַ הוּא שָׁם׃

Die skepping word gekenmerk deur duidelike verandering wat die eendersheid verbloem. *Die eerste voorbeeld* is dié van die son (v.5). Al is daar verandering oor 'n jaar in sy koers, bly dit voortdurend in dieselfde bane. So raak die dag-tot-dag aktiwiteite uitputtend – al die moeitevolle arbeid loop uiteindelik op niks uit nie.

**2.4.4.3 Prediker 1:6**

6 הוֹלֵךְ אֶל־דָּרוֹם וְסוֹבֵב אֶל־צָפוֹן סוֹבֵב ס ֹבֵב הוֹלֵךְ הָרוּחַ
וְעַל־סְבִיב ֹתָיו שָׁב הָרוּחַ׃

*Die tweede voorbeeld* is die wind (v.6). Dit gaan in sirkels en dit bly dieselfde. Daar is voortdurend aksie, maar dit bly alles dieselfde.

**2.4.4.4 Prediker 1:7**

7 כָּל־הַנְּחָלִים ה ֹלְכִים אֶל־הַיָּם וְהַיָּם אֵינֶנּוּ מָלֵא אֶל־מְקוֹם
שֶׁהַנְּחָלִים ה ֹלְכִים שָׁם הֵם שָׁבִים לָלָכֶת׃

*'n Derde voorbeeld* is die waters (v.7). Die gaan uiteindelik weer terug na dieselfde bron.

Die kern van die verse (4-7) is die eendersheid te midde van die oënskynlike veranderinge (Longman, 1998:70). Volgens Eaton (1983:58) eggo hierdie verse (5-7) die boodskap van verse 2-4 in terme van die natuur. Hoewel vol van aktiwiteit, is daar geen voortgang nie. Ook vir die natuur is daar geen voordeel in sy moeitevolle arbeid nie. Son, wind en wateris besig in 'n doellose sirkelgang. Die skepping behoort aan God en moet die heerlikheid van God openbaar. Neem God egter weg, "onder die son", dan is daar geen heerlikheid meer van God nie en word die vermoeidheid van die mens gewys.

**2.4.4.5 Prediker 1:8**

8 כָּל־הַדְּבָרִים יְגֵעִים לֹא־יוּכַל אִישׁ לְדַבֵּר לֹא־תִשְׂבַּע עַיִן לִרְאוֹת
וְלֹא־תִמָּלֵא אֹזֶן מִשְּׁמֹעַ׃

Toe Adam geval het, het die skepping geval (Gen.3:17-19). As die mens vermoeid is, is die skepping vermoeid. As ons uitkyk "onder die son" is, is daar geen hoop nie (Pred 5:2). Daarom is die slotsom in vers.8: Niks verander ooit en dus is die resultaat dat die mens se ervarings vervelig en onbevredigend. Hulle is deel van die wêreld – altyd aktief maar nooit tevrede nie. Daar is nooit genoeg woorde om uit te spreek nie (Murphy, 1992:8).

**2.4.4.6 Prediker 1:9**

9 מַה־שֶּׁהָיָה הוּא שֶׁיִּהְיֶה וּמַה־שֶּׁנַּעֲשָׂה הוּא שֶׁיֵּעָשֶׂה וְאֵין כָּל־חָדָשׁ
תַּחַת הַשָּׁמֶשׁ׃

Die vraag wat Prediker probeer beantwoord, is dan: As die geskiedenis hom weer herhaal, wat is die sin van ons werk? Vers 9 wys op die tevergeefsheid van die geskiedenis. Geskiedenis bring jou nêrens. Daar is niks nuuts onder die son nie. Die verlossingsboodskap van die Eksodus en ander gebeure in die geskiedenis is egter belangrik in die sin-maak van die lewe vandag. Geskiedenis kan wel "a progressive spiral" genoem word in plaas van "a meaningless cycle." Teenoor die normatiewe Bybelse norm staan die standpunt van Prediker dat die geskiedenis hom weer sal herhaal. Die verlede, die hede en die toekoms is vol onderdrukking, harde werk en eensaamheid (4:1-12). Daar is dus niks om na uit te sien nie (Longman, 1998:72).

#### 2.4.4.7 Prediker 1:10-11

10 יֵשׁ דָּבָר שֶׁיֹּאמַר רְאֵה־זֶה חָדָשׁ הוּא כְּבָר הָיָה לְעֹלָמִים אֲשֶׁר הָיָה
מִלְּפָנֵנוּ׃
11 אֵין זִכְרוֹן לָרִאשֹׁנִים וְגַם לָאַחֲרֹנִים שֶׁיִּהְיוּ לֹא־יִהְיֶה לָהֶם זִכָּרוֹן
עִם שֶׁיִּהְיוּ לָאַחֲרֹנָה׃

Eaton (1983:60) se kommentaar is dat verse 9-10 die boodskap van verse 2-4 eggo in terme van die hoop. Wanneer God uitgelaat word, die lewe "onder die son" bekyk word, is daar niks nuuts nie. Geskiedenis is dan 'n geslote sirkel. Dit staan in kontras met die geloof van die volk Israel. Hulle het geglo dat God die geskiedenis beheer. (Amos 3:6; Gen.50:20; Job 42:2; Jes. 25:9; 45:1). Verlossing gaan oor dade van God in die geskiedenis. Geskiedenis beteken dat dit op pad is na 'n doel, die Dag van die Here, wanneer Hy sy doel verwesenlik het. "Onder die son" is daar egter nie hierdie uitsig op die geskiedenis nie en is daar niks nuuts onder die son nie.

Die kern van die chiasme fokus op die slotsom waartoe Prediker dikwels in die res van die boek kom – al die dinge is so vermoeiend. Daar sal nie deur waarneming of deur instruksie uitgevind kan word watter voordeel werk vir die mens onder die son inhou nie. Hierdie gedig dien dus as 'n baie goeie inleiding vir die vrae waarmee Prediker gaan worstel in sy soeke na die sin van die lewe (Kamano, 2001:54). Solank die mens God verwerp en ontken, sal hy nooit deur die sirkel van tyd en herhaling kan breek om God wat ewig is, te ontdek nie (Lioy, 2005:13).

James (2003:2) som hierdie verse op deur na dit te verwys as ses redes wat Salomo gee hoekom vermoeiende arbeid in die lewe betekenisloos is. Die lewe het geen ware betekenis nie :

- As gevolg van die verganklikheid van die mens (v.4). Geslagte kom en gaan. Dae vlieg verby (Ps.39:4). Die mens se lewe is 'n asem. Alle strewes word deur die dood beëindig. Die val van Adam bring die dood in. Dit frustreer en verwar ons. Die lewe is 'n sirkelgang. Alles gaan aan (vv. 5-7), maar waar is die mens? Die lewe is te kort om sin te maak.
- As gevolg van die vermoeidheid van die mens (v.8a). Die lewe is te lank.
- As gevolg van die onsekerheid van die mens (v.8b). Die mens kan dit nie uitspreek nie. Hy kan dit nie vertel nie, kan dit nie logies beredeneer nie. Ons weet die lewe behoort anders te wees, maar ons kan die lewe nie verduidelik nie.

- As gevolg van die ontevredenheid van die mens (v.8c). Die oog kry nie genoeg van sien en die oor nie genoeg van hoor nie. Die mens is ontevrede met die lewe en wil altyd meer en verder. Hy vind nooit bevrediging nie.
- As gevolg van die beperktheid van die mens (v.9). Daar is niks nuuts onder die son nie. Jy kan so hard probeer soos jy wil, met al die kundigheid en tegnologie van die wêreld, maar jy gaan niks nuuts vind wat die dryfsand van tevergeefsheid gaan vryspring nie.
- As gevolg van die vergeetagtigheid van die mens (v.11). Al was jy hoe beroemd, gaan niemand vir lank jou harde en vermoeiende arbeid onthou nie. Jy word gou vergeet.

Wat is die sin van al die mens se arbeid onder die son? Dit lyk nie of daar enige wins in is nie. Wat wil Prediker dan hiermee sê? Is dit net wanhoop? Nee. Soos Paulus (Rom.8:18-30), wil Salomo die mens wys op die invloed van die sonde. Die sonde maak blind. Wanneer die mens egter hierdie sonde sien, moet hy daaraan dink dat God dit sal regmaak. Die lewe is vol pyn en is stukkend. Maar in Christus is daar verlossing van al hierdie pyn en smart. Hy het kom herskep, heel maak. Verlossing is meer as om van sonde verlos te word. Dit verlos die gelowige van die tevergeefsheid van die lewe soos in verse 3-11 geskets. Besef die mens hoe diep die val was? Ons moet realisties wees. Geniet die lewe, maar moenie die wêreld liefkry nie. Ons moet uitsien na die lewe hierna, want dit is die ware lewe. Ons lewe hier in 'n wêreld wat nie beantwoord aan die doel waarvoor God dit geskep het nie.

**2.5 Prediker 12:8-14**

Die epiloog word gewoonlik in twee dele verdeel: 12:9-11 en 12:12-14. Bartholomew (2009:360) verklaar dat Prediker 12:8 weer terugverwys na Prediker 1:2. Die vers herinner weer aan die doel van die Prediker se ondersoek. Prediker 1:2 en 12:8 moet gesien word as die titel van die boek, wat fokus op die ontdekkingsreis waarop die Prediker die leser neem, maar sonder om te aanvaar dat dit sy konklusie is. Daar is baie in die boek wat in teenstelling staan met hierdie konklusie. Die res van hierdie epiloog sal verseker dat die skrywer nie verkeerd gelees word nie. In vv.9-14 sal dit duidelik word wat die skrywer bedoel het. Hier word Qohelet positief as wyse beskryf. Hier 'n aanduiding dat die Prediker sy stryd opgelos het en 'n stadium bereik het waar hy weer met die tradisionele wysheid kan identifiseer (Bartholomew, 2009:363).

Die Prediker gee in hierdie gedeelte 'n laaste paar woorde van kommentaar, interpretasie en inligting. Hierdie gedeelte is krities vir die verstaan van die hele boek. Dit is dus nie, soos

sommige beweer, 'n latere byvoeging nie (Shields, 2006:49). Volgens James (2003: Tape 21) kan hierdie gedeelte in vier dele ingedeel word:

- Insluiting (v.8)

  Salomo neem ons met hierdie vers terug na waar hy begin het (vgl.1:1,2). Met hierdie vers som hy op wat hy gesê het. Eerstens is vers 8 'n afsluiting van wat hy in 12:1-7 beskryf het. As alles dan uitloop op die dood, dan is dit tevergeefs. Tweedens sluit die vers egter alles in wat in die hele boek gesê is.

- Bekendstellings (vv. 9-11)

Die Prediker doen vier bekendstellings:

  - *Homself:* Hy stel homself bekend as wyse. Hy wil nie hiermee spog nie, maar plaas homself in een van die groepe van daardie tyd – daar was profete, priesters en wyses. Hy plaas homself dus in die groep van die wyse manne, wie se taak dit was om mense kennis te leer. Hulle moes antwoorde gee op die hoekoms en waaroms van die lewe.
  - *Metodes:* Hy het oorweeg en ondersoek. Hy het die woorde van waarheid gesoek. En dit wat hy gekry het, moes ook reg neergeskryf word. Dit moes welgevallige woorde wees.
  - *Die doel van die boek:* Hy gebruik twee beelde om dit te beskryf naamlik:
    - Prikkels:Prikkels dui op 'n skerp puntige stok wat gebruik was om diere in beweging te bring. Die doel van Prediker is dus enersyds om ons wakker te maak, sodat ons reg kan lewe.
    - Spykers: Dit dui moontlik op 'n diep ingeslane tentpen. Dit gee dus vastigheid. Vertroue op God bring vastigheid ten spyte van die pyn, hartseer en verwarring.

    Die doel van die Boek is om jou met wysheid te laat dink oor die lewe en om vastigheid te gee.
  - *Bron van sy materiaal:* Hy is die enige Herder – God.

- Tussenwerpsel (v.12)

  Die boeke wat oor wysheid skryf, is eindeloos. Al lees jy al die boeke oor hoe om wys te lewe, moet jy uiteindelik weer terugkom waar jy begin het – vrees God.

- Uitleg (vv.13-14)

  Die lewe onder die son is as gevolg van die sondeval tevergeefs. Ons kan dit nie verander nie. Ons soek sin en vreugde op verkeerde plekke en by verkeerde persone. Die mens het nie die vermoë om dit te vind nie. God het hom daardie vermoë ontneem (vgl.2:24). Verse 13-14 is die dieptepunt van die boek. Die ware antwoorde op die lewe word gevind in 'n lewende verhouding met God. Die finale

woord is: Vrees God en hou sy gebooie. *Vrees God !* – leef in volle toewyding aan Hom. Vrees hou nie in om bang te wees nie. Dit beteken ontsag, eerbied hê. Dien Hom! *Hou sy gebooie*! – sy Woord moet geleef word. Om ons bepekinge te ken is deel van die vrees van God. Barnes (2004:62) is van oordeel dat hierdie generasie die eerste in die geskiedenis is wat in niks glo nie. Hulle weet nie werklik waaroor dit in godsdiens gaan nie. Hulle vind dit makliker om fout te vind as om die waarheid te vind. Die regte perspektief op die lewe gee sin.

Hierdie twee verse is die gehoorsaamheid van geloof. Dit is die antwoord op alles in geloof. Geloof in God sal jou help om nie verward te raak in die lewe onder die son nie. *Vrees God en hou sy gebooie* is die lewenslyn waaraan in 'n wêreld onder die vloek van die sonde vasgehou kan word.

Salomo gee twee redes hoekom ons God moet vrees en sy gebooie hou:

- Dit is die alles vir die mens. Om sin en vreugde in die lewe te kry, moet jy aan jou Skepper dink.
- God oordeel alles – niks ontkom sy oordeel nie. Hy is regverdig.

Dink aan jou Skepper! Hy is die antwoord op alles.

#### 2.5.1 Prediker 12:8

8 **הֲבֵל הֲבָלִים אָמַר הַקּוֹהֶלֶת הַכֹּל הָבֶל׃**

Salomo neem die leser met hierdie vers terug na waar hy begin het (vgl.1:1,2). Hy som met hierdie vers op wat hy gesê het. Eerstens is vers 8 'n afsluiting van wat hy in 12:1-7 beskryf het. As alles dan uitloop op die dood, dan is dit tevergeefs. Tweedens sluit die vers egter alles in wat in die hele boek gesê is.

#### 2.5.2 Prediker 12:9-10

9 וְיֹתֵר שֶׁהָיָה קֹהֶלֶת חָכָם עוֹד לִמַּד־דַּעַת אֶת־הָעָם וְאִזֵּן וְחִקֵּר
תִּקֵּן מְשָׁלִים הַרְבֵּה׃

10 בִּקֵּשׁ קֹהֶלֶת לִמְצֹא דִּבְרֵי־חֵפֶץ וְכָתוּב יֹשֶׁר דִּבְרֵי אֱמֶת׃

Die biografiese opmerking oor Prediker (12:9-10) verklaar dat die Prediker 'n wyse was, 'n lid van 'n geleerde groep van die Israelitiese gemeenskap. Hy was 'n uitsonderlike wyse. Die Prediker het in sy insette en integriteit uitgestaan bo sy tydgenote. Sy gehoor het meer as net die intellektuele elite van die wyses ingesluit en hy was bereid om korreksies aan te bring op die gevolgtrekkings van ander wyses maar nie bereid om oor twyfelagtige

waarhede welgevallige advies te gee nie. Die Prediker se advies kon gevolg word want sy integriteit was bo verdenking (Shields, 2006:68). Hoewel die Prediker daarna gesoek het om welgevallige woorde te vind, kon hy dit nie aan sy gehoor gee nie. Sy woorde het gewys dat wysheid nie die antwoord kan verskaf op sy eie fundamentele vraag nie.

Bartholomew (2009:363) se kommentaar is dat vers 9 insae in die Prediker se aktiwiteite gee. Soos 'n goeie pedagoog het hy die mense voortdurend kennis geleer. Hierdie werk van Prediker was meer gefokus op die intellektuele Israeliet wat geworstel het met die betekenis van lewe en die invloed van die Griekse filosofie, veral in die na-ballingskap-periode. Die fokus in sy werk was egter om die mense van God te help om kennis en wysheid te bekom. Vers 9b gebruik drie werkwoorde om sy werk te beskryf: "Pondered" om as wyse deeglik te luister nawat ander sê en daaroor na te dink. Hy het "gesoek" na wysheid deur gebruik te maak van alle beskikbare bronne. Hy het die baie spreuke"arranged", wat daarop dui dat hy geïnterpreteer het wat hy bymekaargemaak het. Die Prediker het geslaag in sy soeke en uiteindelik het hy gevind.

**2.5.3 Prediker 12:11**

11 דִּבְרֵי חֲכָמִים כַּדָּרְב ֹנוֹת וּכְמַשְׂמְרוֹת נְטוּעִים בַּעֲלֵי אֲסֻפּוֹת נִתְּנוּ
מֵר ֹעֶה אֶחָד׃

"Die woorde van die wyse manne" sluit alle mondelinge en geskrewe material in. Hierdie woorde is soos "prikkels". 'n Prikkel is 'n instrument, moontlik 'n stok, wat deur die herder gebruik is om die skape in 'n sekere rigting aan te por. "Soos spykers diep ingeslaan" sluit volgens Ogden (1998:437) aan by die prikkels. In die Hebreeus is dit gebruiklik dat die tweede sin meer inligting of 'n uitbreiding van die eerste gedagte gee. Dit is moontlik dat hierdie spykers aan die punte van die prikkels ingeslaan is. Wanneer skape daarmee aangepor is, het dit pyn veroorsaak. Skape beweeg dan soos die herder dit wil hê. Hierdie beeld word gebruik om duidelik te maak dat die najaag van wysheid of om die onderrig van die wyses te volg, soms pynlik en veeleisend kan wees. Die waarheid en wyse raad prik die hoorder en veroorsaak verandering in gedrag en leefstyl (Ogden, 1998:437).

Henry (1996:809) verklaar die gebruik van "prikkels" as 'n wyse waarop die mens aangespoor word om sy verantwoordelikhede na te kom. Die prikkels is gebruik om die os wat 'n ploeg trek, aan te wakker wanneer hy begin lui word. Die "spykers" dui volgens James (2003:23) op 'n diep ingeslane tentpen. Die wyse raad van die wyses gee dus vastigheid.

Die waarhede van God prik die mens in die hart (Hand 2:37) en bring die mens tot homself wanneer hy op 'n onverskillige en nalatige wyse meer in sy werk opgaan. Die mens het hierdie voortdurende herinneringe (prikkels) nodig oor hoekom hy hier is en wat sy verantwoordelikheid is. Die "spykers" gee vastigheid te midde van pyn, hartseer en verwarring, en gee vastigheid aan die mens om in sy verantwoordelikhede te volhard. Die wysheid van bo vestig die hart en lei tot goeie besluite. Dan is die mens nie onseker oor sy verantwoordelikhede nie en maak die lewe sin en bied dit vreugde.

**2.5.4 Prediker 12:12**

וְיֹתֵר מֵהֵמָּה בְּנִי הִזָּהֵר עֲשׂוֹת סְפָרִים הַרְבֵּה אֵין קֵץ וְלַהַג הַרְבֵּה יְגִעַת בָּשָׂר׃

Die boeke wat handel oor wysheid is eindeloos. Al lees jy al die boeke oor hoe om wys te lewe, moet jy uiteindelik weer terugkom waar jy begin het – vrees God.

Waar 9 en 10 gefokus het op Prediker die individu, fokus 11-12 nou op die wyses in die algemeen. Hier word nou nie oor die Prediker gepraat nie, want wat hy oor homself gesê het, het sy punt bewys. Die res van die epiloog sal sy punt nog duideliker maak. Verse 11 en 12 het twee stelle waarskuwings – elkeen bevat twee dele. Die eerste waarskuwing is teen die leringe van die wyses en die tweede teen die navorsingswerk waarop hierdie leringe gegrond is. Hy waarsku teen die leringe van die wyses dat dit pynlik en manipulerend is, maar dat die pyn wat die leerders moet deurmaak, uiteindelik ten goede sal kom. Dit is egter nie duidelik of die Prediker dit bedoel nie. In vers 12 is daar twee waarskuwings oor die aktiwiteite van die wyses (hulle studies en hulle boeke). Dit het geen positiewe uitwerking nie, net negatief. Die studies maak net moeg en die skryf van boeke hou nooit op nie. Die Prediker dui nie op 'n alternatief nie. Daar word wel in die volgende twee verse advies gegee oor hoe die lewe sinvol en vreugdevol beleef kan word (Shields, 2006:91).

Hierdie vers waarsku teen die gevaar om wysheid buite die wysheidstradisie soos in vers11 beskryf, te soek. Die redes hoekom dit nie gedoen moet word nie is omdat daar nie 'n einde kom aan die skryf van boeke nie en dat dit 'n vermoeiing van die liggaam is. Hierdie is veral in die konteks van die Griekse filosofie van die tyd 'n waarskuwing teen hulle dwaasheid (Bartholomew, 2009:369).

**2.5.5 Prediker 12:13-14**

13 סוֹף דָּבָר הַכֹּל נִשְׁמָע אֶת־הָאֱלֹהִים יְרָא וְאֶת־מִצְוֺתָיו שְׁמוֹר כִּי־זֶה
כָּל־הָאָדָם׃
14 כִּי אֶת־כָּל־מַעֲשֶׂה הָאֱלֹהִים יָבִא בְמִשְׁפָּט עַל כָּל־נֶעְלָם אִם־טוֹב
וְאִם־רָע׃[1]

Die "vrees van God" is volgens Lee (2005:83) waarskynliknie die oorheersende tema in die boek nie, maar definitief een van die belangrikste temas. Die boek sluit af met die oproep om God te vrees (12:13). Die vrees van God was 'n belangrike saak in die Israelitiese wysheidsliteratuur (vgl. Spr 1:7; 9:10; 31:30; Job 1:1,8; 2:3). Om God te vrees beteken om die mens se plek voor God in die skepping te verstaan. Prediker soek daarna om te verstaan hoe die mens 'n sinvolle bestaan kan bereik en dan op 'n natuurlike wyse op kritieke tye te weet wat dit beteken om God te vrees.

Om God te vrees, beteken om die afstand tussen die goddelike en die menslike te erken en te respekteer. Die mens se plek word dus afgemerk deur onpeilbare begrensinge. Die mens kan nie ten volle weet, waarlik begryp, of verseker wees van enige ander ankers nie. Die mens se bestaan is gebonde aan onsekerhede van die lewe, deur die dood en deur die vrymagtigheid van 'n soewereine God wat die wêreld op 'n verbysterende wyse regeer. Die Prediker beklemtoon nie net die onmoontlikhede in die vrees van God nie, maar ook die moontlikhede vir die mens hierin – soos byvoorbeeld die genieting van die lewe. Die menslike moontlikhede lê in die "*portion*" wat hom onder die son gegun word. Om te eet, te drink, te werk ens., is dinge waarna die mens kan streef, voor kan hoop, en voor kan werk (Lee, 2005:85)

Die Prediker se verstaan van die vrees van God vloei volgens Murphy (1992:lxiv) voort uit die geheimenis en onbegryplikheid van God. As jy nie kan verstaan wat God doen nie (3:11; 8:17; 11:6) en ook nie goddelike liefde en haat begryp nie (9:1) is eerbiedige vrees vir God weg (3:14; 5:6).

"Die vrees van God" dui nie op bang wees nie, maar op gehoorsaamheid, liefde, diens en aanbidding (vgl. Deut 10:12), vereenselwiging met God se morele wette (Lev.19:19), vermyding van sonde (Job.1:9), eerlike oorgawe (Spreuke 14:2) – met ander woorde die dien van God. Die vrees van God is meer as 'n gesindheid. Dit is 'n leefwyse waarin die mens aktief reageer op God se handelinge. Ook in Prediker, soos in die res van die Ou

Testament, is daar ander werkwoorde wat hierdie goddelike verantwoordelikheid beklemtoon: "Gee ag op jou voet as jy na die huis van God gaan" (4:17); "Wees nie haastig met jou mond nie, en laat jou hart nie gou 'n woord uitbring voor die aangesig van God nie" (5:1); "Kom jou beloftes na" (5:3-5); "Gaan voort in die lewe met beide jou hart en jou mond"(7:18); "Hou God se gebooie" (12:13). Opmerklik is egter die noue band wat diePrediker tussen die "vrees van God" en "die genieting van die lewe" lê (Lee, 2005:121).

Lee (2005:122) beklemtoon dat die Prediker die aandag van sy lesers op die wêreld rig en hulle aanmoedig om die eenvoudige vreugdes van die lewe te geniet as gawes uit God se hand. In hierdie genietinge kom die vrees van God na vore. Die gewone alledaagse lewe is die arena waar God se teenwoordigheid beleef word. Die lewe kan dus "sakramenteel" wees in die sin dat kos en drank, werk en plesier die tasbare en voortdurende wyse word waarop God sy genade aan die mens bewys. Dit is alleen deur geloofwaardige kennis van jouself en van die wêreld dat jy uiteindelik by 'n godsdienstigheid sal uitkom wat terapeuties en lewegewend is, in kort, "goed" is vir die mensdom.

Die slotwoorde in 12:13-14 is die mins geheimsinnige in die hele boek. Dit is reguit en herinner aan die taal van die verbond en lê beslag op die hele mensdom. In alles en vir almal gaan dit oor die vrees van God en die gehoorsaamheid aan sy gebooie. Dit dwing tot evaluering van die uitspraak van Qohelet dat alles tevergeefs is. Dat God alles in die gerig sal bring, sluit aan by sy vermaning in 11:9 (Christianson, 2007:248).

Die lewe onder die son is as gevolg van die sondeval tevergeefs. Ons kan dit nie verander nie. Ons soek sin en vreugde op verkeerde plekke en by verkeerde persone. Die mens het nie die vermoë om dit te vind nie. God het hom daardie vermoë ontneem (vgl.2:24). Verse 13-14 is die dieptepunt van die boek. Die ware antwoorde op die lewe word gevind in 'n lewende verhouding met God. Die finale woord is: Vrees God en hou sy gebooie. *Vrees God!* – leef in volle toewyding aan Hom. Vrees hou nie in om bang te wees nie. Dit beteken ontsag, eerbied hê. Dien Hom! *Hou sy gebooie* ! – sy Woord moet geleef word.

In 12:13-14 bied die Prediker 'n alternatief vir die wyses deur die hoorders terug te verwys na die gebooie van God en te waarsku dat almal uiteindelik verantwoording sal doen van hulle dade. Om hierdie oordeel van God te ontkom, lê in die gehoorsaamheid aan sy gebooie en nie in die leringe van die wyses nie (Shields, 2006:109). Hierdie twee verse is die gehoorsaamheid van geloof. Die antwoord op alles is geloof. Geloof in God sal jou help om nie verward te raak in die lewe onder die son nie. *Vrees God en hou sy gebooie* is die lewenslyn waaraan in 'n wêreld onder die vloek van die sonde vasgehou kan word.

Prediker 12:13-14 is 'n opsomming van die reis van die Prediker. "Vrees God" – 'n heilige eerbied vir God. In aansluiting by Spreuke is dit die beginsel van wysheid. Wysheid staan in noue verband met die Ou-Testamentiese Wet. Hierdie verse sluit nou aan by 5:1-7 (4:17-5:6) (Bartholomew, 2009:370).

Die Prediker gee twee redes hoekom ons God moet vrees en sy gebooie hou:

- Want dit behels die totaliteit van die menslike bestaan. Om sin en vreugde in die lewe te kry, moet jy aan jou Skepper dink.
- God oordeel alles – niks ontkom sy oordeel nie. Hy is regverdig. Oordeel hou dus in dat dit wat nou is, nie is soos wat dit moet wees nie: wat is, is verkeerd. Volgens Salomo beteken 'n wyse lewe onder die las van die sondeval dat die mens die ontevredenheid, frustrasie en sinloosheid sal hanteer sodat daar 'n begeerte by hom sal wees dat God dit sal kom regmaak.

Op grond hiervan maak Barnes (2004:32) die volgende opmerking:

> *"There are but two lessons for the Christian to learn: the one is to enjoy God in every thing; the other is to enjoy every thing in God. It is eternity that makes time significant. It is where we are going that makes what we are doing significant and meaningful. It is so easy to weigh things in the wrong proportions" (vgl. Jer 2:13).*

Die Prediker soek na die sin van die lewe. In 1:2 en 13 vat hy saam wat die doel van die boek is. Deur een mens, Adam, het die sonde in die wêreld gekom (Rom.5:12). Die sleutel om die boek Prediker te verstaan lê in Gen. 3: die val van die mens. In Gen.3:19 staan daar geskryf: "*In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer".* Dit is wat die lewe op aarde is.

Selfs die heuglikste oomblikke is net tydelik. Alle werk is onder die son. Die vloek van die sonde bly die mens se deel. Môre begin hy weer van voor af, al verskil is dat hy ouer is. Alles tevergeefs, sê die wêreld.

Bring die dinge nou wanhoop? Nee, want nie net die voorwoord van die preek moet gelees word nie, maar ook die slot (12:8,13,14). Want wanneer die slot gelees word, word die mens van sy wanhoop verlos. Agter alles moet daar 'n doel wees. Wanneer die dinge egter onder die son beskou word, dan word daar geen plan (doel) gesien nie.

Daar is 'n plan, want God is in beheer (12:14). Geregtigheid sal geskied. Dat daar oordeel gaan kom, beteken dat dinge nie reg is nie. Hierdie wêreldse dinge dryf jou om te soek na wat reg is.

Op. 21 openbaar aan die mens dat daar in Christus nie meer 'n vloek sal wees nie. Die Prediker wil die mens tot die besef bring dat hy te veel van hierdie wêreld dink. Pred 12:13,14 bring bevryding. Dan sal die mens verstaan hoe om die lewe te geniet in 'n wêreld vol ydelheid.

Prediker gee aan die gelowige die sleutel om die lewe te verstaan, deur eers al die ander sleutels uit sy hand te neem. Onder die son sal hy niks sin kry nie. Hy hoef egter nie die lewe hier op te gee nie. Die doelstellings van Prediker is:

- Om te bewys dat die mens lewe in 'n wêreld onder die vloek van ydelheid as gevolg van die val.
- Om te bewys hoe die mens die lewe kan geniet in 'n wêreld onder die vloek van die val.

**2.6 Gevolgtrekkings**

- Prediker sien die lewe vanuit twee perspektiewe. Sy eerste perspektief is vanuit die gesigsveld van die natuurlike mens – die onbekeerde mens. Die lewensprobleme word nie bekyk in die lig van God se openbaring nie – God word uit die prentjie gelaat en die Woord word nie in ag geneem nie. Die enigste konklusie waartoe so 'n mens kan kom, is dat alles tevergeefs is (1:2). Sy ander perspektief is om te kyk vanuit die gesigspunt wat die openbaring van God het. Alles word in 'n nuwe lig gesien. Die lewe het betekenis, maar slegs wanneer God aanbid en gedien word. Vanuit hierdie perspektief bied die Prediker se woorde sekerheid en hoop.
- Prediker, as wysheidsboek, fokus op 'n wyse, vaardige en vredevolle lewe. Die beginsel van 'die vrees van die Here' verbind die doel van Prediker met die oorkoepelende doelstelling van die ander wysheidsboeke. Om sin en betekenis van die lewe te maak, is wysheid nodig. Om God te vrees, beteken dat beide die onmoontlikhede en die moontlikhede van die mens erken word en dat daarmee saamgeleef word. Die erkenning van menslike tekortkominge kan tot 'n diepgaande vryheid lei. Diegene wat God vrees, word vry om die lewe in sy volheid te geniet en dit as 'n gawe te ervaar. Hy weet die lewe is enersyds buite sy beheer, maar andersyds kan elke oomblik as 'n gawe van God benut word.

- Die soewereine God het diepgaande ordelikheid in die skepping ingebou, en 'n wyse persoon vind sin in die lewe wanneer hy binne hierdie ordelikheid met integriteit leef. Die eerste stap tot so 'n sinvolle lewe is om God te vrees.

- Die sentrale besorgdheid van die Prediker is gefokus op sin en betekenis en nie soseer op verganklikheid, werk of moraliteit nie. Al hierdie sake is daar, maar hulle is alles sake wat uiteindelik uitloop op die hoofsaak, naamlik die sin en betekenis van die lewe. Al die Prediker se besware word saamgevat in die mislukking van die sin van die lewe, soos geopenbaar in die weersprekings wat die lewe beheers. Die ineenstorting van die sin van die lewe is die een kant van die werk - die ander kant gaan om die herstel en die opbou van hierdie sin. Om te sê dat 'n persoon se lewe sin het, beteken dat die somtotaal van sy dade en ervaringe moet heenwys na iets of iemand buite himself.
- Die Prediker fokus op die probleem van die menslike bestaan in 'n gevalle wêreld. Hy toon aan hoe 'n lewe sonder God in wese chaoties, sinloos en onvergenoegd is. Hy moedig sy leerders aan om 'n godgesentreerde leefstyl aan te kweek deurdat hy sekere leefstyle en strewes waarin God uitgelaat word, kritiseer. In Pred 1:3-11 word die gevolge van sulke leefstyle en strewes uitgespel.
- Die lewe is raaiselagtig en geheimsinnig, want aan die een kant is daar talle en gereelde voorspelbare kringlope in die natuur – aan die ander kant is daar onverstaanbare herhaling. Hierdie realiteit is nie soseer futiel, absurd en betekenisloos nie, maar eerder kompleks, geheimsinnig en meerduidig. Dit vertolk die begrip dat die lewe raaiselagtig en geheimsinnig is en dat daar baie onbeantwoorde vrae is. Die persoon wat glo, erken hierdie feit en beweeg positief vorentoe deurdat hy die lewe as gawe van God ontvang en dit geniet soos wat God dit aanbied.
- Waar bring harde werk die mens nou eintlik? Alles blyk in elk geval maar net 'n vermoeienis te wees. Is die rykes werklik gelukkiger as die armes? Kan geld en rykdom vir jou blywende geluk bring? Almal kom uiteindelik by dieselfde plek uit. Die lewe onder die son is sinloos en doelloos. Die lewe het geen ware betekenis nie. Dit is die wanhoopskrete van mense wat die sin en vreugde van die lewe "onder die son", met ander woorde hier op aarde en in hierdie lewe, soek.
- Die lewe hier "onder die son" is 'n doellose sirkelgang en loop uiteindelik uit op die dood.
- Die lewe onder die son is as gevolg van die sondeval tevergeefs. Ons kan dit nie verander nie. Ons soek sin en vreugde op verkeerde plekke en by verkeerde persone. Die mens het nie die vermoë om dit te vind nie. Die ware antwoorde op die

lewe word gevind in 'n lewende verhouding met God. Die finale woord is: Vrees God en hou sy gebooie. *Vrees God !* – leef in volle toewyding aan Hom. Vrees hou nie in om bang te wees nie – die klem is eerder op ontsag en eerbied. Dien Hom! *Hou sy gebooie* ! – sy Woord moet geleef word.

**2.8 Basisteoretiese perspektiewe**

- Die mens se siening oor die sin van die lewe hang af van die perspektief waaruit 'n mens kyk: óf los van God, óf in die lig van God se openbaring.
- Om God te vrees, beteken dat beide die onmoontlikhede en moontlikhede erken word en daarmee saamgeleef word.
- Die soewereine God het diepgaande ordelikheid in die skepping ingebou en 'n wyse persoon vind sin in die lewe wanneer hy binne hierdie ordelikheid met integriteit leef.
- Om te sê dat 'n persoon se lewe sin het, beteken dat die somtotaal van sy dade en ervaringe moet heenwys na iets of iemand buite homself.
- Die ware antwoorde op die lewe lê in 'n lewende verhouding met God – eers dan kan daar op fisiese, psigiese en geestelike wyse ware sin en vreugde in die lewe ervaar word.

# HOOFSTUK 3

# BELANGRIKE PASTORAAL TEOLOGIESE VERTREKPUNTE BETREFFENDE DIE BEGELEIDING VAN DIE EMOSIONEEL VERWONDE TIENER

## 3.4 Inleidend

Die doel van hierdie hoofstuk is om te fokus op bydraes vanuit die pastorale teologie in die breë betreffende die moontlike oorsake en gevolge van die emosionele verwonding van tieners asook op riglyne ten opsigte van die pastorale begeleiding van sulke verwonde jongmense.

## 3.5 Wat sê die Bybel oor tieners?

In 2 Tim 2:22 waarsku Paulus:"*Maar vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid*". VolgensTripp (1997:16) is hierdie opdrag van Paulus aan Timoteus nuttig in die sin dat dithelp om die tipiesestryd van die jeug te bepaal en te omskryf. Daar is 'n stryd wat die jeug moet voer en die aanslag word gerig op die hart. As gevolg van die sondeval (Gen 3) word elke kind in sonde ontvang en gebore. Die versoekinge is daarop gerig om die tiener te laat glo dat identiteit, betekenis en doel eerder in die skepsel as in die Skepper gevind word. Die tienerfaseword oorspoel deur vrae soos: Wie is ek? Lyk ek goed? Hoekom is die lewe so verwarrend? Sal ek by al die reëls kan bly? Wat is reg en wat is verkeerd? Wie is reg en wie is verkeerd? Wat gebeur met my liggaam? Wat gaan ek met my lewe doen? Sal ek slaag of misluk? Hou mense werklik van my? Is ek normaal? Is my gesin normaal? Is daar werklik 'n God? (Tripp, 1997:16).

Die mens is 'n verhoudingswese – God het die mens so geskep dat hy binne verhoudings sy potensiaal ontwikkel en uiteindelik dit word wat God bedoel het hy moet wees (Lane, 2006:9). Om dus die tiener te verstaan en te begelei tydens hierdie groeifase van sy lewe moet besef word dat hulle van twee kante af in hul verhoudings beïnvloed word: enersyds vanaf die kant van die lewe met al sy veranderende invloede, en andersyds vanaf sy verhouding met God (Tripp, 1995:7). Vanaf die kant van die lewe beleef die tieners volgens Cambell (1981:14) dat hulle nie meer hoort nie. Hulle is op pad êrens heen en niemand gee

om nie. Hierdie ervaring word verder gekompliseer omdat, volgens De Vries (1994:36), tieners vir 'n groot deel van hulle tyd alleen is en baie min kontak met volwassenes het. Behalwe hierdie negatiewe belewenis in hulle verhoudings met hulself en andere rondom hulle, vestig Steyn en Lotter (2006:535) verder ook die aandag op die feit dat veranderende tendense in die wêreld 'n verdere negatiewe invloed op jongmense en besonderlik op interpersoonlike verhoudings uitoefen.

### 3.2.1 Struikelblokke in die verstaan van die tiener

Die Bybel beskryf nie die tiener as sodanig nie. In die lig van die Spreukedigter se uitsprake kan daar egter sekere wyshede van 'n wyse vader bekom word wat rigting kan gee in die hantering en begeleiding van tieners.

Tripp (1997:76) wys in hierdie verband vanuit die eerste sewe hoofstukke van Spreuke op verskillende probleemareas in die algemene denke van die gemiddelde tiener. Indien daar egter die nodige begrip is vir aspekte soos hierdie en dit dan ook reg hanteer word, kan dit die groeiproses tot 'n intieme verhouding met God by so 'n jongmens bevorder en uiteindelik lei tot die ervaring van ware sin en lewensvreugde. Hy identifiseer die volgende struikelblokke:

- Tieners het geen behoefte aan dieper wysheid of teregwysing nie.
- Tieners is geneig om altyd die grense te toets.
- In die keuse van vriende tree tieners dikwels sonder wysheid op.
- Die lewe hier en nou is vir die tiener uiters belangrik.

#### 3.2.1.1 Die rol van mag in die tiener se lewe

Dobson (2000:216) handhaaf 'n soortgelyke standpunt as Tripp wanneer hy die plek wat mag in die tiener se lewe inneem, beklemtoon. Mag is die vermoë om ander te beheer. Hulle dink dat hulle alle wysheid in pag het – niemand kan hulle iets leer nie, veral in hierdie tyd van die kits-toegangskultuur. Hulle vra nie maklik na raad wat gebaseer is op hul ouers se wysheid nie. Hulle sal dikwels die ouers se raad of teregwysing sien as 'n aanklag dat hulle misluk het. Hulle reaksie is dan heel dikwels dié van of veg of vlug. Die ouers se reaksie hierop is baie belangrik, want dit is bepalend vir die verdere ontwikkeling van die verhouding, en ook vir hoe die tiener emosioneel op hierdie hele proses gaan reageer. In hierdie verband is dit van kardinale belang dat die ouer bereid sal wees om foute in sy reaksie te erken en die tiener in al sy reaksies veilig te laat voel.

#### 3.2.1.2 Die tiener toets altyd die grense

Tieners is altyd in 'n diskussie oor waar die grense behoort te wees. Hierdie uitdagende houding word volgens Dobson (2000:12) gemotiveer deur hul begeerte na mag. Die algemene reël hier is dat hoe meer die klem val op reëls en regulasies ten koste van verhouding, hoe meer word daar verval in selfregverdiging en innerlike rebelsheid. Daarom is dit uiters belangrik om hier te fokus op die hartsgesindheid en op verhoudings en nie soseer op die grense nie.

#### 3.2.1.3 Vriende oefen 'n groot invloed uit

Dikwels moet daar op 'n later stadium in so 'n jongmens se lewe van verskeie strategieë en tegnieke gebruik gemaak word ten einde die pyn van gebroke en verkeerde vriendskappe te heel. Volgens Lane en Tripp (2006:10) word daar egter veels te min voorkomend gefokus op die bou van goeie verhoudings. Vriendskappe is baie belangrik en daarom vereis die keuse van die regte vriende baie wysheid. Vriende oefen uiteindelik ook 'n groot invloed uit in hoe die tiener homself sien in sy verhouding met God en met ander. Om negatief te reageer op hul keuse van vriende word dikwels beleef as 'n wantroue in hul vermoë om goeie keuses te maak – dit word gewoonlik dan ook as verwerping beleef. In hierdie opsig adviseer McDowell (1996:134) dat sensitiwiteit baie belangrik is in die begeleiding van die tiener met die keuse van sy vriende, juis omdat hierdie verhoudings vir hulle van kardinale belang is.

In hul soeke na erkenning en om te behoort, is tieners dan ook baie vatbaar vir seksuele verleiding, veral indien hul emosionele tenks baie leeg is. McDowell (1996:255) wys in hierdie verband op verdere bydraende faktore wat hierdie probleem krities maak. Dit sluit in aspekte soos die volgende:

- Psigologiese oorwegings – tieners ervaar verskeie hormoonveranderings.
- Omgewingsinvloede – tieners beleef 'n tydsgees met geweldige obsessiwiteit rondom seks en alles wat daarmee verband hou.
- Nuuskierigheid – tieners beleef 'n tyd van ontdekking en eksperimentering.
- 'n Soeke na identiteit – tieners is soekend na wie hulle is en beleef in die uiting van seksuele begeertes 'n mate van tydelike sekuriteit.
- 'n Soeke na intimiteit – tieners wil liefde hê.

Die tiener is besig om fisies te ontwikkel en begin belang stel in die teenoorgestelde geslag. Begeertes en fantasieë is dikwels die geheime sondes van die tiener. Seksuele inligting is maklik bekombaar, maar die inligting word heel dikwels nie met die nodige Bybelse

perspektief en binne die konteks van korrekte morele waardes ontvang nie. Ouers faal hierin omdat hulle nie hieroor met hulle kinders praat nie. Ouers gee dikwels teenstrydige boodskappe deur: aan die een kant word gewys op seks as 'n gawe van God, maar aan die ander kant word vrees, verswyging en vermyding gekommunikeer (McDowell, 1996:256).

**3.2.1.4 Tieners het 'n baie beperkte perspektief betreffende die toekoms**

Daar word oor die algemeen nie veel aandag aan die toekoms gegee nie. Verantwoordelikhede word tot op die laaste uitgestel. Die tydsgees bepaal dat ware sukses verband hou met materiële rykdom en prestasies en dat die suksesvolle persoon die een is met die grootste skatkamers. Die boodskap vir die tieners is:

> "You are the labels that you wear. You are your body size. You are your intelligence. You are your athletic ability. You are the car you drive. You are the house you live in. You are the popularity that you have" (Tripp, 1997:88).

Wat nou gesaai word, het 'n impak op die latere lewe – tieners besef dit nie en dan is die gevolge later baie seer. Omdat hulle hoop op die hier en nou gevestig is, is hulle nie toegerus om krisisse te hanteer nie en gevolglik word tieners gou moedeloos. Die boodskap van die tyd is dat die toekoms moeilik is en dat die wêreld polities, ekonomies en maatskaplik in 'n stryd om oorlewing betrokke is (Hart, 1992:239) en gevolglik sal tieners toegerus moet word ten einde die eise van die tyd te kan hanteer. Indien hulle egter steeds dit wat die wêreld bied bly koop, dan gaan dit bloot daartoe lei dat hul hoop al meer gaan kwyn (Adams, 1972:16).

**3.2.1.5 Bybelse riglyne in die hantering van hierdie struikelblokke**

Teen die agtergrond van die vermelde struikelblokke bied Spreuke 4:23 'n uiters belangrike riglyn: "Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorspronge van die lewe." Ouers is geroepe om nie slegs leiding te gee betreffende tieners se gedrag nie, maar ook wat betref hul hartsgesindheid is begeleiding nodig. Die Christelike karakter word uiteindelik deur sowel die woorde wat ouers gebruik as die lewenstyl wat hulle kies, geslyp (Clarkson, 2004:1). Die gesindhede van die hart bepaal uiteindelik die gedrag en dit is veral hierop dat ouers moet fokus. "A change in behaviour that does not stem from a change in heart is not commendable, it is condemnable" (Tripp, 1995:5). Eers wanneer die tiener weet wie God is, sal hulle ook weet wie hulle in Hom is en daarom is die uiteindelike mikpunt dat God die hart van die tiener sal bepaal en rig. Twyfel is die sataniese aanslag waarmee tieners verwar word. Dit veroorsaak vrees vir mense, materialisme, selfsugtigheid,

begeertes, naywer, ongeloof, woede, selfregverdiging, liefde vir die wêreld, gierigheid en rebellie (Tripp, 1995:5).

Pred 11:9-10 gee opdrag dat jongmense hulle in hul jeug moet verbly. Hierdie blydskap sal vastigheid kry wanneer dit in die hart gegrond is en waar die Gees van God in beheer is. Wanneer die Skepper die belangrikste in die jongmens se lewe is, en nie die skepping met sy beperkinge nie, dan is die jongmens gereed vir die lewe met sy ongelukkige dae (vgl. Pred. 12:1).

**3.6 Oorsake van emosionele verwonding in die gees van die tiener**

**3.3.1 Die invloed van die huidige postmoderne fase.**

Die huidigepostmoderne fase het noodwendig sekere tendense tot gevolg wat emosioneel negatief op die tiener inwerk (Steyn en Lotter, 2006:536). Venter (2004:53) toon verskillende negatiewe elemente van die postmodernisme aan soos onder andere die volgende: die postmoderniste val die Christelike wêreldbeeld aan – alles word bevraagteken; alles is relatief omdat niks seker is nie; allerlei godsdienstige ideologieë word verwelkom; strukture verbrokkel. Die kreet van die tyd is: *"If it feels good, do it!"*

In die wêreld (makro) is daar 'n oorgang van die modernisme na die postmodernisme en dit veroorsaak sekere tendense wat tieners beïnvloed in hulle siening en belewenis van sake. In hierdie verband toon Steyn (2006:536) makrotendense en mesotendense aan wat 'n invloed op die tiener uitoefen. Makrotendense sluit in aspekte soos die volgende: kits-toegangskultuur, groter omgewingsbewustheid, wetenskaplike deurbrake, magsverskuiwings, verhoudingstrukture wat opnuut aandag kry, feminisme, ens.

Wat betref mesotendense (veral binne die Suid-Afrikaanse samelewing) wys Steyn (2006:539) op tendense soos die volgende wat 'n invloed op tieners se optrede het: kerk/staat ontbondeling, verdeling en verskuiwing van mag, die geweldige druk waaronder tradisionele hoofstroomkerke kerke verkeer, die soeke na waarheid, verskuiwings in die ekonomie, toenemende groei in geweld en misdaad, demografiese verskuiwings, die toename in enkelouergesinne asook die uitwerking van die VIGS-pandemie.

Die persoon wat die tiener uiteindelik word, is volgens Tripp (1995:10) die produk van veral twee faktore, naamlik enersyds die ervaringe van die lewe, en andersyds hoe hy op hierdie ervaringe gereageer het. Die uitvloeisel van hierdie proses impliseer in talle gevalle emosionele verwonding tot mindere or meerdere mate.

### 3.3.2 Gesinne is nie meer die bakermat van verhoudings nie

Tieners bevind hulself in 'n fase waar hulle soek na identiteit en volgens Parrot (2002: 563) soek hulle onder andere hul identiteit op die terrein van gesinsverhoudinge. Die tragiese is egter dat tradisionele gesinstrukture aan die verdwyn is. Dieoorwegende oorsaak vir hierdie ineenstorting van die gesin is die miskenning van wat God se bedoeling met die gesin was. "We may be watching the death of the germ-cell of all civilization, the family" (MacArthur, 1998:5). Daar heers 'n onsekerheid betreffende die wese van die gesin, opvoeding en morele waardes, want die postmoderne tydsgees bevraagteken die ondervinding van 2000 jaar. Gesinne moet gevolglik ander maniere soek om die eise van die dag te hanteer. As gevolg van verskillende (funksionele, morele, seksuele en godsdienstige) redes vind daar nou nuwe samestellings van gesinne plaas (Venter, 2004:62).

Verder is dit ook so dat 'n gebrek aan goeie kommunikasie veroorsaak dat daar nie meer gesonde verhoudings tussen ouers en kinders is nie. Ouers "wandel nie meer waardig die roeping waartoe God hulle geroep het nie" (Ef 4:1).Goeie verhoudings skep 'n waardesisteem wat later bepalend kan wees met betrekking tot die helingsproses ten opsigte van byvoorbeeld 'n aspek soos emosionele verwonding. Wanneer iemand veilig in 'n verhouding voel, is dit makliker om die feite rondom emosionele verwonding openbaar te maak en jouself oop te stel vir genesing en sodoende die verwonding te hanteer (Smalley, 2005:6).

### 3.3.3 Leë emosionele tenks veroorsaak 'n liefdeshonger

Die onvoorwaardelike liefde wat ouers van voor geboorte af reeds aan hul kinders gee, waarborg gevoelens van geborgenheid en sekuriteit. Wanneer hierdie liefde egter ontbreek, soek hierdie kind later na ander maniere om hierdie verlies te verwerk. In hierdie verband is die beginsel van leë 'emosionele tenks' waarna Hemfelt *et al.* (2003:34) verwys, besonder van toepassing (vergelyk ook Coetzer, 2007:18-22).

Die liefdeshonger wat daar by elke persoon is, kan voorgestel word deur 'n hartvormige 'liefdestenk' (vergelyk **Bylaag A**). Pas na geboorte is hierdie liefdestenk nog redelik leeg. Hierdie tenk word dan in die loop van jare gevul vanuit die liefdestenks van die vader en moeder. Wanneer die kind se liefdestenk tydens hierdie vormingsjare volledig gevul word, is hy dan weer in staat om sy kinders se tenks te vul. Binne 'n normale funksionele gesin word liefde dus op hierdie wyse van generasie na generasie oorgedra, vanaf ouers na kinders. Indien een van die twee ouers egter om een of ander rede nie beskikbaar/betrokke sou wees nie, dan het hierdie kind gewoonlik op sy beste maar net ongeveer 'n halwe tenk om vanuit te put (en soms ook minder). Selfs in gevalle waar die stroompie van liefde nie

opgehou het om te vloei nie, kon dit nogtans grootliks geblokkeer gewees het. Spanninge, trauma en probleme waarmee ouers worstel, word oorgedra na die kinders en dit kan onder andere as blokkasies dien vir hierdie stroompie.

Ouers se tenks moet egterself ook op 'n konstante basis gevul word en daarom moet daar tussen vader en moeder 'n gesonde verhouding wees. In **Bylaag B** word daar in die voorstelling 'n koppeling gemaak tussen die twee ouers se tenks. In hulle verhouding moet daar wedersydse liefde en respek en ware vriendskap wees. Die liefde tussen mense is egter maar gebroke en skiet ver te kort. Daarom is dit noodsaaklik dat ouers se liefdestenks gevul word met die liefde van God, want dit is 'n liefde wat onbeperk is en ook bereid is om op te offer, te koester en nie voorwaardes te stel nie. Onder gesonde en gebalanseerde omstandighede ontvang ouers dus God se liefde gratis, en met húlle tenks nou gevul, stuur hulle hierdie liefde en geborgenheid weer vryelik deur na die kind.

Wanneer ouers egter nie mekaar se tenks kan hervul nie, dan is hulle ook nie ten volle in staat om hul kind se tenk vol te hou nie. Sonder dat hulle dit besef, kan een of beide ouers selfs die rigting waarin hierdie liefdestroom veronderstel is om te vloei, omkeer. Dit is gewoonlik gevalle waar die betrokke ouer self worstel met emosionele bagasie en dan begin tap vanuit die beperktehoeveelheid in die kind se tenk. In plaas daarvan dat die kind se tenk gevul word, word dit dan leeggemaak en lei dit uiteindelik tot mede-afhanklikheid. So 'n situasie word dan deur Hemfelt *et al.,* (2003:38) beskryf as 'emosionele bloedskande'.

### 3.3.4 Die verwaarlosing van gesinswaardes

In 'n navorsingsverslag met betrekking tot die wangedrag van leerders in die Vrystaat, Oos-Kaap en Vaaldriehoek is bevind dat pligsversuim, ontwrigtende gedrag, vloek- en leuentaal, onbeskoftheid en nog baie ander onbehoorlike gedrag vry algemeen voorkom (Wolhuter *et al.,* 2007:379). Hierdie hele proses hou in 'n groot mate verband met die aftakeling van waardes binne die gesin. Waardes moet geleer en gevestig word en dit begin in die gesin (Salzwedel, 2006:99). Larney en Lotter (2005:661) beklemtoon die belangrike rol wat ouers vervul in die oordrag van etiese en morele waardes. In 'n studie oor dissipline in skole het De Klerk-Luttig (2007:5) bevind dat dissipline afhanklik is van die kwaliteit van verhoudings. Gesonde ouerhuise kweek gewoonlik gesonde waardes. Respek vir ouers is ook deurslaggewend met betrekking tot die kwaliteit van latere verhoudings (Dobson, 1992:18). In hierdie verband beklemtoon Salzwedel (2006:100) die feit dat die moderne samelewing se waardestelsel te sterk gefokus is op bloot die fisieke dimensie van mense se lewens. Die geestelike dimensie (verhouding met God) behoort egter die primêre fokus te wees. MacArthur (1998:9) wys op waardes soos die volgende wat al meer deur die samelewing

aanvaar word: egskeiding is op aanvraag beskikbaar, televisie oorheers die gesinslewe, aborsie is op aanvraag beskikbaar, pornografie is vryelik beskikbaar.

Skoonheid, intelligensie en rykdom is drie karaktertrekke wat in die sekulêre samelewing hoog geag word (Dobson, 2006:22). Almal is op soek na betekenis, en die wêreld se leuse is: eiewaarde = prestasie + ander se opinie (McGee, 1998:25). Volgens sekulêre maatstawwe moet sekere standaarde bereik word vir mense om goed oor hulleself te voel. Teen hierdie agtergrond leef die tiener gevolglik gedurig met die vrees vir mislukking en die verdere resultaat is dan 'n belewenis van waardeloosheid, hopeloosheid, hulpeloosheid, swak selfbeeld en eie geringskatting. "It's a feeling of hopelessness that we call inferiority" (Dobson. 2006:13). Hierdie emosionele verwonding bou mettertyd emosies van woede en onsekerheid op. Ouers vererger hierdie emosionele vrees vir mislukking deur al meer druk op so 'n jongmens te plaas vir meer en meer prestasies.

Volgens Dobson (2006:33) plaas die samelewing verdere druk op die tiener met die leefwyse van: "Everybody's doing it". Die groep bepaal die standaarde en die tiener moet daarby inpas. Juis omdat die tiener met 'n minderwaardigheidsgevoel worstel, sal hy nie maklik standpunt teen die groep inneem nie. Hy speel veilig en val eerder in by die meerderheid. Baie tyd word gevolglik spandeer in die bou van verhoudings met diegene van wie erkenning ontvang word, die strewe om mense tevrede te stel en hul respek te wen. Wanneer daar egter nie-waarderende opmerkings gemaak word, dan val die selfwaarde. Die eis van die dag is dat jy ander moet plesier om hulle erkenning en aanvaarding te ontvang (McGee, 1998:62).

### 3.3.5 Gesinne stel nie meer grense nie

Dikwels is tieners in verhoudings en skep dit verwarring omdat so 'n jongmens nie in die ouerhuis reeds die nodige toerusting ontvang het betreffende die daarstelling en respektering van grense nie. Binne die sekulêre samelewing is grense in elk geval besig is om al meer te vervaag en selfs plat te val. Grense help definieer wie die mens in sy verhoudings is en dit stel hierdie persoon ook in staat om beserings en skade te keer. As daar nie grense is nie, dan loop dit gewoonlik uit op emosionele pyn (Cloud, 2004:21). Tieners toets altyd volwasse leierskap asook neergelegde grense – dit moet getoets word en waardig geag word voordat dit aanvaar word (Dobson, 2004:3). Wanneer ouers dan hierdie uitdaging van die kind nie aanvaar nie, lei die verhouding skade. Die ouers kan dan nie vertrou word nie en die tieners se respek vir die ouers daal. Volgens Dobson (2004:5) wil kinders deur hul ouers gelei word, maar dan moet ouers die reg 'verwerf' om dit te doen.

Verdraagsaamheid teenoor die ekstreme asook passiwiteit is kenmerke van vandag se ouerskap. Beheer en regstelling word weerhou omdat daar soms 'n ongesonde en oormatige klem is op die benadering dat die kind se gevoelens in ag geneem moet word (MacArthur, 1998:33). So 'n oormatige klem op die beskerming van die kind se selfbeeld neem dan uiteindelik die plek in van selfbeheersing. Binne sodanige konteks het ouers dan nie meer die vrymoedigheid om verkeerde gedrag reg te stel nie. Baie ouers is gevolglik nie meer betrokke by die vormgewing en vestiging van morele waardes nie. Wanneer Salomo dus in Prediker (11:9-10) die jongelinge oproep om hulle in hulle jeug te verbly, lê hy klem op die verantwoordelikheid om uiteindelik aan God verantwoording te doen. Die ingebore natuurlike geneigdheid tot eie selfsugtige begeertes moet gesuiwer word in die lig van wie hulle nou in Christus is – nuwe mense.

Jakobus wys op die mag van die tong (Jak 3:3-6). Opmerkings as gevolg van woede en frustrasie kan ernstige emosionele letsels nalaat. Tieners toets van tyd tot tyd die grense en wanneer ouers dan oorreageer, kan hulle met kwetsende opmerkings ernstige emosionele letsels nalaat. Dit kan uitsprake wees soos die volgende: Jy is "stupid"; jy is slordig en vet; ek gee jou sommer vir aanneming; ek is moeg vir jou; ek kan nie glo jy het al weer gedruip nie; ens.

Verkeerde en misleidende adviese van sommige sielkundiges, beraders en opvoeders dra soms by tot die emosionele verwonding van tieners. Dobson (2004:35) wys in hierdie verband op verskeiemisleidende uitsprake in boeke en artikels. Artikels in die *Family Circle* en op die webtuiste van die Oklahoma State Department of Health's Positive Discipline, stel byvoorbeeld voor dat kinders self belangrike keuses moet maak want daardeur word hulle in staat gestel om self beheer van hul lewens te neem. In hierdie selfde verband wys MacArthur (1998:6) op die Britse psigiater, dr. David Cooper, wat reeds in 1971 in sy boek *The death of the family*, voorgestel het dat daar met die gesin weggedoen moet word.

### 3.3.6 Die onsekere rolverdeling tussen man en vrou

Wat is die plek van die vrou in die lig van die Skrif in die samelewing? Die betrokkenheid en afhanklikheid van die vrou het gedurende die laaste twee dekades baie verander. Vroeër was sy die tuisteskepper wat hoofsaaklik na die nood en behoeftes van die ander gesinslede moes omsien maar hierdie prentjie het gaandeweg heelwat verander. Die vrou het nou 'n meer prominente plek in die arbeidsmark en polities word alles ook in die werk gestel om die vrou 'n meer 'regmatige' plek te gee. In 1995 het die vrou reeds 'n 43,8% deelname in die produktiewe finansiële mark gehandhaaf (Venter, 2004:66). Hierdie veranderende rol van die vrou lei noodwendig tot die verandering van die rol van die man in die gesin. Wie neem

nou die besluite en doen die beplanning in die gesin? Hierdie onsekerheid oor die rolverdeling skep moontlikhede vir konflik en noodwendig veroorsaak dit twyfel en onsekerheid by die kinders. Met wie identifiseer hulle? In die samelewing is dit deesdae onvanpas om te praat van die 'hoofskap' van die man binne die gesin (MacArthur, 1998:9).

Kinders groei dus vandag in huise op waar daar nie duidelike rolmodelle is waarmee hulle kan identifiseer nie. Dit lei by sommiges dan uiteindelik ook tot 'n onsekerheid betreffende eie identiteit asook betreffende die rolle wat hulle in die samelewing behoort te vervul.Steyn (2006:542) beskryf hierdie probleem soos volg:

> "Dit is tipies van 'n kapitalistiese etos waar vriendskap en gesinsverhoudings ongelukkig die grootste slagoffers is van 'n lewenstyl wat individualisties en uitkomsgefokus is."

Volgens Adams (1972:53) word tieners se verhoudingslewe gevorm deur die voorbeeld wat hulle sien in hul ouerhuis. Die uitlewing van die liefdesverhoudingtussen pa en ma help die tiener om uiteindelik ook 'n gesonde verhouding met die teenoorgestelde geslag te bou. Binne die gesin waar daar egter verwarring is betreffende rolle word die tieners eintlik nie werklik blootgestel aan die verhouding tussen man en vrou nie en kan hierdie normale proses nie sy gang gaan nie.

**3.3.7 Werksdrukte lei tot afwesige ouers**

Daar is 'n al groter tendens dat kinders daagliks vanaf die skool terugkeer na ongekontroleerde, ouerlose huise (MacArthur, 1998:8). Daar is niemand met wie emosies gedeel kan word nie. Jesus Christus het behoefte gehad om sy emosies te deel en so ook elke mens vandag. Wanneer die mens alleen is, is hy die kwesbaarste en daar word naarstiglik gesoek na ankerpunte binne hierdie duisternis. Binne so 'n hipersensitiewe toestand is die tiener dan ook meer sensitief vir minder ernstige krisisse en probleme en hulle beleef gevolglikuitbarstings van woede en frustrasies oor niks (Clinton, 2006:61)"Disconnected societies produce disconnected and lonely people" (Clinton, 2006:65).

Wat talle afwesige ouers in sulke situasies betref, is daar dan dikwels ook weer oormatige skuldgevoelens. Volgens Dobson (2004:115) lei dit weer tot 'permissive parenting' en is dit dan ook een van die belangrike aanleidende oorsake tot tienergeweld.

Uiteindelik lei hierdie leë huise tot intense eensaamheid. Eensaamheid lei nie alleen daartoe dat die tiener hom onttrek van die samelewing nie, maar ook dat ander nie meer welkom is

nie. Vervreemding is volgens Clinton (2006.74) in werklikheid 'n vorm van desperaatheid. Dit veroorsaak dat ander gewantrou word en sodoende weggestoot word. Aansluitend hierby is die grootste vrees van die tiener dat hy in die proses dan ook deur sy maats verwerp of verneder kan word (Dobson, 2004:155). Van deurslaggewende belang tydens hierdie kwesbare fase is dan ook die feit dat die tiener veral ook worstel met gevoelens van minderwaardigheid, en dat sy menswaardigheid baie afhanklik is van die aanvaarding van sy maats, wat natuurlik baie wisselvallig is. Juis uit vrees dat hulle verneder en verwerp word, is tieners soms wreed teenoor mekaar en die emosionele verwonding en verwerping wat hieruit kan voortspruit is gewoonlik geweldig intens (Dobson, 2004:155).

### 3.3.8 'n Gebrek aan sin en lewensvreugde

Die vraag na die sin en doel van die lewe word al meer in hierdie tyd gevra. Dit is 'n vraag wat deur die eeue mense besig gehou het. In Pred 1:12-2:26 worstel die outeur ook met hierdie vraag en hy gebruik sy posisie as koning om na die sin en betekenis van die lewe te soek, veral in twee rigtings:

- Hy ondersoek die moontlikheid om sin en betekenis in die lewe te vind deur middel van daagliksearbeid, werk en verskillende aktiwiteite (verse 13-14). Baie vind sin in die lewe deur besig te wees.
- Die tweede weg is deur te soek na wysheid (verse 16-18). Strewe na meer kennis – daar moet antwoorde op alles wees.

Die outeur dink dat hy langs een van hierdie twee weë, of 'n kombinasie daarvan, die sleutel tot die verstaan van die sin en betekenis van die lewe sal vind. Hy wil uitvind wat bevrediging bring, en ook 'n bevrediging wat ewig duur (Barnes, 2004:25).

### 3.3.9 Skynheiligheid en 'n gebrek aan opregtheid en konsekwentheid

Skynheiligheid in die huisgesin is 'n verdere tendens wat tieners verwar (Rainer, 2008:2). Skynheiligheid in die kerk speel 'n groot rol, maar die skynheiligheid in die huis het 'n groter impak. Ouers woon eredienste by en neem deel aan kerklike aktiwiteite maar gee nie geestelike begeleiding aan die tieners nie. Ouers se optrede is nie altyd in ooreenstemming met hul woorde nie. Ouers wat leuens aan hul kinders vertel, veroorsaak onnoemlike skade. Wanneer ouers nie hul goddelike opdrag uitvoer en daardie nodige beskerming, versorging en dissipline gee nie, lei dit onwillekeurig tot 'n magdom vanemosionele pyn (Hakey, 2000:19). Tripp (1997:29) beklemtoon dat ouers, voordat hulle tieners en hul probleme wil verstaan, eers introspeksie moet doen en hulself afvra: "What really rules our hearts?" God waarsku die volk Israel om hulle afgode te verwyder, want dit verhinder 'n intieme

verhouding met Hom (Eseg 14:4). So is daar soms by ouers ook hierdie persoonlike afgode wat hulle reaksie teenoor die tieners bepaal. Tripp (1997:31) wys in hierdie verband op 'n aantal voorbeelde van 'afgode' wat daartoe aanleiding kan gee dat ouers op 'n verkeerde manier teenoor tieners reageer. Sulke verkeerde reaksies loop dan dikwels uit op emosionele verwonding. Voorbeelde van afgode wat ouers se reaksies bepaal, is volgens Tripp die volgende:

- Die afgod van gemak:Jou behoeftes is eerste. Alles draai om jou gemak, vrede, ruimte, stilte en harmonie. Die tiener word as bedreiging van hierdie gemaksone gesien. In plaas van vir die tiener te veg, veg die ouer teen hom.
- Die afgod van respek: Ouers sien dikwels nie hul tieners in hul verhouding met God nie, maar net in 'n verhouding met hulself. In hul doopbelofte onderneem hulle om die kind in die vrese van die Here op te voed, maar dan word die kind opgevoed om hulle te vrees en aan hulle respek te gee. Hierdie respek verdwyn dikwels wanneer daar in 'n atmosfeer van woede geleef word. Clinton (2006.27) sê in hierdie verband:

  > "Children who live in a home-based cage of anger grow up to reproduce the same environment in their adult lives."

  'n Gees van veroordeling ontwikkel gaandeweg wat dit moeilik maak om gesonde verhoudings te ontwikkel. Ouers maak dikwels staat op hul woede om gedrag te beïnvloed en sodoende respek af te dwing en tieners beleef dit dan dat ouers se frustrasie veroorsaak word deur hul onvermoë om die situasie te hanteer. Kalmte en selfvertroue skep daarteenoor 'n gesagsatmosfeer wat respek afdwing (Dobson, 2004:78).
- Die afgod van waardering: Die doelwit van ouers moenie wees om deurgaans waardeer te word nie, want dit gaan baie teleurstelling veroorsaak. In die begeleiding van hul kinders moet ouers besef wie God is en wie hulle vir God is. Hulle moet ook besef dat ouers nie volmaak hoef te wees nie. Verder moet tekortkominge en foute erken word (Trent, 2003:45).
- Die afgod van sukses: Kinders is nie trofeë op die uitstalrak van ouers se sukses nie. Hulle is jong olyfboompies (Ps 128:3) – elkeen uniek in sy verhouding met God. Ouers poog dikwels om hul kinders te laat wees en doen wat húlle nie kon bereik nie. In die onderrig van kinders wys Trent (2003:47) op die belangrikheid om jouself in die skoene van die kind te stel en op hulle vlak te kommunikeer.
- Die afgod van kontrole: Die belangrike vraag in elke mens se lewe is: Wie is in beheer? Ouers wat altydin beheer wil wees, is op daardie manier besig om nie die kind in sy uniekheid voor God te begelei tot selfstandigheid nie, maar tot afhanklikheid van 'n mens. Hulle verwag dat die kind soos hulle moet wees.

> "*Die Here se wil is dat ouers eers self onderdanig moet wees aan Hom en dat hulle dan deur hulle voorbeeld van gehoorsaamheid die kind op die pad van gehoorsaamheid kan lei"* (Venter, 2004:35).

Wanneer ouers ten opsigte van die toepassing van dissipline verskil, veroorsaak dit 'n aggressie in die jongmens (Dobson, 2004:89). Wanneer daar teenstrydighede by die gesagsfigure is, word die tiener in die middel vasgevang en lei dit daartoe dat hy uiteindelik albei ouers haat.

**3.3.10 Die invloed van die kits-toegangskultuur**

Rekenaars en selfone het die wêreld baie kleiner gemaak, want dit verskaf toegang tot alle inligting. Terselfdertyd beleef die tiener die skielike ontploffing van sy wêreld - die wêreld is skielik so oorweldigend en skrikwekkend. Dobson (2004:153) verwys na navorsing binne die tipiese eerste wêreld milieu wat daarop dui dat kinders tussen die ouderdom 2 en 18 jaar gemiddeld 5 uur en 29 minute per dag bestee om televisie te kyk, musiek te luister en rekenaar- en videospeletjies te speel. Die navorsing het ook getoon dat 53% van tieners televisies in hulle kamers het en 16% rekenaars besit. In Suid-Afrika word bereken dat meer as 50% van alle jongmense meer as 2 uur per dag TV kyk en op hierdie wyse blootgestel word aan 'n magdom van geweld, moord en seks. Hierdie blootstelling neem 'n geweldige klomp ure in beslag gedurende hul skoolloopbaan – 'n gemiddeld van 15,000 uur voor die TV, 11,000 uur in die skool en 2,000 uur saam met hul ouers (Smith, 2008:27).

Die internet en selfoon het gesamentlik 'n verwoestende impak op die waardes van tieners. Hulle word gekonfronteer met die 'grootmenswêreld' (Smith, 2008:30). Hierdie ontwikkeling bring onsekerheid, want enersyds geniet die tiener hierdie vreugde van ontdekking, maar andersyds lei dit dikwels tot vrees en onttrekking (Trpp, 1997:26). Ongelukkig het hierdie tegnologiese ontwikkeling dikwels ook 'n negatiewe impak op interpersoonlike verhoudings.

In Efesiërs 4 en 5 roep Paulus die gelowige op om in persoonlike verhoudings te leef. Hy gebruik die woord 'wandel' (Ef 4:1,17; 5:2,8,15) om hierdie persoonlike verhouding te beklemtoon, want die 'wandel' veronderstel met medegelowiges. Gesonde en persoonlike kommunikasie is 'n belangrike vereiste om gesonde en standhoudende verhoudings te skep (Adams, 1972:27). 'n Besige, vinnige lewenstyl lei tot 'n groeiende moegheid. Die lewe draai om die rekenaars, maar die mens self is nie 'n rekenaar nie, want die mens word moeg en moegheid lei tot irritasies en dit lei tot verbrokkeling van verhoudings (Clinton, 2006:65).

### 3.3.11 Die aftakelende gevolge van stres en trauma

Trauma en stres veroorsaak baie emosionele wonde. Trauma is volgens Retief (2004:21):

- 'n Gebeurtenis wat soms onverwags lewensbedreigend vir jouself of iemand na aan jou is.
- Enige ander situasie wat jou normale hanteringmeganismes totaal oorweldig, byvoorbeeld die verlies van werk of gesondheid, immigrasie, egskeiding, molestering as kind, ens.
- Jy kan niks aan die situasie doen nie en dit laat jou met 'n gevoel van magteloosheid en verskrikking.
- Dikwels is dit ook iets wat buite die 'normale' verwagte lewenservaring van 'n mens val.

Die gevolge van trauma bly ook die mens by lank nadat die gebeurtenis verby is. Indien hierdie traumatiese ervaring nie opgevolg word met die woord 'afgehandel' nie, bly dit 'n invloed uitoefen op die res van die lewensprogram. Dit is normaal om fisiese pyn te erken en daarop te reageer – net so normaal is dit dat daar gereageer word op emosionele pyn. Wanneer traumatiese ervarings nie 'afgehandel' is nie, dan ontwikkel die mens gewoonlik sekere verdedigingsmeganismes waarmee hy homself moet beskerm. Hierdie verdedigingsmeganismes kan passief of aggressief wees en Van Wyk (2003:11) wys in hierdie verband op die volgende voorbeelde:

- Onderdrukking: Gedagtes wat pynlik is en 'n bedreiging inhou, word onderdruk.
- Ontkenning: Die onplesierige realiteit word ontken.
- Verplasing: Onhanteerbare emosionele belewenisse word na iemand anders verplaas.
- Projeksie: Eie onaanvaarbare begeertes en drange word op ander persone geprojekteer.
- Reaktiewe aksie: Die reaksie is in kontras met wat jy voel.
- Rasionalisering: 'n Vals maar 'goeie' verskoning om onaanvaarbare gedrag te verskoon.
- Kompensasie: Iets goeds word gedoen om te kompenseer vir die tekortkominge.
- Regressie: Daar word weer teruggeval in gedragspatrone wat reeds ontgroei is.
- Fantasie: Leef in 'n droomwêreld, want die realiteit is seer.

Hulp moet gesoek word vir hierdie simptome, terwyl die genesing in die afhandeling van die traumatiese ervaring lê.

Stres is nie noodwendig iets wat met jou gebeur nie, maar wel jou *reaksie* op 'n bepaalde ervaring. Kinders ondervind in toenemende mate oorweldigende stres (Hawkey, 2000:23). Hart (1992:179) toon aan dat in 'n studie wat in 1998 onderneem is, bewys is dat die atmosfeer in die gesin baie bydrae tot tieners se stres. Twee optredes van ouers wat veral hierdie stres verhoog, is oorbeskerming en inkonsekwentheid. Tieners in oorbeskermde gesinne word dikwels ontmoedig om nuwe vriende te ontmoet en ook verhinder om gereeld uit te gaan en sodoende nuwe uitdagings aan te pak. Kinders vanuit sulke agtergronde is ook meer geneig tot stres. Dieselfde tendens is gevind bytieners wie se ouers inkonsekwent, onbetroubaar en onvoorspelbaar is en ook op 'n gereelde basis oorreageer (skreeu en vinnig om straf uit te deel).

**3.4 Gevolge van emosionele verwonding in die gees van die tiener**

**3.4.1 Versteurde verhoudings**

"Die afwesigheid van ouers as primêre rolmodelle het 'n geweldige negatiewe effek op die morele vorming van jongmense" (Steyn, 2006:542). Die tradisionele gesin is wêreldwyd besig om bedreig te word. As gevolg van die ekonomiese klimaat voer ouers 'n stryd om oorlewing. Ouers sien die 'leef vir hulle kinders' as dat hulle finansieel vir hulle 'n toekoms moet skep, maar daardeur word baie skade berokken aan die emosionele toestand van die kinders. Trent (2003:40) bevestig die belangrikheid van gesonde verhoudings wanneer hy daarop wys dat tieners kan opgroei in 'n goeie Christelike huis waar hulle 'n omvangryke geestelike erfenis ontvang het, maar steeds die waardes verwerp waarmee hulle opgevoed is. Dikwels is die rede dat die verhouding met een van die ouers nie was wat dit moes wees nie.

> *"Kinders neem ouerlike onderrig deur emosionele lense waar, en hierdie lense word omraam deur die gehalte van die ouer-kind-verhouding" (Trent, 2003:41).*

Gesinstoegeneëntheid, daardie werklike omgee, het vervlak omdat daar nie meer tyd gemaak word vir bymekaar wees nie. As gevolg van die tegnologiese ontwikkeling is alles 'geriefliker'. Hierdie tipe lewe het egter sy prys: daar moet harder gewerk word om die tipe lewe te kan bekostig en gesinstyd word in beslag geneem deur die strewe om te oorleef. Amerikaners, volgens Trent (2003:50), werk tans 163 uur langer as wat hulle in 1970 gewerk het. Die 'om jou tafel' (Ps 128:3) het plek gemaak vir die televisie en die talle verpligtinge wat elke gesinslid in beslag neem. Kinders kry nie geleentheid om te leer hoe om uit die Bybel te lees, daaroor te praat en te bid nie, want die huisaltaar brand nie meer nie. Alleentye vir die gesin om bande te versterk en mekaar te ondersteun het al minder geword en hierdie proses werknegatief in op die opbou en groei van gesinsverhoudinge. Familietradisies het ook 'n

waardevermindering ondergaan omdat dit nie inpas in die gees van die postmodernisme nie (Hughes, 2004:36).

### 3.4.2 Verdraaide waardes

Die postmoderne gees met sy leuse: 'If it feels good, do it!' lei in talle gevalle tot wanpraktyke soos onder andere dwelm- en drankmisbruik (Dobson, 2004:154). Immorele lewenswaardes is aan die orde van die dag en die tiener word fisies, psigies en geestelik aan verskillende invloede blootgestel. Wanneer hulle op een van hierdie terreine emosioneel seergekry het, beïnvloed dit heel dikwels ook die ander terreine. So kan 'n tiener byvoorbeeld begin steel omdat hy onseker en bang is of omdat hy daardeur aanvaarding soek. Hulle kan hulleself sny omdat hulle 'n lae selfbeeld het of verwerping ervaar. Oorafhanklikheid kan die gevolg van onveiligheid wees. Afknouery teenoor andere kan die gevolg wees van 'n lae selfbeeld en omdat daar 'n vrees vir straf is, vertel hulle dan maklik leuens (Hawkey, 2000:25).

Die gebrek aan waardes binne die Suid-Afrikaanse konteks is volgens Smith (2008:36) die oorsaak van die hoë vlak van geweld en misdaad in die land. Statistieke en bevindinge betreffende die Amerikaanse jeug volgens die 2000 Report Card on the Ethics of American Youth, gee inderdaad ook 'n goeie aanduiding van die stand van morele waardes wat die Suid-Afrikaanse jeug betref. In hierdie verband wys Smith (2008:36) op die volgende belangrike syfers:

- 71% van alle hoërskoolleerlinge het erken dat hulle die betrokke jaar in 'n eksamen gekul het.
- 92% het in die jaar vir hulle ouers gejok.
- 40% van die seuns en 30% van die dogters het in die jaar iets uit 'n winkel gesteel.
- Ongeveer 16% was dronk by die skool.
- 68% het iemand geslaan omdat hulle kwaad was.

Woede en gegriefdheid is die gevolg wanneer nie beantwoord word aan die eise van die tyd om te presteer nie en ook nie voldoen word aan die standaarde van ander nie (McGee, 1998:42). Om homself te beskerm, word die skuld op ander geplaas en 'n leefwyse word ontwikkel waardeur andere deurgaans veroordeel word. Wanneer daar egter nie aan sulke onderliggende frustrasies en woede uiting gegee word nie, dan lei dit uiteindelik tot depressie. Die hoop vervaag en daar is nie meer enige motivering nie. Om hierdie emosionele pyn van minderwaardigheid te verlig, word daaruiteindelik dan heel dikwels gegryp na dwelms en drank. Die gebruik hiervan gee aan hulle 'n valse belewenis dat hulle

in beheer is. Uiteindelik lei hierdie woede en gegriefdheid tot 'n woede vir jouself en God (McGee, 1998:44).

Die norm van die tyd van almal-doen-dit-tog lei tot 'n losbandige gees onder jongmense – veral ook op seksuele terrein. MIV/VIGS is aan die orde van die dag en verskeie studies bevestig dat jongmense reeds van vroeg af seksueel aktief is (Smith, 2008:91). Sulke seksuele aktiwiteite het geestelike, emosionele en fisiese gevolge. As gevolg van pornografie wat vrylik beskikbaar is, word seks verder verwring en verdraai. Jongmense raak verslaaf aan sulke pornografiese materiaal en moet dan uiteindelik op 'n manier uiting gee aan hierdie opgekropte drange. Die ouderdomsgroep wat pornografiese webtuistes die meeste besoek is dan ook volgens Smith (2008:107) die twaalf- tot sewentienjariges.

### 3.4.3 Verskuifde grense

Afwesigheid van duidelike grense en dissipline dring jongmense tot kriminele neigings. Respek vir ander mense en hulle besittings kwyn, want daar is geen verantwoordelikheid meer nie. Die skuld word dan ook altyd op ander gepak. Uiteindelik lei hierdie lewe sonder grense en dissipline daartoe dat die jongmens ook God se grense en dissipline gaan ignoreer (Smith, 2008:80).

Die tegnologiese ontwikkeling het grensverskuiwing tot gevolg. Die media skep beelde en fantasieë wat uiteindelik bepalend is vir hoe tieners dink. Die tiener is dus gedurig besig om homself te vergelyk, want sekere 'looks' word voorgehou as die volmaakte en ideale. Die wêreld het volgens Smith (2008:10) tans die sogenaamde 'BBP'-standaarde (Beauty, Brains, Performance) waaraan almal en alles gemeet word. In 2006 is daar in 'n studie betreffende selfone en die internet tot die volgende bevindinge gekom (Smith, 2008:30):

- Grootskaalse emosionele misbruik van tieners kom voor deur middel van tegnologie (tech abuse)
- Ouers word nie hiervan vertel nie en kan daarom nie optree of die nodige leiding gee nie.
- Persoonlike foto's word versprei – soms ook van erotiese aard.
- Ongeveer 24% van die tieners kommunikeer tussen middernag en vyfuur die oggend met iemand.
- 30% van die tieners kommunikeer tussen tienuur en twaalfuur in die nag en dan meer as tien keer per uur.
- Meer as 'n kwart van die tieners is al beledig, sleggesê of afgesê oor die selfoon.

- 22% van die tieners het al teen hulle sin 'n versoek vir seks per selfoon of die internet gekry.
- Ongeveer 10% is al gedreig met fisiese aanranding.
- Slegs 20-30% van die tieners deel bogenoemde aspekte met hul ouers.

'n Rigiede uitoefening van gesag lei tot afhanklikheid, diepgewortelde woede en rebellie. Daar is gedurige vrees. Die afwesigheid van gesag lei uiteindelik tot anargie en chaos waar geen respek aan ander betoon word nie (Dobson, 2004:60). Hou vas met 'n oop hand, sê Dobson (2004:170), bedoelende dat die ouer nie oorbeskermend moet wees nie. Dit is nodig dat daar onafhanklikheid en groei sal wees, anders lei dit tot twee uiterstes: die tiener bly altyd op 'n ongesonde wyse afhanklik van sy ouers, of rebelleer teen die ouers se houvas en inmenging.

### 3.4.4 Vrees

#### 3.4.4.1 Vrees vir mislukking

Die vrees vir mislukking het heeldikwels 'n probleem soosperfeksionisme tot gevolg (McGee, 1998:40). Daar word net op die saak waarin hulle misluk het, gefokus en in die proses wordblydskap en kreatiwiteit gedemp. 'n Verdere gevolg van vrees vir mislukking is om enige risiko's te vermy. Die twyfel oor die sin en doel van die lewe in die lig van wie hulle vir God is, word deur so 'n handelswyse versterk (McGee, 1998.41).

Vrees vir mislukking leiverder daartoe dat die tiener uiteindelik by die punt arriveer waarvan Prediker 1:3 melding maak: "Watter voordeel het die mens van al sy moeite waarmee hy hom vermoei onder die son?" Alles lyk sinloos en doelloos. Die outeur begin om sy stelling in vers 2 te bewys met 'n vraag in vers 3: Waar bring harde werk jou nou eindelik? Dit is in elk geval 'n vermoeienis. Is die rykes werklik gelukkiger as die armes? Kan geld, rykdom vir jou blywende geluk bring? Almal kom uiteindelik by dieselfde plek uit. Die lewe onder die son is sinloos en doelloos.

#### 3.4.4.2 Vrees vir verwerping

Vrees vir verwerping is een van die gevolge van die benadering dattieners net van waarde is en aanvaar word in soverre hulle ander plesier (McGee, 1998:65). Slegte ervarings in verhoudings lei daartoe dat konflik en konfrontasies voortaan vermy word en volgens Cloud (2004:23) lei dit tot die volgende vrese:

- Dat die verhouding verbreek sal word.
- Dat hulle die teiken van woede gaan word.

- Dat hulle iemand sal seermaak.
- Dat mense sal dink hulle is sleg.

Dit alles lei uiteindelik by tieners tot 'n groot hongerte na verhoudings – veral tieners wie se ouers oorwegend afwesig is. Vriende speel 'n groot rol om hierdie leemte te probeer vul, maar dikwels het die keuse van verkeerde vriende bloot verdere negatiewe gevolge (Cloud, 2004:24).

### 3.4.5 Eensaamheid en vervreemding

Wanneer die tiener alleen voel met net sy onderdrukte woede en vrees, dan verloor hy enige belewenis van veiligheid en sekuriteit. Eensaamheid druis in teen die skeppingsdoel van God met die mens. Die mens is 'n verhoudingswese en vind sy doel en sin daarin dat hy opbouend meewerk aan die groei van homself en andere in hul verhouding met God. Wanneer die mens dus nie meer aan hierdie doel beantwoord nie, het die lewe nie sin nie. Om vanaf hierdie pyn te ontvlug, pleeg baie tieners soms selfmoord omdat iemand wat selfmoord oorweeg, alle hoop op 'n beter en sinvolle lewe verloor het (Clinton, 2006:67). Vervreemding is 'n verdere gevolg van eensaamheid – die tiener onttrek homself aan die samelewing, maar stoot terselfdertyd andere weg van hom. In die soeke na die sin en doel van die lewe word die tiener so vasgevang deur sy eie probleme dat ander begin dink dat hy selfsugtig is (Clinton, 2006:92). Hierdie reaksie van ander lei uiteindelik daartoe dat die tiener arrogant raak. Dit is nie hoe hy wil wees nie, maar hy wil sy seer en emosionele pyn op 'n manier probeer verwerk. Arrogansie lei verdertot geestelike onsensitiwiteit.

> *"What pours out of our hearts in the arrogance stage is a toxic mixture of anger, anxiety, confusion, discouragement, accusation, pleading, and endless justification for stinking thinking" (Clinton, 2006:95).*

### 3.4.6 Depressie

Eensaamheid en vervreemding vorm sterk karaktertrekke van depressie. Clinton (2006:96) beweer dat depressie tans die vinnigste onder tieners toeneem. Wanneer die draaikolk van die lewe al vinniger word en alles rondom sinloos en doelloos blyk te wees, gryp die tiener na enigiets in sy soeke na volheid, heelheid en herstel. Ongelukkig is hierdie uitkomste heel dikwelsnet tydelik en veroorsaak dit net verdere seer en pyn en uiteindelik lei dit in talle gevalletot selfmoord. Die tiener leef onder die waan dat dit 'n uitwegof antwoord is, of dat hy iemand anders kan terugkry, of dat hy 'n groot begrafnis kan kry (Smith, 2008:21). Navorsing in Suid-Afrika dui volgens Smith (2008:18) daarop dat ongeveer 60% jongmense al die gedagte geopper het om hul eie lewe te neem.

### 3.5 Pastoraal-teologiese vertrekpunte in die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener

Verskillende oorsake kan aangedui word vir die stukkende toestand soos beskryf hierbo, maar uiteindelik kan dit volgens MacArthur (1998:43) in die volgende drie aspekte saamgevat word:

- Die afwesigheid van vasstaande Bybelse beginsels wat vastigheid in die gesinslewe gee.
- Die afwesigheid van 'n groeiende goddelike karakter wat die geloofwaardigheid in die gesinslewe herstel (net 23% mans kom in die kerk binne die Amerikaanse milieu).
- Die afwesigheid van die vader se voortdurende betrokkenheid en toegewydheidwat die gesinslewe verryk.

Al drie hierdie oorsake het te doen met die leiding in die huis. Om die gesin weer sy doel te laat dien sooswat God dit oorspronklik bedoel het, moet die vader God vrees (Ps 128:1,4) (Om God te vrees beteken om te besef wie God is en wie jy vir God is. Respek en eerbied is kenmerke van hierdie vrees.) As die vader God vrees dan is die resultaat:

- Die vroue is soos vrugbare wingerdstokke (Ps 128:3).
- Kinders is soos olyfboompies (Ps 128:3).

Goeie ouerskap lê nie noodwendig daarin dat jy alles reg doen nie, maar daarin dat die gesinslede bewus gemaak word dat hulle 'n behoefte aan 'n Verlosser het - Een wat hulle sondes sal vergewe (MacArthur, 1998:43).

Gesinstrots en 'n gesinserfenis (in die sin van materiële aspekte) is karaktertrekke van verbygaande aard. Omdat die tiener nie vaste wortels het nie, is sy belewenis dat hy ook nie hoort nie (Hughes, 2004:21). Psalm127:4 beskryf kinders soos pyle in die hand van die held. Wanneer met 'n onsekere hand geskiet word en daar ook nie 'n mikpunt is nie, is daar geen rigting nie en val die pyl kort. Kinders moet weet waar hulle vandaan kom, trots daarop wees, en ook begrip hê vir lewenswaardes wat ewigheidswaarde het - sodoende beskik hulle oor 'n duidelike mikpunt (Boice, 1998:1119).

Psalm 128:1-4 beskryf die verskillende lede in 'n gesin soos God dit bestem het: wie hulle is, hoe hulle funksioneer, in watter verhouding hulle tot mekaar staan en hoe hulle bemagtig en gemotiveer word om die gesin te wees wat hulle is. Volgens hierdie psalm bestaan God se

gesin uit verskillende lede, naamlik die 'Godvresende vader', die moeder wat 'n 'vrugbare wingerdstok' is en die kinders as 'jong olyfboomplante' (Mack, 1991:4).

Meier (1995:121) sluit by hierdie Skrifgefundeerde waarheid aan wanneer hy beklemtoon hoe belangrik die vaderfiguur in die persoonlike ontwikkeling van die kind is. Volgens Meier (1995:17) is vaderskap een van die vyf karaktertrekke van 'n gesonde gesin (die ander is liefde, dissipline, konsekwentheid en voorbeeld). Die realiteit van die lewe dui egter ongelukkig aan dat daar 'n groot aantal vaders is wat nie hulle opdrag as vaders uitvoer nie. Die versuim om hulle opdrag uit te voer asook die kwessie van afwesige vaders laat volgens Freeks (2004:2) uiteindelik probleme by 'n gemeenskap ontwikkel. Afgesien van die gemeenskap word die hele volk in die proses benadeel. Freeks (2004:3) verwys ook in hierdie opsig na Abraham Lincoln wat verklaar het dat die sterkte van 'n volk lê in die huis waar die vader en die moeder teenwoordig moet wees.

In 1 Kor 11:3 en Ef 5:22-23 word bevestig dat die man die hoof van die huis is – hy moet dit nie word nie, hy is dit reeds. Die vraag is net of hy 'n goeie of slegte leier is (Crotts, 2004:2). De Klerk (2003:5) beskryf die man na God se hart as daardie vader wat in sy oortuiging, sy karakter en sy optrede godvresend is.

### 3.5.1 Die vader se oortuiging

Ps 128:4 gee die belofte dat die vader wat God vrees, geseën sal word. Daar is dus by die vader 'n gees van aanbidding. Hy is huiwerig om God seer te maak en daar is 'n diepe begeerte om die wil van God vir hom en sy gesin te soek - daarom is daar dan ook 'n gewilligheid tot onderdanigheid. Hierdie onderdanigheid, volgens MacArthur (1998:163), lê daarin dat die vader in sy hart en gedagtes homself oorgee aan die beheer van die Heilige Gees en daarom opbouend praat en met oorgawe liefhet. Hy glo God is in beheer (Ef 1:11 en Ps 115:3). Hy weet dat geloof getoets word, maar dat God altyd getrou is en dat alles ten goede meewerk. Die godvresende vader besef ook dat hy uiteindelik rentmeesterskap verskuldig is betreffende sy gesin (Ef 6:4 en Ps 128). In sy studie wat handel oor die belangrikheid van die vaderfiguur maak Freeks (2004:2) die volgende belangrike stelling:

> "Die vader is baie belangrik en daarom moet sy hart op God gerig word wanneer hy sy vrou lief het en sy kinders opvoed."

Sy invloed op sy kinders het 'n invloed oor geslagte. MacArthur (1998:163) beskryf 'n Geesvervuldevader as iemand

> "... who speaks to edify, who sings praise to God from the depth of his heart, who says thanks to God for everything, and who submits to others in the fear of God".

### 3.5.2 Die vader se karakter

Die godvresende vader se integriteit is bo verdenking (Spr 20:7; 15:2-5). Louw (2005:66) beskryf integriteit soos volg:

> "In integriteit gaan dit om egtheid; om die mate van ooreenstemming tussen wie jy is, wil wees en hoe jy optree en leef."

Met hierdie formulering sluit hy eintlik aan by Spr 20:7 wat sê: "Wie reg doen en eerlik lewe, met sy kinders gaan dit goed." Die vader word vertrou, want hy word as betroubaar ervaar. Die vader gee nie voor wat hy nie is nie en hy leef nie met verskillende stelle waardes nie (Louw, 2005:66). Die tiener beleef onsekerheid en verwarring wanneer die vader skynheilig en onbetroubaar optree. Die vader is veronderstel om 'n man te wees wat met toewyding Christus dien en ywerig is in die bestudering van die Woord (Ps 119:14,15). Hy het 'n begeerte om God beter te leer ken (Ps 119:18; Rom 12:2). Hy groei geestelik en kan daarom 'n positiewe inset lewer in die geestelike groei van sy vrou en kinders (Crotts, 2004:6). Hy besef egter sy swakheid en daarom het hy ʼn aktiewe gebedslewe (Jak 5:18; 1 Tes 5:17; Ef.6:18). Sy gewete is rein, want hy voed dit daagliks metdie Woord van God. Nederigheid kenmerk sy lewe (Ef 4:1-3). Hy dink nie te veel van homself nie (Rom 12:3) en daarom oordeel hy nie oor ander nie. Hy is bereid om te vergewe en ook om vergifnis te vra. Hy is bereid om op te offer en stel daarom ook prioriteite waarin persoonlike voorkeure en plesier nie voorrang kry nie, maar waar daar die bereidheid is om die nodige opofferings te maak ter wille van sy gesin. Beginselvastheid bring vastigheid en sekerheid in die huis. Hy is 'n voorbeeld in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof en in reinheid (1 Tim 4:12). Hy is getrou in die uitvoering van sy vaderlike opdragte en is daarom ook aanwesig en teenwoordig vir sy gesin. Sy optrede elke dag getuig van hoë morele waardes. So 'n beginselvaste optrede maak dat kinders met vrymoedigheid na hul vader toe kan gaan met enigiets, omdat daar vastigheid en sekerheid is by die vader (Crotts, 2004:6).

### 3.5.3 Die vader se optrede

'n Godvresende vader neem verantwoordelikheid vir sy gesin. Volgens Crotts (2004:14) hou hierdie verantwoordelikheid die volgende in:

- Evalueer – dit is belangrik om te weet wat die vader, die moeder en elke kind se geestelike en fisiese toestand is.
- Neem die inisiatief – doen iets omtrent die saak.
- Vra ook die insette van die res van die gesin – die moeder is daar as hulp (Gen 2:18).
- Neem die besluit– as hoof van die huis lê die besluit by die vader en hy neem dit met inagneming van almal se behoeftes.

- Hy soek nie verskonings nie – God het die vader geroep tot hierdie verantwoordelikheid en aan hom genoeg tyd en bronne gegee om dit na te kom.

Buma (2001:29) beklemtoon in die lig hiervan ook dat die tieners eerlike, gesagvolle en ware leierskap vereis.

'n Vader moedig sy gesin aan. Kinders het 'n behoefte aan erkenning en wil weet of hy behoort en of sy lewe sin het. Daar moet gevolglik gewaak word teen negatiewe afbrekende kritiek, want dit ontmoedig (Ef 6:4; Kol 3:21). Moet hulle nie terg, vertoorn of verbitter maak nie. Behalwe die direkte opdrag oor wat om te doen, wys Adams (1972:107) ook op baie dinge wat vaders **nie doen nie** wat kinders ongelukkig maak, en dit sluit aspekte soos die volgende in:

- Hulle is nie konsekwent wanneer hulle dissipline uitoefen en opvoeding gee nie.
- Hulle is nie betrokke in die kind se lewe nie.
- Hulle doen nie moeite om by belangrike geleenthede in die kind se lewe te wees nie.
- Hulle wys nie sigbaar liefde aan hul eggenote nie.
- Hulle wys nie sigbaar liefde aan hul kinders nie.
- Hulle maak nie tyd om werklik na die kind te luister nie(Spr 18:13,15,17).

Verder is daar ook dinge wat vaders wel **doen,** maarwaardeur die kind dan ontstel word, en dit sluit in aspekte soos die volgende (MacArthur, 1998:131):

- Openlike woede en ook subtiele woede.
- Dikwels maak vaders vernederende opmerkings oor die kinders – veral wanneer kinders nie aan hulle eise voldoen het om te presteer nie.
- 'n Skynheilige lewe het 'n vernietigende impak op die kind – dit lei daartoe dat die kind geen vertroue meer het in wat enigiemand sê nie. Veral op geestelike gebied is so 'n kind geneig om vertroue te verloor in God en die kerk.
- Wanneer 'n vader nie bereid is om te erken dat hy verkeerd is nie (Spr 28:13), dan ontneem dit die kind die vrymoedigheid om sy foute met hom te bespreek.
- 'n Vernietigende trots veroorsaak dat kinders net as trofeë grootgemaak word en nie as unieke olyfboompies vir God nie. As die kinders nie presteer nie, dan kan hulle nie vertoon word nie.
- Leuens ontneem die kind die vrymoedigheid om te deel en te vra. Die vader doen nie wat hy beloof het nie en dit lei tot wantroue en 'n gebrek aan respek.
- Onvergewensgesindheid bring mee dat foute toegesmeer word en dit breek verhoudings af.

### 3.5.4 Die godvresende man het sy vrou lief en gee leiding

In Ef 5:25 kry die man die opdrag: soos Christus sy kerk liefhet, so moet die man sy vrou liefhê. Dit vra opofferende, reinigende, koesterende en aktiewe liefde (De Klerk, 2003:3). Wanneer die man sy vrou liefhet soos God beveel, skep hy 'n atmosfeer van liefde in die huis (Hart, 1992:180). Crotts (2004:18) gee vier karaktertrekke van hierdie liefde, naamlik: opofferende liefde, teergevoeligheid, verstandigheid en liefde wat eerbewys. Die man se opofferende liefde moet gekenmerk word deur sorgsaamheid, ridderlikheid en gemeenskap (MacArthur, 1998:168). Christus se liefde vir sy kerk is daarop gefokus om haar skoon te maak en skoon te hou (Ef 5:25-27). So moet dit ook die man se prioriteit wees om sy vrou te laat groei in haar verhouding met God en haar rein te hou. Dit impliseer verder dat sy beskerm sal word teen persone en omstandighede wat 'n negatiewe invloed op haar geestelike groei kan hê. Gesamentlike Bybelstudie en gebed sal aan die orde wees en leiding sal gegee word deur begrip en koestering (1 Pet 3:7). Die man moet ook sy vrou ondersteun en haar waardeer (Ef. 5:29). Hierdie geestelike en fisiese intimiteit tussen man en vrou vorm dan ook die basis op grond waarvan vaders hulle kinders kan opvoed en begelei tot volwassenheid (MacArthur, 1998:180).

### 3.5.5 Die godvresende man het sy kinders lief en gee leiding

Die gedrag van tieners word bepaal deur die ingesteldheid van die hart. Enige regstelling, dissipline en opvoeding moet dus op die hart gerig wees. Die vrou en kinders is deur God aan die man se sorg toevertrou om hulle in hul verhouding met God te laat groei. Die godvresende vader het God lief en moet daardie selfde liefde deurgee aan sy kinders. Crotts (2004:21) verwys in hierdie verband na MacArthur wat sê dat daar drie beginsels is waarvolgens ouers hulle verantwoordelikhede kan nakom, naamlik:

- Hulle moet hul kinders voortdurend onderrig betreffende die waarheid van God se Woord (Deut 6:7).
- Hulle moet hulle dissiplineer wanneer hulle verkeerd doen (Spr 23:13-14).
- Hulle moet nie aanleiding tot woede gee nie (Kol 3:21).

Tieners het verskeie behoeftes waaronder die behoefte aan liefde asook die behoefte aan betekenis baie prominent is (Hawkey, 2000:8). In die beantwoording van hierdie twee behoeftes speel die vader en die moeder 'n belangrike rol – die moeder in die beantwoording van die behoefte aan liefde en die vader in die beantwoording van die behoefte aan betekenis. Vaders en moeders moet net deurgee wat hulle ontvang het, naamlik betekenis en liefde.

Hawkey (2000:9) verwys na 'n studie waarin aangetoon word dat die manlike rolmodel baie belangrik is vir die ontwikkeling van 'n kind se selfbeeld en selfvertroue. Volgens die 1400 tieners tussen die ouderdom 13 en 19 wat aan die studie deelgeneem het, is die drie kwaliteite van 'n vader wat vir hulle die belangrikste is, die volgende:

- Om tyd te maak vir hulle.
- Om met hulle te praat oor hulle probleme.
- Om belangstelling in hulle werk te toon

Tieners ontwikkel 'n beeld van God deur middel van hul ouers en in besonder die vader. Wanneer 'n vader nie fisies, psigies en geestelik betrokke by sy kind is nie, belemmer dit die beeld van God in die kind (Hawkey, 2000:11).

**3.5.6 Die moeder gee geborgenheid en veiligheid**

Ps 128:3 beskryfdie moeder as "'*n vrugbare wingerdstok".* Dit hou die betekenis van weelderigheid, waarde en voorspoed in (Mack, 1991:20). So 'n vrugbare wingerdstok was hoogs begeerlik en waardevol in Israel – die beloofde land se waarde word dan ook gemeet aan hierdie simboliek (Deut 8:7,8). Jesus noem Homself ook die wingerdstok (Joh 15). Die moeder het 'n baie belangrike verantwoordelikheid in die huis. Kinders wil versorg en vertroetel word en moeders vervul hierdie begeerte (Hawkey, 2000:11). Ware moeders sal hulle eie behoeftes opoffer om hul kinders te versorg en aan hulle behoeftes aandag te gee (1 Kon 3:16-28). In die arms en aan die bors ervaar die kind fisiese en emosionele geborgenheid van kleins af en tydens die onsekere tienerfase is daarsteeds 'n diep onderliggende behoefte aan hierdie fisiese en emosionele geborgenheid.

Die moeder se vrugbaarheid lewer 'nbelangrike bydrae (vgl. Spr 31:10-31). Mack (1991:25) kom tot die konklusie dat die wêreld 'n beter plek is op grond van haar (vgl. ook Spr 31:16,20,24,31) en wys in hierdie verband op vier kardinale aspekte betreffende haar rol:

- Haar verhouding met God.
- Haar diens aan haar gesin.
- Haar ontwikkeling van 'n goddelike karakter.
- Haar diens aan ander.

MacArthur (1998:194) beklemtoon die feit dat die moeder nie 'n ondergeskikte rol in die huisgesin inneem nie aangesien die man wel die gesag in die gesin het, maar die vrou die invloed het. Sy is op 'n besondere wyse betrokke by die vorming van die kind van kleins af.

### 3.5.7 Kinders is unieke gawes van God

Ps 128:3 beskryf die kinders as "*olyfboompies".* Die gesin sluit kinders in, want dit is deel van die skeppingsopdrag (Gen 1:28) en daarom ook 'n voorreg en seën (Ps 127:3-5). Ouers het die opdrag om hul kinders in Hom te laat opgroei – tot eer van God en tot heil van die naaste: unieke, vrugbare olyfboomplante. Mack (1991:41) beklemtoon die kosbaarheid en waardevolheid van die olyfboom in Palestina. Die olyfboom is die belangrikste boom in Palestina – koning van die bome (Rig 9:8,9). Olyfolie is gebruik om priesters te salf en die lampe in die tabernakel te vul (Eks 27:20; 30:22-33). Daar is groot potensiaal in die olyfboom. Olyfolie en olywe word gebruik vir voedsel (Deut 24:20), salwing (Eks 30:22-33), kosmetiese gebruik (Rut 3:3), medisyne en higiëne (Luk 10:34), godsdienstige seremonies (Gen 28:18) en vir ruiltransaksies (1 Kon 5:11). Die olyfboom asook die vrugte daarvan is simbolies van vreugde, rykdom en vrede (Jes 61:3). Die boom is mooi en die hout baie bruikbaar (Jer 11:16 en 1 Kon 6:23).

Met hierdie beskrywing van die uniekheid en kosbare waarde van die olyfboom word die uniekheid en die hoë verwagtings van kinders bevestig (De Klerk, 2003:5). Soos die bome goed versorg moes word om potensiaal te verwesenlik, is dit dus net so belangrik om 'n omgewing en atmosfeer te skep wat bevorderlik is vir die ontwikkeling van 'n goddelike karakter en handelswyse. Dit is ook belangrik om daarop te let dat die olyfboom sy eie vrugte dra – die kind dra sy eie vrugte, want hulle is plante en nie takke van 'n boom nie. 'n Plant het 'n onafhanklike bestaan, terwyl 'n tak deel is van 'n boom. Respekteer dus die individualiteit van elke kind. Die kind is nie 'n kloning van die ouers nie – hulle het eie idees. Moenie skrik vir verskil van opinie nie en handhaaf in liefde 'n ferm standpunt waar dit gaan oor ononderhandelbare beginsels. Gee egter aan die ander kant aan jou kind vryheid binne die parameters van die Skrif. Ouers voorsien beskutting en nie 'n dwangbaadjie nie. Die uiteindelike doel is om jou kind te laat opgroei as onafhanklike afhanklike van Christus en sy Woord. Spr 22:6 gee die opdrag: "Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie" (De Klerk, 2003:6).

MacArthur (1998:13) lig vier Bybelse beginsels uit wat perspektief sal gee betreffende die posisie van kinders binne die gesinslewe:

- Kinders moet as 'n seën gesien word en nie as 'n ongerief nie.
- Ouerskap behoort 'n vreugde en nie 'n las te wees nie.
- Sukses in ouerskap word nie gemeet aan dit wat die kinders doen nie, maar aan wat die ouers doen.
- Die belangrikste invloed op kinders kom van die ouers af en nie van die vriende nie.

Volgens Hawkey (2000:11) het kinders behoefte aan die volgende:

- Sekuriteit – Dit is 'n veilige plek waar jy jouself kan wees - ons sal altyd hier vir jou wees.
- Liefde – Ons is lief vir jou.
- Selfwaarde – Jy beteken baie vir ons en dit berus nie op wat jy doen nie.
- Aanvaarding – Ons aanvaar jou soos jy is: jy as persoon, jou voorkoms,jou grootte, jou moontlikhede.
- Aanmoediging – Jy kan dit doen - ons dink jy is wonderlik.
- Waarde – Ons waardeer jou vir wie jy is.

Tieners het 'n behoefte aan veiligheid, aanvaarding en die gevoel dat hulle geglo word, want dan sal hulle die vrymoedigheid hê om daardie emosionele pyn en vrees met hulle geliefdes te deel (Hawkey, 2000:33). Skep dus 'n veilige en geborge omgewing. Aanvaar die tiener soos hy is, sonder enige voorveronderstellings. Vertroue is baie belangrik en daarom is dit ook krities dat ouers altyd hulle woord hou. Maak tyd om kinders beter te verstaan en hulle werklik te ken vir wie hulle is. Wees geduldig met hulle swakhede en wees opreg en eerlik in jou optrede met hulle. Dobson (2004:166) toon aan dat verskeie studies tot die slotsom kom dat wanneer ouers intiem betrokke is by hulle tieners en daar ook 'n aktiewe gesinslewe is waarby almal betrek word, tieners minder rebelleer en swak gedrag openbaar. Verder het studies ook aangedui dat kinders wat ten minste vyf keer per week gesamentlike maaltye saam met ouers geniet, minder geneig is tot dwelmmisbruik, depressie of probleme met die reg. Hulle doen beter op skool en word dikwels omring deur 'n goeie vriendekring (Dobson, 2004:166).

### 3.5.8 Opvoeding impliseer 'n gesamentlike poging

Psalm 128:3 beklemtoon verder die verantwoordelikheid van ouers vir die opvoeding van hul kinders wanneer daar verwys word na 'rondom jou tafel'.  Ingram (2003:16) toon aandat dit een van agt moontlike wyses is waarop gesonde verhoudings gebou kan word. Die agt wyses is die volgende:

- Onvoorwaardelike liefde.
- Geskeduleerde tye vir samekomste.
- Gefokusde aandag.
- Oogkontak.
- Voortdurende kommunikasie – gesamentlike etes, deel van ervaringe.
- Betekenisvolle aanraking.

- Gesamentlike ontspanning.
- Bid saam.

Die ouers is verantwoordelik vir die kind se opvoeding – nie die staat of ander instellings nie. Kwaliteit tyd is dus van die uiterste belang. 'Jou' tafel impliseer dat jy teenwoordig is en 'tafel' impliseer 'n aksie wat gedeel word. So word die onderlinge band en vertroue gebou en dit alles vra tyd (Mack, 1991:45).

In Pred 12:1 word die opdrag gegee: "En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid." Om aan jou Skepper te dink, impliseer 'n voortdurende evaluasie van die lewensomstandighede wat dan gevolg word deur die nodige aksie waarin God al die eer kry. Juis "om die tafel" word die geleentheid geskep vir die evaluering van die lewensomstandighede en die outeur van Prediker beklemtoon dan ook dat dit van jongs af gedoen moet word. Daar moenie gewag word nie. Vanaf die einde van vers 1 skets hy 'n beeld van die lewe van 'n ou mens. Vanaf die einde van verse 5-7 volg 'n beeld van die dood. En by elke deel herinner hy die leser om aan sy Skepper te dink voordat die betrokke gebeure plaasvind (De Klerk, 2002:52).

Vrees God wanneer jy jonk is (Pred 12:13). Dink aan jou Skepper wanneer jy jonk is. Begin voordat iets gebeur – en daardie iets is die ouderdom. Die skrywer gee dan ook 'n verbasende prentjie van ouderdom, sodat die mens in sy jonkheid al aan die Skepper sal dink. Iets waaroor Prediker baie realisties is, is die dood en ook die laaste stappe daarheen. Die mens leef in 'n Gen 3 wêreld – die stukkende van die lewe dra sy merke. Uiteindelik word die mens oud en sterf. Die beeld van die ouderdom en die dood is nie om die fase van ouderdom noodwendig as negatief te beskou nie, maar wel om die jongmense te waarsku – begin nou om God te dien, terwyl jy daartoe in staat is.

Tydens die doop van 'n kind beloof die ouers onder andere om hulle kind te 'onderrig' en te laat 'onderrig'. Dit beteken om fisies, psigies en geestelik hul kind toe te rus om sinvol en vreugdevol die lewe te kan geniet. Wat betref hierdie hele proses waarin die ouers en ook andere betrokke is, onderskei Hawkey (2000:14) drie vlakke, naamlik instruksie, waarskuwing en korreksie:

- Met 'instruksie' word bedoel spesifieke voorskrifte oor wat toelaatbaar en nie toelaatbaar is nie. Hierdie duidelike grense word gestel deur voorbeeld en deur onderrig. Wanneer 'n kind sien dat daar werklike respek tussen pa en ma is, leer die kind om ander te respekteer.

- 'n Tweede vlak van 'onderrig' is 'waarskuwing'. Wanneer die kind buite die duidelike grense beweeg wat vir hom gestel is, moet hy gewaarsku word.
- Die derde vlak van 'onderrig' is 'korreksie'. In hierdie opsig gee 'n Bybelboek soos Spreuke duidelike voorskrifte betreffende dissiplinering en korrigering. Die manier en die gesindheid waarmee hierdie dissiplinering geskied, speel 'n belangrike rol in die bou van verhoudings.

### 3.5.9 Onvoorwaardelike liefde is van wesentlike belang

Tripp (1997:24) beskou die onsekere leeftydsfase van die tienerjare as 'n wonderlike geleentheid om hierdie jongmens te begelei tot 'n geborgenheid en veiligheid in God ten einde uiteindelik die werklike sin en betekenis van die lewe te kan beleef. Baie ouers het nie volle begrip wat die behoeftes van tieners is nie. Volgens Cambell (1981:14) beskou hulle beskerming, huisvesting, voedsel, klere en opvoeding as genoegsaam, terwyl onvoorwaardelike liefde eintlik heel bo aan dielys moet wees. Hierdie onvoorwaardelike liefde skep volgens Hawkey (2000:8) 'n ruimte waarbinne die kind kan eksperimenteer en ontwikkel sonder vrees vir mislukking en straf. In so 'n ruimte beleef hulle dat hulle van waarde en nut is. Kinders behoort gevolglik gedurig aangemoedig te word en bevestiging te verkry dat hulle spesiaal is omdat hulle is wat hulle is. Hoop word die meeste gedemp wanneer daar probleme in die gesin is en dit moontlik nie korrek hanteer word nie. Wanneer die hoop egter weer herstel is, dan bevorder dit emosionele en geestelike gesondheid binne die gesin. Sodanige herstel bevorder dan ook die verhouding met God (Ps 127:1: "As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou") (Hawkey (2000:8). MacDonald (2002:16) gee 'n beskrywing van sewe woorde wat weer die gesinsbande asook die onvoorwaardelike liefde kan herstel en hoop kan gee. Hy beskryf dit soos volg:

- Drie helende woorde (vergifnis, seën en eer) om te help om die pyn van die verlede te oorwin en 'n nuwe perspektief te verkry op die wonderlike toekoms wat God in plek het.
- Drie opbouende woorde (waarheid, kerk en toewyding) om in staat te stel om goeie gewoontes in plaas van negatiewe gewoontes aan te kweek.
- Een lewensveranderende woord (liefde) - iets wat noodsaaklik is vir elke stap van die lewe.

### 3.5.10 Die handhawing van gesag

Respek vir gesag moet reeds van kleins af geleer word. Hierdie respek word volgens Dobson (2004:51) nie bereik deur met "harshness, gruffness and sternness" die wil van die kind te vorm nie, en ook nie deurgedurige dissiplinêre optrede of dreiging en kritisering nie.

Sulke optrede het die teendeel tot gevolg en sal uiteindelik die verhouding vernietig. Ingram (2003:24) wys daarop dat gehoorsaamheid aangeleer word wanneer die kind sy liefde, onderdanigheid en afhanklikheid vanaf die ouer na Jesus Christus oorgeplaas het. Die ouer het dus die verantwoordelikheid om die regte bronne aan die kind beskikbaar te stel om sodoende gehoorsaamheid aan te leer. Volgens Ingram (2003:24) gaan dit veral oor die volgende vyf bronne/areas:

- Leerstellig – waarheid.
- Persoonlik – godsvrug.
- Bybel – kennis.
- Stelselmatig – onderrig.
- Geleenthede om te leer.

Die belangrike beginsel hier is dus om die tiener te leer om Bybels te dink (Priolo, 2000:90). Priolo (2000:91) haal Hebr 4:12 ("Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart") aan om hierdie beginsel te beklemtoon. Wanneer kinders opgroei in 'n huishouding waar waardes en grense bepaal word deur beginsels uit die Bybel, sal die onderwerping aan gesag nie 'n probleem wees nie.

Sodra 'n kind weet wie in beheer is, kan hy verantwoordelik gehou word om op 'n eerbiedige wyse op te tree. Ouers is deur God daargestel om hulle kinders te leer wat respek vir gesag is. In 1 Tim 3:4 beklemtoon Paulus veral die besondere rol wat die vader hierin moet vervul: "... een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou". In Kol 3:20 word die kinders opgeroep om positief op hierdie ouerleiding te reageer: "Kinders, julle moet julle ouers in alles gehoorsaam wees, want dit is die Here welbehaaglik." Om liefde aan kinders te bewys sonder gesag impliseer dieselfde verdraaiing as om na God se gesag te wys sonder liefde (Dobson, 2004:56). Daar moet 'n gesonde balans tussen liefde en beheer wees, want sodoende word 'n bron van sekuriteit vir 'n onsekere jongmens geskep. Chapman (2008:113) beklemtoon verder dat dit belangrik is dat tieners die konsekwensies van ongehoorsaamheid sal besef. Die konsekwensies van ongehoorsaamheid moet baie duidelik uitgespel word en moet ongemak vir die oortreder bring.

Respek vir gesinsgesag is die fondasie vir 'n gesonde ontwikkeling van die tiener. Wanneer die tiener nie op 'n gesonde manier kan assosieer met sy vader en moeder nie, dan is daar

'n wanbalans in gesag en beheer en voel die tiener onveilig binne diewêreld met al sy eise. Hierdie feit word bevestig deur verskillende studies waarna Dobson (2004:168) verwys. So was daar byvoorbeeld die National Longitudinal Study on Adolescent Health in 1999 wat tot die slotsom gekom het dat tieners wat 'n gesonde verhouding met hulle ouers, onderwysers en ander volwassenes het, minder geneig is tot geweld, dwelmmisbruik of seksuele aktiwiteite. 'n Ander studie deur die Horatio Alger Foundation het bevind dat tieners die verval van die gesin en die agteruitgaan van morele en sosiale waardes as die grootste probleme beskou waarmee hulle te doen het. Die gesin speel gevolglik 'n baie groter rol as enige ander faktor met betrekking tot persoonlike sukses. "Family is very important. This is something that is really constant throughout the whole generation" (Dobson, 2004:168). Campbell (1981:94) beklemtoon in hierdie verband dan ook die belangrikheid daarvan dat tieners se emosionele tenks vol gehou moet word, want waar liefde is, word gesag makliker aanvaar.

**3.5.11 Die stel van duidelike grense**

God het die mens geskep om in verhoudings sy sin en vreugde te beleef. Dit is daarom belangrik dat die verhoudings heel moet wees en in intimiteit moet groei.Daarom is dit belangrik dat daar duidelike grense is. Om duidelike grense te stel en sodoende die verhouding gesond te hou, is gesonde konfrontasie dikwels nodig (Cloud, 2004:26). Wanneer grense gestel word, beteken dit daar is kommunikasie en word die verskille in die lig van die Skrif bekyk en saam na 'n oplossing gesoek. Gesprekke betreffende grense is nie om gesag en mag op iemand af te dwing nie, maar wel'n aanmoediging om te verander. So 'n gesprek help mense om emosioneel en geestelik in die verhouding te groei (Cloud, 2004:31). God se opdrag is duidelik dat die mensdom mekaar moet waarsku en grense moet stel. (Eseg 3:18-19). Om duidelike grense te stel, elimineer die gevoel van onregverdigheid by die tiener wanneer hulle gedissiplineer word (Dobson, 2004:57).

Dit is belangrik dat wanneer grense gestel word, die ouer emosioneel teenwoordig moet wees (Cloud, 2004:39). Moenie met 'n beterweterige, hoogmoedige gesindheid hierdie gesprek voer nie. Wees betrokke en bereid om te begelei in die veranderingsproses. Om hiertoe in staat te wees, is dit soms nodig om eers 'die balk uit jou eie oog te haal' ten einde beter te kan sien om die ander persoon te help (Matt 7:3-5). Wees sagmoedig en nederig in hierdie proses (Gal 6:1). Behulpsaamheid en onderskraging is ook belangrike vereistes sodat die verhouding daardeur kan verbeter (Cloud, 2004:72). Grense in ouerhuise skep vir die kind sekuriteit en laat hulle emosioneel veilig voel (Smith, 2008:78). Die stel van duidelike grense gee aan kinders die ervaring dat ouers omgee. Duidelike grense openbaar die ouers se liefde vir hulle kinders (Jeremiah, 2008:47). Waar duidelike grense gestel is,

ontwikkel kinders 'n gesonde selfbeeld en vaar hulle sosiaal en akademies goed. Hulle vind sin en vreugde in die lewe en is lief vir hulle ouers wat duidelike grense gestel het. Dobson (2004:58) beklemtoon die feit dat daar na die uitoefening van gesag en dissipline altyd tyd gemaak sal word vir die herversekering van die ouer se liefde en 'n verduideliking van die optrede. Gebruik dit as 'n geleentheid om te groei in die verhouding en ook om die kind veilig en geborge te laat voel. Waak in hierdie proses teen die stel van onmoontlike eise, want daardeur bring jy onnodige spanning en vrees. VanVonderen (1992:96) wys op die belangrikheid dat tieners ook die geleentheid sal ontvang om hulle saak te stel. In Ef 6:4 gee Paulus opdrag aan die ouers omhulle kinders 'op te voed'. Om op te voed het volgens VanVonderen (1992:100) die konnotasie van opbou, versorging (vertroeteling) asook diensbaarheid en indien hieraan reg geskied word, dan lei dit uiteindelik tot geestelike en emosionele volwassenheid.

## 4.2 Gevolgtrekkings

- Tieners bevind hulself in 'n onsekere stadium van groei onderweg na volwassenheid.
- In die lig van die Skrif (Spr 1-7) is die tiener soekend na erkenning en om te behoort, en is hy voortdurend besig om grense te toets. Tieners is in 'n magstryd gewikkel – hulle dink hulle het alle wysheid in pag en dat niemand hulle iets kan leer nie. Enige teregwysing word dus beleef as 'n aanklag dat hulle misluk het.
- Vriende speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n identiteit. Die keuse van vriende is dus uiters belangrik, want verkeerde keuses kan emosionele verwonding veroorsaak.
- In hulle soeke na erkenning en om te behoort, speel die tydsgees 'n oorheersende rol. Die tiener stel nie veel belang in die toekoms nie, want materiële rykdom en prestasies is dikwels bepalend.
- Verskeie oorsake gee aanleiding tot die emosionele verwonding van die tiener. Die postmoderne fase bevat inherent sekere tendense wat emosioneel negatief op die tiener inwerk. Die ervaringe van die lewe en hoe die tiener daarop reageer, bepaal uiteindelik wie en wat die tiener word. Die uitvloeisel van hierdie proses impliseer in talle gevalle emosionele verwonding tot 'n mindere of meerdere mate. Tieners soek hulle identiteit veral in gesinsverhoudings, maar tans is die gesinne in talle opsigte nie meer die bakermat van verhoudings nie. Hiermee saam moes gesinswaardes plek maak vir die vereistes van 'n sekulêre samelewing - 'n samelewing waar daar ook nie meer duidelike grense is nie en dit alles gee aanleiding tot onsekerheid en vrees. Die onsekere rolverdeling tussen man en vrou lei tot onsekerheid by die tiener betreffende eie identiteit en ook betreffende die rol wat hulle binne die samelewing

moet vervul. Afwesige ouers lei tot eensaamheid by tieners. Al hierdie oorsake trek uiteindelik saam in die vraag waarmee Salomo in die boek Prediker worstel, naamlik: Waarin lê die sin en doel van die lewe? Wie is eintlik God? Wie is God eintlik? Wie is ek eintlik vir God?

- Die gevolg van hierdie soeke na 'n antwoord op die sin en doel van die lewe is dat die tiener in mense en dinge antwoorde probeer kry, wat hulle uiteindelik die tevergeefsheid en die seer daarvan laat beleef. Tieners is in 'n baie kwesbare fase en is op soek na 'n eie identiteit. Hierdie soeke begin in die eerste plek in hul verhouding met hul ouers. Wanneer hulle in die gesin nie veiligheid en geborgenheid beleef nie, soek hulle by vriende daardie erkenning. Dikwels veroorsaak hierdie verhoudings verdere emosionele pyn omdat die aanvaarding en erkenning deur maats baie wisselvallig is. Wanneer sin en vreugde nie in verhoudings beleef word nie, wend hulle hul tot dinge – onder andere verskillende vorme van verslawing asook seksuele losbandigheid.
- In die begeleiding van die tiener om sinvol en vreugdevol te leef, moet ouers hulle geestelik, psigies en fisies opvoed om tot die besef te kom dat die antwoord op die sin en doel van die lewe nie in mense en dinge lê nie, maar in God, hul Skepper. Goeie ouerskap lê nie noodwendig daarin dat jy alles reg doen nie, maar daarin dat die gesinslede bewus gemaak word dat hulle 'n behoefte aan 'n Verlosser het – Een wat hulle sondes sal vergewe. Ps 128:1-4 beskryf die verskillende lede in 'n gesin soos God dit bestem het: wie hulle is, hoe hulle funksioneer, in watter verhouding hulle tot mekaar staan en hoe hulle bemagtig en gemotiveer word om die gesin te wees wat hulle veronderstel is om te wees. Volgens hierdie psalm bestaan God se gesin uit verskillende lede, naamlik die 'Godvresende vader', die moeder wat 'n 'vrugbare wingerdstok' is en die kinders as 'jong olyfboomplante'. Tieners ontwikkel 'n beeld van God deur middel van hul ouers en in besonder die vader. Wanneer 'n vader nie fisies, psigies en geestelik betrokke by sy kind is nie, belemmer dit die beeld van God in die kind. Die opdrag in Pred 12:1 "En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid" beteken dus dat die kind van jongs af in 'n gesin moet opgroei waar hulle geleer word om hul lewensomstandighede voortdurend in die lig van God se Woord te evalueer, en wat dan gevolg word deur 'n aksie waarin God die eer kry. Tieners moet fisies, psigies en geestelik toegerus word om sinvol en vreugdevol die lewe te geniet. Die tienerfase is 'n wonderlike geleentheid om hierdie jongmense te begelei tot 'n geborgenheid en veiligheid in God, ten einde uiteindelik die werklike sin en betekenis van die lewe te kan beleef.

# META-TEORETIESE AFDELING

# HOOFSTUK 4

# NAVORSING VANUIT DIE HULPWETENSKAPPE MET BETREKKING TOT DIE BEGELEIDING VAN DIE EMOSIONEELVERWONDE TIENER

## 4.1 Inleidend

In hoofstukke 2 en 3 is die basisteoretiese beginsels gestel. In hoofstukke 4 en 5 word vanuit die hulpwetenskappe van veral die psigologie en opvoedkunde metateoretiese perspektiewe bekom om aandie basisteoretiese beginsels in die situasiewêreld gestalte te gee. Onder metateorie verstaan Venter (2004:45)

> "... 'n teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word wat raakvlakke met ander vakke deel, dit wil sê vakke wat aspekte van dieselfde werklikheid veld ondersoek".

Die model van Zerfass (1974:164-177) word in hierdie studie as uitgangspunt geneem en daarom is die hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese perspektiewe en die situasiewerklikheid van besonderebelang, ten eindedie ontwerp van 'n nuwe praktykteorie daar te stel.

## 4.2 Die tiener van vandag

### 4.2.1 Die tiener se lewe word gekenmerk deur veranderinge

In die eerste paar jaar van 'n kind se lewe vind geweldige vorming plaas. Deur leerprosesse word die psigo-fisiese vorm wat in die kind aanwesig is, omvorm tot psigo-fisiese stelsels. Die genetiese gesteldheid bepaal die grense waarbinne ontwikkeling plaasvind, maar omgewingsinvloede kan 'n veranderlike invloed uitoefen. Die gehalte van versorging en geborgenheid speel dus 'n belangrike rol in hierdie vorming en ontwikkeling (Kruger, 2000:72). Volgens Kruger (2000:72) geskied die ontwikkeling van die "self" volgens sewe opeenvolgende fases:

- Die ontwikkeling van die liggaamlike self (liggaamsbeeld).
- Die vorming van selfidentiteit (wie en wat is ek?).
- Die skep van eiewaarde (my beoordeling van my waarde as persoon).

- Selfuitbreiding vind plaas (verhouding met my leefwêreld).
- Die selfbeeld word gevorm (hoe is ek?).
- Die rasionele self kry gestalte (objektiewe en nugter perspektief).
- Die propriale strewe (langtermyn doelstellings) tree gedurende dietienerfase na vore.

Persoonlikheidsprobleme in later jare kan terugherlei word na stremmende en remmende faktore in die kinderjare, as gevolg waarvan die persoonlikheid nie vry was om te ontwikkel nie, byvoorbeeld die verlies van 'n ouer op 'n vroeë ouderdom, sosiale ontwrigting en verwerping.

Die lewe van 'n tiener word ingelei deur puberteit en die fisieke veranderings wat die opwelling van hormone meebring. Die tienerstadium verteenwoordig die ontwikkelingsfase tussen die voltooide kinderjare en die aanvang van volwassenheid en hierdie leeftydfase word gevolglik gekenmerk deur storms en stres. Hill (1977:4) verwys na Maanen wat reeds in 1975 opgemerk het dat die tiener in 'n tweestryd met homself en die wêreld is omdat die leefwêreld van die tiener tans veelmeer bedreiging en konflik inhou as in die verlede. Die sosiale en kulturele verandering plaas baie druk op die jongmens. Selfs die impak hiervan op die fisiese dimensie veroorsaak dat hulle in die latere jare meer vatbaar is vir allerhande siektes soos hoë bloeddruk, hartsiektes, suikersiekte, hoofpyne, rugprobleme en depressie. Statistiek bevestig dat vanweë die toenemende druk op tieners daar uiteindelik 'n magdom van negatiewe gevolge hieruit voortspruit: elke 24 uur word 1629 jeugdiges in tronke opgeneem, 3288 kinders loop weg van huise, 1512 loop weg uit skole en 7742 tieners is seksueel aktief (Hart,1992:4).

Hart (1992:6) wys egter daarop dat dit nie net die negatiewe dinge is wat stres bring nie, maar ook die toenemende druk van te veel stimulasie, te veel uitdagings, te veel keuses en te veel geleenthede. Die vermaaklikheidsmedia skep steeds toenemend opwindende en stimulerende vermaak. Die druk by die skool om beter te doen, word al sterker.
Volgens Semmelink (2009:46) vind daar verskillende veranderinge in hierdie leeftydfase plaas wat reg bestuur moet word om die tiener in sy groei tot volwassenheid te begelei. Hierdie veranderings vind op die volgende drie terreine plaas:

#### 4.2.1.1 Fisiese veranderinge

- Seksuele ontwaking – dit is die mees traumatiese verandering in die tiener se lewe.
- Lompheid – vinnige groei van die spier- en beenstruktuur veroorsaak soms koördinasieprobleme.

- Voorkoms – opmerkings oor die tiener se voorkoms het 'n invloed op die ontwikkeling van sy selfbeeld.
- Selfbewustheid – tieners is baie bewus van hulle liggaam, voorkoms, klere, gesindhede en posisie.
- Onrustigheid – 'n onrustigheid wat daartoe lei dat hulle nie rus nie. 'n Dringende begeerte om alles te ervaar. Hulle gryp die lewe met albei hande.

#### 4.2.1.2 Psigologiese ontwikkeling

Hierdie ontwikkeling beïnvloed hulle emosioneel. Hulle word blootgestel aan nuwe omstandighede met meer verantwoordelikhede.

- Krities – hulle is baie krities ingestel en bevraagteken elke aspek van die lewe. Hulle wil hul eie opinie vorm en in hierdie proses kom dit soms voor of hulle rebelleer. Hulle is besig om hulle selfbeeld te vorm, wil selfstandig optree en wil hulle eie identiteit ontwikkel.
- Emosioneel – as gevolg van hormonale wanbalans is hulle baie emosioneel. Hulle vind dit moeilik om hulle emosies te beheer. Die een oomblik is hul entoesiasties en die volgende oomblik depressief. Tieners ontwikkel in hierdie tyd persepsies van hulleself. Hulle kan beleef dat hulle bang is of skuldig is.
- Selfbewustheid – hulle is gefokus op hulle voorkoms en beleef dus dat elkeen na hulle kyk – hulle puisies, lang arms en groot bene, haarstyl, klere, eksamenpunte, ens. As gevolg van hierdie selfbewustheid kan hulle maklik terugtrek, introvert raak, of ekstrovert word deur aandag op hulle sterk punte te fokus.
- Idealisties – hulle leef in 'n droomwêreld. Hulle Idealiseer die wêreld, hulle omstandighede, en as hulle die geleentheid gegun word, sal hulle dit verander. Hulle dink abstrak en is soms onrealisties. Hul beredenering issoms kinderagtig.

#### 4.2.1.3 Sosiale ontwikkeling

As gevolg van hulle onsekerheid, hulle tekort aan selfbeheer en morele waardes is tieners baie krities in hulle verhoudings. Hulle verhoudings met ander word gekenmerk deur uiterstes, soos byvoorbeeld konflik, besorgdheid, tevredenheid, liefde, vertroue, beheerde vryheid, luister, kommunikasie, dissipline en gesindhede.Omdat hulle baie foute maak, dra hul soms daardie skuldgevoelens vir baie jare. Tieners worstel met die volgende ses aspekte: selfbeeld, onafhanklikheid, mede-afhanklikheid, seksualiteit, bekwaamheid en doel/sin.

Hierdie veranderings bring nuwe innerlike ervarings vir die kind mee, wat dan soms verwarring en disoriëntasie tot gevolg het. Van kindwees in 'n betreklik ongekompliseerde en

verstaanbare wêreld, met redelik beheerste emosies, word die tiener in die puberteitsjare dus skielik gekonfronteer met 'n warboel emosies, 'n onbekende liggaam en verlies van identiteit.

Die tienerjare gaan, sielkundig gesproke, hoofsaaklik oor die ontwikkeling van 'n volwasse identiteit – 'n dramatiese stap in die grootwordproses. Die kind het 'n identiteit verloor en soek 'n nuwe een. Wie is ek? Wat is ek, en wat gaan ek word? Hoe pas ek in en waarom? (Little, 2008:3).

**4.2.2 Veranderinge lei tot die ontdekking van die self**

Die ontwikkeling van identiteit het te doen met die vraag: wie is ek?  Louw (2005:66) kwalifiseer hierdie vraag as die verstaan van eie beperkinge en grense, maar ook met die vraag na die verstaan van moontlikhede en die ontwikkeling van fisieke potensiaal, emosionele potensiaal, kennispotensiaal, sosiale en verhoudingspotensiaal, arbeidspotensiaal en spirituele potensiaal.

Die sentrale ontwikkelingstaak van hierdie fase is die verwerwing van persoonlike identiteit waarmee volwassenheid suksesvol betree kan word. Hierdie ingrypende liggaamlike en psigologiese veranderinge gee soms aanleiding tot gevoelens van onsekerheid, verwarring, hopeloosheid en eensaamheid (Maree, 2001:12).

Garbers (1983:4) beklemtoon die feit dat al hierdie veranderinge aanleiding gee tot die spontane ontdekking van die self en die gepaardgaande selfinkeer, sowel as die vorming van selfbegrip en selfkennis. Die tiener word letterlik en figuurlik gedwing tot deelname, ordening en stellingname teenoor homself en die veranderinge wat in hom plaasvind.Dit gaan met introspeksie, selfdefiniëring, konsolidasie van die eie persoonlikheid, vorming van selfkonsep en selfbewussyn gepaard. Van die intensiefste en ingrypendste onomkeerbare veranderinge in die hele menslike bestaan vind gedurende die tienerjare plaas.

Identiteitsvestiging kan egter ook op verskillende maniere gedwarsboom word. Die ontwikkeling van die kind se selfbeskouing hang baie af van ouers se verwagtinge en reaksie. Wanneer tieners begin aflei dat ouers hulle liefhet en aanvaar omdat hulle gehoorsaam is, kan daar maklik 'n valse selfbeeld ontwikkel. Hy moet sy drang om te bevraagteken, te stry of te rebelleer onderdruk as hy net soveel liefde as sy meer ongeërgde broer of suster wil ontvang. Die masker wat hy leer dra, veroorsaak gevolglik innerlike spanning en 'n mate van wanbalans wanneer die ware self uiting probeer vind. Uiteindelik kan dit lei tot depressie, onttrekking of ernstige tienerwangedrag (Cawood, 2008:59).

Ouers kan onbewustelik deur opmerkings en reaksies tieners se selfagting knou. Cawood (2008:58) wys op die volgende maniere hoe dit kan plaasvind:

- Deur vergelykings te tref.
- Rolle toe te ken (Jannie gee ons nooit probleme nie, maar Jaco is onmoontlik).
- Negatiewe etikette te gee en veroordelende taal te gebruik (jy is slordig en onbedagsaam).
- Afsydig te wees en nie empatie met die kind te toon nie.
- Onrealistiese verwagtings te koester.
- Woorde te gebruik wat selfvervullende profesieë kan word. As 'n ouer dikwels vir sy tiener sê dat sy selfsugtig, nutteloos, baasspelerig, naar of humeurig is, sal sy hierdie siening internaliseer en so optree.

Wanneer kinders nie die nodige ouerlike ondersteuning en aanmoediging ontvang het nie, ontwikkel hulle dikwels 'n vals selfbeeld en word 'n mede-afhanklike persoonlikheid deurspek met die idiosinkrasie van slagofferstatus.Hulle kan groepsdruk nie hanteer nie omdat hulle hul identiteit verloor in ander se identiteit, die emotiewe ontken en presenteer óf met aggressiwiteit óf met passiwiteit. Hulle is bang, wantrouig en destruktief (Kruger, 2008:65).

Vaagheid of diffuusheid van die identifikasiefigure (ouers en ander opvoeders) bring vervlakking mee, wat weer frustrasie en vereensaming in die hand werk en wat tot gevolg het dat ontmoetings en verhoudings vlugtig, oppervlakkig en sonder die nodige affektiewe diepte is (Garbers, 1983:7). Om uiteindelik 'n volwasse en vaste eie identiteit te bekom, is dit volgens Cawood (2008:29) vir 'n tiener normaal om tydens hulle ontwikkeling by tye te rebelleer en te eksperimenteer. As gevolg van die generasiegaping is die uitdaging virouers om hulle in hul tiener se posisie te plaas en die wêreld waarvoor tieners hulle probeer voorberei, met al sy uitdagings en versoekings, werklik te probeer verstaan.

Covey (2008:46) identifiseer sewe gebruike ("habits") wat kan meehelp in die ontwikkeling van 'n gesonde self. Die eerste drie gebruike – "*be proactive, begin with the end in mind, and put first things first",* help 'n persoon om onafhanklik te wees. Hy noem dit die "*private victory*". Wanneer hierdie drie gebruike in die praktyk toegepas word, stel dit 'n persoon in staat om meer verantwoordelik te wees, om beheer oor sy lewe te neem, om toekomsperspektief te kry, om prioriteite te stel, en 'n plan uit te voer omdat hy gedissiplineerd en gefokus bly. In gebed in hierdie drie gebruike is tydsbestuurvaardighede,

beplanningsvaardighede, vaardighede om doelwitte te stel en ander organisatoriese vaardighede wat die grondslag is vir onafhanklikheid.

Waar onafhanklikheid belangrik is om sukses te behaal in 'n veranderende wêreld, moet mense toegerus word om effektief saam met ander mense te werk en ook in spanverband. Teen hierdie agtergrond is die volgende drie gebruike (soos vermeld deur Covey, 2008:46) van besondere belang: "*think win-win, seek first to understand, then to be understood, and synergize".* Hierdie drie gebruike help 'n persoon om ook interafhanklik te wees.Dit bring insigte oor hoe om effektief te kommunikeer en hoe om 'n balans tussen manhaftigheid en konsiderasie te handhaaf. Hierdie gebruike lei daartoe dat vaardighede ontwikkel word om konflik op te los, om te luister, om kreatief te wees en om saam in 'n span te werk, en lei dan uiteindelik tot *"public victory".*

Gebruik 7, "*sharpen the saw"*, beklemtoon die beginsel van vernuwing (renewal). Dit is die gebruik wat die mens in staat stel om sterk te bly in die wêreld van vandag, veral op die vier terreine van die fisiese, sosiaal-emosionele, denke/kognitiewe en geestelike dimensies.

**4.2.3 Behoeftes in die ontwikkeling tot volwassenheid**

Identiteit, liggaamlikheid, sosialisering, roeping en singewing is volgens Louw (2005:66) die vyf basiese lewensvraagstukke. Volwassenheid beteken om verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie vraagstukke te ontwikkel. Betroubaarheid word as die essensie van identiteit beskou.Gedurende hierdie fase word die individu bewus gemaak van die persoonlike, loopbaangerigte, seksuele en ideologiese aanpassings wat van hom vereis word voordat hy volwassenheid kan bereik (Maree, 2001:16).

Behalwe vir die veranderinge worstel die tiener, soos enige ander mens, veral met verskillende vraagstukke. Louw (2005:101) vat hierdie vraagstukke saam in basiese lewensworstelinge, naamlik angs, skuld, wanhoop en hulpeloosheid. Elke jongmens beleef die vrees van isolasie en verwerping, want hy wil behoort en voel dat hy van betekenis is. Wanneer tieners veral in 'n outoritêre en rigiede huishouding opgroei, kan hy maklik in die vorming van sy menswees en selfbeeld belas word met skuldgevoelens, omdat hy nie beantwoord het aan sekere norme nie. Skuldgevoelens hang dikwels saam met selfverwyt, selfbejammering, skaamte, jammergevoelens en spyt. Tieners leef in 'n gebroke en stukkende wêreld waarin die belewenis van die negatiwiteit uiteindelik tot wanhoop lei. Hulle verval in vertwyfeling en uitsigloosheid. Daar is geen toekomsverwagting meer nie.Hierdie wanhoop lei uiteindelik tot 'n gevoel van hulpeloosheid. Die tiener ervaar dat hy nie meer

van nut kan wees nie en hy wil ook nie van nut wees nie. Alles raak te veel en hy voel in homself 'n mislukking (Louw, 2005:101).

Ziegler (2000:255) identifiseer die volgende werklike behoeftes by die tiener wat die nodige aandag moet ontvang in die ontwikkeling tot volwassenheid:

- Veiligheid – sal ek veilig wees in 'n omgewing waarbinne daar aan my basiese behoeftes voorsien word?
- Sekuriteit – die soeke na 'n gestruktureerde situasie waar 'n ouer in beheer is en hy net kind kan wees.
- Aanvaarding – wil mense hê wat hom aanvaar vir wie hy is ten spyte van sy gedrag.
- Om te behoort – wil aan iemand behoort. Wil aan iemand verbind wees sodat hy kan leer om toegeneentheid te gee en te ontvang.
- Vertroue – wil vertrou en vertrou word. Wil met eerlikheid, respek en beslistheid hanteer word.
- Verhouding – het 'n behoefte aan verhoudings met ander op die manier dat die een nie misbruik word nie en dat albei daarby baat vind.
- Selfbewussyn – het nodig om te leer hoe om veranderinge in sy persoonlikheid en gedrag te maak deur homself te verstaan.
- Persoonlike waarde – sy sukses as 'n persoon lê daarin dat hy in homself en sy eie waarde glo.

### 4.2.4 Emosionele bagasie lei tot verwarring en gevoelens van hopeloosheid

#### 4.2.4.1 Emosionele pyn vanuit die gesin van oorsprong

Die gesin van oorsprong is die gesin waar 'n persoon sy begin het – fisies, psigies en emosioneel.Die impak van hierdie oorspronklike wortels is diep en deurdringend en speel 'n voortdurende rol in die huidige. Min persone besef hoe hulle steeds in hulle optrede beïnvloed en beheer word deur onbereikte doelwitte en onopgeloste probleme gedurende hulle kinderjare (Hovestadt, 1985:287).

Volgens Kruger (2008:2) is daar 'n groeiende tendens van eensaamheid, depressie, aggressie, angstigheid, toenemende impulsiwiteit en meer emosionele onewewigtigheid as ooit tevore by tieners. Hy vra daarom die vraag of dit nie die uitvloeisel is van onverwerkte verwonding en emosionele pyn by ouers en grootouers wat weer op een of ander wyse "oorgedra" word op die volgende geslagte nie. Persoonlikheidsprobleme in later jare kan terugherlei word na stremmende en remmende faktore in die kinderjare, as gevolg waarvan die persoonlikheid nie vry was om te ontwikkel nie, byvoorbeeld die verlies van 'n ouer op

vroeë ouderdom, sosiale ontwrigting en verwerping (Kruger, 2000:72). Maree (2000:23) sluit hierby aan deur te konstateer dat almal se kinderjare ontelbare geleenthede bied vir emosionele beserings.Die bemeestering van kindertrauma is gevolglik 'n lewenslange taak. Sekere lewensituasies roep die oorspronklike emosionele besering op en bied daardeur geleenthede vir die bemeestering en verwerking daarvan. Die tienerfase is dan ook 'n tydperk waartydens 'n aansienlike deel van hierdie taak verrig word.

Emosionele probleme is dikwels die gevolg van die soort 'god', die soort mense en die soort lewe wat die tiener gesien het terwyl hy deur die vensters van die verhoudings van sy kinderdae gekyk het. Die meeste van die basiese patrone om met ander mense om te gaan kom van die patrone van die verhoudings met die gesin. Emosionele verwaarlosing vanaf geboorte lei tot emotiewe belemmering omdat die dele van die brein wat emosie registreer, nie ontwikkel nie. Hierdie kind sal emosioneel afgestomp (gewetenloos) voorkom en weerstand bied teen enige toenadering. Indien die kind met niemand 'n emosionele band kan ontwikkel nie, kan positiewe emosionele gedrag nie verwag word nie.Die toename in geweld onder die jeug kan grootliks toegeskryf word aan die wêreld wat deur ouers vir hulle kinders geskep en nagelaat is (Kruger, 2008:103).

Anders as volwassenes het die kind nie die fisiese, finansiële en wettige mag om altyd vanaf 'n vernederende omgewing te ontsnap of om probleme van verwerping te hanteer nie en daarom het sulke negatiewe ervarings tydens die kinderjare heel dikwels 'n aftakelende invloed op die ontwikkeling van 'n tiener se selfvertroue en selfbeeld (Gibson, 2002:46).

#### 4.2.4.2 Onverwerkte trauma

Hicks (1993:3) meld dat die mens pyn beleef wanneer hy seergemaak is (emosioneel of fisies), gemolesteer is, aftakelende siekte beleef, groot verliese ervaar, skokke en trauma beleef, ens. Party persone gee uiting aan hierdie belewenis van pyn, ander hou die pyn binne en gaan voort met die lewe. Om die pyn innerlik te onderdruk is ongesond omdat hierdie tydelike opkropping een of ander tyd psigies sal ontplof met skadelike emosionele gevolge. Met talle tieners is dit egter wat gebeur, aangesien daar nêrens geleentheid is om van die onderdrukte emosies ontslae te raak nie. Hicks wys verder op die betekenis van die woord "trauma" as "wond" – dit is afgelei van die Griekse woord wat "wond" beteken. Wanneer iemand 'n trauma beleef, is hy 'n gewonde persoon en het daarom tyd nodig sodat die wond kan genees. Psigiese trauma word beskryf as

> *"… an emotional state of discomfort and stress resulting from memories of an extraordinary, catastrophic experience which shattered the survivor's sense of invulnerability to harm"* (Hicks, 1993:3).

Met enige trauma word 'n persoon se verdedigingsmeganisme afgebreek en kan 'n persoon nie meer bevredigend funksioneer nie. Die mens se visie op die wêreld en sy veronderstellings oor die lewe kry 'n groot knou (Hicks, 1993:15). Wat die emosioneel verwonde tiener betref, is die implikasie dat heelwat begeleiding nodig is ten einde die skade te herstel en heling en genesing te bewerkstellig.

Emosionele verwonding hou volgens Kruger (2008:62) onder andere verband met alle onopgeloste trauma wat te doen mag hê met die fisiese, psigiese en geestelike dimensies. Onverwerkte trauma tesame met die milieu van 'n disfunksionele huis tydens die kinderjare waarborg die verwoesting van die verhoudingsvlak. Verskillende vorme van trauma sluit in:

- Aktiewe mishandeling (wat molestering kan insluit) – die diepere wortels hiervan lê dikwels reeds in die gesinne van oorsprong van die ouers. Die atmosfeer is koud, onpersoonlik rigied en die gesin was waarskynlik in 'n krisis voordat die mishandeling/molestering begin het.
- Passiewe mishandeling – Ontkenning van die kind se emosionele behoeftes, en dit kan plaasvind as gevolg van egskeiding, dood, gebrek aan aanraking, of 'n ongelukkige huwelik. Volgens Seamands (2004:16) kan hierdie passiewe mishandeling lei tot 'nintense gevoel van onwaardigheid, 'n aanhoudende gevoel van angs, ontoereikendheid en minderwaardigheid. Dis 'n innerlike geknaag wat sê: "Ek is niks werd nie. Ek sal nooit iets bereik nie. Niemand kan my ooit liefhê nie. Niks wat ek doen, is ooit reg nie".
- Emosionele bloedskande – Van die kind word verwag om die ouerrol oor te neem ten opsigte van byvoorbeeld die alkoholis of dwelmverslaafde ouer. Hier word 'n emosionele volwassenheid van die kind verwag wat tuishoort by die ouer.
- Onafgehandelde emosionele probleme – Verwys na ouers se emosionele probleme en vrae wat nooit hanteer is nie en bloot onderdruk word. Alle emosies soos frustrasies, woede en pyn word aan die kinders oorgedra en hulle identifiseer dan daarmee. Hierdie probleme kan soos 'n afgod in 'npersoon se lewe presenteer indien die emosionele verwonding nie hanteer word nie, aangesien hulle lewenslank hierop fikseer. In gevalle waar ouers ook nie hul eie mosies kan beheer nie, weet die kind nooit hoe hulle gaan reageer nie en dit lei weer tot 'n groot mate van onsekerheid, swak selfbeeld en selfvertroue, selfs ook later as volwassene (Seamands, 2004:87).
- Negatiewe idiosinkrasie – Hierdeur word die ouers se lewens- en wêreldbeskouing asook hulle norme en waardes gekommunikeer. Indien hierdie boodskappe negatief is, word die kind daarmee groot en word dit uiteindelik geïntegreer in sy lewensuitkyk.

#### 4.2.4.3 Emosionele bagasie lei tot verskillende reaksies

Ziegler (2000:4) beskryf emosionele steurnisse as twee tipes: een wat ontplof en een wat inplof. Met ander woorde, enersyds emosies en gedrag wat na buite gerig is op voorwerpe, ander persone en die wêreld in die algemeen, en andersyds emosies en die uiteindelike gedrag wat innerlik op die self gerig is. Dié wat ontplof is maklik waarneembaar en raak almal in die kind se omgewing. Tipiese manifestasies hiervan is woede, gramskap, geweld en vernielsug. Omdat kinders in disfunksionele gesinne nie uiting aan hulle emosies kan gee nie, lei dit heel dikwels tot ontkenning en oneerlikheid.

Ontkenning is 'n toestand waar 'n persoon weier om te erken wat hy beleef omdat dit baie pynlik is. Dit kan verskillende vorms aanneem: probleme word ontken, hy blameer ander vir die probleem of verander die onderwerp om bedreigende gesprekke te vermy. Deur ontkenning bedek of beheer hulle hul gevoelens/emosies. Die gevoelens wat hulle die meeste probeer beheer, is daardie wat onvolwasse, gevaarlik, ongemaklik en onaanvaarbaar is, soos woede, angs, hartseer, gramskap, verleentheid, bitterheid en eensaamheid. Deur hierdie gevoelens te demp, kan positiewe emosies soos geluk en lewensin ook nie uiting aan gegee word nie. Sommige van die gevolge hiervan sluit uiteindelik in mede-afhanklikheid, verlies van identiteit, die onvermoë omstres te hanteer asook die onvermoë om gesonde verhoudings buite die gesin te vestig (Ministry, 2006:22).

Gibson (2002:47) toon aan dat emosionele bagasie daartoe lei dat sekere negatiewe tegnieke aangeleer moet word om die ervarings uit die verlede te verwerk – dit help ook om 'n swak selfbeeld te beskerm. Rondom hierdie selfde aspek beklemtoon Widon (1994:127) die feit dat daar 'n verwantskap is tussen die viktimisasie tydens die vroeëre kinderjare en latere misdadigheid en geweld. Sodanige emosionele verwonding kan dan uiteindelik daartoe lei dat die tiener ook seksueel losbandig word in sy soeke na verhoudings. Ander weer kan in plaas van om na buite te oorreageer, hulle seer en frustrasie na binne probeer verwerk en dan depressief raak of selfmoordneigings ontwikkel (Widon, 1994:127). Ziegler (2000:4) verwys hierna as emosionele steurnisse wat inplof – die druk van die steurnisse word na binne gekeer. Dit loop uit op frustrasie, depressie, woede, teleurstelling en verveeldheid met hulleself. Hulle glo dat hulle die probleem is, selfs wanneer ouers geen ondersteuning bied nie of hulle mishandel. Gevolge van hierdie tipe gedrag is selfkastyding, depressie, eetversteurings, akademiese mislukkings, dwelmmisbruik of selfmoordneigings (Ziegler, 2000:8).

#### 4.2.4.4 Selfmoord

Die lewensfase van die tiener is vol emosionele en sosiale konflik en word deur emosionele onstabiliteit gekenmerk en daarom is selfmoord en selfmoordpogings 'n algemene en groeiende tendens onder tieners (Little, 2008:80). Tieners sien selfmoord as 'n geleentheid om pyn, fisies en emosioneel, te ontkom. Oorsake van pyn verskil van persoon tot persoon, maar behels gevoelens van onder meer hopeloosheid, hulpeloosheid, depressie, wanhoop, leegheid, vrees en uitputting. Die tiener beleef 'n doodloopstraat in die hantering van hierdie pyn en sien selfmoord as die enigste oplossing om van die pyn verlos te word (Matsakis, 1993:308). Selfmoord kan ook 'n daad van selfhandhawing wees of om beheer oor die eie lewe te neem. Die tiener beland soms in sulke omstandighede dat hy geen beheer oor die uitkoms daarvan het nie. Die enigste manier om daar uit te kom en sy waardigheid te behou is dan om sy lewe te neem.

Little (2008:80) identifiseer verskillende oorsake van selfmoord. Depressie of ander geestesongesteldhede is 'n algemene oorsaak en gevoelens van verlies of aansienlike sosiale stres kan daarvoor verantwoordelik wees. Sosiale druk en te hoë verwagtings wat hulle aan hulleself of wat ander aan hulle stel, viktimisering, onderdrukte woede, skaamte en vernedering kan alles 'n groot rol speel. Middelmisbruik is ook 'n verwante faktor, terwyl 'n familiegeskiedenis van selfmoord 'n belangrike risikofaktor is. Die tieners sonder sosiale en sigbare ondersteuningsnetwerke sal ook meer vatbaar wees. Matsakis (1993:308) vergelyk ook Brunsdon (2003:3-5) voeg nog die volgende redes by:

- Intense gevoelens vanhopeloosheid – die persoon se hele lewe word beheers deur die gedagte van hopeloosheid. Twee gevoelswaardes wat oor die algemeen hiertoe aanleiding gee, is hopeloosheid en uitsigloosheid.
- Innerlike chaos – alles is te veel sodat die persoon uiteindelik'n identiteitloosheid beleef en ook nie met ander kan assosieer nie. Hy worstel dan hoofsaaklik met die vraag: Wie is ek? Die worsteling om'n eie identiteit veroorsaak baie innerlike konflik.
- Ondraaglike of oneindige pyn – 'n emosionele of fisiese toestand wat soveel pyn veroorsaak dat die dood die enigste uitweg blyk te wees.
- Erkenning – die persoon hoop om in die dood die erkenning en waardering te ontvang wat hy nie in die lewe ontvang het nie.
- Begeerte vir vrede en rus – die persoon se vermoë om sy stres te hanteer is uitgeput en hy sien dood as 'n manier om rus en vrede te verkry en verligting van die huidige worsteling en pyn.
- Hedendaagse klemverskuiwings binne die tiener se leefwêreld – omgewingsinvloede speel in hierdie verband'n belangrike rol. Verdwyning van die tradisionele middelklas

gesin. Albei ouers moet werk.Marginalisering van die invloed van die kerk t.o.v. waardes en moraliteit. Toename van enkelouergesinne as gevolg van hoë egskeidingsyfer. Groter toegang tot dwelms. Negatiewe toekomsblik. Geen werksgeleenthede. Hierdie omgewingsveranderings lei tot die tiener se negatiewe belewenisse.
- Tienerfase as krisis – die persoon beleef snelle ontwikkeling op die terrein van die fisiese, kognitiewe, konatiewe en die affektiewe en dit skep potensiaal vir emosionele krisisse. Hy beleef die meeste probleme as krisisse.

Tydens 'n seminaar met die tema, *Teen suicide prevention week* (Bloemfontein, Februarie 2009) het verskeie navorsers die aspek beklemtoon dat selfmoord veral by tieners voorkom wat emosioneel verwond is en met niemand daaroor praat nie – 10% van tienersterftes is dan ook die gevolg van selfmoord (Schlebusch, 2009:10). Prof. Lourens Schlebusch (2009:10), kundige op die gebied van selfmoordgedrag, konstateer die feit dat gesinsverhoudings, persoonlike probleme en verhoudingsprobleme 'n groot rol speel in tienerselfmoorde. Oor 'n periode van tien jaar (1985-1995) het die getal selfmoordgevalle by 'n hospitaal in Gauteng van vyf per maand gegroei na vier per dag. Navorsing (Brunsdon, 2003:3) bewys dat negentien persone uit 100,000 in Suid-Afrika selfmoord pleeg.

Cawood (2008:162) skryf die hoë voorkoms van selfmoord onder tieners in Suid-Afrika toe aan die ineenstorting van die sosiale struktuur in gemeenskappe, die hoë voorkoms van egskeiding, verlammende misdaad en ontmoedigende statistiek oor werksgeleenthede wat die tieners negatief beïnvloed

**4.2.4.5 Depressie**

Matsakis (1996:46) merk op dat depressie wydverspreid voorkom en veral ook onder jongmense. Sy beklemtoon ook die feit dat die toenemende verontpersoonliking en die afbreek van tradisionele ondersteuningstrukture in die laaste twee dekades verder bygedra het tot die toename in depressie. Depressie kom veral na vore onder diegene wat slagoffers is van molestering, geweld of ander traumatiese ervarings. Hiermee saam wys Matsakis (1993:46-49) ook nog op die volgende moontlike oorsake van depressie:

- *"Biological Theory".* As gevolg van voortdurende stres of trauma kan 'n persoon nie meer regdenkend optree nie. Dit lei tot 'n lae selfbeeld, hopeloosheid en ander vorme van negatiewe denke, asook probleme met konsentrasie, slaaploosheid en besluitneming. Dit kan verder lei tot geïrriteerdheid, angs, gebrek aan belewenis van vreugde en 'n hipersensitiwiteit ten opsigte van die reaksies van ander.

- *"Loss and Grief Theory".*Die verlies van 'n geliefde kan lei tot depressie.Hierdie "geliefde" kan ook insluit 'n gekoesterde ideaal, sekere geestelike waardes, of selfrespek. Om jou lang gekoesterde waarde of ideaal of jou waardigheid te verloor, kan tot depressie lei. Wanneer ander negatief reageer op jou gevoelens, lei dit tot depressie. Wanneer jou veronderstellings ten opsigte van reg en regverdigheid van die wêreld, of ander waardes, vernietig word, lei jou teleurstelling tot depressie.
- *"Behavioral Theory".* Depressie ontwikkel maklik waar 'n persoon onvoldoende beloon of waardeer is. Selfhelpboeke soos "How to love yourself" propageer die gedagte dat jy jouself kan liefhê en aanvaar en dat jy nie die liefde en aanvaarding van ander nodig het nie. 'n Mens het albei nodig: die liefde, aanvaarding en erkenning van ander persone, sowel as selfliefde en selfaanvaarding.
- *"Learned Helplessness Theory".* Dit is 'n geloof dat jy nie beheer kan uitoefen oor die gebeure in jou lewe nie. Hierdie gevoel van hulpelose aanvaarding of fatalisme kan lei tot kliniese depressie.
- *"Cognitive Theory".* Depressie is 'n probleem met jou denke en oortuigings, eerder as jou gevoelens. Wanneer jy dink en glo dat jy hulpeloos en onbekwaam is, dan beheer sulke denke jou gedrag. Persone met depressie interpreteer gebeure verkeerd, dit verdraai hulle siening van die wêreld en van hulself en hulle glo dat die toekoms op niks uitloop nie.
- *"Anger-Turned-Inward-Theory".* Persone wat nie weet hoe om uitdrukking aan hulle woede te gee nie, of bang is om dit te doen, of voel dat hulle nie reg het om uiting daaraan te gee nie, krop dit op en rig dit na binne – dit lei tot depressie (Bv. kinders wat gemolesteer is).

Een van die grootste redes vir pogings tot selfmoord en selfmoord self, is depressie. Statistieke toon aan dat 5% van tieners in SA aan depressie lei.In 'n studie is bevind dat 10-12% van jongmense op 'n gereelde basis aan die dood dink en oorweging daaraan skenk om selfmoord te pleeg (Semmelink, 2009:68).

Faktore wat volgens Little (2008:62) aanleiding gee tot depressie by tieners, is die volgende: As hulle geboelie word; die beëindiging van 'n verhouding; die dood van iemand na aan hulle; egskeiding van ouers; siekte of gestremdheid; mislukking, trauma of verlies; stres as gevolg van druk om akademies of op die sportveld uit te blink; verandering van skool of dorp; vernedering voor maats; as hulle iets verkeerds gedoen het; konflik met gesinslede; 'n terneergedrukte ouer; middelmisbruik deur 'n ouer; ander disfunksionele huishoudelike

situasies; en die fisieke, hormonale, emosionele en sielkundige veranderings wat met die tienerfase gepaard gaan.

Amoore (2009:10), wat betrokke is by die *South African Depression and Anxiety Group* (Sadag), bevestig dat baie tieners wat navraag doen, geen sin en vreugde in die lewe ervaar nie. Talle van hulle ervaar ook depressie vanweë bekommernisse oor die verhouding tussen hulle ouers asook die stabiliteit in hul ouerhuise (Shamos, 2009:10).

**4.2.4.6 Seksuele wanpraktyke**

**a) Liggaamlike verandering lei tot ontdekking**

Seksualiteit en liggaamlikheid is deel van die ontwikkeling van die tiener tot volwassenheid. In hierdie bewuswording van die veranderinge in die liggaam is die tiener besig met die vraag hoe hy sy liggaam geniet, vertroetel, versorg en aan oefening blootgestel word sodat die liggaam gesond kan funksioneer. 'n Belangrike deel van die gewoond word aan hierdie groeiende liggaam is die vraag hoe hy die beperkinge van die liggaam akkommodeer en integreer (Louw, 2005:68).

Tydens kinders se vormingsjare is hulle veronderstel om al meer kennis te bekom betreffende waardes wat belangrik is vir die lewe – nie net in die sin van wat reg of verkeerd is nie, maar ook wat goed is, wat sleg is, wat beter is en wat slegter is.Daar moet geleer word om te kan onderskei betreffende dit wat werklik belangrik in die lewe is, die hoofdoelwitte waarvoor gesoek moet word. Hy begin dit eerste by die ouers leer, dan die uitgebreide familie, dan by sy portuurgroep, ander gesagsfigure en die media.Enige ontwrigting in hierdie ontwikkelingsfases bring emosionele wonde met nadelige gevolge. Seksuele molestering is vernietigende ingrepe in hierdie ontwikkeling (Draper, 1996:41).

**b) Die ongesonde kultuur van seksualiteit**

Die lewe van 'n groot persentasie jongmense word gekenmerk deur bandeloosheid waaronder dikwels ook seksuele losbandigheid. Daar is 'n kultuur waar ouers en tieners baie van seks weet, maar niks van gesonde seksualiteit nie. Seks word misbruik om die eie selfsugtige begeertes te bevredig – dit word gebruik om motors, klere, kos, sigarette, juwele, drank en vermaak te verkoop (Ziegler, 2000:193). Volgens Semmelink (2009:60) toon statistiek dat seksuele aktiwiteite die afgelope aantal jare drasties toegeneem het. Tans is 50-60% van tieners reeds hierin betrokke. Tieners is naïef oor die gevolge van bandelose seksuele bedrywigheid en gaan van die veronderstelling uit dat krisisse soos onverwagte swangerskappe, aborsie of seksueel oordraagbare siektes nie met hulle sal gebeur nie.

Wanneer dit hulle wel oorkom, is hulle geskok, teleurgestel, "uitgevang", bang en onseker. Vir baie beteken seks 'n bewys dat hulle volwasse is en op 'n impulsiewe wyse word die volwasse wêreld op hierdie wyse ontdek. Seks en mag word dikwels verbind en op hierdie wyse word seksuele gedrag 'n versoeking vir baie jongmense – nie as gevolg van hulle seksuele oriëntasie nie, maar as gevolg van 'n mag- en beheeroriëntasie (Ziegler, 2000:197).

Volgens Little (2008:40) is die faktore wat tot hierdie soort gedrag bydra tipies die volgende:

- TV, flieks, tydskrifte, die internet en selfone
- Alkohol
- Groepsdruk
- Voorbeelde van volwasse gedrag
- Minder klem op waardes
- Ondeurdagte optrede
- 'n Desperate poging om geliefd te voel.

Biologie, groepsdruk, sosiale strewe en die feit dat dit doenbaar is, vorm dus 'n kragtige kombinasie in 'n emosionele onstabiele en ietwat onvolwasse tiener en lei dan maklik tot die seksdaad. Tieners wend hulle ook dikwels tot seks om 'n gevoel van vervreemding en 'n swak selfbeeld die hoof te bied, om 'n behoefte aan aandag te bevredig of om vir emosionele verwaarlosing te vergoed (Little, 2008:42).

**c) Seksuele molestering lei tot verwarring**

Bydraende faktore tot sigbare toename in die seksuele mishandeling van vroue en kinders is die seksuele liberalisme en die maklike toegang tot harde pornografie – selfs in die strate van groot stede asook op die internet, en nou in toenemende mate ook op selfone (Little, 2008:88). Seksuele molestering veroorsaak verwarring by 'n kind. Terwyl elke kind op soek is na sekuriteit, liefde, emosionele ondersteuning, beskerming en versorging is daar ongelukkig diegene wat in die proses deur 'n ouer misbruik word. Wanneer dit plaasgevind het, is daar gewoonlik 'n verdraaiing in die kind se denke betreffende die begrippe van liefde en seks. Die gedagte kan dan baie maklik ontstaan dat liefde van enige gesinslid of familie seks sal insluit. Alle verhoudings word dan in hierdie lig gesien en emosionele groei bly in die slag, vertroue is weg, liefde is verdraai en veiligheid het platgeval. Dit laat emosionele wonde vir jare daarna. Alle ander verhoudinge is gedoem tot wantroue – as eie gesinslede nie vertrou kan word nie, hoe kan ander vertrou word? (Draper, 1996:44).

Seksuele misbruik is 'n gebeurtenis of 'n reeks gebeure wat binne 'n konteks plaasvind. Min slagoffers kom uit gelukkige en sogenaamde normale huise – selfs al mag dit baie goed voorkom vir buitestanders. Die tipe huis waar dit voorkom en gewoonlik ook nie aangemeld word nie, is verhoudingsgewys leeg – legitieme en gesonde intimiteit is raar en bykans afwesig. Dit is gewoonlik 'n voedingsaarde vir diepe sielshongerte. Twee faktore wat essensieel is aan 'n gelukkige huis, ontbreek gewoonlik ook binne situasies soos hierdie:

- Om erkenning te geniet vir wie jy is, eerder as vir wat jy doen.
- Respek vir die individualiteit van hierdie persoon (Coetzer, 2004:99).

Draper (1996:108) wys verder daarop dat, wanneer hierdie diep emosionele pyn nie verwerk word en "afgehandel" word nie, dit die volgende emosionele trauma tot gevolg het: gebrek aan selfwaarde wat lei tot vrae, twyfel en ongemak. Depressie vloei hieruit voort, gepaardgaande met uitputting, negatiewe denke en wanhoop. Angs kenmerk dan ook hierdie tipe lewe en slegte herinneringe kom dikwels na vore asook skuldgevoelens en skaamte. 'n Verwronge beeld van God bemoeilik ook so dikwels hierdie persoon se lewe terwyl enige verhoudings geneig is omprobleme te skep. Wanneer enigiemand beheer wil neem sal die persoon onttrek uit vrees om weer misbruik te word. Daarom sal daar dikwels ook probleme met enige gesag ondervind word – enige gesag wat veeleisend, onsensitief en vol kritiek is, word moeilik hanteer aangesien sulke gesag moontlike uitbuiting kan impliseer.

**4.2.4.7 Stres**

Enige stresvolle situasie soos egskeiding, afdanking van 'n ouer by die werk, verandering van skool, of ernstige siekte in die gesin kan die tiener se innerlike stabiliteit en emosionele sekerheid knou.Dit kan tot uiting kom in verskillende grade van wangedrag, depressie en, in ernstige gevalle, selfmoordgedagtes en -neigings (Cawood, 2008:49). Tipiese emosionele simptome van stres is depressie, selfbeeldprobleme, woede en angs (Hart, 1992:39).

Volgens Hart (1992:60) was fisiese oorsake vroeër jare meer verantwoordelik vir stres terwyl die oorwegende oorsake deesdae meer psigies van aard is. Die "inligtingseeu" vereis dat tieners meer moet leer, meer moet kompeteer, meer moet "cope" met uittartende morele versoekinge en harder moet werk. Die media maak hulle daagliks meer bewus van al die uitdagings en die gevare. Hulle is vasgevang in 'n uitputtende pas van die lewe waar daar nooit tyd is om af te skaal nie, want dan verloor jy. Ouers het dus 'n groot rol om te vervul in hul betrokkenheid by hul kinders om hulle stres te verlig en aan hulle effektiewe "coping skills" te leer. Deur 'n atmosfeer van veiligheid en geborgenheid in die huis te skep en self teenwoordig te wees, gee hulle aan die tiener die vrymoedigheid om te praat en die stres te verwerk. Afwesige ouers en ouers wat nie hulle rolle ken nie, veroorsaak egter stres. Hart

(1992:192) beklemtoon dat dit belangrik is dat ouers nie onafgehandelde konflik, onnodige kritiek, oneerlike terugvoer, rigiede reëls en onnodige stres moet veroorsaak nie. Ouers behoort daarom ruimte asook oorvloedige liefde te gee aan kinders, hulle onvoorwaardelik te vergewe en gereelde bevestiging te gee (*affirmation*), want dit sal die stres baie verminder en ook aan hulle die vermoë gee om stres te bestuur. McGraw (2004:182) wys in hierdie verband op die impak van stres op tieners wanneer hy beweer dat in 'n sekere navorsingsprojek 64% van ouers erken het dat die grootste emosionele probleme waarmee hulle kinders worstel, stres en depressie is.

#### 4.2.4.8 Dissipline

In 'n ondersoek na dissiplinêre probleme kom De Klerk-Luttig (2007:1) tot die slotsom dat dissiplinêre probleme wissel van fisiese molestering tot ontwrigting van klasse. Redes hoekom tieners so ongedissiplineerd optree wissel van gebrek aan respek totmaniere hoe hulle die aandag van hul portuurgroep kan trek. Redes vir hierdie ongedissiplineerde gedrag lê by die afwesigheid van gevestigde waardes, veral die waardes van respek en verantwoordelikheid.

Die erns van hierdie probleem van ongedissiplineerdheid word beklemtoon deur die volgende uitspraak van die Suid-Afrikaanse Onderwysers Unie (Lessing, 2007:121):

> *"It is the undeniable responsibility of parents to send the learners to schools in the knowledge that learners must comply with the reasonable codes of conduct, and to also realize the consequences of not obeying the school rules."*

Die blaam vir die ongedissiplineerdheid kan egter nie net voor die deur van die ouers gelê word nie, want volgens Lessing (2007:121) dui navorsing daarop dat leerders twaalf negatiewe boodskappe teenoor een positiewe boodskap per dag ontvang. Hierdie negatiewe atmosfeer is 'n teelaarde vir rebellie en negatiwiteit wat 'n negatiewe klasatmosfeer skep. Dit kortwiek die ontwikkeling van verantwoordelikheid by die leerders.

#### 4.2.4.9 Angs

Kruger (2000:93) toon aan dat angs een van die emosies is waarmee tieners die meeste worstel – dit is 'n emosie wat voortkom uit 'n gevoel van geïsoleerd en hulpeloos wees in 'n potensieel vyandige wêreld. Hierdie angs is meestal nie aangebore nie, maar die gevolg van 'n spesifieke kultuur en die wyse waarop 'n kind opgevoed is. Hieruit groei 'n hiper-wedyweringsdrang, 'n behoefte om ten alle koste te wen as 'n manier om 'n gevoel van selfwaarde te handhaaf en te bevorder. Die etiologie van angsneurose het in talle gevalle te doen met 'n situasie waar 'n gesin onbillik, onvoorspelbaar en ongenadig teenoor 'n kind

optree en hieruit ontwikkel dan neurotiese strategieë waardeur die gevoel van basiese angs hanteer kan word.

Persoonlikheid ontwikkel in wat genoem word die selfsisteem, wat die organisering van ervarings binne die ouer-kind verhouding is. Angs word by 'n kind geskep wanneer daar by die moederfiguur angs en spanning aanwesig is. Alle interpersoonlike gedrag van hierdie persoon is gevolglik 'n poging om sodanige angs te vermy en om selfwaarde te handhaaf. Angs of vrees dien ook as 'n basiese oorlewingsfunksie – 'n kind se basiese angs is 'n angs vir isolasie, verwerping en vernietiging (Kruger, 2000:99).

Cartwright-Hatton (2006:89) bevestig datby verskeie geleenthede al aangetoon is dat angs in die kinderjare in die algemeen geassosieer kan word met 'n ouerhuis waar daar oorbeskerming was. So ook is oormatige bekommernis heel dikwels 'n teken van oorbeskermende ouers. 'n Swak ouer-kind verhouding gee ook aanleiding tot angs en bekommernis by die kind. Toetse bevestig egter ook dat by ouerhuise waar daar verwerping, emosionele verwonding, angstigheid en oorheersing is, kinders meer angs en bekommernis beleef. Ouers speel dus 'n belangrike rol om hulle kinders te leer hoe om hulle emosies te beheer (Cartwright-Hatton, 2006:90).

Mense vol vrese en veral vrees vir mislukking, neem nooit deel aan die lewe nie. Daar word altyd 'n verskoning uitgedink – hulle hou nie van die reëls nie, die skeidsregter is nie goed nie, ens. Die vreesagtiges is die pessimiste en die besluiteloses (Seamands, 2004:19).

**4.2.4.10 Dwelm- en alkoholmisbruik**

Cawood (2008:159) beklemtoon dat tieners na opwinding smag. Hulle wil sien hoe ver hulle die grense kan verskuif en hulle wil verbode vrugte proe. Dit neem die meeste tieners na sommige van die donkerder areas soos rook, dwelms en alkohol.

Navorsingsliteratuur oor dwelm- en alkoholmisbruik het volgens Little (2008:29) en Cawood (2008:159) die volgende risikofaktore uitgelig:

Omgewingsverwante faktore:

- Ouer- en omgewingsvoorbeelde (die gedragspatrone waaraan 'n kind blootgestel word). Kinders vorm hulleself na die gedrag wat hulle by hulle ouers en in hulle gemeenskap waarneem.
- Gesinsverhoudings. Kinders is veral in gevaar in gesinne waar daar tussen sowel die ouers as tussen die ouers en die kind 'n gebrek aan samehorigheid, innigheid,

ondersteuning en liefde is. Waar ouers nie belangstel of betrokke wil wees nie, of waar daar 'n algemene gebrek aan sosiale ondersteuning is, loop tieners gevaar.

- Negatiewe lewensgebeurtenisse of -ervarings, wat dan aansienlik bydra tot psigo-sosiale stres.

Persoonlike risikofaktore:

- Jongmense is meer geneig om hulle eie identiteit deur eksperimentering te ontwikkel en hulle eie geloofstelsel te ontdek.
- Dit is 'n stadium waarin tieners sukkel om by die wêreld in te pas. Hulle soek aanvaarding en het 'n sterk behoefte aan groepverbintenis.
- Gesinsprobleme (soos egskeiding, middelmisbruik deur ouers, konflik, fisieke, emosionele en seksuele mishandeling, afwesige ouers en gebrek aan kommunikasie) kan veroorsaak dat tieners middele gebruik om van die werklikheid te ontsnap. Dit laat hulle voel dat hulle 'n eie werklikheid kan "skep" – 'n werklikheid waar hulle in beheer is.

**4.3 Belangrike rolspelers in die ontwikkeling van die tiener tot volwassenheid**

Die belangrikste rolspelers in die ontwikkeling van die tiener tot volwassenheid is die gesin, skool, portuurgroep en die gemeenskap. 'n Pasgebore baba begin geleidelik 'n opinie vorm omtrent homself, hoofsaaklik op grond van die maniere waarop die belangrike mense in sy lewe teenoor hom reageer. Al die rolspelers hou 'n figuurlike spieël voor die kind waarin hy homself weerkaats sien. Die weerkaatsing, hetsy negatief of onrealisties positief, het 'n invloed op die ontwikkeling van die identiteit. Die ouers bepaal dus die eerste indrukke waarvolgens die identiteit ontwikkel en daarna volg die skool, portuurgroep en die samelewing (Cawood, 2008:57). Elke rolspeler is gevolglik verantwoordelik om die kind binne 'n warm atmosfeer van liefde en intimiteit te laat ontwikkel tot 'n volwasse persoon wat op 'n selfstandige wyse keuses kan maak (Louw, 2005:89).

Hierdie rolspelers is dan ook die grootste oorsaak van die meeste probleme waarmee tieners worstel. Wanneer daar vandag na die oorsake van die emosioneel verwonde tiener gekyk word, is dit steeds dieselfde. In 'n kommunikasie-verligte eeu is daar ironies en tragies gesproke baie minder kommunikasie en is dit boonop geweldig onpersoonlik (Hill, 1977:6). Kinderjare het verander hoofsaaklik omdat gesinne verander het en as gevolg van die verandering in gesinne het ons gemeenskappe, skole en sosiale waardes verander. Eers was die gesin die veilige plek – daar was bemoediging, beskerming en geleenthede om toegerus te word om te kan "cope".

Verhoudings speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die tiener se selfbeeld. Garbers (1983:8) beklemtoon in hierdie verband dat die tiener via sosiale verhoudings ander se innerlike ontdek en homself daardeur dieper ken en helderder definieer. In verhoudingsverband merk Little (2008:4) op dat die tiener vanaf die afhanklikheid van die kindertyd na die moontlikheid van 'n volwasse onderlinge afhanklikheid beweeg – afhanklikheid en onafhanklikheid is dus slagvelde waar daar hewige gevegte gaan plaasvind. Tieners is nog steeds materieel afhanklik. Hulle het nog nie die ervaring van die volwasse wêreld nie. Daar is twyfel by hulle oor hulle vermoë om onafhanklik te wees en onsekerheid oor hulle rol in die lewe. Aan die ander kant word hulle bevry deur hul ontwikkelende verstand en fisieke vaardighede. Gedurende hierdie onbestendige tyd is dit heel natuurlik dat die tiener sy ouers se waardes en reëls vir dié van sy portuurgroep sal verruil.

In sy ontwikkeling tot volwassenheid moet die tiener as't ware 'n plek in die volwasse samelewing vind vir sy ontwikkelende liggaam, 'n liggaam wat soms buite verhouding ontwikkel en maklik aanleiding kan gee tot verwerping (Garbers, 1983:11). Die tiener moet verder ook sy eie identiteit via verhoudings met ander formuleer en herformuleer. Omdat die tiener bang is vir verwerping en isolasie moet hy begelei word om intimiteit en liefde te ervaar. Dit gee sin aan die lewe, want hy ervaar die onvoorwaardelike aanvaarding vir wie hy is. Hy beleef dat hy nie 'n slagoffer van skuld en die verlede is nie. Hy het toekomsperspektief en is nie beangs vir dit wat wag nie. Die lewe maak sin, want daar is die ondersteuningstelsels wat mense in krisisse kan dra. Daar is bystand in die nood deur die onderlinge sorg (Louw. 2005:103). Wanneer kinders aanvaarding, erkenning en aanmoediging beleef, dan bevorder dit gesonde selfliefde, geloof in hulself asook die vermoë om andere te kan liefhê (McGraw, 2004:32).

Die gesin, die skool, die gemeenskap en die portuurgroep speel dus 'n belangrik rol as begeleidingsinstrumente in die persoonlikheid van die tiener onderweg na volwassenheid – dit skep in die identiteitsvestiging 'n belewings- en ervaringsverwysingsraamwerk waarteen emansipasie kan geskied (Garbers, 1983:12). Die rol wat die rolspelers in die ontwikkeling tot volwassenheid speel, het veral te doen met die vraag: *Van wie wil ek hou?*

Die sluit van vriendskappe en sosialisering speel ook 'n belangrike rol in lewensontwikkeling. Die tiener word in hierdie leeftydsfase gedurig gekonfronteer met keuses van vriendskappe, want jongmense wil deel van 'n groep wees (Louw, 2005:69). Die keuse van vriendskappe word bepaal deur die voorbeeld wat ouers stel in hulle omgaan met vriende. Die tradisies en waardes wat die tiener in sy ouerhuis aangeleer het, word in die groep getoets,

geïnternaliseer of verwerp. Kruger (2008:81) beklemtoon dat die verhoudings in die gesin alle ander verhoudings in die lewe beïnvloed. Hanteringstyle, familiegeheime en minderwaardigheid word dan ook uiteindelik die voertuie wat sekondêre verwonding van geslag na geslag oordra.

### 4.3.1 Die rol van die gesin

#### 4.3.1.1 Die gesonde gesin het 'n duidelike rolverdeling

Joubert (1999:188) beskryf die gesonde gesin soos volg:

> "'n Gesonde gesin is in 'n konstante proses van evolusie en verandering, met ander woorde, die gesin is dinamies en nie staties nie. In die gesonde gesin is daar gesinsriglyne vir gedrag en bevorder dit groei."

Die rolverdeling is duidelik bepaal en die ouers speel 'n leidende rol in die bepaling van waardes en grense. Die gesinslewe bied geborgenheid en sekuriteit, maar dit bied ook die geleentheid vir die ontwikkeling van die eie identiteit (Joubert, 1999:188). Die distorsie rondom rolle skeur 'n kind se kinderjare van hom weg. Dit word vervang met die laste van volwassenes wat te swaar is om op te tel. Die verwarring rondom rolle word verder gekompliseer deur herhaalde oorskrydings van die kind se grense en individuele regte. Grense is gepaste lyne wat tereg jou innerlike en uiterlike wêrelde skei van die domein van andere. Dit bied 'n gevoel van uniekheid en onafhanklikheid (Coetzer, 2004:100).

'n Gesonde gesin word ook deur Hovestadt (1985:290) beskryf as 'n gesin met selfstandigheid. Hierdie selfstandigheid word vergestalt deur duidelike uitdrukking, persoonlike verantwoordelikheid, respek en openheid vir ander gesinslede asook die vermoë om skeiding en verlies te hanteer. 'n Gesonde gesin ontwikkel intimiteit deur die uitdrukking van verskillende emosies, die skep van 'n warm atmosfeer, die bestuur van konflik, deur sensitiwiteit vir ander gesinslede te ontwikkel, en vertroue in die goedheid van die mens aan te moedig.

Die rol van die gesin in die vorming van die tiener se persoon is baie belangrik (Garbers, 1983:13). Die gesin wat met soepelheid optree, het die vermoë om gedurende verskillende lewensfases aanpasbaar te wees ten opsigte van die ontwikkelende persoon se behoeftes – daarom is dit nodig dat die ouer die kind deeglik sal ken. Die ouer moet weet wat is die kind se vermoëns asook wat die kind se beperkinge is (Louw, 2005:76).

#### 4.3.1.2 Die gesin lê die fondament vir 'n gesonde leefstyl

In die gesin word die fondament van opvoeding van die denke, die hart, die liggaam en die

gees gelê. Die huis is die leerskool waar beginsels, waardes en moraliteit vir 'n leeftyd geleer word (Covey, 2008:208). Die band met ouers is baie belangrik vir die jongmens se verhoudinge later in die lewe – 'n intieme band met die ouers is die sleutel tot persoonlike eienskappe asook interpersoonlike en sosiale sukses. 'n Intieme verhouding word beskryf as 'n wedersydse, langdurige, emosionele en fisiese aansluiting tussen 'n kind en 'n versorger (Ziegler, 2000:63).

'n Gevoel van samehorigheid word aangekweek en dit skep 'n atmosfeer van warmte en veiligheid. Hierdie ouers is betrokke by hulle tieners se lewens, pas hulle sosiale lewe by die behoeftes van hulle tieners aan, bly sorgsaam, maar maak voorsiening vir geleidelike onafhanklikheid, geniet aangename tye saam met hulle tieners, het 'n sin vir humor, is volhardend en gooi nooit tou op nie (Cawood, 2008:102).

Little (2008:212) is van mening dat die eerste sestien jaar, uit die oogpunt van opvoeding, baie belangrik is. Ondanks hul groter onafhanklikheid en die feit dat hulle al minder op die ouer staatmaak, is die ouer se teenwoordigheid, leiding en innige betrokkenheid nog steeds vir tieners noodsaaklik. Tieners het sterk, bekwame en betrokke ouers nodig en dit hou volgens Cawood (2008:42; vergelyk ook Ziegler, 2000:132) die volgende in:

- Hulle moet ouers hê wat 'n stewige lanseerblad kan verskaf – dryfsand is nie 'n goeie lanseerblad nie en 'n veilige en standvastige omgewing is dus noodsaaklik.
- Hulle het 'n veilige koesterende "oase" nodig waarheen hulle kan gaan wanneer hul tienerwêreld verwarrend en veeleisend word. Duidelike struktuur, grense en reëls is nodig. Die gevolge van hulle optrede en die toepassing van dissipline om die kind uiterlike en innerlike beperkings te leer, is hier van kritiese belang.
- Hulle moet voel hulle kan staatmaak op die belangrike volwassenes in hul lewe. Dit verg eerlike, openlike kommunikasie. Leer die kinders om die behoeftes van ander in ag te neem en rus hulle ook toe met ander sosiale bekwaamhede.
- Hulle moet ouers hê wat positiewe volwasse rolmodelle kan wees.
- Hulle moet ouers hê met gevestigde waardes wat volwasse en konsekwente morele kodes insluit. 'n Ouer wat openlik lieg en bedrieg kan nie verwag dat die tiener nie sy voorbeeld sal volg nie.

#### 4.3.1.3 Die gesin bied geborgenheid

Die kerngesin word al meer gesien as 'n private ruimte wat gebruik word om emosioneel veral binne die groot stadskomplekse te kan oorleef – dit word 'n soort van buffersone. Die gesin word dan die plek wat as weerligafleier moet dien vir die emosionele skokke wat daar

buite plaasvind. Dit word die ruimte waarin die 'emosionele vullis' van die lewe gestort word, 'n plek waar mense hul wonde lek en skuil, 'n oord waar mense afblaas en skuil om asem te skep (Louw, 2005:63). Die mees basiese psigologiese en sosiale probleme kan teruggelei word na hierdie intieme band tussen die kind en sy versorgers. Navorsing het byvoorbeeld getoon dat daar 'n verband is tussen 'n tiener wat 'n onsekere band met sy ouers gehad het en latere gedragsprobleme. Hierteenoor lei bande wat sekuriteit bied daartoe dat daar beter verhoudinge met portuurgroepe is, 'n meer positiewe gesindheid, meer empatie asook die vorming van goeie vriendskappe. Wanneer 'n kind op 'n jong ouderdom sy moeder se bemoediging, ondersteuning en hulpvaardigheid beleef en later ook dié van sy vader, gee dit aan hom 'n gevoel van waarde, 'n geloof in die hulpvaardigheid van ander en 'n aanvaarbare model waarop toekomstige verhoudings gebou kan word (Ziegler, 2000:64-66).

In die gesin leer die tiener die vertroue om 'n krisis tegemoet te gaan en te hanteer. Die gesin is 'n tuiste waarbinne die tiener geborgenheid soek ten einde identiteit te ontdek en tot volwassenheid te kan ontwikkel (Louw, 2005:65).

#### 4.3.1.4 In die gesin leer die tiener gesonde verhoudings bou

Tieners vind lewenslank baat daarby wanneer hulle in 'n liefdevolle en sorgsame gesin grootgeword het. Basiese lewensvaardighede met die oog op die lewenskuns van volwassenheid word in die gesin aangeleer. McGraw (2004:85) benadruk dat die drie belangrikste eienskappe van 'n ideale ouer die volgende is: "understanding, sensitivity and selflessness". Dit is dan ook aspekte soos hierdie wat deurslaggewend is in die vorming van die tiener binne so 'n gesin aangesien die tiener in 'n gesonde gesin die belangrikheid van verhoudings leer. Wanneer tieners in gesonde verhoudings met hulle ouers is, het hulle die vermoë om ook sosiaal gesonde verhoudings te hê – veral wat die portuurgroep betref. Sosiale vaardighede, soos om maniere te gebruik, om hulp te vra, om te gee, probleme en angs te hanteer, help dat jongmense nie uiteindelik sosiaal onaangepas raak en koers en sin in die lewe verloor nie (Ministry, 2006:32).

#### 4.3.1.5 Humor help ouers om tieners te verstaan

Humor speel ook 'n belangrike rol in die opvoedingsproses – dit is daardie vaardigheid wat rekening hou met die feit dat die kind nie 'n volwasse persoon is nie, maar op pad is na volwassenheid. Ontoepaslike gedrag van die kind word dan deur middel van humor as't ware "gemeet". Humor soek na alternatiewe en ander opsies wanneer die verhoudingsdinamika stol of vasvries (Louw, 2005:76). Ziegler (2000:253) noem dit "translating" en daarmee bedoel hy dat die ouers werklik moet verstaan wat met die kind aan

die gang is sodat hulle kan weet waar die kind is en hoor wat die kind soms nie sê nie. In hierdie proses moet daar nie gefokus word op die woorde nie aangesien tieners gewoonlik in teenoorgesteldes praat. Luister eerder wat hulle met hulle dade sê en nie met hulle woorde nie – kom in sy leefwêreld in.

**4.3.1.6 Gesonde kommunikasie leer tieners sosialiseer**

Een van die belangrike opvoedingsverantwoordelikhede van ouers is om hul kinders te leer om te sosialiseer. Dit gebeur wanneer daar in die gesin gekommunikeer word. As jy as ouer nie met hulle kan praat op 'n manier wat hulle kan hoor nie, en nie hoor op die manier wat hulle praat nie, dan gaan jy nie slaag in die sosialiseringsproses nie (McGraw, 2004:156).

Vir tieners is liefde en koestering van kardinale belang. Liefde dui op die vaardigheid om die kind onvoorwaardelik te aanvaar vir wie hy is met inagneming van die grense van 'n bepaalde ontwikkelingsfase. Ouerliefde wil aan die kind kommunikeer: jy het vir my waarde in terme van wie jy is en jy het die waarborg dat ons jou nooit sal verwerp nie. Die kind weet dan, of ek gehoorsaam of ongehoorsaam, goed uitdraai of sleg, aan my ouers se verwagting voldoen al dan nie, hulle sal my nooit verwerp nie – die kind is dan nie uitgelewer aan die ouer se onrealistiese ideale, nukke of grille nie (Louw, 2005:76). Sien probleemsituasies as uitdagings en nie nog 'n probleem nie. Vra vir hulp en begelei jou kind. Hoe meer jy die probleem sien as 'n uitdaging en daaruit leer, hoe makliker sal jy daarin slaag om jou kind te lei (Ziegler, 2000:253).

Gesinne kan verder 'n omgewing verskaf waar kinders die vrymoedigheid het om hulle individualiteit te laat floreer, waar hulle aan die ontwikkeling van hul eie potensiaal kan werk, waar hulle na geluister en gehoor word. Dit is 'n omgewing waar hulle oor hulle gevoelens, drome, doelwitte, vrese en vreugdes kan praat sonder om bang te wees dat hulle bespot of verkeerd verstaan sal word (Little, 2008:189). Die belangrikste leierskapsrol in die gemeenskap is die van 'n ouer in die gesin. As leier in die gesin behoort jy die potensiaal in jou kind raak te sien en te ontwikkel. Hoor jou kind in jou stem die inspirasie dat hulle die potensiaal kan bereik wat hulle het? Vind jou kinders in jou huis 'n toevlug vir die aanslae van die lewe? (Covey, 2008:209).

**4.3.1.7 Verantwoordelikheid as moderne ouers word te veel**

Die huisgesin is vandag onder geweldige aanslae en die verbrokkeling van die gesinseenheid word al meer as 'n krisis bestempel (Covey, 2008:209).Waar gesinne deur die geskiedenis heen die grondslag vir die samelewing gevorm en 'n belangrike rol in

kinders se ontwikkeling gespeel het, ervaar meer kinders ongelukkig die wrede werklikhede van gebroke gesinne (Little, 2008:89). Die las om 'n moderne ouer te wees, veroorsaak gevolglik dat ouers al minder in staat is om hul verantwoordelikhede as ouers na te kom – hulle sien nie meer die kind se behoeftes raak nie (Ziegler, 2000:130). Hart (2000:199) praat van die "hothouse homes" met verwysing na die beeld van kweekhuise waar plante op 'n kunsmatige wyse aangehelp word om vinnig te groei. Plante groei vinnig en word groot maar daar is nie langdurigheid en gehardheid nie. Besige ouers skep dikwels dieselfde kweekhuisopvoeding. Die ontwikkeling van die kind word egter bespoedig met 'n "verrykende" omgewing en inligting om hulle selfstandig te maak, en vra tyd en ondervinding. Wanneer aan kinders te veel, te vinnig, en te vroeg gegee word, is daar twee gevaarlike risiko's, naamlik ontwikkeling wat ongebalanseerd en wisselvallig is en ontwikkeling wat geen inhoud het nie.

Covey (2008:209) skets hierdie aanslae teen die gesin as van buite en van binne. Van buite word gesinne gebombardeer met invloede wat jongmense onder druk plaas om met dwelms en voorhuwelikse seks te eksperimenteer en onordelike gedrag te openbaar – alles moet in oormaat gedoen word. Maar meer nog is die druk wat gesinne van binne ervaar – onenigheid, finansiële probleme, molestering, eensaamheid, gierigheid, ens.

Louw (2005:77-78) noem vier oorsake wat daartoe kan lei dat 'n gesinsisteem siek raak:

- Bandeloosheid – ongebonde vryheid (chaos van egoïsme). Wanneer die proses van volwassenheid en onafhanklikheid losgemaak word van daardie norme en waardes wat dissipline in die oog het.
- Versmelting en versmoring. Wanneer die dinamika van individualiteit en samesyn deurgesny word en plek moet maak vir ongekwalifiseerde samesyn. Die gesinsisteem se samesyn demp dan individualiteit en identiteit.
- Outoritêre oorheersing/dominering. Wanneer dissipline in geweld ontaard. Wanneer dissipline verwar word met die handhawing van ouerlike gesag en losgemaak word van waardes, word die gesinsisteem 'n gevangenis.
- Vervreemding en verwerping. Verwerping kommunikeer die boodskap: my ouers stel nie regtig in my belang nie; hulle wil my nie regtig hê nie en ek is eintlik vir hulle meer 'n las as 'n vreugde.

Die samelewing word al meer gedemokratiseer sodat die klem al meer op menseregte val. Hierdie klemverskuiwing veroorsaak 'n probleem met dissipline. Omdat elke persoon die reg het om dinge vir homself toe te eien of op aanspraak te maak, verskuif die belangrikheid van

verantwoordelikhede en geskiktheid op die agtergrond. Daarom is dit belangrik vir die ouer om onder alle omstandighede in beheer te bly van die kind. Wanneer jy in beheer is van jou gedrag en gevoelens, jou innerlike, en ook die gesinsomgewing, sal jou tiener wat gedurig daarop uit is om die grense te toets, nie onseker wees wie in beheer is nie (Ziegler, 2000:253).

Uit die gefrustreerde terugvoer van baie skole (hoofde, onderwysers, en beraders) en sielkundiges blyk dit dat 'n groot aantal ouers hulle plig versuim en meer van die verantwoordelikhede wat met ouerskap vereenselwig word, aan die skole en TV oorlaat – tot ernstige nadeel van ons tieners (Little, 2008:209). Ouers is gevolglik al hoe meer geneig om hul kinders se vriende te wil wees, terwyl hulle die vestiging van aspekte soos dissipline, waardes, goeie maniere en respek vir gesag heeltemal aan die skole oorlaat.

#### 4.3.1.8 Disfunksionele gesinne as teelaarde vir wangedrag

Kinders uit disfunksionele ouerhuise het geen maatstaf betreffende gesonde gesinstrukture nie. Die eerste belangrike behoefte van die kind wat deur die ouers vervul behoort te word, is die behoefte aan emosionele binding met die ouers. Gesonde emosionele binding word gedefinieer as: *"Ek maak saak vir iemand".* Oorverbondenheid (versmoring) ontstaan tussen ouers en kinders wanneer daar enersyds wel emosionele binding aanwesig is, maar andersyds verwarring rondom persoonlike grense ontstaan. In 'n gesin waar daar wel reëls maar geen emosionele binding is nie, ontstaan afsydigheid (Kruger, 2008:73).

Little (2008:190) wys op die verpletterende uitwerking wat die verbrokkeling van 'n gesin op tieners het. Afgesien van disfunksionele of destruktiewe gesinsverhoudings praat tieners uit geskeide gesinne ook van ernstige trauma, hartseer en depressie. McGraw (2004:17) beklemtoon die negatiewe gevolge van egskeiding op kinders. In meer as die helfte van sulke gevalle sien die kinders nooit weer hul vaders nie en hulle ervaar skuld en vrees te midde van die ontwrigting en verwarring. Dissipline word gewoonlik ook nagelaat en 'n rolmodel is nie altyd beskikbaar nie. Emosioneel is die moeder ook nie in staat om hierdie opvoedingstaak na wense uit te voer nie. Kinders se behoeftes na sulke traumatiese gebeure soos 'n egskeiding is tipies die volgende: aanvaarding, geborgenheid, versekering dat hulle nie skuldig of verantwoordelik vir die egskeiding was nie, behoefte aan struktuur, behoefte aan 'n standvastige ouer wat die vermoë het om 'n toekoms te skep asook behoefte daaraan om net kind te kan wees.

Die drie belangrikste probleme in gebroke huwelike blyk volgens McGraw (2004:24) die volgende te wees: dissipline, oplossing van konflik en verdeling van verantwoordelikhede.

Die traumatiese impak wat egskeidings op tieners het, blyk egter steeds toe te neem. Von Wielligh (2003:7) wys op die volgende statistieke: in 1999 was daar 38,833 minderjariges betrokke by egskeidings in Suid-Afrika en in 2000 was daar 45,331. Egskeidings in 1999 was 34,102 en in 2000 was die getal 37,098.

### 4.3.2 Die belangrikheid van die ouerlike voorbeeld

Die Ministry of Education and Culture (2006:20) het in sy skrywe oor die voorkoming van geweld gewys op die invloed wat die voorbeeld van ouers op die voorkoms van geweld het. Om binne 'n disfunksionele gesin op te groei is die grootste bydraende faktor tot latere gewelddadige optrede of om 'n slagoffer van geweld te word. 'n Disfunksionele gesin is 'n gesin waar emosies nie openlik en eerlik gewys word nie, waar die vermoë om dinge te hanteer ontbreek en die lede mekaar nie vertrou nie. In so 'n gesin sal een of meer lede nie respek teenoor ander toon nie, mekaar nie vertrou nie en verward wees oor riglyne vir verantwoordelike gedrag. Daar vind geen konsekwente dissipline plaas nie, daar word geen tyd saam spandeer nie, geen emosies word met mekaar gedeel nie, konflik word met geweld opgelos, alkohol en dwelms word misbruik en gesinslede mishandel mekaar met woorde en dade.

Covey (2008:214) wys op die volgende vier stappe wat ouers kan volg om gesonde en positiewe beginsels by hulle kinders in te prent:

- *Inspire Trust* – Kinders moet in jou voorbeeld sien dat jyself die beginsels toepas. Jy is dus hulle model. Laat hulle beleef dat jy vir hulle omgee. Spandeer tyd saam. Laat hulle beleef dat jou liefde ook belangrik is. As hulle aansluiting by jou kan vind, sal hulle oop wees vir jou onderwysing.
- *Clarify purpose* – Hoekom is die beginsels belangrik vir jou kind? Watter doelwitte het jy vir jou kind? Hoe kan die gesin aanpas in die bereiking van hierdie doelwitte?
- *Align systems* – Hoe sal kinders "inkoop" by hierdie leierskapbeginsels? Watter rolle gaan kinders hierin speel? Is daar beloning in die nakoming van hierdie beginsels?
- *Unleash talent* – Watter spesifieke gawes wil jy in die kind koester en ontwikkel? Is kinders betrokke in die stel van doelwitte en die ontwikkeling van beginsels?

### 4.3.3 Die belangrike rol van ouers in die bepaling van waardes

#### 4.3.3.1 Waardes gee rigting en veiligheid in die lewe

Waardes is baie belangrik vir die tiener om die regte pad te vind en met welslae deur die lewe te reis. Ferreira (2007:65) konkludeer dat mense se waardes belangrik is in die bepaling van sy oortuiginge en hoe hulle ervarings waarneem, interpreteer en evalueer.

Morele waardes stel jou in staat om binne vasgestelde grense sinvol te leef en jou aan gesag te onderwerp (Ministry, 2006:89). In navorsing op die terrein van die psigologie (Heaven, 2007:684; Milevsky, 2004:308) word aangetoon dat godsdienstigheid geassosieer word met toenemende hoop asook die voorsiening van 'n buffer teen vroeë seksuele aktiwiteite – dit kan ook depressie en angs verlaag. Intieme godsdiensbelewing bring positiewe denke. Dit hou verder in dat siektes minder voorkom, dit bevorder sosiale aanvaarbare gedrag, bekommernisse en skuldgevoelens word minder en daar is 'n groter mate van selfaanvaarding. Verder het die vermelde navorsing ook 'n verband tussen godsdienstigheid en selfbeeld aangetoon. Oppervlakkige, skynheilige godsdiens lei egter tot gevoelens van skaamte en skuld. Op grond van sy navorsing kom Milevsky (2004:318) in hierdie verband tot die volgende konklusie:

> *"In general, religious involvement may be one of the mechanisms with which preadolescents can deal with the struggles of a changing and emerging modern society. The current study holds developmental and clinical importance by highlighting the potential influence of religion in ameliorating the common problems of youthful loneliness, poor self-esteem and depression."*

Die enigste hoop wat ouers het dat hulle hul kinders kan beskerm teen die aanslae van die wêreld, is om aan hulle die regte beginsels en waardes te leer. As ouer kan jy allerhande voorsorg in jou huis getref het om jou kind teen verkeerde invloede te beskerm – TV, Internet, vriende, dwelms – maar as hulle uit die huis is, kan jy nie meer hierdie beskerming bied nie (Covey, 2008:212).

Volgens Lawrence Kohlberg (Ministry, 2006:90) is daar drie stadiums van die ontwikkeling van so 'n waardesisteem:

- *Pre-moral level* – die kind leer aan om te onderskei tussen watter gedrag reg is en watter gedrag verkeerd. Gewoonlik gaan hierdie ontwikkeling gepaard met straf en beloning. Die leidende vraag is: Sal ek in die moeilikheid beland? Die kind verstaan op hierdie stadium egter nog nie ten volle wat die redes vir die reëls is nie. Die ontwikkeling van 'n gewete begin op die ouderdom tussen vyf en sewe en dan impliseer dit ook die ontwaking van 'n verantwoordelike gedrag wat berus op die ontwikkeling van die waardesisteem wat hy vroeër begin leer het.
- *Role Conformity* – dit ontwikkel op die ouderdom tien tot dertien. 'n Waardesisteem ontwikkel waardeur waardes bepaal word deur te antwoord op die vraag: Wat sal mense van my dink as ek so sou optree? Hulle weet nou wat is reg en verkeerd, maar die verwagtinge van mense naby hulle speel 'n belangrike rol.

- *Principled level* – die kind tree nou al meer op op grond van sy gewete, stel waardes en besef dat sekere optredes ander mense te na kan kom.

Ongelukkig word die derde vlak dikwels nie bereik nie, omdat daar nie reeds vroeëre ontwikkeling en groei is waarop voortgebou kon word nie.

#### 4.3.3.2 Die vestiging van identiteit

Norme en lewenswaardes wat vastigheid en waarde aan 'n mens se bestaan gee, is gevolglik grondliggend vir die bepaling van identiteit. Volgens Louw (2005:66) is die belangrikste norme of lewenswaardes wat volwassenheid deurslaggewend bepaal en beïnvloed aspekte soos integriteit, opregtheid, objektiwiteit, verantwoordelikheid, toewyding, geregtigheid, wysheid en vryheid. 'n Gesonde selfbeeld en selfrespek is belangrik vir die tiener om in hierdie mededingende, komplekse en onsekere wêreld koers te kan hou. Hiervoor het hulle die vermelde lewenswaardes, vaardighede en kennis nodig om krities en kreatief te dink.

Volgens Little (2008:197) is die volgende faktore belangrik ten einde selfrespek te bewerkstellig:

- 'n Vrugbare omgewing. Dit is belangrik om 'n omgewing vir die kinders daar te stel wat selfbewussyn, respek, eieliefde, waardering en selfkennis kweek en aanmoedig, en terselfdertyd ook op goeie etiese waardes gegrond is.
- Die vorming daarvan op 'n vroeë ouderdom. As kinders baie jonk is, is hulle selfrespek gegrond op boodskappe wat hulle van hul ouers en ander belangrike volwassenes kry. Hierdie boodskappe, verbaal en nie-verbaal, is of bemoedigend en koesterend, of wreeden krities. Aangesien hulle te jonk is om tussen die waarheid en die leuen te onderskei, glo die kinders alle boodskappe. Sommige boodskappe kan direk wees, soos "Dit was gaaf, dankie" of "Jy is 'n pes", of subtiel, soos om nie na hulle te luister nie of jou kinders met mekaar te vergelyk. So word die grondslag gelê vir die persepsie wat ons van onsself aangaande ons waarde en verdienstelikheid in die wêreld het.

#### 4.3.3.3 Waardes kweek respek en dissipline

De Klerk-Luttig (2007:9) bevind dat die grootste rede volgens die tieners vir die gebrek aan dissipline, die afwesigheid van respek is. Leerders het nie net geen respek vir onderwysers nie, maar ook vir mekaar nie.Baie van die ontwrigting vind plaas om aandag te trek. Hierdie wyse van ontwrigtende optrede word gekoppel aan

> "… limited parental involvement because parents are too busy or not even available or because of the moral decay and a lack of parenting skills".

Persone met morele waardes soos respek, verantwoordelikheid, geloofwaardigheid en 'n bereidheid tot omgee, sal makliker wette gehoorsaam. Waardes en morele gedrag is noodsaaklik vir die ontwikkeling van 'n gesonde karakter, interpersoonlike verhoudings, 'n demokratiese gemeenskap en 'n regverdige en vreedsame wêreld. Hierdie morele waardes moet ontwikkel word want 'n kind kan nog nie ten volle onderskei tussen dit wat goed en sleg is nie.

**4.3.3.4 Gebrek aan waardes lei tot bandeloosheid**

Oënskynlik lyk 'n lewe sonder waardes aantreklik – daar is niemand om aan rekenskap te gee nie, daar is geen beperkende reëls, wette of gewete en geen bekommernis oor gevolge of ander se seerkry nie. Daar is 'n vryheid om te vat wat hulle wil hê, leuens te vertel wanneer nodig, oormatig te drink, rond te slaap, dwelms te gebruik, gewelddadig te wees en te steel en te bedrieg wanneer hulle ook daarna voel (Little, 2008:195).

In 'n doktorale studie in antropologie wys Van der Merwe (Beeld, 2010:4) hoe die waardes onder jong, wit Afrikaners die afgelope vyftien jaar radikaal verander het. Hulle dink nou anders oor onder meer seks en vloek as mense voor hulle. Hy het onder meer bevind:

- Die helfte van die respondente het in die vorige vyf jaar meer as een seksmaat gehad.
- Almal wou graag 'n vaste liefdesverhouding hê.
- Die enkele respondente wat nie voorhuwelikse seks beoefen het nie, het nie gedink dit is noodwendig sonde om dit te doen nie.
- Naaktheid, sekstonele en vloekwoorde in flieke, stories of liedjies is vir die groep aanvaarbaar, solank dit nie oordoen word nie en by die intrige of lirieke inpas.
- Feitlik almal het erken dat hulle soms vuil, vulgêre of rassistiese e-pos of SMS'e ontvang en aanstuur.

**4.3.4 Die noodsaaklikheid van grense vir 'n sinvolle lewe**

**4.3.4.1 Grense help in die bepaling van identiteit**

Grense bepaal wie die mens is en wie hy nie is nie. Die ontwikkeling van 'n eie identiteit hou verband met die eksperimentering en toetsing van die grense en beperkings van die betrokke individu se leefwêreld (Cloud & Townsend, 2004:21). Little (2008:4) beklemtoon die feit dat toetsing van grense 'n belangrike rol vervul vir die tiener ten einde uiteindelik 'n

selfstandige denker te kan word. Grense help die tiener om homself van ander te onderskei en hierdie grense hou volgens Cloud en Townsend (1992:33) verband met die volgende aspekte:

- Die vel – die mees basiese grens tussen een persoon en 'n ander is sy vel.
- Woorde – grense kan met woorde bepaal word, onder andere die mees basiese woord "nee".
- Waarheid – om die waarheid oor God en sy eiendom te ken, bepaal grense.
- Afstand – wanneer fisiese afstand gehandhaaf word, word grense gehandhaaf.
- Tyd – deur aan jouself tyd toe te ken in jou betrokkenheid by andere of by sake, bied dit aan jou die geleentheid om jouself weer te vind en grense te bepaal.
- Emosionele afstand – hierdie is dikwels 'n tydelike grens ten einde jouself geleentheid te bied om tot verhaal te kom bettreffende jou eie situasie.
- Ander mense – die tiener is afhanklik van ander mense om grense te bepaal.
- Gevolge – wanneer oortree word, is daar gevolge en so word grense bepaal.

Hoe vroeër die kind die vestiging en handhawing van grense bemeester, hoe minder sal hy verwarring en besluiteloosheid later in die lewe beleef.

Coetzer (2004:100) wys op die belangrikheid vir ouers om ook die grense van hul tieners te respekteer. 'n Algemene grens is byvoorbeeld die reg op privaatheid wanneer higiëniese take verrig word. Talle misbruikte individue is nooit privaatheid gegun in terme van ruimte, gedagtes of gevoelens nie. 'n Ander tipe oorskryding van grense vind ook plaas wanneer 'n ouer aan 'n kind sê dat sy gevoelens verkeerd is, dat dit absurd is of eintlik nie bestaan nie. Die ontkenning of verwerping van emosies maak inbreuk op die privaatheid en "heiligheid" van 'n kind se innerlike wêreld. In die toekoms gaan hierdie kind die geldigheid van sy eie oordeel bevraagteken.

#### 4.3.4.2 Grense bepaal verantwoordelikhede

In die vasstelling van grense is die kritieke les wat tieners moet leer dat daar nie so iets soos vryheid sonder verantwoordelikheid is nie. Die beste sekuriteit kry 'n kind in 'n ouerhuis waar daar veiligheid, versorging, grense (strukture) en dissipline is (Ziegler, 2000:109).

Tieners smag na onafhanklikheid en vryheid van ouerlike beperkings. Hulle toets reëls en perke en bevraagteken hul ouers se waardes, maar op hul pad deur die tienerfase het hulle die veiligheid en versekering van die grense wat bekwame, liefdevolle, konsekwente ouers stel, baie nodig – daar is by die tiener 'n nood vir sekuriteit (Cawood, 2008:86).

Sake wat binne die persoonlike grense val en waarvoor die tiener verantwoordelik is, is: gevoelens, gesindhede en standpunte, gedrag, keuses, waardes, beperkinge, talente, denke, begeertes en liefde (Cloud, 1992:40). Grense gee verantwoordelikheid aan die tiener en help hom om homself teen beserings en skade te beskerm (Cloud, 2004:21).

#### 4.3.4.3 Grense hou voordele in

Volgens Little (2008:203; vergelyk ook Cawood, 2008:86) blyk dat redelike, regverdige, duidelik omskrewe en toegepaste grense die volgende bydrae kan lewer:

- Dit laat tieners veilig, versorg en geliefd voel.
- Dit gee riglyne vir toekomstige besluitneming.
- Dit bou selfdissipline en karakter.
- Dit leer respek vir ouers, volwassenes en gesagsfigure.
- Dit verskaf 'n anker en krag om versoeking te weerstaan.
- Dit kweek selfvertroue en gee 'n gevoel van vryheid en veiligheid.
- Dit stel tieners in staat om verantwoordelikheid vir hulle dade te aanvaar.
- Dit is iets tasbaars waarteen hulle hul onafhanklikheidspiere kan oefen.
- Tyd, geduld en emosionele energie is nodig om grense vas te stel. Dit toon ook aan die tiener dat iemand genoeg omgee om hierdie veilige perke te voorsien.
- 'n Verdere voordeel van vaste grense is dat dit aan die tiener iemand gee op wie hulle die skuld kan pak. Hulle het dikwels nog nie genoeg selfvertroue om portuurdruk op hulle eie te weerstaan nie.

#### 4.3.4.4 Die kultuur van menseregte laat grense vervaag

In sy studie van die oorsake vir afwykende gedrag kom Gottfredson (1994:42) tot die slotsom dat die gemeenskaplike element selfbeheersing is. Selfbeheersing word in die vroeë lewensjare aangekweek, hoofsaaklik deur die ouers. Druk in die hedendaagse wêreld, veroorsaak deur die klem op menseregte, asook ervarings ten opsigte van dissiplinering in die verlede, lei in talle gevalle daartoe dat ouers deesdae twyfel om dissipline op kinders toe te pas (Little, 2008:202). Daar is 'n terughoudendheid om grense te stel, want ouers vrees verder ook dat dit hulle kinders sal vervreem. Baie ouers wil gevolglik wegbeweeg van die outokratiese uiterstes. Baie is ook van mening dat slae, raas, dreigemente en vernedering heeltemal nutteloos en afbrekend is, en net die kind se rebelse en gegriefde gevoelens vererger (Cawood, 2008:13)

Sodanige ingesteldheid lei gevolglik baie maklik tot 'n permissiewe benadering betreffende die toepassing van grense. Die kind is uiteindelik in beheer want hy bepaal die grense na aanleiding van sy gevoelens. Vrees kan ook ontstaan by ouers dat die kind se selfbeeld skade aangedoen sal word wanneer daar grense gestel word. In plaas van grense stel wil sulke ouers dan eerder hul kind se beste vriend wees (Cawood, 2008:14).

#### 4.3.4.5 Ouers vermy grense uit vrees dat hulle hul kinders gaan verloor

Die "laissez-faire"- ouerskap (ouers dring nie oortuiginge aan kinders op) is 'n kenmerk van die postmoderne samelewing van vandag en het tot gevolg, volgens Little (2008:5), dat sommige ouers huiwer om hulle oortuiginge aan ander op te dring (en in besonder dan ook hul kinders), dat sosiale en kulturele strukture hul betekenis verloor, en dat ouers soms selfs effens selfbehep is. In die lig hiervan sal baie ouers eerder verkies om aan eise toe te gee of onaanvaarbare gedrag te verdra eerder as om grense daar te stel en dissipline toe te pas. Sodoende vermy hulle die risiko van konfrontasie, rebelsheid, parmantigheid, kwaai antwoorde, of dat hul tieners nie van hulle gaan hou nie. Dit wil soms ook voorkom asof baie ouers taamlik geïntimideer voel deur hulle tieners en gedurig bang is dat hulle hul kinders sal ontstel of vervreem. Baie voel ook skuldig dat hulle as ouers te kort skiet, en dit kan hulle vermoë om aan te dring op dissiplinêre aspekte wat belangrik mag wees, verswak (Little, 2008:202).Om egter doeltreffende grense te stel en dissipline toe te pas, is dit belangrik dat die ouer selfgeldend en in beheer van sy reaksies moet bly. Deur kalm en in beheer te bly, vestig die ouer 'n gevoel van gesag en doelgerigtheid (Cawood, 2008:15).

#### 4.3.4.6 Verkeerde bepaling van grense kan emosionele skade berokken

Gesonde grense is baie noodsaaklik in die ontwikkeling van die tiener tot volwassenheid. Wanneer ouers egter op 'n verkeerde wyse grense bepaal en hanteer, kan dit emosionele skade meebring wat in die latere lewe tot verkeerde optredes lei. Cloud en Townsend (1992:74) beklemtoon veral die volgende optredes van ouers wat tot emosionele skade by die tiener kan lei:

- *Onttrekking van grense* – Ouers moet nie hulle liefde onttrek wanneer tieners van hulle verskil, die grense toets of eksperimenteer nie. Ouers moet gedurig die tiener verseker van sy liefde ten spyte van verskille. Liefde moet nie alleenlik gegee word as die tiener gehoorsaam is nie.
- *Vyandigheid teen grense* – Ouers raak soms vyandiggesind wanneer die tiener onafhanklik begin raak. Hierdie vyandiggesindheid kan gestalte kry in die vorm vanwoede, fisiese straf en ander onnatuurlike gevolge. Die tiener leer gevolglik nie die respektering van grense nie, maar slegs hoe om woede-uitbarstings te vermy.

- *Oorbeskerming* – Ouers probeer hulle kinders daarteen beskerm om foute te maak deur streng rigiede reëls te maak. Hierdie tieners raak gevolglik afhanklik, vasgevang in konflik en is nie bereid om te waag nie.
- *Geen beperkinge* – Sommige ouers meen dat oorvloedige liefde en gedurige vergifnis sal lei tot gesonde volwassenheid. Hierdie optrede kan daartoe lei dat 'n tiener aggressief wil beheer.
- *Inkonsekwente grense* – Ouers twyfel aan die regte wyse van opvoeding en het dan grense wat gedurig verander. Hierdie optrede bring onsekerheid.

### 4.3.4 Die rol van die skool

Die gesin word in sy begeleiding van die tiener tot volwassewording deur die skool, as belangrike rolspeler, ondersteun. Die betrokkenheid van die ouer in hierdie verband bly egter steeds van kardinale belang. Garbers (1983:14) maak die opmerking dat die skool nie net onderrig gee nie, hy "maak" as't ware mense. Die skool se primêre taak is gevolglik om die kind onder meer ook te begelei in die toe-eiening van waardes en norme wat betekenis aan die lewe gee. By die skool ontmoet hulle nuwe mense – vriende en vyande. Hulle is baie geheg aan vriende, want hulle verskaf 'n magsbasis en 'n gevoel van aanvaarding, erkenning en identiteit. Hulle beleef sukses en mislukking by die skool – hier wil hulle hulself bewys en ook erkenning ontvang. Daarom is daar altyd kompetisie, nie net met ander nie, maar ook met hulleself omdat hulle onseker is oor hulle vermoë, belangstelling en ideale. Hulle is verder geneig om hulself voortdurend met andere te vergelyk en het gevolglik dikwels onrealistiese verwagtings van hulleself. Kompetisie vir die aandag van die teenoorgestelde geslag speel gewoonlik ook binne hierdie milieu 'n belangrike rol (Semmelink, 2009:48).

Die ondersoek na dissiplinêre probleme in skole (De Klerk-Luttig, 2007:3) bewys dat die grootste invloed op tieners in skole op die vlak van modellering lê. Dit hou hoofsaaklik verband met die onderwyser se karakter, sy gevestigde waardes, persoonlike betroubaarheid en geloofwaardigheid. Tweedens speel die verhouding waarin die onderwyser tot die kinders staan ook 'n belangrike rol. Ware dissipline word geassosieer met uitgeleefde waardes, karakter en verhoudings en nie soseer in rigiede en wettiese reëls nie. Du Plessis (2007:44) wys op navorsing waarvolgens 38% leerlinge daagliks te doen kry met afknouery en 32% een maal 'n week. Afknouery kan op verskillende maniere plaasvind nl. verbaal, psigies en fisies. Tieners wat afknou het 'n behoefte daaraan om sterk en in beheer te voel. Hul vind bevrediging daarin om iemand seer te maak en te laat ly, het baie min empatie met hulle slagoffers en het die verskoning dat hulle uitgelok is. Die oorsake van

hierdie probleem kan dikwels gekoppel word aan moeilike aspekte soos selfmoord, verslawing, afwesigheid en swak akademie binne die milieu van die oortreder. Afknouery kan beperk word as daar in die skool genoegsame toesig, bemiddeling en 'n gesonde atmosfeer van warmte en aanvaarding deur die onderwysers geskep word. Volgens Du Plessis (2007:53) dink tot 25% onderwysers dat dit nie nodig is om by afknouery in te gryp nie.

Studies toon dat tieners wat afknou dikwels uit huise kom waar fisiese straf onoordeelkundig en tot die ekstreme toegepas is, waar kinders geleer word om terug te slaan om probleme op te los en waar ouerbetrokkenheid en warmte dikwels ontbreek. Gesinsfaktore, individuele en skoolfaktore kan almal bydra tot afknouery. Ouerskapstyle kan ook grootliks bydra tot hierdie probleem. So kan 'n gebrek aan warmte en aandag aan die kind, die modellering van aggressiewe gedrag in die huis asook swak begeleiding van die kind dieideale geleentheid bied vir aggressiewe en afknouerige gedrag by kinders (Du Plessis, 2007:47).

**4.3.5 Die rol van die portuurgroep**

Verhoudings binne die portuurgroep word al hoe belangriker wanneer die tienerjare aanbreek, en dit speel 'n lewensbelangrike rol in tieners se geluk en emosionele welsyn. Die kwaliteit van die portuurverhoudings gedurende die tienerfase is ook 'n belangrike aanduider van die mate waarin suksesvolle aanpassing ten opsigte van volwassenheid reeds plaasgevind het. Onbevredigende portuurverhoudings voorspel gewoonlik latere gedrags-, beroeps-, huweliks-, en seksuele probleme (Maree, 2000:55). In hulle soeke na identiteit skakel tieners gewoonlik by 'n sekere groep in. Sulke groepe het oor die algemeen een of ander 'gesagsfiguur' wat dan aan die tiener status, kundigheid en identiteit bied (Semmelink, 2009:49).

Little (2008:9) is van mening dat die tienerfase die begin is van die natuurlike proses van skeiding en toenemende onafhanklikheid en daarom kan daar 'n afsydigheid en vermyding van ander gesinslede tydens hierdie fase plaasvind, wat dit soms moeilik vir ouers maak om te aanvaar. Dit is egter belangriker dat ouers ten spyte van hierdie afsydigheid en vermyding steeds warm en liefdevolle gesinsverhoudings sal handhaaf.

Die kritiese vraag in vriendskappe is gewoonlik of dit gesluit word met die oog op die uitbou van menswaardigheid en die bemagtiging van persone en of dit as middel tot 'n doel gesien word, met ander woorde die manipulering en uitbuiting van menseverhoudinge met die oog op die vervulling van eie selfsugtige begeertes (Louw, 2005:69). In hierdie opsig sal die tiener spesifieke leiding moet ontvang.

Enersyds word daar tot die self gekom via verhoudings, en andersyds vorm die selfkonsep die brandpunt van verhoudings, want elke geopenbaarde persoonlikheidstrek geskied via die selfkonsep. Integrasie van die self en die identiteitsvestiging geskied teen die stabiele verwysingsraamwerk wat die groep bied. Dit is dan ook te verstane dat die tiener

- Onveilig buite die groep voel.
- Na sekuriteit in vriendskap soek.
- Verwerping vrees (Garbers, 1983:9).

**4.3.6 Die rol van die gemeenskap**

Faessler (1977:130) toon in sy studie dat daar 'n verskil in siening is tussen die tiener en die gemeenskap oor die dinge wat geluk bring omdat waardes verskil. Die gemeenskap sien jou waarde daarin dat jy 'n bydrae lewer in die tegnologiese groei van die land en die nakoming van jou verantwoordelikhede teenoor die gemeenskap. "The aim of existence is hedonistic: to live intensely for today." Ten diepste is die jeug egter op soek na meer as net dit.

Garbers (1983:16) wys op die feit dat die tiener vereenselwig word met die gemeenskap waarin hy opgroei en daarom het die gemeenskap, as verlengstuk van die gesin en skool, 'n belangrike rol te vervul in die ontwikkelingsproses na volwassenheid. Die verwagtinge van die samelewing bepaal gevolglik grootliks hoe die tiener homself identifiseer en sy rolvervulling kan begryp omdat elke samelewing deur sy implisiete verwagtings 'n unieke stempel op die tiener plaas. Sosio-ekonomiese omstandighede in die land, die gemeenskap en in die gesin het ook 'n invloed op die tiener. Valse voorgee lei tot leuens en ander oortredings en dit alles om indruk te skep en aanvaar te word. Wêreldstandaarde plaas ookdruk op tieners om 'n sekere lewenstandaard te handhaaf wat heel dikwels dan lei tot skuld (Semmelink, 2009:49).

Volwassenheid gaan uiteindelik in 'n groot mate om jou eie staanplek te vind betreffende korrekte funksionering, arbeid en beroep. Deel van 'n ontwikkelingstaak en dus van die kuns om sinvol te lewe, is om die korrekte besluite te neem betreffende sodanige lewenstaak en ook hierin sal die tiener die nodige begeleiding moet ontvang. Teen hierdie agtergrond is dit vir die tiener belangrik of hy sin in die lewe het, of hy sin aan die lewe kan gee en of hy deur sy lewensaktiwiteite sinvol kan lewe (Louw, 2005:70).

**4.3.7 Kommunikasie en tegnologie**

Doeltreffende kommunikasievaardighede skep positiewe verhoudings. Cawood (2008:72) wys daarop dat die kommunikasieproses twee belangrike aspekte behels, naamlik die

vermoë om doeltreffend te luister, en die vermoë om negatiewe gevoelens toepaslik uit te druk.

Goeie kommunikasie stel ouers in staat om te weet wat in tieners se lewens aangaan, hoe hulle voel, dink, oor die weg kom, wat hulle vreugdes en vrese is, waar en by wie hulle is, wie hulle maats is, watter groepsdruk uitgeoefen word, en aan watter moontlike gevaarlike gedrag hulle hul skuldig maak (Little, 2008:187). Verder skep dit weer vir die tiener die geleentheid om ouers te nader wanneer hulle raad, liefde, drukkies, hulp of ondersteuning nodig het – of wanneer hulle in die moeilikheid is. Die gejaagdheid van die lewe en die vol program maak dit egter moeilik om waarlik te luister en gevolglik word daar aangeleer hoe om interpersoonlike kommunikasie kort te knip. Daar word te maklik raad gegee. Omdat daar dikwels nie raad is vir die tiener se vrae nie, word die kinders se gevoelens geïgnoreer. Te veel direkte vrae vra, wat 'n geslote vorm van kommunikasie is, lei daartoe dat die tiener nie meer die vrymoedigheid het om oor belangrike sake te kommunikeer nie (Cawood, 2008:72). Die tiener kry nie geleentheid om sy saak te stel nie.

Kommunikasie bring mee dat die denkproses van die tiener oor sleutelkwessies en uitdagings in die lewe aan die gang gehou word. Afgesien van die voorbeeld wat ouers deur hulle optrede stel, is die inligting, raad en waardes wat hulle aan ons tieners oordra, die kragtigste werktuig wat hulle het (Little, 2008:124).

In die eeu van die moderne kommunikasietegnologie word sinvolle kommunikasie egter al minder (Little, 2008:120). Arbeidsterapeute, fisioterapeute, remediërende onderwysers en opvoedkundige sielkundiges toon aan dat die moderne tegnologie 'n baie negatiewe uitwerking op kinders het. Dit lei eerstens tot die toenemende voorkoms van swak spierontwikkeling, hiperaktiwiteit en gebrekkige konsentrasie. Tweedens is daar ook 'n verband tussen die kyk van gewelddadigeprogramme en/of die speel van uiters ontoepaslike rekenaar- of *Playstation-* speletjies en die voorkoms van geweld en misdaad by kinders (Cawood, 2008:127). Little (2008:209) wys op die invloed van die kits-toegangskultuur wat negatief inwerk op die tiener se leefwêreld. Met al die inligting tot sy beskikking is die wêreld ewe skielik so oorweldigend en skrikwekkend. Die fokus wat tans so sterk is op plesier, bevrediging en materiële besittings bied ook opwinding, pret en geleenthede, maar lewer verskeie uitdagings op wat nie voorheen ervaar is nie. Aktiewe opvoeding word in baie omgewings vervang deur meer sakgeld, voorsiening in alle materiële behoeftes, en die gerieflike beskikbaarheid van die TV en Internet.

De Klerk-Luttig (2007:8) wys ook op die probleem van selfoongebruik tydens klasse. Onderwysers het nie die kind se volle aandag nie en dikwels lei dit ook tot oneerlikheid – veral ook as gevolg van die druk om beter te presteer. Die grondoorsaak van oneerlikheid hou dikwels verband met waardes soos eerlikheid wat nie meer by huise geleer word nie. Gevestigde waardes moet in die huis en gemeenskap geleer word.

Die invloed wat selfone op die kommunikasievermoë van die tiener uitoefen, word deur Little (2008:141) in die volgende optredes uitgelig:

- Gesprekke met tieners is dikwels onsamehangend. Gesprekke word dikwels onderbreek om te reageer op 'n boodskap op die selfoon.
- Konsentrasievermoë word aangetas.
- Solank die selfoon aangeskakel is, is tieners se aandag dikwels daarop gevestig in afwagting op die volgende boodskap wat dalk kan deurkom.
- Onbekende gesondheidsrisiko's.
- Gebrek aan slaap kom dikwels voor.
- Kletskamer-verslawing.
- Die invloed van pornografie.
- Boelie – teistering deur middel van kwaadwillige boodskappe.
- Die trauma van moontlike diefstal of verlies.
- Die rol van selfoonkameras en die moontlike misbruik daarvan.

Om hierdie kommunikasiekanale oop te hou en sinvol te kommunikeer, beklemtoon Little (2008:123) die volgende optredes:

- Luister, luister, luister – stel belang in jou kinders en probeer verstaan wat hulle sê. Vrae moet wees om beter te verstaan en nie om in te meng nie of om die kind onder kruisverhoor te neem nie.
- Wees positief en bemoedigend.
- Moenie jou opinie te dogmaties of in die vorm van 'n opdrag gee nie. Stel dit eerder in algemene terme en laat hulle uiteindelik die keuse maak.
- Wees sensitief vir hulle stemming. Moenie hulle met vrae bestook as hulle sensitief en prikkelbaar is nie.
- Probeer om nie te kritiseer of te sanik nie.
- Gee aan die kind ruimte.
- Herinner en vra byvoorbeeld of hy onthou het om die agterplaas skoon te maak.
- Stel gevolge duidelik.
- Spits jou daarop toe om die verhouding te bou eerder as om bloot raad te gee.

- Probeer om altyd beskikbaar te wees as jou kind jou nodig kry.
- Ouers moet hulle beste hulpmiddel, naamlik hul band met hul kind, gebruik.

**4.4 Gevolgtrekkings**

- Die tiener van vandag is blootgestel aan 'n veranderende wêreld. Behalwe vir die veranderinge in die gesin, skool en gemeenskap is daar ook die veranderinge in hulself op fisiese, psigologiese en geestelike terreine. Te midde van hierdie veranderinge moet die tiener begelei word om dit te verwerk en te groei tot volwassenheid.
- In die verwerking en aanpassing by hierdie veranderinge het die tiener sekere behoeftes wat vervul moet word om die veranderinge sinvol te kan integreer en 'n positiewe identiteit te kan ontwikkel. Wanneer die omgewing waarin hy opgroei egter nie veilig is en die nodige sekuriteit bied nie, raak hy verward en twyfel hy in homself.
- Die tiener se lewensworstelinge word deur die volgende basiese vraagstukke omvat, naamlik angs, skuld, wanhoop en hulpeloosheid.
- Wanneer daar nie in die tiener se behoeftes voorsien word deur die onderskeie rolspelers nie en hy nie begelei word tot die sinvolle oplossing van sy vraagstukke nie, ontwikkel daar 'emosionele bagasie' wat 'n baie negatiewe uitwerking kan hê op sy latere volwasse lewe.
- Hierdie emosionele bagasie (wat meestal verband hou met onverwerkte traumatiese gebeure en emosionele pyn), lei tot verwarring en gevoelens van hopeloosheid. Dit lei tot negatiewe gevolge wat ook vergestalt kan word in selfmoord, depressie, seksuele wanpraktyke, stres, dissiplinêre probleme, angs en middelmisbruik.
- Rolspelers soos die gesin, skool, portuurgroep en gemeenskap speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die tiener tot volwassenheid.
- Die tradisionele gesin se reëls en waardes raak al meer in onbruik as gevolg van die eise van die tyd en een van die gevolge is dat tieners nie meer die tipiese rolmodel van 'n stabiele en konsekwente vader en moeder het nie. Die verlies aan 'n gesonde gesinslewe lei ook tot die verwaarlosing van waardes en die verdwyning van grense. Die gevolg is dat die tiener in sy ontwikkeling tot volwassenheid geen voorbeeld het van gesonde verhoudings en geen toerusting ontvang vir die hantering van die aanslae van die lewe nie. Die verdere gevolg van so 'n situasie is dat die tiener nie homself waarlik kan ontdek nie en dan al meer neig om te verval in angs, wanhoop en hulpeloosheid.
- In die skool ontmoet die tiener ander mense en nuwe verhoudings word gevorm. Onderwysers en afrigters oefen voortaan almal invloed uit betreffende die vorming

van hierdie jongmens. Wanneer hierdie riglyne egter bots met die waardes en grense soos neergelê deur die ouers,bring dit moeilike keuses op die pad van die tiener. Skuldgevoelens kan maklik posvat, wat uiteindelik lei tot 'n skynheilige optrede.

- Die portuurgroep kan maklik veroorsaak dat die tiener sy ouer se waardes en grense bevraagteken en daarteen begin rebelleer. Die keuse van die portuurgroep is dus belangrik en sal bepaal word deur die feit of die tiener gesonde verhoudings met die ouers het. Wanneer tieners nie in hulle ouerhuise antwoorde op vrae soos *"Wie is ek?"* en *"Waarheen is ek op pad?"* kry nie, is hulle aangewese op die terugvoering wat hulle oor hulself in hul portuurgroep kry.
- Die eise en verwagtinge van die gemeenskap het ook 'n beduidende invloed op die toekomsverwagtinge van die tiener.
- Die tieners van vandag is meesters van die tegnologie en enige nuwe tegnologiese ontwikkeling word aangegryp. As gevolg van hierdie interaktiewe tegnologie het hulle wêreldwye gemeenskappe gebou en is hulle meer geneig om dinge te beskou vanuit 'nglobale perspektief. Sou jy egter so baie tyd aan tegnologie spandeer, het jy soveel te meer 'n sterk behoefte aan betekenisvolle verhoudings – aan diegene wat sal luister en omgee.

# HOOFSTUK 5

# EVALUERING VAN DIE RESULTATE VAN 'N EMPIRIESE ONDERSOEK BETREFFENDE DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN DIE EMOSIONEEL VERWONDE TIENER

## 5.8 Inleidend

Volgens Heitink (1999:221) word die woord 'empiries' afgelei van die Griekse woord *empeira,* wat *ervaring* beteken. Dus word daar met empiriese navorsing bepaal hoe die basisteorie in wisselwerking metdie praktykteorie funksioneer (De Kock, 2003:124). Deur middel van 'n empiriese ondersoek word die praktyk en relevante situasie ontleed ten opsigte waarvan 'n nuwe praktykteorie daargestel moet word (Venter, 1996:89).

Volgens Strydom (1999:35) impliseer navorsing 'n doelbewuste inspanning om tot nuwe insigte te kom en kennis te verkry. Navorsing is 'n proses waarin logiese denke en konkrete handelinge ten nouste saamgeweef is. Strydom (1999:72) se standpunt is dat navorsingsmetodologie in sekere vlakke verdiskonteer word, naamlik:

- Soort navorsing: basies, toegepas.
- Benadering/perspektief: kwalitatief, kwantitatief.
- Navorsingsontwerp: verkennend, beskrywend, verklarend.
- Navorsingsprosedures (metodes): opnameprosedure, enkelstelselontwerp, eksperimentele ontwerp, intervensienavorsing, ontwikkelings- en benuttingsnavorsing, deelnemende aksienavorsing, deelnemende waarneming, sekondêre analise en gevallestudie
- Wyse van data-insameling: meetinstrumente, skale, vraelyste.

In die navorsingsproses onderskei Strydom (1999:35) tussen die proses vir kwalitatiewe en die proses vir kwantitatiewe navorsing. Die kwantitatiewe benadering vereis dat die navorser op 'n afstand sal bly, onafhanklik van dit wat bestudeer word ten einde objektiwiteit te verhoog. Terwyl die fokus by die kwalitatiewe benadering op die interaktiewe prosesse is, is die egtheid van die situasie die werklike sleutel. Waardes is pertinent teenwoordig en slegs

enkele gevalle of proefpersone word bestudeer. Daar is ook al meer die neigingom, waar moontlik, beide die kwantitatiewe en kwalitatiewe fasette van dieselfde onderwerp te bestudeer (Strydom, 1999:74).

### 5.9 Die proses van kwalitatiewe navorsing

Die literatuuroorsig dien volgens Delport (2005:263) vier algemene funksies in die kwalitatiewe navorsing:

- Dit verklaar die onderliggende voorveronderstellings agter die algemene navorsingsvrae.
- Dit verklaar dat die navorser goed ingelig is oor soortgelyke navorsing.
- Dit toon aan dat die navorser sekere leemtes in vorige navorsing geïdentifiseer het en dat die huidige navorsing hierdie leemtes sal aanvul.
- Die navorsingsvrae moet deeglik verfyn word en vasgelê word binne groter empiriese tradisies.

Een van die wyses waarop inligting in hierdie navorsing verkry kan word, is deur middel van deelnemende waarneming (Strydom, 2005:274). Hierdie deelnemende waarneming is 'n kwalitatiewe navorsingswyse wat die natuurlike en daaglikse omstandighede van 'n gemeenskap of situasie bestudeer. Strydom (1999:175) wys op die volgende kenmerke van deelnemende waarneming:

- Die navorser moet betrokke raak by die projek.
- Deelnemende waarneming gaan gewoonlik vanaf die fenomenologiese benadering uit waar daar gepoog word om die manifestasies van die werklikheid te begryp.
- Die betrokkenheid van die navorser moet fokus op die alledaagse, natuurlike gebeurlikhede in die gemeenskap.
- Die tegniek van deelnemende waarneming steun sterk op die vermoë van die navorser om die dubbele rol van data-insamelaar en interpreterende navorser te vervul.
- Die navorser moet in deelnemende waarneming sy eie gemeenskap verlaat en tydelik deel word van ’n ander gemeenskap.
- Waarneming is die mees basiese metode om inligting van die wêreld rondom ons in te samel.
- Deelnemende waarneming is gerig op die verklaring van verskynsels in die praktyk en die resultate daarvan kan vir praktiese doeleindes aangewend word.

Die proses van deelnemende waarneming word deur Strydom (1999:178) soos volg saamgevat: "*In deelnemende waarneming is die proses minder lineêr en meer holisties as in kwantitatiewe navorsing."*Hy wys verder daarop dat die verskillende stappe meer inter-verwant is en minder definitief onderskei kan word en dat sekere stappe soms gelyktydig verloop.Die stappe waarin hierdie proses van deelnemende waarneming verloop, is volgens Strydom (2005:277) die volgende:

- Definisie van die probleem en die doelstellings van die studie.
- Seleksie van die navorsingsveld.
- Die verkryging van toegang tot die navorsingsveld.
- Onderhandeling vir 'n navorsersrol.
- Instandhouding van verhoudings.
- Insameling van data.
- Onttrekking uit die veld.
- Ontleding van die data
- Skryf van verslag.

Met kwalitatiewe navorsing is waarneming en onderhoude die aangewese metodes om die relevante data in te samel. Volgens Strydom (2005:314) is daar egter ook die studie van dokumente en sekondêre analise waardeur data ingesamel kan word.Deur 'n kombinasie van hierdie vier verskillende metodes te gebruik, kan bevindinge makliker begrond word.

Wanneer data geanaliseer word, is dit volgens Vos die proses waardeur orde, struktuur en betekenis aan al die versamelde data gegee word. "*Qualitative data analysis is a search for general statements about relationships among categories of data; it builds grounds theory"* (2005:333).

Delport (2005:350) is van mening dat die kwalitatiewe verslag meer ingewikkeld is as die kwantitatiewe verslag, en wel om die volgende redes:

- Die kwalitatiewe verslag is minder gestruktureerd.
- Die kwalitatiewe verslag is meer vervleg met die totale navorsingsproses.
- Die kwalitatiewe verslag is dikwels langer en meer beskrywend.

Die lengte en die beskrywende aard van die kwalitatiewe verslag word deur die meeste skrywers as die mees onderskeidende karaktertrekke beskryf (Delport, 2005:351).

**5.3 Die proses van kwantitatiewe navorsing**

Die kwantitatiewe navorsing het volgens Fouche (2005:73) die volgende kenmerke:

- Anders as by die kwalitatiewe benadering is daar ŉ duidelike vorm aan gegee en kan dit deeglik gekontroleer word.
- Die omvang van die navorsing is duideliker omskryf as dié van die kwalitatiewe metode.
- Die navorser kan meer objektief betrokke in die navorsing wees.
- Die navorsing is op spesifieke duidelik omlynde vrae gefokus.
- Planne vir die navorsingsmetodes kan voor die tyd bepaal word.
- Data-insameling en -verwerking kan nie deur die eie persoonlike mening van die navorser beïnvloed word nie.

Fouchè (2005:74) definieer dan die kwantitatiewe metode soos volg:

> "*A quantitative study may therefore be defined as an inquiry into a social or human problem, based on testing a theory composed of variables, measured with numbers and analysed with statistical procedures in order to determine whether the predictive generalisations of the theory hold true".*

Fouchè (2005:79) gee ŉ skema waar ŉ ondubbelsinnige beeld van die kwantitatiewe en kwalitatiewe prosesse aangebied word.Volgens Strydom (1999:37) blyk dit by nadere ondersoek dat daar min werklike verskille in die prosesse is en dat dit slegs ŉ klemverskuiwing is. Fouche se skema sien dan as volg daar uit:

**Stappe algemeen by die kwantitatiewe en kwalitatiewe proses**

| **Fase 1: Keuse van ŉ navorsingsonderwerp** |
|---|

Stap 1: Identifiseer die probleem/vraag

| **Fase 2: Formele formulerings** |
|---|

Stap 2: Selekteer die spesifieke ontwerp

Stap 3: Formuleer die probleem

Stap 4: Stel ŉ navorsingsvoorstel op.

| Stappe uniek aan die kwantitatiewe proses | Stappe uniek aan die kwalitatiewe proses |
|---|---|
| **Fase 3: Beplanning** | |
| Stap 5: Onderneem 'n in-diepte literatuurstudie<br><br>Stap 6: Kies 'n navorsingsontwerp<br>Stap 7: Kies 'n metode(s) van data-insameling en -analise<br>Stap 8: Kies 'n steekproefplan | Stap 5: Kies 'n paradigma en oorweeg die plek van literatuuroorsig<br>Stap 6: Kies 'n navorsingstrategie<br>Stap 7: Kies metode(s) van inligtingversameling en -analise<br>Stap 8: Formuleer en ontwikkel die steekproef |
| **Fase 4: Implementering** | |
| Stap 9: Voer 'n loodsondersoek uit<br><br>Stap 10: Voer die kernnavorsing uit | Stap 9: Oorweeg die bruikbaarheid van elemente van die loodsondersoek<br>Stap 10: Versamel dokumente en onderneem 'n literatuurstudie |
| **Fase 5: Interpretasie en aanbieding** | |
| Stap 11: Prosesseer en analiseer data en interpreteer die resultate<br><br>Stap 12: Skryf die verslag | Stap 11: Prosesseer en analiseer die data en verifieer die resultate. Kies addisionele kriteria om die betroubaarheid te oordeel<br>Stap 12: Beplan narratiewe en skryf die verslag. |

By kwantitatiewe navorsing speel die opnameprosedure dus 'n belangrike rol. Met hierdie metode word baie respondente betrek sonder dat dit besondere diepte-inligting oor die respondente verstrek.Vraelyste verskaf 'n vaste noteringsvorm van waarnemings, dien as grondslag vir die standaardisering van waarnemings, verskaf 'n waarnemings- en onderhoudsgids en help om die onderhoud formeel te rig en te struktureer (Strydom, 1999:116). Delport (2005:160) wys verder daarop dat om gegronde en betroubare data te verkry, die meetinstrumente en meetprosedures aanvaarbare vlakke van betroubaarheid en geldigheid moet hê. Die navorser kan volgens Delport (2005:166) van vier verskillende metodes om data te versamel, gebruik maak, naamlik *"questionnaires, checklists, indexes and scales".*

Die opnameprosedure word deur Strydom (1999:117) gedefinieer as die "*navorsingsmetode waarvolgens data versamel word uit 'n geselekteerde steekproef om die kenmerke of*

*menings van die populasie te beskryf".* Strydom (1999:117), soos Delport (2005:166), onderskei die volgende soorte vraelyste:

- Pos- of versendingsvraelyste.
- Die onderhoudsvraelys of skedule.
- Groepsvraelys.

Strydom (1999:118) beklemtoon dat daar belangrike beginsels by die vraelyskonstruksie geld, want die gehalte van die ondersoekresultate kan nie beter wees as die gehalte van die vraelys wat gebruik is om die inligting te verskaf nie. Delport (2005:170) ondersteun hierdie standpunt wanneer hy ook daarop wys dat die navorser, voordat hy op die soort vraelys besluit, eers duidelikheid moet kry oor watter soort inligting hy wil bekom. Die vrae moet dus op die verlangde inligting gefokus wees. 'n Fyn balans moet gehandhaaf word tussen nie te lank of nie te kort nie, sodat die nodige inligting verkry kan word en daar nie dalk iets kortkom nie.

Daarom is dit belangrik dat daar nie dubbelsinnige vrae moet wees nie, want dit lei tot nie-vergelykbare antwoorde – so ook nie leidende vrae nie, want dit lei tot bevooroordeelde antwoorde. 'n Verdere beginsel is dat sinne kort en duidelik gestel moet word. Die leefwêreld van die respondent moet in ag geneem word en kennis van 'n saak moet nie as vanselfsprekend aanvaar word nie. Die volgorde van die vrae is belangrik en die taalgebruik moet by die teikengroep aanpas (Delport, 2005:171).

Daar bestaan 'n groot verskeidenheid vraagtipes waaruit doelgerig geselekteer moet word ten einde die verlangde inligting te verkry. Die volgende tipes is hier van belang (Strydom, 1999:124; Delport, 2005:174):

- Oop vraag – die respondent kry die geleentheid om enige antwoord in die oop spasie te skryf.
- Geslote vraag – die respondent kry die geleentheid om 'n keuse te maak uit een of meer antwoordkeuses wat aan hom gegee is.
- Digotome vrae – die respondent het slegs twee responsmoontlikhede, byvoorbeeld: Ja/Nee.
- Meervoudige keusevrae – die respondent het hier drie of meer responsmoontlikhede.
- Rangordevrae – die respondent moet 'n waarde aan 'n reeks aspekte toeken deur hulle in een of ander orde te plaas.
- Invulvrae – hierdie is 'n tipe oop vraag waarvoor daar te veel antwoordmoontlikhede bestaan om sinvol te kan klassifiseer, byvoorbeeld ouderdom of salaris.

- Geskakeerde vrae – respondent kry ʼn meervoudige keusevraag waar hy ʼn sekere punt op die skaal vir sy antwoord merk.
- Stellings – die respondent maak ʼn keuse tussen verskeie stellings wat met ʼn betrokke saak in verband staan.Hierdeur word data oor gesindhede, houdings en standpunte bekom.
- Matrikstipe vraag – ʼn verskeidenheid verbandhoudende vrae word in een vraag afgehandel.
- Opvolgvrae – hierdie vrae word aangewend om meer inligting oor ʼn antwoord in ʼn vorige vraag te verkry.

In die opstel van vrae is dit dus belangrik dat die voornemende navorser die nut van elke vraag kan bepaal.Om dit te kan doen, moes hy volgens Strydom (1999:133) ʼn studie van literatuur oor die onderwerp gemaak het.

**5.4 Empiriese ondersoek**

**5.4.1 Keuse van ʼn navorsingsonderwerp**

Verskeie studies met betrekking tot die getraumatiseerde en emosioneel verwonde adolessent is al gedoen. In hierdie studie word daar veral gefokus op riglyne vanuit die boek Prediker wat gebruik kan word in die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener.

**5.4.2 Formele formulerings**

Die struktuur van Fouche soos aangedui in paragraaf 3 (pt. 4-5) word hier gevolg.

**5.4.3 Selekteer die spesifieke navorsingsontwerp**

In hierdie studie word hoofsaaklik gebruik gemaak van die kwantitatiewe model met die oog op die insameling en verwerking van data by vyf privaatskole.

**5.4.4 Formuleer die probleem**

Die tiener vandag word in toenemende mate blootgestel aan die gebrokenheid van die lewe onder die las van die sonde (Gen. 3). As gevolg van die gebrokenheid van verhoudings is hulle dikwels emosioneel verwond en maak die lewe nie sin nie en is daar talle van hulle wat worstel met ʼn gebrek aan lewensvreugde.

### 5.4.5 Stel ’n navorsingsvoorstel op

Riglyne vanuit die boek Prediker kan rigtinggewend wees in die daarstelling van ’n voorgestelde model met die oog op die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener.

## 5.5 Beplanning

### 5.5.1 Onderneem ’n in-diepte literatuurstudie

In hoofstukke 2, 3 en 4 van hierdie studieis ’n in-diepte literatuurstudie oor hierdie navorsingsvoorstel gedoen.

### 5.5.2 Kies 'n metode(s) van data-insameling en -analise

Vir die insameling van data is gebruik gemaak van die vraelysmetode en wel van die meervoudige keusevrae. Die vraelys, soos opgestel deur Perspektief Opleidingskollege, is gebruik by die insameling van data. Die spesifieke vraelys wat gebruik is, is dié van die "Kinderfunksionering Inventaris Hoërskool (CFI-Hoër)". Hierdie vraelys evalueer die tiener se huidige funksionering en daaruit word dan aanbevelings gemaak met betrekking tot die toekoms. Die vrae fokus besonderlik op die tiener in sy verhouding met homself, sy ouers, sy vriende en sy omgewing, aan die hand van die volgende kategorieë: positiewe funksioneringselemente, selfpersepsie, traumadinamika, persoonlike verhoudings en besluitnemingsvermoë. Die agtergrond van die stigters van die Perspektief Opleidingskollege, soos verkry uit hulle prospektus, is kortliks die volgende:
"Annatjie Faul is a social worker. Her doctoral thesis dealt with scale development and standardization in the field of Ecometrics, which is the quantification of psycho-social functioning within an environment. She started her career by doing research for the Human Sciences Research Council. After years of development and research (also at the Arizona State University) she completed her doctoral studies in scale development. Her years of research on the development and standardization of the Personal Functioning Inventory were rewarded with the Johanna Terburgh Research Award for an exceptional contribution in the field of social work research. Annatjie is a deputy dean at the University of Louisville (Kentucky) at present."

"Bertie Hanekom is an educationist and pastoral therapist and has always been interested in the development of personal development programmes. He became headmaster at the age of 31, and 5 years later in 1991 he and Annatjie Faul founded PTC. He made it his objective to develop programmes that can help people to realise their full potential in Christ. As a parent of a child with Attention Deficit Disorder with Hyperactivity, he was involved in

developing and standardising a behaviour rating scale for hyper children and was also instrumental in developing a support programme for parents. The present training programme was developed with the assistance and input of Annatjie Faul, pastors, psychologists and other social workers".

In die prospektus (Faul, 2006:15-16) word die betroubaarheid en geldigheid van hierdie meetproses gegrond. Ekometrieis die meting in die konteks van die ekologie. Ekologie weer het te doen met die studie van die delikate balans tussen lewende organismes en hul omgewings. Ekometrie is dus die tegnologie wat hom bemoei met die kwantifisering van die mens se passing binne sy omgewing, en fokus op die manier waarop mense aanpas binne hul omgewings.

'n Gestandaardiseerde skaal van menslike funksionering moet dus die volgende kan doen:

- gebruik kan word as 'n assesseringsinstrument om die hulpverlener en kliënt te help in die identifisering en prioritisering van probleme wat aangespreek moet word;
- benut kan word in die monitering van vordering tydens hulpverlening;
- benut kan word in die evaluering van effektiwiteit aan die einde van hulpverlening.

### 5.5.3 Kies ’n steekproefplan

Aangesien hierdie vraelys reeds deur Perspektief Kollege beproef is en die geldigheid en betroubaarheid van hoogstaande gehalte is, is daar nie ’n steekproef gemaak nie.

## 5.6 Implementering

### 5.6.1 Voer ’n loodsondersoek uit

Die teikengroep en die navorsingsterrein is duidelik gedefinieer en afgebaken en gevolglik was daar nie die nodigheid van ’n aanvanklike loodsondersoek nie en is daar direk oorgegaan tot die kernnavorsing.

### 5.6.2 Voer die kernnavorsing uit

Hierdie navorsing is gedoen deur die vraelys van Perspektief Kollege deur 107 graad 10 leerlinge van vyf privaatskole in Namibië te laat invul. Die skole is die volgende:

- Berg-Op Akademie te Okahandja – 11 leerlinge
- Edugate te Otjiwarongo – 21 leerlinge
- Elnatan te Stampriet – 35 leerlinge
- Tsumeb Gimnasium te Tsumeb – 24 leerlinge
- Windhoek Afrikaanse Privaatskool – 16 leerlinge.

Toestemming is van die betrokke skoolhoofde verkry om hierdie vraelys te laat invul en die nodige dokumentasie betreffende hierdie toestemming is in besit van die navorser. Die vraelyste is anoniem ingevul onder die toesig van die betrokke klasonderwysers. Die voltooide vraelyste is aan Perspektief Kollege besorg wat dit elektronies verwerk het en waarvan die uitslag as **Bylaag C** aangeheg is.

Die riglyne soos neergelê deur die Etiese Komitee van die Universiteit van Noordwes is gevolg met betrekking tot die empiriese navorsing in hierdie studie.

## 5.7 Interpretasie en aanbieding

### 5.7.1 Agtergrond van respondente

Die respondente is almal in privaatskole waar klasse nie groter as 25 is nie en die tieners meer persoonlike aandag ontvang.Dissipline en orde in die skole is van goeie gehalte en tieners voel dus, as gevolg van duidelike grense wat getrek word, meer veilig en geborge. Die finansiële verpligtinge van ouers by privaatskole is oor die algemeen groter en hierdie tieners kom dus grotendeels uit huise wat finansieel sterk is.

### 5.7.2 Gevolgtrekkings op grond van die resultate

Uit die verslag kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word (vergelyk **Bylaag C**):

#### 5.7.2.1 Positiewe funksioneringselemente

Uit die reaksie van die medewerkers is die aanduiding dat daar 'n matige positiewe funksionering is (Bylaag C:3). Daar is dus wel positiewe aspekte in die tieners se lewe, maar tog is daar uitdagings in die lewe wat hulle geluk in die lewe beïnvloed. Omstandighede word dikwels negatief beleef. Tieners wat in hulle onsekere leeftydsfase deur hulle ouers met begrip en fyn aanvoeling begelei word, beleef die lewe positief. Hulle vind geborgenheid en veiligheid in God en beleef dus die werklike sin en betekenis van die lewe (vgl. hfst. 3: par. 3.5.9). Uit die studie is dit egter ook duidelik dat daar baie faktore is wat daartoe bydra dat hulle die sin en betekenis van die lewe verloor (vgl. hfst. 3: par. 3.3, en hfst. 4: par. 4.3.4).

#### 5.7.2.2 Selfpersepsie

Uit die verslag is dit duidelik dat die tieners se selfpersepsie dikwels deur die vals persepsie dat selfwaarde = prestasie + ander se opinie, negatief beïnvloed word (Bylaag C:3). Hulle swak persoonlike verhoudings, swak verhouding met ouers en skoolprobleme is beduidende uitdagings wat hulle selfpersepsie beïnvloed.

Wanneer kinders aanvaarding, erkenning en aanmoediging beleef, bevorder dit gesonde selfliefde, geloof in hulself asook die vermoë om andere te kan liefhê. Wanneer 'n kind op 'n jong ouderdom sy moeder se bemoediging, ondersteuning en hulpvaardigheid beleef en later ook dié van sy vader, gee dit aan hom 'n gevoel van waarde, 'n geloof in die hulpvaardigheid van ander en 'n aanvaarbare model waarop toekomstige verhoudings gebou kan word. Ouerliefde wil aan die kind kommunikeer: jy het vir my waarde in terme van wie jy is en jy het die waarborg dat ons jou nooit sal verwerp nie. Die kind weet dan, of ek gehoorsaam of ongehoorsaam, goed uitdraai of sleg, aan my ouers se verwagting voldoen al dan nie, hulle sal my nooit verwerp nie – die kind is dan nie uitgelewer aan die ouer se onrealistiese ideale, nukke of grille nie. Wanneer hulle dit egter nie ervaar nie, wend hulle hul dikwels tot seks om 'n gevoel van vervreemding en 'n swak selfbeeld die hoof te bied, om 'n behoefte aan aandag te bevredig of om vir emosionele verwaarlosing te vergoed (vgl. hfst. 4: par. 4:3).

**5.7.2.3 Trauma dinamika**

Die verslag toon aan dat die medewerkers hulle omstandighede positief beleef en dat hulle tevredenheid en persoonlike beloning uit die lewe kry (Bylaag C:3). Hierdie reaksie is egter in kontras met hulle toekomsperspektief (Bylaag C:5), waar aangetoon word dat hulle hoop verloor het en pessimisties oor die toekoms is. Uit die studie (vgl. hfst. 4: par. 4.2.4.3) blyk dit duidelik dat emosionele bagasie, belewenis en hantering van trauma tot verskillende reaksies kan lei. Tegnieke kan egter aangeleer word om hierdie trauma te verwerk. Dit kom dus voor asof die tieners die omstandighede positief beleef, maar dat hul lewenstyl ’n teenoorgestelde boodskap kommunikeer (vgl. hfst. 4: par. 4.2.4 en hfst. 3: par. 3:4).

**5.7.2.4 Verhoudings**

Uit die verslag is dit duidelik dat daar minimale persoonlike verhoudings is. Die tieners beleef hul verhoudings negatief en dit veroorsaak ongelukkigheid. Omdat hulle min vervulling in hulle verhoudings vind, is hulle verhoudings veeleisend en onbevredigend (Bylaag C:3). Die feit dat hulle baie swak verhoudings in hulle ouerhuise het (Bylaag C:11), het tot gevolg dat hul persoonlike verhoudings skade lei.

In die literatuurstudie (vgl. hfst. 3: par. 3.3.2 en 3.4.1 en hfst. 4: par. 4.3) is aangetoon dat die verskillende verhoudings waarin tieners hulself bevind ’n belangrike rol vervul in die bepaling van hul identiteit. Goeie verhoudings skep 'n waardesisteem wat later bepalend kan wees met betrekking tot die helingsproses ten opsigte van byvoorbeeld 'n aspek soos emosionele verwonding. Wanneer iemand veilig in 'n verhouding voel, is dit makliker om die feite rondom emosionele verwonding openbaar te maak en jouself oop te stel vir genesing

en sodoende die verwonding te hanteer. Wanneer tieners in gesonde verhoudings met hulle ouers is, het hulle die vermoë om ook sosiaal gesonde verhoudings te hê – veral wat die portuurgroep betref. Sosiale vaardighede, soos in die handhawing van goeie maniere, om hulp te vra waar nodig, om te gee vir andere, probleme en angs korrek te hanteer, ens., help dat jongmense nie uiteindelik sosiaal onaangepas raak en koers en sin in die lewe verloor nie. Daarteenoor is emosionele probleme dikwels die gevolg van die soort 'god', die soort mense en die soort lewe wat die tiener gesien het terwyl hy deur die vensters van die verhoudings van sy kinderdae gekyk het. Die verlies aan gesinswaardes en die verdwyning van grense lei daartoe dat die tiener homself nie kan ontdek nie en dan al meer neig om in angs, wanhoop en hulpeloosheid te verval. Gesinsverhoudinge, persoonlike probleme en verhoudingsprobleme speel gevolglik 'n groot rol in tienerselfmoorde. Onverwerkte trauma tesame met die milieu van 'n disfunksionele huis tydens die kinderjare waarborg ook die verwoesting van die verhoudingsvlak terwyl versteurde gesinsverhoudinge ook kan lei tot depressie.

Verder is dit so dat die internet en selfoon gesamentlik 'n verwoestende impak op die waardes van tieners kan hê. Hulle word op hierdie wyse gekonfronteer met die 'grootmenswêreld' en sonder die nodige begeleiding kan dit lei tot onsekerheid aangesien die tiener enersyds hierdie vreugde van ontdekking geniet, maar andersyds kan begin worstel met vrees en onttrekking. Ongelukkig het hierdie tegnologiese ontwikkeling dikwels ook 'n negatiewe impak op interpersoonlike verhoudings. Gesonde en persoonlike kommunikasie is 'n belangrike vereiste om gesonde en standhoudende verhoudings te skep. 'n Besige, vinnige lewenstyl lei egter tot 'n groeiende moegheid. Die lewe draai om die rekenaars, maar die mens self is nie 'n rekenaar nie, want die mens word moeg en moegheid lei tot irritasies en dit lei tot verbrokkeling van verhoudings.

Die mens is 'n verhoudingswese en God het die mens so geskep dat hy binne verhoudings sy potensiaal ontwikkel en uiteindelik dit word wat God bedoel het hy moet wees. Die tiener word in sy verhoudings van twee kante af beïnvloed: enersyds vanaf die kant van die lewe met al sy veranderende invloede, en andersyds vanaf sy verhouding met God. Die lewe van vandag gee soms die boodskap aan so 'n jongmens dat hy nie meer behoort nie. Hulle is op pad êrens heenen niemand gee om nie. Hierdie ervaring word verder gekompliseer omdat tieners vir 'n groot deel van hulle tyd alleen is en baie min kontak met volwassenes het (vgl. hfst. 3: par. 3.2).

#### 5.7.2.5 Besluitnemingsvermoë

Hierdie ongesonde verhoudings lei noodwendig daartoe dat die tieners nie verantwoordelike besluite kan neem nie en hulle word dus maklik deur drukgroepe beïnvloed in hulle besluitnemingsproses. Hulle laat ander mense toe om hulle te beïnvloed wanneer hulle besluite neem (Bylaag C:3).

In die gesin leer die tiener egter die vertroue om 'n krisis tegemoet te gaan en te hanteer. Die gesin is 'n tuiste waarbinne die tiener geborgenheid soek ten einde identiteit te ontdek en tot volwassenheid te kan ontwikkel (vgl. hfst. 4: par. 4.3.1.3). Hierin word hy begelei om uiteindelik goeie en gesonde besluite te kan neem.In hoofstuk 3, paragraaf 3.5.5, word beredeneer hoe belangrik die rol van die vader is in die ontwikkeling van die tiener se selfbeeld en selfvertroue. Wanneer 'n vader beginselvas en met integriteit optree in sy gesin, dien dit as rolmodel vir die tiener betreffende die uiteindelike vermoë tot gesonde besluitnemingsvermoë.

#### 5.7.2.6 Toekomsperspektief

Uit die medewerkers se reaksie is dit duidelik dat die tieners hoop verloor het en pessimisties oor die toekoms is. Hierdie hooploosheid lei tot 'n onrustigheid onder die tieners en hulle fokus op die negatiewe elemente in hulle omstandighede. Daar word oor die algemeen nie veel aandag aan die toekoms gegee nie en verantwoordelikhede word tot op die laaste uitgestel (Bylaag C:5).

Uit die studie tot dusver het onder andere geblyk dat die tydsgees die persepsie vestig dat ware sukses verband hou met materiële rykdom en prestasies, en dat die suksesvolle persoon die een is met die grootste skatkamers. Die eise en verwagtinge van die gemeenskap het 'n beduidende invloed op die toekomsverwagting van die tiener. Ongesonde gesinsverhoudings lei tot 'n soeke na 'n antwoord op die sin en doel van die lewe. Die boodskap van die tyd is dat die toekoms moeilik is en dat die wêreld polities, ekonomies en maatskaplik in 'n stryd om oorlewing betrokke is (vgl. hfst. 3: par. 3.2.1.4en hfst. 4: par. 4.2.2).

#### 5.7.2.7 Deursettingsvermoë

Die resultate uit die verslag toon aan dat die medewerkers goed presteer. Hulle het deursettingsvermoë asook die behoefte om te groei en te verbeter (Bylaag C:5).

In die literatuurstudie (vgl. hfst. 4: par. 4.2.3) is aangetoon dat identiteit, liggaamlikheid, sosialisering, roeping en singewing die vyf basiese lewensvraagstukke is. Volwassenheid

beteken om verantwoordelikheid ten opsigte van hierdie vraagstukke te ontwikkel. Betroubaarheid word as die essensie van identiteit beskou. Gedurende die tienerfase word die individu bewus gemaak van die persoonlike, loopbaangerigte, seksuele en ideologiese aanpassings wat van hom vereis word voordat hy volwassenheid kan bereik. In die privaatskole waar die empiriese ondersoek gedoen is, is getalle oor die algemeen kleiner en kan daar op ŉ meer sinvolle wyse persoonlike aandag aan leerders gegee word. Hierdie wyse van opvoeding begelei die tieners om ŉ mate van deursettingsvermoë te ontwikkel en dit stimuleer ook ŉ behoefte tot verdere groei en vordering. Dit bied ook aan hulle uitdagende en stimulerende omstandighede wat hulle dikwels nie by hul ouerhuise ervaar nie (vgl. Bylaag C:11 en par. 4.5.2.19).

**5.7.2.8 Tevredenheid**

Vanuit hoofstuk 3, paragraaf 3.3.1 het geblyk dat die huidige postmoderne fase noodwendig sekere tendense tot gevolg het wat emosioneel negatief op die tiener inwerk. Die postmoderniste val die Christelike wêreldbeeld aan – alles word bevraagteken; alles is relatief omdat niks seker is nie; allerlei godsdienstige ideologieë word verwelkom; strukture verbrokkel. Die kreet van die tyd is: *"If it feels good, do it!"*

In die wêreld (makro) is daar 'n oorgang vanaf modernisme na postmodernisme en dit veroorsaak sekere tendense wat tieners beïnvloed in hul siening en belewenis van sake. Dit sluit in aspekte soos die volgende: kits-toegangskultuur, groter omgewingsbewustheid, wetenskaplike deurbrake, magsverskuiwings, verhoudingstrukture wat opnuut aandag kry, feminisme, ens. In die Suid-Afrikaanse samelewing is dit veral tendense soos die volgende wat 'n invloed op tieners se optrede het: kerk/staat ontbondeling, verdeling en verskuiwing van mag, die geweldige druk waaronder tradisionele hoofstroomkerke kerke verkeer, die soeke na waarheid, verskuiwings in die ekonomie, toenemende groei in geweld en misdaad, demografiese verskuiwings, die toename in enkelouergesinne asook die uitwerking van die VIGS-pandemie. Die persoon wat die tiener uiteindelik word, is die produk van veral twee faktore, naamlik enersyds die ervaringe van die lewe, en andersyds hoe hy op hierdie ervaringe reageer. Die uitvloeisel van hierdie proses impliseer in talle gevalle emosionele verwonding tot mindere of meerdere mate (vgl. hfst. 3: par. 3.3.1).

Vanuit die empiriese navorsing (Bylaag C:5) het egter geblyk dat by die groep tieners in die betrokke privaatskole daar ŉ groot mate van tevredenheid is gekoppel aan die belewenis in die skool asook die veiligheid en geborgenheid van die betrokke milieu. Die groot uitdaging met betrekking tot hierdie groep is egter om 'n toekomsvisie asook perspektief te vestig met

betrekking tot al die veranderinge wat besig is om plaas te vind rondom hulle (vgl. par. 4.5.2.6).

### 5.7.2.9 Verantwoordelik vir ander

Uit die empiriese navorsing (Bylaag C:7) het verder geblyk dat die respondente in 'n besondere mate verantwoordelik voel vir ander se geluk. Dit sou egter kon dui op sekere areas van onverwerkte emosionele pyn.

Vanuit die literatuurstudie het geblyk (vgl. hfst. 3: par. 3.3.2) dat goeie verhoudings 'n waardesisteem skep wat later bepalend kan wees met betrekking tot die helingsproses ten opsigte van byvoorbeeld 'n aspek soos emosionele verwonding. Wanneer iemand veilig in 'n verhouding voel, is dit makliker om die feite rondom emosionele verwonding openbaar te maak en jouself oop te stel vir genesing en sodoende die verwonding te hanteer. Die onvoorwaardelike liefde wat ouers van voor geboorte af reeds aan hul kinders gee, waarborg gevoelens van geborgenheid en sekuriteit. Wanneer hierdie liefde egter ontbreek, soek hierdie kind later na ander maniere om hierdie verlies te verwerk (vgl. hfst. 3: par. 3.3.2). Dit lei baie maklik tot mede-afhanklikheid – 'n situasie waar die tiener hierdie liefde soek en in sy soeke self verantwoordelik voel vir die ander persoon se geluk. In hierdie hele proses speel die seksuele dan soms ook 'n pertinente rol. Vir baie beteken seks 'n bewys dat hulle volwasse is en op 'n impulsiewe wyse word die volwasse wêreld op hierdie wyse ontdek. Seks en mag word dikwels verbind en op hierdie wyse word seksuele gedrag 'n versoeking vir baie jongmense – nie as gevolg van hulle seksuele oriëntasie nie, maar as gevolg van 'n mag- en beheeroriëntasie (vgl. hfst. 4: par. 4.2.4.6). Met sy seksuele beskikbaarheid kan hy dan ook vir ander geluk bring.

### 5.7.2.10 Angstigheid

By 'n groot aantal van die medewerkers in die privaatskole het geblyk dat daar 'n gebrek is aan sekuriteit in hul verhoudings asook 'n vrees om emosioneel seer te kry. Hulle voel bedreig deur hulle omstandighede en is bang vir die toekoms. Hulle is bang vir mislukking en verwerping (Bylaag C:7).

'n Tiener se basiese angs is 'n angs vir isolasie, verwerping en vernietiging. Angs kan in die meeste gevalle geassosieer word met die ouerhuis waar daar oorbeskerming is. Die ouerhuis speel dus 'n belangrike rol om hierdie gevoel van geïsoleerdheid en hulpeloosheid in 'n potensieel vyandige wêreld teë te werk. In die verwerking en aanpassing by die veranderinge in hul leefwêreld en in hulself het die tiener sekere behoeftes wat vervul moet word om die veranderinge sinvol te kan integreer en 'n positiewe identiteit te kan ontwikkel.

Wanneer die omgewing waarin hy opgroei egter nie veilig is nie en nie die nodige sekuriteit bied nie, ontstaan angstigheid en twyfel in homself. Tipiese emosionele simptome van stres is depressie, selfbeeldprobleme, woede en angs. Vrees vir verwerping is dan ook een van die gevolge van die benadering dat tieners net van waarde is en aanvaar word in soverre hulle ander plesier. Slegte ervarings in verhoudings lei daartoe dat konflik en konfrontasies voortaan vermy word(vgl. hfst. 4: par. 4.2.4.9).

**5.7.2.11 Gebrek aan selfgelding**

Uit die verslag is dit verder duidelik dat daar 'n mate van gebrek aan selfgelding is (Bylaag C:7). Die belangrikste rolspelers in die ontwikkeling van die tiener tot volwassenheid is die gesin, skool, portuurgroep en die gemeenskap. 'n Pasgebore baba begin geleidelik 'n opinie vorm omtrent homself, hoofsaaklik op grond van die maniere waarop die belangrike mense in sy lewe teenoor hom reageer .Al die rolspelers hou 'n figuurlike spieël voor die kind waarin hy homself weerkaats sien. Die weerkaatsing, hetsy negatief of onrealisties positief, het 'n invloed op die ontwikkeling van die identiteit.

Die ouers bepaal dus die eerste indrukke waarvolgens die identiteit ontwikkel en daarna volg die skool, portuurgroep en die samelewing. Elke rolspeler is gevolglik verantwoordelik om die kind binne 'n warm atmosfeer van liefde en intimiteit te laat ontwikkel tot 'n volwasse persoon wat op 'n selfstandige wyse keuses kan maak (vgl. hfst. 4: par. 4.3). Verhoudings speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die tiener se selfbeeld. Die tiener ontdek via sosiale verhoudings andere se innerlike, en leer op hierdie wyse om homself dieper te ken en helderder te definieer. Die tiener beweeg vanaf die afhanklikheid van die kindertyd na die moontlikheid van 'n volwasse onderlinge afhanklikheid – afhanklikheid en onafhanklikheid is dus slagvelde waar daar hewige gevegte gaan plaasvind. Tieners is nog steeds materieel afhanklik. Hulle het nog nie die ervaring van die volwasse wêreld nie. Daar is twyfel by hulle oor hulle vermoë om onafhanklik te wees en onsekerheid oor hul rol in die lewe. Aan die ander kant word hulle bevry deur hul ontwikkelende verstand en fisieke vaardighede. Gedurende hierdie onbestendige tyd is dit heel natuurlik dat die tiener sy ouers se waardes en reëls vir dié van sy portuurgroep sal verruil.

**5.7.2.12 Isolasie**

Vanuit die groep medewerkers wat geëvalueer is, het geblyk dat hulle daarvan hou om in 'n groep te wees (Bylaag C:7).

Uit die literatuurstudie is dit duidelik watter belangrike rol ouers speel in die sosialiseringsproses van hulle kinders. Dit gebeur onder anderewanneer daar in die gesin

gekommunikeer word. As jy as ouer nie met hulle kan praat op 'n manier wat hulle kan hoor nie, en nie hoor op die manier wat hulle praat nie, dan gaan jy nie slaag in die sosialiseringsproses nie (hfst. 4: par. 4.3.1.6).

Verhoudings binne die portuurgroep word al hoe belangriker wanneer die tienerjare aanbreek, en dit speel 'n lewensbelangrike rol in tieners se geluk en emosionele welsyn. Die kwaliteit van die portuurverhoudings gedurende die tienerfase is ook 'n belangrike aanduider van die mate waarin suksesvolle aanpassing ten opsigte van volwassenheid reeds plaasgevind het (vgl. hfst. 4: par. 4.3.5). Die groep bepaal die standaarde en die tiener moet daarby inpas. Juis omdat die tiener met 'n minderwaardigheidsgevoel worstel, sal hy nie maklik standpunt teen die groep inneem nie. Hy speel veilig en val eerder in by die meerderheid. Baie tyd word gevolglik spandeer in die bou van verhoudings met diegene van wie erkenning ontvang word – daar word ook hard gepoog om mense tevrede gestel te kry en hul respek te wen. Wanneer daar egter nie-waarderende opmerkings gemaak word, val die selfwaarde. Die eis van die dag is egter so dikwels dat jy andere moet plesier om hulle erkenning en aanvaarding te ontvang en die emosioneel verwonde tiener land so maklik in hierdie slagyster (vgl. hfst. 3: par. 3.3.4).

Eensaamheid druis in teen die skeppingsdoel van God met die mens. Die mens is 'n verhoudingswese en vind sy doel en sin daarin dat hy opbouend meewerk aan die groei van homself en andere in hul verhouding met God. Wanneer die mens dus nie meer aan hierdie doel beantwoord nie, het die lewe nie meer sin nie. Die gevaar van isolasie spreek uit die getal tieners wat selfmoord pleeg en wat aan depressie lei (vgl. hfst. 4: par. 4.2.4.4 en 4.2.4.5).

In 'n kommunikasieverligte eeu is daar ironies en tragies gesproke baie minder kommunikasie en is dit boonop geweldig onpersoonlik. Wanneer die tiener alleen voel met net sy onderdrukte woede en vrees, verloor hy enige belewenis van veiligheid en sekuriteit. Vervreemding is 'n verdere gevolg van eensaamheid – die tiener onttrek homself aan die samelewing, maar stoot terselfdertyd andere weg van hom. In die soeke na die sin en doel van die lewe word die tiener gevolglik so vasgevang deur sy eie probleme dat ander begin dink dat hy selfsugtig is. Hierdie reaksie van ander lei dan soms daartoe dat die tiener arrogant raak – dit is egter nie hoe hy wil wees nie, maar hy wil sy seer en emosionele pyn op 'n manier probeer verwerk. Arrogansie lei verder tot geestelike onsensitiwiteit (vgl. hfst. 3: par. 3.4.5).

#### 5.7.2.13 Wantroue

Die verslag toon aan dat die medewerkers dit moeilik vind om ander te vertrou (Bylaag C:9). Vanuit die literatuurstudie het egter duidelik geblyk wat die redes vir hierdie tipewantroue onder tieners is.

In ’n gesonde gesin leer tieners die vertroue om ’n krisis tegemoet te gaan en te hanteer. Die gesin is die tuiste waarbinne die tiener geborgenheid soek ten einde identiteit te ontdek en tot volwassenheid te kan ontwikkel.Die ouerlike voorbeeld is belangrik in die ontwikkeling van vertroue. Die tiener wil vertrou en vertrou word.

Skynheiligheid in die huisgesin is 'n verdere tendens wat tieners verwar. Skynheiligheid in die kerk speel 'n groot rol, maar die skynheiligheid in die huis het 'n groter impak. Ouers woon eredienste by en neem deel aan kerklike aktiwiteite maar gee nie geestelike begeleiding aan die tieners nie. Ouers se optrede is ook nie altyd in ooreenstemming met hul woorde nie – ouers wat leuens aan hul kinders vertel, veroorsaak onnoemlike skade. Wanneer ouers nie hul goddelike opdrag uitvoer en daardie nodige beskerming, versorging en dissipline gee nie, lei dit onwillekeurig tot 'n magdom van emosionele pyn.

Terwyl elke kind op soek is na sekuriteit, liefde, emosionele ondersteuning, beskerming en versorging, is daar ongelukkig diegene wat in die proses ook deur 'n ouer misbruik word. Wanneer dit plaasgevind het, is daar gewoonlik 'n verdraaiing in die kind se denke betreffende die begrippe van liefde en seks. Die gedagte kan dan baie maklik ontstaan dat liefde van enige gesinslid of familielid (of ook iemand anders) seks sal insluit. Alle verhoudings word dan in hierdie lig gesien en emosionele groei bly in die slag, vertroue is weg, liefde is verdraai en veiligheid het gedisintegreer – dit laat gewoonlik emosionele wonde vir jare daarna. Alle ander verhoudinge is dan ook gedoem tot wantroue – as eie gesinslede nie vertrou kan word nie, hoe kan ander vertrou word?

#### 5.7.2.14 Skoolprobleme

Die medewerkers ervaar die skool as sleg en kom maklik in die moeilikheid by die skool (Bylaag C:9). Hierdie ervaring is die gevolg van swak modellering in die skool asook die feit dat daar nie duidelike waardes en grense is nie. Onbetrokkenheid van ouers by die skool speel ook ’n beduidende rol.

Uit die literatuurstudie het geblyk dat die gesin in sy begeleiding van die tiener tot volwassewording deur die skool as belangrike rolspeler ondersteun moetword. Die betrokkenheid van die ouer in hierdie verband bly egter steeds van kardinale belang. Die

skool gee nie net onderrig nie, hy "vorm" as't ware mense. Die skool se primêre taak is gevolglik om die kind onder meer ook te begelei in die toe-eiening van waardes en norme wat betekenis aan die lewe gee. By die skool ontmoet hulle nuwe mense – vriende en vyande. Hulle is baie geheg aan vriende, want hulle verskaf 'n magsbasis en 'n gevoel van aanvaarding, erkenning en identiteit. Hulle beleef sukses en mislukking by die skool – hier wil hulle hulself bewys en ook erkenning ontvang (vgl. hfst. 4: par. 4.3.4)

Die ondersoek na dissiplinêre probleme in skole bewys dat die grootste invloed op tieners in skole op die vlak van modellering lê. Dit hou hoofsaaklik verband met die onderwyser se karakter, sy gevestigde waardes, persoonlike betroubaarheid en geloofwaardigheid. Tweedens speel die verhouding waarin die onderwyser tot die kinders staan ook 'n belangrike rol. Ware dissipline word geassosieer met die modellering van korrektewaardes, karakter en verhoudings en nie soseer in rigiede en wettiese reëls nie.

**5.7.2.15 Geheueverlies**

Die reaksie van die medewerkers toon aan dat dit meer as dikwels voorkom dat hulle sekere dinge nie kan onthou nie en dat daar dus aandag in hierdie verband nodig is (Bylaag C:9).Hul reaksies op die emosionele bagasie wat hulle met hul saamdra, toon duidelik aan dat sommige van die tieners nie die seer en die pyn van die verlede wil onthou nie en gevolglik poog om op ander wyses die emosionele verwonding te verwerk (vgl. hfst. 4: par. 4.2.4.3).

**5.7.2.16 Houding teenoor volwassenes**

Die verslag toon aan dat die tieners dikwels volwassenes minder positief beleef en dat ook hierdie area aandag moet kry (Bylaag C:9). Die feit dat die getal rolmodelle met integriteit en geloofwaardigheid in die huis, skool en gemeenskap besig is om al minder te word, lei daartoe dat tieners hulle respek verloor vir volwassenes (vgl. hfst. 3: par. 3.3.6; hfst. 4: par. 4.3.1.1 en 4.3.4). As gevolg van hierdie rolverwarring is daar nie meer duidelike waardes en grense nie. Die tiener voel onveilig en dit lei tot optredes waarin hy op 'n manier soek na geborgenheid. Die grootste rede volgens die tieners vir die gebrek aan dissipline is die afwesigheid van respek. Leerders het geen respek vir onderwysers en ook nie vir mekaar nie.

**5.7.2.17 Frustrasies**

Die tieners se reaksie op hierdie vrae dui op 'n mate van vergenoegdheid. Tog is daar die waarskuwing dat daar aandag aan hierdie aspek gegee moet word (Bylaag C:9).

Uit die literatuurstudie word hierdie waarskuwing ook onderstreep, omdat daar in die reaksies van tieners op hul lewensomstandighede opbouende frustrasievlakke te bespeur is. Gesinne blyk in al minder mate die bakermat van verhoudings te wees en leë emosionele liefdestenks veroorsaak 'n liefdeshonger.

Gesinswaardes word verwaarloos en daar is nie meer duidelike grense nie. Die verlies aan 'n rolverdeling in gesin en samelewing bring ook al meer verwarring. Dit alles lei tot die vraag na die sin en doel van die lewe. Die vreugde lê nie meer in 'n verhouding met God en die lewe wat Hy gee nie, maar in die genietings wat die wêreld hier "onder die son" bied – en dit lei tot frustrasies (vgl. hfst. 3: par. 3.3.2-3.3.5 en hfst. 4: par. 4:3).

**5.7.2.18 Stigma**

Uit die groep wat geëvalueer is vanuit die privaatskole het geblyk dat heelparty hulself as minderwaardig beskou en dat hulle 'n oorlas is – daarom die waarskuwing in hierdie verslag om ook aan hierdie saak aandag te gee (Bylaag C:9).

Omdat die tiener bang is vir verwerping en isolasie moet hy begelei word om intimiteit en liefde te ervaar. Dit gee sin aan die lewe aangesien hy dan onvoorwaardelike aanvaarding ervaar vir wie hy is. Hy beleef dat hy nie 'n slagoffer van skuld en die verlede is nie.Hy het toekomsperspektief en is nie beangs vir dit wat wag nie.Die lewe maak sin, want daar is vir hom die tipe ondersteuningstelsels wat mense in krisisse kan dra en daar is vir hom bystand in nood deur onderlinge sorg. Wanneer kinders op hierdie wyse aanvaarding, erkenning en aanmoediging beleef, dan bevorder dit ook gesonde selfliefde, geloof in hulself asook die vermoë om andere te kan liefhê (vgl. hfst. 4: par. 4.3).

**5.7.2.19 Verhoudings met ouers**

In hulle verhoudings met hulle ouers, hetsy eie ouers, stiefpa of stiefma, ontbreek daar by al die tieners in die privaatskole wat geëvalueer is die belangrike elemente van liefde, respek en trots (Bylaag C:11).

Vanuit die literatuurstudie het geblyk dat hierdie elemente van kardinale belang is vir die ontwikkeling van 'n eie identiteit by die tiener. Waar liefde ontbreek, verloor die tiener perspektief op die sin en doel van die lewe en ervaar hy geen selfwaarde nie. Angstigheid, depressie en selfmoordneigings vloei dan hieruit voort. Respek kweek waardes en begrensing wat uiteindelik geborgenheid en sekuriteit bied. Trots gee vrymoedigheid om in gesonde verhoudings betrokke te raak (vgl. hfst. 3: par. 3.5.10).

Die verhoudings in die gesin beïnvloed alle ander verhoudings in die lewe. Hanteringstyle, familiegeheime en minderwaardigheid word dan ook uiteindelik die voertuie wat sekondêre verwonding van geslag na geslag oordra. Die ouers speel 'n leidende rol in die bepaling van waardes en grense en die gesinslewe bied geborgenheid en sekuriteit, maar dit bied ook die geleentheid vir die ontwikkeling van die eie identiteit.

Die distorsie rondom rolle skeur 'n kind se kinderjare van hom weg en dit word heel dikwels vervang met die laste van volwassenes wat te swaar is om op te tel. Die veranderende rol van die vrou in die samelewing lei noodwendig tot 'n herdefiniëring van die rol van die man in die gesin. Wie neem nou die besluite en doen die beplanning in die gesin? Hierdie onsekerheid oor die rolverdeling skep moontlikhede vir konflik en noodwendig veroorsaak dit twyfel en onsekerheid by die kinders. Met wie identifiseer hulle? In sekere kringe binne die samelewing het dit ook onvanpas geraak om te praat van die 'hoofskap' van die man binne die gesin. Kinders groei dus vandag in huise op waar daar nie duidelike rolmodelle is waarmee hulle kan identifiseer nie (vgl. hfst.3: par. 3.3.6).

Die manlike rolmodel is baie belangrik vir die ontwikkeling van 'n kind se selfbeeld en selfvertroue. Dit lei by sommiges dan uiteindelik ook tot 'n onsekerheid betreffende eie identiteit asook betreffende die rolle wat hulle in die samelewing behoort te vervul. Tieners ontwikkel 'n beeld van God deur middel van hul ouers en in besonder die vader. Wanneer 'n vader nie fisies, psigies en geestelik betrokke by sy kind is nie, belemmer dit die godsbeeld van die kind (vgl. hfst. 3: par. 3.5.5). Die uitlewing van die liefdesverhouding tussen pa en ma help die tiener om uiteindelik ook 'n gesonde verhouding met die teenoorgestelde geslag te bou. Binne die gesin waar daar egter verwarring is betreffende rolle word die tieners eintlik nie werklik blootgestel aan die verhouding tussen man en vrou nie en kan hierdie normale proses nie sy gang gaan nie (vgl. hfst. 3: par. 3.3.6).

Die enigste hoop wat ouers het dat hulle hul kinders kan beskerm teen die aanslae van die wêreld, is om aan hulle die regte beginsels en waardes te leer. Norme en lewenswaardes wat vastigheid en waarde aan 'n mens se bestaan gee, is gevolglik grondliggend vir die bepaling van identiteit.

Die beste sekuriteit kry 'n kind in 'n ouerhuis waar daar veiligheid, versorging, grense (strukture) en dissipline is. Tieners smag na onafhanklikheid en vryheid van ouerlike beperkings. Hulle toets reëls en perke en bevraagteken hul ouers se waardes, maar op hul pad deur die tienerfase het hulle die veiligheid en versekering van die grense wat bekwame,

liefdevolle, konsekwente ouers stel, baie nodig – in hierdie opsig is daar ten diepste by die tiener 'n intense behoefte aan sekuriteit (vgl. hfst. 4: par. 4.3.1).

**5.7.2.20 Onafhanklikheid**

Die medewerkers vanuit die privaatskole se reaksie op die vraag oor hulle onafhanklikheid is dat hulle ouers hulle nie toelaat om vir hulleself te besluit en te doen waarvan hulle hou nie. Die ouers gee nie ruimte vir eie keuses van maats nie en is oorbeskermend (Bylaag C:13).

Vanuit die literatuurstudie het geblyk dat die verwarring rondom rolle heel dikwels verder gekompliseer word deur herhaalde oorskrydings van die kind se grense en individuele regte. Grense is gepaste lyne wat tereg jou innerlike en uiterlike wêrelde skei van die domein van andere. Dit bied 'n gevoel van uniekheid en onafhanklikheid. Hoe vroeër die kind die vestiging en handhawing van grense bemeester, hoe minder sal hy verwarring en besluiteloosheid later in die lewe beleef. Ondanks hul groter onafhanklikheid en die feit dat hulle al minder op die ouer staatmaak, is die ouer se teenwoordigheid, leiding en innige betrokkenheid nog steeds vir tieners noodsaaklik. Hulle het 'n veilige koesterende "oase" nodig waarheen hulle kan gaan wanneer hul tienerwêreld verwarrend en veeleisend word.

Duidelike struktuur, grense en reëls is nodig. Die gevolge van hulle optrede en die toepassing van dissipline om die kind uiterlike en innerlike beperkings te leer, is hier van kritiese belang. Die samelewing word al meer gedemokratiseer sodat die klem al meer op menseregte val. Hierdie klemverskuiwing veroorsaak 'n probleem met dissipline. Omdat elke persoon die reg het om dinge vir homself toe te eien of op aanspraak te maak, verskuif die belangrikheid van verantwoordelikhede en geskiktheid op die agtergrond. Daarom is dit belangrik vir die ouer om onder alle omstandighede in beheer te bly van die kind. Wanneer jy in beheer is van jou gedrag en gevoelens, jou innerlike, en ook die gesinsomgewing, sal jou tiener wat gedurig daarop uit is om die grense te toets, nie onseker wees wie in beheer is nie (vgl. hfst. 4: par. 4.3.1.7).

**5.7.2.21 Verantwoordelikheid**

Die verslag konkludeer dat die medewerkers hulself dikwels minder positief beleef en beveel aan dat aandag aan hierdie aspek gegee moet word (Bylaag C:13). Dat die tieners hulle omstandighede negatief beleef (Bylaag C:3) en nie die vermoë het om verantwoordelike besluite te neem nie (Bylaag C:3) bevestig dat daar ook in hierdie area 'n probleem is.

Die tiener is soms versigtig om verantwoordelike besluite te neem, want dit kan sy verhouding met sy portuurgroep belemmer en sodoende sy selfbeeld skade berokken. Die

groep bepaal die standaarde en die tiener moet daarby inpas. Juis omdat sommige tieners met 'n minderwaardigheidsgevoel worstel, sal so ŉ persoon nie maklik standpunt teen die groep inneem nie. Hy speel veilig en val eerder in by die meerderheid. Baie tyd word gevolglik spandeer in die bou van verhoudings met diegene van wie erkenning ontvang word, asook die strewe om mense tevrede te stel en hul respek te wen. Wanneer daar egter nie-waarderende opmerkings gemaak word, val die selfwaarde. Die eis van die dag is dat jy ander moet plesier om hulle erkenning en aanvaarding te ontvang (vgl. hfst. 3: par. 3.3.4). Die norm van die tyd van almal-doen-dit-tog, lei tot ŉ losbandige gees onder jongmense. Die vrees vir mislukking maak ook dat die tiener enige risiko's vermy. Tieners moet binne die parameters van die Skrif vryheid gegee word en die uiteindelike doel is om die tiener te laat opgroei as ŉ onafhanklike afhanklike van Christus en sy Woord (vgl. hfst. 3: par. 3.5.7).

Die tiener word as gevolg van die snelle ontwikkeling en verandering ook toenemend onder druk geplaas van te veel stimulasie, te veel uitdagings, te veel keuses en te veel geleenthede (vgl. hfst. 4: par. 4.2.1). Sosiale druk en te hoë verwagtings wat hulle aan hulleself of wat ander aan hulle stel, kan tot selfmoord lei.

### 5.7.3 Samevatting

- Die resultate van hierdie vraelys bevestig die gevolgtrekkings wat daar uit die literatuurstudie gemaak is met betrekking tot die oorsake en reaksies van die emosioneel verwonde tiener. Dit het byvoorbeeld geblyk dat 44% van die tieners voordeel sal trek uit ŉ verrykingsprogram, terwyl 7% professionele hulp nodig het.
- Die tiener se lewe is vol uitdagings. Hierdie uitdagings word egter as gevolg van die emosionele verwonding van baie van hierdie jongmense baie negatief ervaar – hulle beleef inderwaarheid die lewe as sinloos en sonder vreugde. Hul positiewe funksioneringareas het dus oor die algemeen aandag nodig.
- Die oorsaak van die sterk negatiewe sentimente by talle van hierdie jongmense kan met goeie grond herlei word na hul behoefte aan persoonlike verhoudings. Uit die literatuurstudies (vgl. hfst. 3 en 4) is aangetoon watter belangrike rol verhoudings speel in die vestiging van ŉ eie identiteit en selfwaarde by die tiener.
- As gevolg van die gebrek aan rolmodelle in hul lewens is daar ŉ behoefte aan die verbetering van 'n negatiewe en swak selfpersepsie. Omdat hulle nie rolmodelle gehad het nie, is hulle nie begelei om te groei in hul verhouding met God en medemens nie. Hulle is onseker in hierdie verband en daarom is daar ook ŉ gebrek aan besluitnemingsvermoë.

- Die vermoë om die trauma van elke dag te hanteer, is swak ontwikkel want die grondslag betreffende die sin en doel van die lewe, wat in die ouerhuis neergelê moes gewees het, het nie plaasgevind nie. Die emosionele pyn wat verder ook in die ouerhuise beleef word, maak hulle soveel te meer sensitief vir enige trauma, want dit dien telkens as sneller vir al die onverwerkte emosionele pyn in hul eie lewens.
- 'n Lae selfpersepsie asook die onvermoë om die gebrokenheid van die lewe hier *onder die son* te hanteer, bring mee dat die tiener die sin en doel van die lewe dikwels negatief beleef en en dan ook negatief in sy besluite reageer. Hierdie soort leefwyse het 'n negatiewe impak op sy verhoudingslewe en in besonder sy verhouding met God, *bo die son*.

# PRAKTYK-TEORETIESE AFDELING

---

# HOOFSTUK 6: DIE FORMULERING VAN 'N PASTORALE MODEL VIR DIE BEGELEIDING VAN DIE EMOSIONEEL VERWONDE TIENER

## 6.2 Inleiding

In die voorafgaande hoofstukke van hierdie studie, waar gefokus is op die moontlike oorsake en reaksies van tieners op emosionele verwonding, is tot die slotsom gekom dat gebroke verhoudings 'n groot rol speel. In die basisteoretiese afdeling (hoofstukke 2 en 3) is aangetoon dat wanneer die tiener God nie in gehoorsaamheid vrees en dien nie, die lewe hier "onder die son" geen voordeel inhou nie en alles tevergeefs is. Die lewe is dan 'n doellose sirkelgang en so 'n tiener beleef dan dat daar 'niks nuuts onder die son' meer is nie. As gevolg van hierdie wanverhouding met God lei die situasie dan tot gebroke verhoudings in die gesin, skool en samelewing, soos aangetoon in die metateoretiese afdeling (hoofstukke 4 en 5). Daar is ook aangetoon dat hierdie gebroke verhouding dikwels uitloop op intense emosionele verwonding. Wanneer hierdie emosionele wonde nie genees word nie, lei dit tot allerlei reaksies soos angs, depressie, selfmoord, seksuele losbandigheid, wangedrag, ens. Dit het ook geblyk dat die nageslag menigmaal verwond word as gevolg van onverwerkte trauma in voorgeslagte. Die boek Prediker het geblyk belangrike perspektiewe te bevat betreffende die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener. In die formulering van praktykteoretiese riglyne sal die perspektiewe vanuit Prediker vervolgens as rigtinggewende merkers dien.

## 6.2 Doelstelling

Die doel van hierdie hoofstuk is om deur middel van 'n hermeneutiese wisselwerking perspektiewe vanuit die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie te integreer ten einde 'n praktykteoretiese model te formuleer waarvolgens die emosioneel verwonde tiener pastoraal begelei kan word. Zerfass se voorgestelde model van wisselwerking tussen praksis en teorie (vgl. hfst.1: par. 7) kom op hierdie wyse dan ook tot volle uitvoering.

## 6.6 Doelwitte

Die doelwitte van die studie is as volg geformuleer(vgl. hfst.1:par.5.2):

- Om riglyne te identifiseer vanuit 'n eksegetiese studie van sekere passasies uit die boek Prediker waarvolgens die emosioneel verwonde tiener pastoraal begelei kan word tot heling (vgl. hfst. 2 en 3)
- Om vas te stel watter verhelderende perspektiewe die hulpwetenskappe kan bied met betrekking tot die rol wat 'n godsdienstige teks kan vervul in die begeleiding van emosioneel verwonde tieners (vgl. hfst. 4).
- Om vas te stel watter insigte betreffende die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener deur 'n empiriese ondersoek na vore kom (vgl. hfst. 5).
- Om 'n praktykteoretiese model daar te stel ten einde die emosioneel verwonde tiener pastoraal te begelei tot heling deur gebruikmaking van riglyne vanuit die boek Prediker (hfst. 6).

## 6.7 Perspektiewe vanuit die onderskeie hoofstukke

### 6.4.1 Perspektiewe vanuit die eksegese van kerngedeeltes uit Prediker (hfst. 2)

Die Prediker fokus op die probleem van die menslike bestaan in 'n gevalle wêreld. Alle menslike aktiwiteite vind plaas "onder die son". Die gebied "onder die son" gaan oor sake soos geregtigheid, regverdigheid, wysheid, kennis, tyd, die kosmiese en sosiale ordes, die koning, die sin en vreugde van die lewe en watter voordeel daar vir die mens vir al sy moeisame arbeid is. In hierdie sfeer "onder die son" is dit ook so dat die vloek van die sonde aanleiding gegee het tot gebroke verhoudings en oorweldigende emosionele pyn.

Die Prediker toon verder aan hoe 'n lewe sonder God in wese chaoties, sinloos en onvergenoegd is. Hy moedig sy leerders aan om 'n Godgesentreerde leefstyl aan te kweek deurdat hy sekere leefstyle en strewes waarin God uitgelaat word, kritiseer. In Pred. 1:3-11 word die gevolge van sulke leefstyle en strewes uitgespel. Die lewe onder die son is as gevolg van die sondeval tevergeefs. In sy worsteling en soeke na die sin van die lewe beskryf die Prediker dan ook die sleutel om die lewe te verstaan. Onder die son sal geen sin verkry word nie, maar die sin en die vreugde van die lewe hier lê daarin dat die mens bokant die son uitstyg. *Alles tevergeefs* – dit is die sleutelfrase in die boek Prediker. As gevolg van die vloek van die sonde (Gen. 3:17-19) beleef die mens 'n sinloosheid in die lewe hier onder die son. Die gevolge van die sonde raak die hele skepping, in al sy fasette – veral dan ook wat verhoudings betref.

God het die mens as 'n verhoudingswese geskep (Gen. 1:27 en 2:18). Wanneer hierdie verhoudings egter skade ly, bring dit emosionele verwonding, veral ook by tieners. Die enigste wyse waarop sodanige verwonding weer herstel en genees kan word, is om terug te keer na 'n intieme verhouding met God (Pred. 12:13). Teen hierdie agtergrond kan die boek Prediker sinvol gebruik word in die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener wat gewoonlik ook worstel rondom toekomsvrae en ook op soek is na antwoorde wat betekenis kan gee in die lewe vandag.

Die tiener se verwysingsraamwerk word beïnvloed deur onder andere sy gesin, skool, kerk en vriende – dit vorm dan uiteindelik gesamentlik die bron van die tiener se gesindheid en gedrag. Om werklik lewensin te ervaar, moet die tiener egter hulp kry om vanuit die herskeppingswerk van Jesus Christus te leef. Die verhouding met God moet weer herstel word, want hierdie verhouding is bepalend vir alle ander tussenpersoonlike verhoudings. Die boek Prediker bied in hierdie opsig 'n aantal praktiese riglyne vir die begeleiding van die tiener tot herstel in sy verhouding met God, en om uiteindelik die sin en vreugde van die lewe in Hom te vind. Die geestelike verdieping wat met hierdie proses gepaard gaan, dra dan ook by tot die verwerking van alle onverwerkte seer uit die verlede.

Die mens is geneig om sin en vreugde op verkeerde plekke en by verkeerde persone te soek en daarom is sodanige soeke gewoonlik onsuksesvol. Die ware antwoorde op die lewe word egter gevind in 'n lewende verhouding met God. Die finale woord is: Vrees God en hou Sy gebooie. *Vrees God !* – leef in volle toewyding aan Hom. Vrees hou nie in om bang te wees nie, maar die implikasie is eerder om ontsag en eerbied te hê. Dien Hom! *Hou sy gebooie* ! – sy Woord moet geleef word.

6.4.2 Belangrike pastoraal-teologiese perspektiewe betreffende die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener (hfst. 3)

Verskeie oorsake gee aanleiding tot die emosionele verwonding van die tiener. Die postmoderne fase bevat inherent sekere tendense wat emosioneel negatief op die tiener inwerk. Die ervaringe van die lewe en hoe die tiener daarop reageer, bepaal uiteindelik wie en wat die tiener word. Die uitvloeisel van hierdie proses impliseer in talle gevalle emosionele verwonding tot 'n mindere of meerdere mate. Tieners soek hulle identiteit veral in gesinsverhoudings, maar tans is die gesinne in talle opsigte nie meer die bakermat van verhoudings nie. Hiermee saam moes gesinswaardes plek maak vir die vereistes van 'n sekulêre samelewing, 'n samelewing waar daar ook nie meer duidelike grense is nie, en dit alles gee aanleiding tot onsekerheid en vrees. Die onsekere rolverdeling tussen man en vrou lei tot onsekerheid by die tiener betreffende eie identiteit en ook betreffende die rol wat hulle

binne die samelewing moet vervul. Afwesige ouers lei tot eensaamheid by tieners. Al hierdie oorsake kulmineeruiteindelik in die vraag waarmee Salomo in die boek Prediker worstel, naamlik: Waarin lê die sin en doel van die lewe? Wie is eintlik God? Wie is God eintlik? Wie is ek eintlik vir God?

6.4.3 Belangrike perspektiewe vanuit die hulpwetenskappe met betrekking tot die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener(hfst.4)
Wanneer daar nie in die tiener se behoeftes voorsien word deur die onderskeie rolspelers nie en hy nie begelei word tot die sinvolle oplossing van sy vraagstukke nie, ontwikkel daar 'emosionele bagasie' wat 'n baie negatiewe uitwerking kan hê op sy latere volwasse lewe. Hierdie emosionele bagasie (wat meestal verband hou met onverwerkte traumatiese gebeure en emosionele pyn) lei tot verwarring en gevoelens van hopeloosheid. Dit lei tot negatiewe gevolge wat ook uiteindelik vergestalt kan word in selfmoord, depressie, seksuele wanpraktyke, stres, dissiplinêre probleme, angs en middelmisbruik.

6.4.4 Perspektiewe vanuit die resultate van 'n empiriese ondersoek (vgl. hfst. 5)
Die resultate op die vraelys wat hanteer is, bevestig die gevolgtrekkings wat vanuit die literatuurstudie en basisteoretiese studie na vore gekom het betreffende die oorsake en reaksies van die emosioneel verwonde tiener. Uit die groep wat as respondente gedien het, het geblyk dat 44% voordeel sal trek uit 'n verrykingsprogram terwyl 7% professionele hulp nodig het.

## 6.8 Begrippe met betekenisinhoude wat belangrik is vir die pastorale begeleiding van 'n emosioneel verwonde tiener

Daar is 'n stryd wat die jeug moet voer en die aanslag word gerig op die hart. As gevolg van die sondeval (Gen. 3) word elke kind in sonde ontvang en gebore. Die versoekinge is daarop gerig om die tiener te laat glo dat identiteit, betekenis en doel eerder in die skepsel as in die Skepper gevind word. Die tienerfase word oorspoel deur vrae soos: Wie is ek? Lyk ek goed? Hoekom is die lewe so verwarrend? Sal ek by al die reëls kan bly? Wat is reg en wat is verkeerd? Wie is reg en wie is verkeerd? Wat gebeur met my liggaam? Wat gaan ek met my lewe doen? Sal ek slaag of misluk? Hou mense werklik van my? Is ek normaal? Is my gesin normaal? Is daar werklik 'n God? (hfst.4: par. 4.2.1.3).

Die mens is 'n verhoudingswese – God het die mens so geskep dat hy binne verhoudings sy potensiaal ontwikkel en uiteindelik dit word wat God bedoel het hy moet wees. Om die tiener te verstaan en te begelei tydens hierdie groeifase van sy lewe, moet besef word dat hy van

twee kante af in sy verhoudings beïnvloed word: enersyds vanaf die kant van die lewe met al sy veranderende invloede, en andersyds vanaf sy verhouding met God.

6.5.1 Tevergeefs

"Hebel" identifiseer die raaiselagtige en die ironiese dimensie van die menslike ervaring; dit gee te kenne dat die lewe nie voorspelbaar is nie. Die Prediker sien die menslike lewe as onwesenlik, kortstondig en soms sinloos of absurd in die lig van die ewigheid. Daar is geen voordeel vir die mens nie. Alles waarvoor die mens hom beywer, lei tot geen resultaat nie. Die lewe is ook raaiselagtig en geheimsinnig, want aan die een kant is daar baie gereelde, voorspelbare kringlope in die natuur, maar aan die ander kant is daar onverstaanbare herhaling. Hierdie realiteit is nie soseer futiel, absurd en betekenisloos nie, maar eerder kompleks, geheimsinnig en meerduidig. Dit vertolk die begrip dat die lewe raaiselagtig en geheimsinnig is en dat daar baie onbeantwoorde vrae is. Die persoon wat glo, erken hierdie feit en beweeg positief vorentoe deurdat hy die lewe as gawe van Godontvang en dit geniet soos God dit aanbied (vgl. hfst. 2: par. 2.3.1.2).

6.5.2 Watter voordeel

Die vraag waarmee Prediker worstel, is of werk en lewe enige voordeel inhou. Hierdie vraag beheers die hele boek en Prediker is in sy soeke besig om 'n antwoord op hierdie vraag te probeer kry. Wysheid speel 'n belangrike rol in die verstaan van die "voordeel" van die mens se arbeid hier op aarde. Wysheid van bo die son stel die mens in staat om vreugde in sy arbeid te vind. Wysheid van onder die son maak hierdie arbeid moeisaam en sonder enigevoordeel (vgl. hfst. 2: par. 2.3.1.3).

**6.5.3 Onder die son**

Die frase *onder die son* in Pred. 1:3 verwoord die wanhoopskreet van die mens wat in die sweet van sy aangesig (Gen. 3:19) hier "onder die son" geen voordeel in sy bestaan en werk sien nie. Die lewe en die werk hier lyk sinneloos en bring geen vreugde nie. Pred. 1:4-11 beklemtoon hierdie doellose sirkelgang en beskryf die gevolge van die wêreldse ydelheid vir die mens. Die lewe lewer geen voordeel nie. As ons strewe nie verder gaan as "onder die son" nie, dan hou dit geen voordeel in nie (vgl. hfst. 2: par. 2.3.1.3).

**6.5.4 Doellose sirkelgang**

Daar sal nie deur wetenskaplike waarneming of deur bloot menslike instruksie uitgevind kan word watter voordeel werk vir die mens onder die son inhou nie. Wanneer God op so 'n wyse uitgelaat word, is daar niks nuuts en sinvol vir die mens "onder die son" nie en is

geskiedenis dan bloot ʼn geslote sirkel. Wat is die sin van al die mens se arbeid onder die son? Dit lyk nie of daar enige profyt in is nie (vgl. hfst. 2: par. 2.3.1.4.7).

### 6.5.5 Vrees van God

Om God te vrees, beteken om die mens se plek teenoor God in die skepping te verstaan. Prediker probeer verstaan hoe die mens ʼn sinvolle bestaan kan bereik en ook oor die vermoë kan beskik om op 'n spontane wyse op kritieke tye te weet wat dit beteken om God te vrees. Om God te vrees beteken verder om die afstand tussen die goddelike en die menslike te erken en te respekteer. Die mens se plek word dus afgemerk deur onpeilbare begrensinge. Die mens kan nie weet, begryp, of aan enigiets vashou buiten God nie. Die mens se bestaan is gebonde aan onsekerhede van die lewe en die dood en dit is slegs deur die vrymagtigheid van ʼn soewereine God wat die wêreld op ʼn verbysterende wyse regeer word. "Die vrees van God" dui nie op bang wees nie, maar op gehoorsaamheid, liefde, diens en aanbidding (vgl. Deut. 10:12), vereenselwiging met God se morele wette (Lev. 19:19), vermyding van sonde (Job 1:9) en eerlike oorgawe (Spreuke 14:2) – met ander woorde die *dien van God*. Die vrees van God is meer as ʼn gesindheid – dit is ʼn leefwyse waarin die mens aktief reageer op God se handelinge (vgl. hfst. 2: par. 2.3.2.4).

### 6.5.6 Gesinne

Tieners bevind hulself in 'n fase waar hulle soek na identiteit, en hulle soek hierna onder andere op die terrein van gesinsverhoudinge. Die tragiese is egter dat tradisionele gesinstrukture aan die verdwyn is. Die oorwegende oorsaak vir hierdie ineenstorting van die gesin is die miskenning van wat God se bedoeling met die gesin oorspronklik was (vgl. hfst. 3: par. 3.3.2) Die rolverdeling is aan die begin duidelik bepaal en die ouers is veronderstel om 'n leidende rol in die bepaling van waardes en grense te speel. Indien dit die geval is, dan bied die gesinslewe geborgenheid en sekuriteit, maar ook die geleentheid tot die ontwikkeling van die eie identiteit (vgl. hfst.4: par. 4.3.1).

### 6.5.7 Waardes

Gesonde ouerhuise kweek gewoonlik gesonde waardes. Respek vir ouers is ook deurslaggewend met betrekking tot die kwaliteit van latere verhoudings (vgl. hfst. 3: par. 3.3.4). Waardes is baie belangrik vir die tiener ten einde die regte pad te vind en met welslae deur die lewe te reis. Ferreira (2007:65) konkludeer dat mense se waardes belangrik is in die bepaling van hul oortuigings, en ook hoe hulle ervarings waarneem, interpreteer en evalueer. Morele waardes stel jou ook in staat om binne vasgestelde grense sinvol te leef en jou aan gesag te onderwerp (vgl. hfst. 4: par. 4.3.3).

### 6.5.8 Grense

Dikwels is tieners in verhoudings en skep dit verwarring omdat so 'n jongmens nie in die ouerhuis reeds die nodige toerusting ontvang het betreffende die daarstelling en respektering van grense nie. Binne die sekulêre samelewing is grense in elk geval besig is om al meer te vervaag en selfs plat te val. Grense help definieer wie die mens in sy verhoudings is, en dit stel hierdie persoon ook in staat om beserings en skade te voorkom. As daar nie grense is nie, dan loop dit gewoonlik uit op emosionele pyn (vgl. hfst.3: par. 3.3.5). Grense bepaal wie die mens is en wie hy nie is nie. Die ontwikkeling van 'n eie identiteit hou dan ookverband met die eksperimentering en toetsing van die grense en beperkings van die betrokke individu se leefwêreld (vgl. hfst.4: par. 4.3.4).

### 6.6.9 Emosionele bagasie

Die gevolge van trauma bly die mens by lank nadat die gebeurtenis verby is. Indien hierdie traumatiese ervaring nie opgevolg word met die woord 'afgehandel' nie, bly dit 'n invloed uitoefen op die res van die betrokke persoon se lewensprogram. Dit is normaal om fisiese pyn te erken en daarop te reageer – net so normaal is dit dat daar gereageer word op emosionele pyn. Wanneer traumatiese ervarings nie 'afgehandel' is nie, dan ontwikkel die persoon gewoonlik sekere verdedigingsmeganismes waarmee hy homself moet beskerm. Hierdie verdedigingsmeganismes kan passief of aggressief wees (vgl. hfst.3: par. 3.3.11). Die gesin van oorsprong is die gesin waar 'n persoon sy begin het – fisies, psigies en emosioneel. Die impak van hierdie oorspronklike wortels is diep en deurdringend en speel 'n voortdurende rol in die huidige. Min persone besef hoe hulle steeds in hulle optrede beïnvloed en beheer word deur onbereikte doelwitte en onopgeloste probleme gedurende hulle kinderjare. 'n Groeiende tendens van eensaamheid, depressie, aggressie, angstigheid, impulsiwiteit en emosionele onewewigtigheid is by tieners te sien. Die vraag is of dit nie die uitvloeisel is van onverwerkte verwonding en emosionele pyn by ouers en grootouers wat weer op een of ander wyse "oorgedra" word op die volgende geslagte nie, omdat kinders dan binne so 'n "siek" milieu opgegroei het (vgl. hfst.4: par. 4.2.4).

## 6.6 Algemene riglyne ten opsigte van die pastorale begeleidingsproses

### 6.6.1 Verwonding geskied op emosionele vlak

In die begeleidingsproses is dit belangrik dat die persoon eers tot die besef gebring word dat hy "verwond" is. Gewoonlik is die persoon deur die belewing van verskillende emosies verward en beleef hy dus dat hy nie meer beheer het nie en die lewe dus gevolglik sinloos en sonder vreugde is. Kennis van die werklike oorsaak van die emosionele verwardheid bring die bereidheid om aan die probleem te werk en uiteindelik die sin en vreugde van die lewe in God te vind (Van Wijk, 2010:17).

### 6.6.2 Die betekenis en sin van pyn

Pyn is ŉ persoonlike ervaring betreffende ŉ insident of gebeure, hetsy situasiegebonde (bv. gewapende roof, motorongeluk, verkragting, dood van geliefde, ens.), hetsy ontwikkelende trauma (bv. fisieke of emosionele mishandeling, afbrekende verhoudings, seksuele molestering, ens.). Wat ook al die aard van die gebeure, het dit ŉ emosionele impak op die tiener en is dit dikwels vir hom emosioneel oorweldigend van aard. Hierdie worsteling en pyn word vererger omdat so ŉ persoon dikwels beheer verloor van sy emosies. Vrae na hoekom juis hy dit moes oorkom, watter voordeel dit kan inhou of wat die sin daarvan is,maak hierdie pyn erger. Dit is belangrik om nie goedkoop antwoorde op hierdie soekende en worstelende vrae te probeer bied nie, maar die persoon so te begelei dat hy self uiteindelik sy antwoorde in God vind (Van Wijk, 2010:18).

### 6.6.3 Vandag se pyn is dikwels gewortel in pyn van die verlede

In die literatuurstudie (vgl. hfst. 3: par. 3.3; hfst. 4: par. 4.2.4) is aangedui dat emosionele bagasie tot verwarring en gevoelens van hopeloosheid lei. Die groeiende tendens van eensaamheid, depressie, aggressie, angstigheid, toenemende impulsiwiteit en emosionele onewewigtigheid is in talle gevalle die uitvloeisels van onverwerkte verwonding en emosionele pyn wat in wanverhoudings in ouerhuise, skole of die gemeenskap beleef is. Dit is gevolglik belangrik om in die pastorale begeleidingsproses die persoon te help om alle sodanige emosionele bagasie vanuit die verlede te identifiseer en deur te werk (sodoende 'af te laai') sodat hierdie persoon weer kan wees dit wat God hom gemaak het. In die proses verkry hy dan ook nuwe perspektief vanaf "bokant die son", van God se kant af, op die gebrokenheid van hierdie lewe (Gen. 3).

### 6.6.4 Emosionele verwonding is pynlik want dit konfronteer die persoon met die realiteite van die lewe

Elke mens het ŉ raamwerk waarbinne hy die lewe sien en waarin sy diepste hoop, verwagtings en drome geanker is. Wanneer hierdie perspektief op die lewe gekonfronteer word met die realiteite van die wêreld van Gen. 3, dan word die mens emosioneel verwond – daarom die Prediker se slotsom dat alles tevergeefs is en dat die mens geen voordeel kry uit al sy moeitevolle arbeid nie (Pred. 1:2-3). Die lewe onder die son is onderworpe aan die gebrokenheid en die las van die sonde (Gen. 3:17-19) en as gevolg hiervan sal baie gebeurtenisse oënskynlik nie sin maak nie. Prediker wil dus deur sy skrywe bewys dat ons in ŉ wêreld leef wat gebuk gaan onder die vloek van ydelheid as gevolg van die val soos beskryf in Gen. 3. Hy beskryf egter ook hoe die lewe in hierdie wêreld geniet kan word. Dit is gevolglik belangrik om in die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener daarop te wys dat daar wel 'n goddelike plan is, want God is in beheer (Pred. 12:14).

Geregtigheid sal geskied. Dinge is nie reg nie en dit moet die mens dwing om te soek na dit wat reg is (vgl. hfst.2: par.2.5).

### 6.6.5 Emosionele simptome bevestig emosionele verwonding

Prediker beklemtoon dat een van die oorsake van innerlike worsteling by die mens die feit is dat hy altyd in beheer wil wees (vgl. Pred. 3:11). Daarom vind die mens dit moeilik om sy emosionele pyn te erken, want hierdeur gaan hy moontlik erken dat hy nie meer in beheer is nie. Die mens is dikwels van mening dat hy die emosionele pyn kan hanteer. Dit is gevolglik belangrik om die simptome van die emosionele verwonding te identifiseer en die persoon te begelei om dit nie te onderdruk of as ’n swakheid te beskou wanneer daar simptome van emosionele pyn is nie. Die volgende is emosionele simptome wat kan dui op emosionele verwonding: angs, vrees, moedeloosheid, hopeloosheid, huilerigheid, depressie, magteloosheid, irritasie, emosionele doodsheid, kompulsiewe en obsessiewe gedrag, woede-uitbarstings, skuldgevoelens en eensaamheid (Van Wijk, 2010:32).

### 6.6.6 Tyd genees nie noodwendig emosionele wonde nie

In hfst. 3, par. 3.4 asook hfst. 4, par. 4.2.4.3 is aangedui dat emosionele bagasie tot verskillende negatiewe reaksies kan lei. Tyd genees nie noodwendig emosionele wonde nie, maar dit maak die seer net erger en lei daartoe dat ander mense ook verwond word. Dit lei daartoe dat die lewe ’n voortdurende worsteling is sonder enige vreugde. Die lewe van so ’n persoon is vervolgens daarop ingestel om die emosionele pyn te ontken en te onderdruk. Dit bring mee dat die verhouding met God, by Wie genesing en vrede is, versteur word en al die ander verhoudings ook daardeur skade lei. Om die pyn te herleef en ook te konfronteer tesame met die nodige begeleiding, het gewoonlik bevryding en genesing tot gevolg – dit lei ook tot ’n realistiese perspektief op die sin en vreugde van die lewe.

### 6.6.7 Reaksies op die gevoel van verlies na traumatiese belewenisse

Pyn en leed is onvermydelik in ’n wêreld onder die vloek van die sonde. Geboorte is pynlik, werk is uitputtend en die dood wag vir almal (Gen. 3). Die opdrag van Prediker (11:7-8) is dus om die lewe te geniet, maar dat die mens nie geskok moet wees wanneer die vloek van die sondeval by geleentheid ook aan sy deur klop nie. Dae van duisternis kom vir almal, ook vir gelowiges. As gevolg hiervan beleef die tiener gewoonlik enige traumatiese gebeure as ’n intense verlies, veral indien die nodige begeleiding ontbreek. Hy is ontredderd en verlate, want hy is nie meer in beheer nie. Hy kan dan op een van twee maniere op hierdie belewenis van verlies reageer (vgl. Van Wijk, 2010:47).

#### 6.6.7.1 Die ego-reaksie

Baie tieners het nie die geleentheid om van hierdie onderdrukte emosies ontslae te raak nie. Diebelewenis van verlies word dan op ’n ongesonde wyse innerlik onderdruk. Hierdie tydelike opkropping van emosies sal gewoonlik dan een of ander tyd psigies 'ontplof' met skadelike emosionele gevolge. Hierdie emosies en gedrag is soms na buite gerig op voorwerpe, ander persone en die wêreld in die algemeen, en soms is dit innerlik op die self gerig. Situasies waar daar ’n psigiese ontploffing is, is gewoonlik maklik waarneembaar en dit raak dan ook almal in die kind se omgewing. Tipiese manifestasies hiervan is woede, gramskap, geweld en vernielsug.

Omdat kinders in disfunksionele gesinne oor die algemeen nie uiting aan hul emosies kan gee nie, lei dit heel dikwels tot ontkenning en oneerlikheid. Ontkenning is 'n toestand waar 'n persoon weier om te erken wat hy beleef omdat dit baie pynlik is. Dit kan verskillende vorms aanneem, soos om probleme te ontken, andere te blameer vir die probleem of die onderwerp te verander ten einde bedreigende gesprekke te vermy. Deur ontkenning bedek of beheer hulle hul gevoelens/emosies. Die gevoelens wat hulle die meeste probeer beheer, is daardie wat onvolwasse, gevaarlik, ongemaklik en onaanvaarbaar is, soos woede, angs, hartseer, gramskap, verleentheid, bitterheid en eensaamheid. Deur hierdie gevoelens te demp, kan daar ook nie uiting gegee word aan positiewe emosies soos geluk en lewensin nie. Sommige van die gevolge hiervan sluit uiteindelik in mede-afhanklikheid, verlies van identiteit, die onvermoë om stres te hanteer asook die onvermoë om gesonde verhoudings buite die gesin te vestig (vgl. hfst.4: par. 4.2.4.2).Die tiener probeer, in die verwerking van hierdie verlies, om homself te beskerm deur die skuld op ander te plaas. Hy kweek 'n lewenshouding aan waar hy ander gedurig veroordeel. Hierdie onderdrukte frustrasies en woede kan uiteindelik lei tot depressie. Die lewe word dan as sinloos en sonder hoop ervaar, en om hierdie emosionele pyn van minderwaardigheid te verlig, word daar uiteindelik dan heel dikwels gegryp na dwelms en drank. Die gebruik hiervan gee aan hulle 'n valse belewenis dat hulle in beheer is. Uiteindelik lei hierdie woede en gegriefdheid tot 'n woede teenoor jouself en teenoor God (vgl. hfst. 3: par. 3.4.2 en hfst. 2: par. 2.3.1.2).

#### 6.6.7.2 Die geestelike reaksie

Die tiener is met hierdie reaksie bereid om die ervaring van verlies (ook verlies aan beheer) vanuit die regte perspektief, naamlik van bo die son, te bekyk en te verwerk. Om God te vrees (Pred. 12:13) beteken om die afstand tussen die goddelike en die menslike te erken en te respekteer. Om te eet, te drink en te werk is dinge waarop die mens wat God vrees, kan fokus en uiteindelik op hierdie wyse wel sin en vreugde kan ervaar. Die vrees van God

het ook geblyk meer te wees as bloot ’n gesindheid – dit is ’n leefwyse waarin die mens aktief reageer op God se handelinge (vgl. hfst. 2: par. 2.3.2.4).

Met die geestelike reaksie besef die tiener dat die lewe onder die son as gevolg van die sondeval tevergeefs is. Die sinloosheid van die lewe hier onder die son kan nie op sigself verander word nie en die sin en vreugde moenie op verkeerde plekke of by verkeerde persone gesoek word nie. Die ware antwoorde op die lewe word egtergevind in ’n lewende verhouding met God.

## 6.7 ’n Praktykgerigte model vir die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener in die lig van beginsels uit die boek Prediker

### 6.7.1 Inleiding

Prediker gee aan die gelowige die sleutel om die lewe te verstaan deur eers al die ander sleutels uit sy hand te neem. Onder die son sal hy niks ontdek wat op sigself sinvol is en antwoorde bied op sy lewensvrae nie. Hy hoef egter nie die lewe hier op te gee nie aangesien daar wel 'n sinvolle wyse is waarvolgens die lewe hier onder die son ingerig kan word – dit hou dan ook verband met die doelstellings van die boek Prediker:

- Enersyds: om te bewys ons lewe in ’n wêreld onder die vloek van ydelheid as gevolg van die sondeval.
- Andersyds: om te bewys hoe om nogtans die lewe te geniet en ware sin te ontdek in ’n wêreld onder die vloek van die sondeval.

Binne die pastoraat moet die tiener te midde van die verwarring en sinloosheid van die lewe begelei word om fisies, psigies en geestelik gesond te word. Dit impliseer onder andere om te besef wie God is, hoe God oor hierdie tiener voel, en wie God vir hom is.
Aansluitend by die bovermelde basiese riglyne vanuit Prediker, bied die onderhawige praktykgerigte model parameters vir die pastorale begeleiding van alle onverwerkte trauma en emosionele pyn by die tiener: aspekte wat geestelike vordering en emosionele genesing in die breë geblokkeer het. Eers dan is die tiener in staat om waarlik te kan fokus op die genieting van die lewe hier onder die son, in die lig van die beginsels uit Prediker.

### 6.7.2 Die noodsaaklikheid van begeleiding

Die regte ondersteuning en begeleiding in hierdie genesingsproses is baie belangrik. Die emosionele verwonding het reeds daartoe gelei dat die tiener versteurde verhoudings het (vgl. hfst. 3: par. 3.4.1), ’n vrees vir mislukking en verwerping ontwikkel het (vgl. hfst. 3: par. 3.4.4.1) en wantrouig is as gevolg van gebrek aan ouerlike voorbeelde (vgl. hfst. 4: par.

4.3.2). Volgens Van Wijk (2010:56) is die volgende sake belangrik in die ondersteuningsproses:

- *Verleen praktiese hulp* – skok het 'n emosionele en fisiese impak op die persoon en daarom is dit belangrik om fisies daar te wees vir so 'n persoon en te help met praktiese dinge.
- *Wees bereid om te luister* – praat hou die voordeel in dat die persoon struktuur aan sy emosies gee en dit begin verwerk, help die persoon om vastigheid te kry, en die feit dat iemand anders getuie is van die pyn, help met die genesingsproses (vgl. Ps. 32:3 – toe Dawid geswyg het oor sy sonde het sy liggaam uitgeteer).
- *Laat die persoon veilig voel* – traumatiese ervarings bring totale verwarring in jou menswees en daar word in alles getwyfel. Die lewe maak nie sin nie en die persoon is sonder hoop.
- *Moenie beterweterig wees nie* – oppas vir goedkoop antwoorde. Moenie dat die persoon op 'n ongesonde wyse van jou afhanklik raak nie – in sy verhouding met God moet hy egter heel en gesond word. Begelei hom om te weet wie hy vir God is en wie God is.
- *Wees geduldig en toon empatie* – hierdie persoon se probleem is vir hom groot en veroorsaak baie pyn. Wees geduldig met sy worsteling en begelei met empatie.

Soos reeds aangedui, help die boek Prediker die leser om die sinloosheid en doelloosheid van die lewe hier onder die son vanuit die regte perspektief te sien. Die Prediker neem uit sy eie ervaringswêreld standpunte in wat die tiener kan help om homself te evalueer en gebalanseerd oor die lewe te dink. Die Prediker se woorde maak dikwels seer, want dit is soos "prikkels" wat die tiener wil aanpor om die werklike sin en vreugde van die lewe te sien en te beleef. Soms is sy woorde soos "spykers" wat vastigheid gee, ten spyte van pyn, hartseer en verwarring (vgl. hfst. 2: par.2.3.2.4).

Deeglike evaluasie in die lig van die Bybelse waarheid begelei die tiener om oortuigings te ontwikkel wat dan uiteindelik bepalend is hoe hy na die lewe kyk en dit beleef. Emosioneel verwonde tieners se gedrag word deur emosies en begeertes bepaal en nie deur beginsels, oortuigings en waardes nie. Die sirkelgang van die lewe (Pred. 1:4-11) skep verwarring en omdat daar dikwels nie vaste grense en waardes is nie, voel die verwonde tiener uitgelewer en sonder beheer.

In die genesingsproses moet die emosioneel verwonde tiener vervolgens begelei word om uiteindelik weer vry te wees en vrede te beleef, die vrede wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7). Eers dan besef hy dat hy hier is vir 'n doel en dat sy lewe betekenis het. Hy moet

die doel en betekenis van sy lewe eerstens in God sien en nie soseer vanuit die moontlike voordele van 'n moeisame lewe hier onder die son nie. Die lewe hier het dus 'n uitkoms en die uitdaging is om uiteindelik die regte uitkoms te bereik. Die formulering van 'n praktykgerigte model wat vervolgens aan die orde kom, het dan ook ten doel om begeleiers in staat te stel om emosioneel verwonde tieners te kan begelei tot sodanige uitkomste.

Die voorgestelde model sal enersyds berus op die resultate van die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie. Andersyds sal riglyne wat dan op hierdie wyse geïdentifiseer is, georden en geformuleer word volgens die breëre merkers soos uiteengesit in die volgende pastorale modelle:

- Tessa van Wijk (2010), soos beskryf in haar boek *Genees jou Trauma.*
- Jan Frank (1995), soos beskryf in haar boek *Door of hope – recognising and resolving the pains of your past.*
- Stephen Arterburn (2005), soos beskryf in sy boek *Healing is a choice.*
- Sarah Trollinger (2007), soos beskryf in haar boek *Advanced triage counselling – counselling that heals teenagers and parents.*
- Wentzel Coetzer (2008), soos beskryf in sy ongepubliseerde bundel *Tien fases van die genesingsproses.*

Van Wijk (2010:15) maak die *opmerking "Te midde van die chaos en verwoesting wat met trauma gepaard gaan, heers daar perfekte orde. Die lewe is sinvol. Altyd. Dit word net soms verbloem deur pyn."* Hierdie opmerking verwoord iets van die boodskap van Prediker, en is dit dan ook die doel om in hierdie hoofstuk praktykgeoriënteerde leiding te gee met betrekking tot die hantering van onverwerkte emosionele bagasie by die tiener – om te midde van chaos en verwoesting tog uiteindelik by heling asook die sinvolheid en vreugde van die lewe uit te kom ondanks'n gebroke wêreld.


Vervolgens word aanvanklik slegs 'n opsommende oorsig van die verskillende hoofmomente van die onderskeie modelle gegee en daarna sal dan op geïntegreerde wyse na 'n algemene breë model gekyk word.

#### 6.7.2.1 Tessa van Wijk – *Genees jou Trauma*

Van Wijk (2010:46) meen die volgende vyf fases is nodig in die genesing van trauma:

- Fase 1: Genees jou onmiddellike trauma.
- Fase 2: Identifiseer en genees jou emosionele bagasie.
- Fase 3: Ontdek jou ware self, jou essensie.

- Fase 4: Herstruktureer jou lewe en verander jou gedrag.
- Fase 5: Emosionele vryheid en vrede.




### 6.7.2.2 Jan Frank – *Door of hope: recognizing and resolving the pains of your past*

Frank (1995:5) toon uit Jes. 58:12 aan dat daar verskillende opdragte in die herstelproses is:

- Die verwonde moet opgerig word – "*Raise up: to help, to lift up, establish, strengthen, confirm or authenticate.*"
- Die verwonde moet gehelp word om sy gebroke en stukkende lewe te herstel – "*Repair: to walk in or around, to close up, hedge or enclose.*" Maak dus eers die wond skoon en plaas dan iets daarop wat dit bedek en beskerm teen infeksie".
- Die verwonde moet gehelp word om weer op 'n gesonde pad te kom – "*Restore: to rescue, recover, retrieve, to bring back home again or cause to make to return.*"

Sy stel dan die volgende tien stappe voor vir hierdie herstelproses:

- Stap 1: *"Face the problem – the infected wound that hasn't healed."* Gaan na die wortel van die probleem.

- Stap 2: "*Recount the incident.*" Die traumatiese gebeure moet geverbaliseer word. Daardie innerlike emosionele energie moet vrygelaat word.
- Stap 3: "*Experience the feelings.*" Om jou gevoelens te ervaar, is belangrik vir enige persoon wat emosioneel seergekry het.
- Stap 4: "*Establish responsibility.*" Slagoffers het dikwels die probleem om die persoon wat hulle emosioneel verwond het, verantwoordelik te hou – die persoon moet vervolgens begelei word tot die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid.
- Stap 5: "*Trace behavioral difficulties and symptoms.*" Huidige gedragspatrone wat negatief op jou verhoudings inwerk, moet geïdentifiseer word sodat daar op die wortel van die probleem gefokus kan word.
- Stap 6: "*Observe others and educate yourself.*" Die stappe tot hiertoe was na binne gerig. Van hier af word dit nou gerig na buite, buite die persoon self. Ander persone en ondersteuningsgroepe speel 'n belangrike rol in die helingsproses.
- Stap 7: "*Confront the aggressor.*"
- Stap 8: "*Acknowledge forgiveness.*" Vergifnis is 'n proses.
- Stap 9: *"Rebuild self-image and relationships.*" Sien jouself soos God jou sien. Drie essensiële behoeftes wat elke mens het: om te behoort, om aanvaarbaar te wees en om bekwaam te voel.
- Stap 10: "*Express concern and empathize with others.*"

### *6.7.2.3* Stephen Arterburn – *Healing is a choice*

Arterburn (2005:vii) beklemtoon dat genesing 'n proses is waarin die mens en God in betrokke is. Emosionele en geestelike wonde moet, net soos fisiese wonde, aandag kry ten einde te kan genees. Volgens Arterburn (2005:xvi) is daar tien leuens wat maak dat die mens soms nie kans sien vir die proses van genesing nie – hierteenoor is daar egter tien keuses wat gemaak kan word ten einde weer 'n lewe te kan lei wat God bedoel het dat hy moet leef:

- Die eerste keuse: "*The choice to connect your life*". Die eerste groot leuen: "*All I need to heal is just God and me.*" God wil dat mense mekaar ondersteun. Vrees en skaamheid is egter soms struikelblokke onderweg na wedersydse ondersteuning – die mens is bang om hom aan ander bloot te stel.
- Die tweede keuse: "*The choice to feel your life*". As gevolg van onrealistiese verwagtinge wat Christene geneig is om aan hulself asook aan diegene rondom hulle te stel, is hierdie keuse baie belangrik. Die tweede groot leuen: "*Real Christians should have a real peace in all circumstances."*

- Die derde keuse: "*The choice to investigate your life in search of truth*". Die derde groot leuen: "*It does no good to look back or look inside."*
- Die vierde keuse: *"The choice to heal your future".* Die vierde groot leuen: *"Time heals all wounds.*"
- Die vyfde keuse: *"The choice to help your life*". Die vyfde groot leuen: "*I can figure this out by myself."* Wanneer waarheid die mens gelei het om te besef hy het hulp nodig, moet hy buite homself gaan hulp soek en dit kos moed.
- Die sesde keuse: *"The choice to embrace your life".* Die sesde groot leuen: *"If I just act as if there is no problem, it will finally go away."*
- Die sewende keuse: "*The choice to forgive*". Die sewende groot leuen: "*Forgiveness is only for those who deserve it or earn it."*
- Die agste keuse: *"The choice to risk your life*". Die agste groot leuen: "*I must protect myself from any more pain."*
- Die negende keuse: "*The choice to serve*". Die negende groot leuen: *"Until I am completely healed and strong, there is no place for me to serve God."*
- Die tiende keuse: "*The choice to persevere*". Die tiende groot leuen: "*There is no hope for me."*

#### 6.7.2.4 Sarah Trollinger – *Advanced triage counseling*

Trollinger (2007:xxiv) beklemtoon dat ouers nie met hul kinders kan identifiseer nie want hulle spandeer nie genoeg tyd met hulle nie. Liefde ontbreek gevolglik by talle tieners – hul liefdestenks is leeg. Ouers het drie keer meer invloed op die ontwikkeling van die tiener as enigiemand anders. Uit Mal. 4:6 is dit vir Trollinger duidelik dat daar 'n verhouding met God moet wees. Daar is drie dinge wat die mens se geloof bou: wat hy dink, wat hy sê en wat hy hoor. Volgens Trollinger (2007:1) is daar vyf stappe in die genesingsproses van tieners en ouers.

- Stap 1: "*Check the heartbeat (salvation and forgiveness*)." Evalueer die tiener se emosionele, verstandelike en geestelike gesondheid. Kyk wat is hierdie emosioneel verwonde tiener se geestelike hartklop. Is daar 'n pols? Is daar enige mate van geestelike lewe onder die oppervlakte?
- Stap 2: "*Treat the wounds (healing for the broken heart)."* Emosionele wonde word genees deur met vergifnis te begin. Groot onvergewensgesindheid belemmer gesonde verhoudings. Hulle bou soms mure om hulself ten einde hulself te beskerm. Stene in hierdie mure is soms vrees, beheer, manipulasie, verslaafdheid, verwerping en eensaamheid. Woede hou dikwels hierdie stene bymekaar. Mure bring oënskynlik beskerming, maar die pyn is steeds daar.

- Stap 3: "*Assess family history (generational patterns).*" Elke persoon het 'n emosionele en geestelike geskiedenis.
- Stap 4: "*Perform essential surgery (being set free from oppression).*" Hier is intensiewe gebed nodig om die tiener te bevry van enige demoniese invloed, indien daar byvoorbeeld betrokkenheid by die okkulte was.
- Stap 5: "*Set up counselling*" (verhouding met God en gesin – vgl. Joh 15:5). Opbouwerk is nou nodig – die tiener moet gaandeweg begelei word om emosioneel en geestelik al sterker te word.

#### 6.7.2.5 Wentzel Coetzer – *Tien fases van die genesingsproses*

In hierdie bundel fokus Coetzer (2008:9) op 'n genesingsmodel, gebaseer op die boek "*Love is a choice*" deur Robert Hemfeldt, Frank Minirth en Paul Meier. Dit is die terapeutiese model tot emosionele en geestelike genesing wat die afgelope dertig jaar reeds met groot welslae in die Meier-klinieke gebruik word. Verskillende aspekte rondom die kinderjare word veral in hierdie model hanteer. Daar word beklemtoon dat emosionele verwonding in die kinderjare onder andere kan lei tot mede-afhanklikheid. Mede-afhanklikheid kan in sy wydste sin gedefinieer word as 'n verslawing aan mense, gedrag en dinge. Die gevolg hiervan is dat innerlike gevoelens beheer word deur uiterlike beheer toe te pas op mense, dinge en gebeure.

Die model bestaan uit tien fases, waarvan die eerste vyf fases die persoon aanvanklik op 'n reis terug die verlede in neem. Die persoon se gewaarwording is dan ook dat die pyn aanvanklik meer intens raak namate insidente en gebeure uit die verlede gekonfronteer word. Dan kom daar egter 'n draaipunt en begin die grafiek weer opwaarts beweeg namate meer en meer heling realiseer. Die tien onderskeie fases is dan die volgende:

- Fase 1: *Eksplorasie en ontdekking*. Tydens hierdie eerste fase moet daar as't ware "argeologiese opgrawings" met betrekking tot die beradene se lewe gedoen word – al die stukke van die legkaart van die verlede moet uitgepak word en alle insidente van pyn, verlies en trauma moet geïdentifiseer word.
- Fase 2: *Inventaris van verhoudings*. In hierdie fase word daar in diepte gekyk na al die verhoudings waarin die persoon in die verlede by betrokke was – verskillende persone het op verskillende tye 'n emosionele invloed op die persoon se lewe uitgeoefen.
- Fase 3: *Beheer oor verslawings*. Vordering in die terapie is alleen moontlik as die persoon eers van enige verslawing genees word. Verslawing is 'n struikelblok in die genesingsproses; sommige vorme van verslawing lê diep verskuil.

- Fase 4: *Om die huis te verlaat en totsiens te sê*. Hierdie is 'n sleutelelement in die herstel van mede-afhanklike verhoudinge. Die proses van 'verlaat' behels twee aksies, naamlik enersyds die letterlike verlaat van die ouerhuis (om vir Pa en Ma totsiens te sê), en andersyds om totsiens te sê aan enige valse sekuriteitsimbole.
- Fase 5: *Rou oor verliese*. Verliese vereis 'n rouproses. Die rouproses sluit die volgende fases in: skok en ontkenning, woede, depressie, onderhandeling en magie, hartseer, berusting en aanvaarding (teen die tradisionele benadering van vyf stappe in die rouproses, word daar in die Meier-klinieke 'n sesde stap bygevoeg, naamlik dié van hartseer).
- Fase 6: *Nuwe selfpersepsies*. Fases 1-5 van die herstelproses het die persoon in kontak met sy gevoelens gebring. Dit het kanale gebied tot katarsis en vernuwing. Fases 6-10 gaan vervolgens meehelp om nog meer bagasie op te ruim. Die ruimte wat gaan ontstaan as gevolg van hierdie skoonmaakproses gaan dan met nuwe inhoud gevul word. In die vorige fases is gefokus op wat die persoon nie is nie, en in die volgende fases word gefokus op wie hy werklik is.
- Fase 7: *Nuwe ervarings*. Nuwe besluite oor die selfpersepsie moet nou in die praktyk realiseer. Daar moet aangeleer word om te vertrou. Die keuse kan gemaak word om lief te hê of nie. Daar kan geleer word om op God te vertrou en dat Hy veilig en die moeite werd is. Hierdie proses behels klein treetjies.
- Fase 8: *Nuwe ouerskap*. Volwasse kinders wat uit disfunksionele huise kom, moet opnuut van ouerskap leer. Die kwaliteite van nuwe ouerskap kan gemodelleer word deur gesonde gesins- of familielede, 'n ondersteuningsgroep, terapiegroep, terapeut/berader of 'n gesonde kerklike gemeenskap. Drie persone gaan vervolgens in 'n sekere sin die versorgende en moniteringsrol van 'n nuwe 'ouer' in so 'n persoon se lewe vervul: jyself, 'n ander persoon wat vir hierdie rol gekies word, en God die Vader.
- Fase 9: *Rentmeesterskap betreffende verhoudings*. Die doelwit van hierdie fase is om vroegtydig probleme te identifiseer en dan 'n koersaanpassing aan te bring voordat die probleem verder ontwikkel. Hiervoor het jy 'n persoon nodig wat nie tot dusver betrokke was in die herstelproses nie. Daar moet op hierdie stadium ook 'n vraelys wees om jou bestaande verhoudings voortdurend te evalueer. Dit sal enige mede-afhanklike patroon asook moontlike slaggate uitwys wat verband kan hou met pynlike verhoudings.
- Fase 10: *Instandhouding.* Hierdie is 'n aaneenlopende proses en nie 'n verbygaande fase nie. God se bystand en versorging is hier ook van kardinale belang. Gereelde

verstellings en aanpassings is nodig om die vrugte van die herstelproses ten volle op die langtermyn te kan geniet.

### 6.7.3 Saamgestelde model vir die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener

Teen die agtergrond van bovermelde vyf modelle, asook die resultate vanuit die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie, tesame met perspektiewe vanuit die navorser se eie ervaring oor jare heen in hierdie veld, word daar vervolgens oorgegaan tot die formulering van 'n eie model vir die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener.

Die model behels drie fases met verskeie stappe in elke fase. Die boodskap van Prediker, waarop daar in besonder gefokus is in die basisteoretiese afdeling van hierdie studie, vind binne die Nuwe-Testamentiese konteks veral weerklank in die bewoording van Paulus se opdrag in Gal 6:1-10 (MacArthur, 1997:1799). Die drie fases van die onderhawige model kan in hierdie gedeelte soos volg onderskei word:

- *Tel op* (Gal 6:1: "*Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid."* Vergelyk ook Pred 1:2-3: *"Alles tevergeefs, sê die Prediker, alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs. Watter voordeel het die mens van al sy moeite waarmee hy hom vermoei onder die son?").* Iemand wat val, is op die grond. Om iemand pastoraal te begelei, impliseer dat so 'n persoon reggehelp word en dus weer op sy voete kan kom – hy word dus opgetel.
- *Hou op* (Gal 6:2: "*Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.* Vergelyk ook Pred 12:11: "*Die woorde van die wyse manne is soos prikkels, en soos spykers, diep ingeslaan, is die versamelde spreuke; hulle is deur die enige Herder gegee."*). Wanneer iemand opgehelp is, moet hy nie maar net so gelos word nie. Aanvanklik gaan hulp en ondersteuning nodig wees sodat die 'bene' eers sterk kan word – op hierdie wyse word die persoon se las dan ook gedra.
- *Bou op* (Gal 6:6: "*Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee."* Vergelyk ook Pred 12:13: "*Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie, want dit geld vir alle mense."*).Bou hierdie persoon op sodat hy weer op sy eie die stryd kan aanpak. Rus hom toe sodat hy nie dalk weer vir dieselfde rede val nie.

#### 6.7.3.1 Fase 1: *Tel op* – onmiddellike hulp is nodig vir die verwonde tiener

Die lewe is vir die tiener raaiselagtig en geheimsinnig. Daar is baie onbeantwoorde vrae. Die tiener worstel met die vraag of werk en lewe enige voordeel inhou. In hulle soeke na identiteit raak hulle verward in die doellose sirkelgang van die lewe en die gebroke verhoudings as gevolg van die las van die sonde onder die son. Waardes en grense verdwyn en die tiener word blootgestel aan emosionele pyn wat uiteindelik 'n blywende invloed uitoefen op die latere lewe indien daar nie hulp ontvang word nie. Om die tiener weer perspektief te gee, is dit dus belangrik dat daar eerstens onmiddellike aksie sal plaasvind – daar waar hy moedeloos langs die pad gaan sit het as gevolg van 'n te swaar las, moet hy opgehelp word en weer nuwe perspektief ontvang.

- **Stap 1: Identifiseer verslawings aan plekke, gedrag en dinge wat die tiener mede-afhanklik maak**

Die emosioneel verwonde tiener worstel met die vraag na die sin en doel van die lewe. Versteurde verhoudings bring verwarring en 'n belewenis dat hy van geen betekenis is nie. Die sirkelgang van die lewe (Pred. 1:4-11) bring 'n belewenis dat daar geen voordeel in al die moeisame arbeid is nie (Pred. 1:3). Hierdie proses lei net tot verdere seer asook 'n belewenis van tevergeefsheid. Hy verloor sy identiteit en omdat hy nie weet wie hy is nie, weet hy ook nie waarheen hy op pad is nie. Hy ontwikkel 'n vals selfbeeld en word 'n mede-afhanklike persoonlikheid deurspek met die idiosinkrasie van slagofferstatus. Sy lewensworsteling word deur die basiese vraagstukke van angs, skuld, wanhoop en hulpeloosheid omvat. Hy is wantrouig, bang en destruktief. Die emosionele verwonding in die verlede lei dan dikwels tot uiteenlopende reaksies soos onder andere versteurde verhoudings, verdraaide waardes, verskuifde grense, vrees vir mislukking en verwerping, selfmoordneigings, depressie, seksuele wanpraktyke, stres, dissiplinêre probleme, angs, en dwelm- en alkoholmisbruik.

Op hierdie stadium is dit van besondere belang dat alle huidige gedragspatrone wat negatief op verhoudings inwerk, geïdentifiseer word sodat die diepere wortels hanteer kan word. In hierdie verband stel Frank (1995:79) dit treffend wanneer sy sê dat dit belangrik is dat sulke gedrag "… must be faced, traced and erased". Balans in die helingsproses is deurgaans dan ook van besondere belang. Indien daar, wat die huidige situasie betref, oorweldigende pyn aanwesig is, moet dit uiteraard eers hanteer word voordat daar in die verlede teruggegaan word om by die diepere wortels van sommige gedrag uit te kom. Indien nie, gaan die emosies te oorweldigend wees en gaan dit die hele terapeutiese proses belemmer.

Daar is in sommige kringe die standpunt dat goeie Christene nie veronderstel is om negatiewe emosies te ervaar nie, en daarom is mense dan geneig om sulke emosies te probeer begrawe. Sulke onverwerkte emosies sterf egter nooit nie en omdat hulle lewe, moet hulle steeds nog 'gevoed' word en draai die lewe uiteindelik vir so 'n verwonde persoon geheel en al om hierdie pynlike 'voedingsproses'. Die lewe draai om die seer en alle besluite en aksies word hieruit bepaal en bestuur en in hierdie sin word die totale lewe van so 'n persoon beheer deur die emosies wat 'begrawe' is. Voortdurende emosies van woede, skuldgevoelens, skaamte, vrees en angstigheid kan gevolglik dui op dieperliggende ernstige probleme. Hieraan moet aandag gegee word en die emosies moet beleef en geverbaliseer word. Dit is 'n leuen om te beweer dat Christene onder alle omstandighede vrede beleef.

Vordering in die terapie is alleen moontlik wanneer die persoon eers van alle verslawings genees is, aangesien dit 'n ernstige struikelblok in die genesingsproses is. Om 'n punt van emosionele genesing en gesonde interafhanklikheid te bereik, is vir talle persone 'n pynlike proses en dit vra inspanning en deursettingsvermoë. Hierdie losmakingsproses vanaf die negatiewe lei daartoe dat die jongmens uiteindelik in 'n baie dieper en ryker verhouding met God tree (Coetzer, 2008:54). Die afskeid neem van valse sekuriteitsimbole moet uiteindelik ook permanent wees. 'n Vals sekuriteitsimbool kan enigiets in die lewe wees waaraan die mens op 'n ongesonde wyse geheg geraak het en dit as't ware verafgod het – dit kan verband hou met geld, posisie, sport, godsdiens, die eie liggaam, ens. (Coetzer, 2008:60).

- **Stap 2: Evalueer die tiener se emosionele, verstandelike en geestelike gesondheid**

Genesing is 'n proses waarin die mens en God betrokke is. Emosionele en geestelike wonde moet, net soos fisiese wonde, aandag en sorg ontvang ten einde te kan genees. Teenoor die onderskeie leuens wat dikwels voorgehou word teen die keuse van 'n pad van genesing, is daar definitiewe keuses wat gemaak kan word ten einde die lewe te lei wat God bedoel het dat jy moet leef. Jesus vra vir die man by die bad van Betesda of hy wil gesond word – Hy maak hom nie sonder meer gesond nie, maar vra eers of hy gesond wil word. Die pad van genesing vra gewoonlik 'n pertinente keuse. Dit is inderdaad God se keuse, maar daar is ook 'n keuse wat die mens moet maak sodat hy die genesing kan beleef wat God vir hom beplan het (Arterburn, 2005:vii).

In hierdie opsig moet die tiener se emosionele, verstandelike en geestelike gesondheid geëvalueer word ten einde te kan vasstel of die vermoë tot nugtere keuses aanwesig is. Kyk wat is hierdie emosioneel verwonde tiener se geestelike hartklop. Is daar 'n pols? Is daar

enige mate van geestelike lewe onder die oppervlakte? Twee belangrike aspekte wat verband hou met die 'geestelike hartklop' is naamlik die oortuiging van geloofsekerheid en die oortuiging van vergifnis van eie oortredinge. Tieners wat emosioneel verwond geraak het, het gewoonlik die meeste behoefte aan verlossing en geloofsekerheid. Die berader moet sy hoop in God met hierdie persoon deel. Soms is die seer egter so intens dat daar nie dadelik aan God vasgegryp kan word nie (Trollinger, 2007:2).

Die aspek van vergifnis is net so belangrik en in hierdie opsig is dit belangrik dat die tiener in gebed sal vra vir vergifnis van eie sonde, 'n bereidwilligheid sal verklaar om ander te vergewe, en ook gewillig sal wees om homself te vergewe. Daar moet ook begrip wees vir die feit dat vergifnis ŉ wilsbesluit is wat nie afhanklik is van ons eie wisselende emosies en gevoelens nie. Vergifnis is die geestelike salf wat God gebruik om die seer in die persoon se emosionele wonde te verwyder.

- **Stap 3: Kyk die waarheid in die oë**

Die tiener moet vervolgens begelei wordom sy huidige gedrag en belewenis van die lewe te evalueer. Die volgende lys kan hierin meehelp (Frank, 1995:32):

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hoofpyne | | Slaaploosheid | |
| Skuldgevoel/skaamte | | Afstand van God | |
| Depressie | | Lae selfbeeld | |
| Moegheid | | Vrees | |
| Geheueverlies | | Seksuele probleme | |
| Eensaamheid | | Nagmerries | |
| Angsaanvalle | | Anorexia | |
| Woede | | Bulimie | |

Die huidige gedragspatroon kan ŉ uitreagering wees van wat jou onderbewussyn as waarheid geleer ken en aanvaar het. Die verskillende verhoudings tot dusvêr in die tiener se ervaringswêreld kan uiteraard meegewerk het aan die valse self en afwykende gedragspatrone. Omdat die tiener skaam is oor sy ervarings of optredes in die verlede of baie pyn verduur as gevolg van hierdie ervarings, word allerhande beskermingsmeganismes gebruik om die skok en pyn te versag – hulle dien dan as emosionele skokbrekers. Die mees algemene beskermingsmeganismes is die volgende (Van Wijk, 2010:97):

- *Repressie* – die pynlike insident en gepaardgaande gevoelens word totaal onderdruk. Dit is 'n vorm van aktiewe vergeet.

- *Ontkenning* – dit verskil hierin van repressie dat dit ’n bewustelike besluit is om sekere belewenisse te ignoreer.
- *Verplasing* – sekere pynlike belewenisse word verdraai en daar word gevolglik ’n ander gesig aan die waarheid gegee.
- *Projeksie* – eie foute of pyn word aan iemand anders toegeskryf.
- *Rasionalisering* – sekere gedrag word met ’n goeie verskoning geregverdig.
- *Kompensasie* – positiewe eienskappe word ontwikkel om sekere swakhede te verbloem en te vergoed vir tekortkominge.
- *Fantasering* – die persoon gaan in ’n fiktiewe wêreld in waar volmaakte omstandighede sonder pyn geskep word

Met behulp van al bovermelde metodes en tegnieke word al die inligting oor die emosionele pyn uit die verlede baie diep weggebêre. Die pyn daaraan verbonde word egter saamgedra die toekoms in en die persoon se leefwyse word uiteindelik deur hierdie emosionele pyn bepaal. Verdere bykomende faktore in hierdie negatiewe proses is soms aspekte soos vrees, beheer, manipulasie, verslaafdheid, verwerping en eensaamheid. Woede is dan ook dikwels die samebindende faktor tussen al hierdie onderskeie elemente (Arterburn, 2005:42). Dit kan ook beskryf word as verskillende stene wat almal bydra tot die bou van ’n hoë muur rondom die emosioneel verwonde persoon. Mure bring oënskynlik beskerming, maar die pyn is steeds daar aangesien niemand op die langtermyn emosioneel kan oorleef alleen agter ’n hoë muur nie – daarom is dit noodsaaklik dat hierdie emosionele bagasie afgelaai sal word.

- **Stap 4: Genees die emosionele wonde**

Die Skrif (1 Kor 11:28) roep die mens op tot selfondersoek in alle eerlikheid. Die probleem moet dus aangespreek word. Spreek aan dit wat gebeur het en sien die simptome raak wat die gevolg is van onverwerkte trauma. In hierdie verband is dit belangrik dat die traumatiese gebeure geverbaliseer moet word – daardie innerlike emosionele energie moet vrygelaat word. Om die mure wat omgeval het weer te herstel, moet die skade eers geëvalueer word – die verlies asook die swak plekke moet geëvalueer word voordat met die herstelwerk begin word (Neh. 2:11-18).

As deel van die terapeutiese proses is dit belangrik dat daar aanvanklik stap vir stap weer deur al die pyn van die verlede beweeg sal word (vergelyk Christus se gesprek met die Samaritaanse vrou in Joh. 4:16-17 en 28-29). Christus het "recounting" as ’n metode gebruik om sake in die verlede en hede van die vrou aan te spreek (Frank, 1995:41). Dit is ’n

belangrike stap in die helingsproses en help die slagoffer om breër perspektief te verkry – dit gee ook inhoud aan emosies wat voorheen verwarrend en onverwerk was. Dit help ook die persoon om 'n beter visie op die verlede te verkry en ook om huidige sake aan te spreek. Hierdie is egter gewoonlik 'n pynlike stap omdat dit pynlike emosies kan aktiveer wat heel dikwels die persoon oor 'n lang tydperk tydens sy volwasse lewe gevange gehou het.

As deel van hierdie proses is dit soms ook nodig dat die beradene vir die eerste keer sal treur oor verliese in die verlede. Hierdeur word die weg voorberei vir gesonde verhoudings asook lewensin en vreugde. Wanneer ons egter weier om te treur, dra ons ons pyn steeds saam met ons die toekoms in (Arterburn, 2005:74). Jes. 61:1 bevestig dat deur die krag van die Heilige Gees mure van weerstand en pyn afgebreek kan word:

> *"Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om die wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir die wat opgesluit is."*

Dit is dus belangrik dat die oorsaak van die pyn geïdentifiseer word sodat genesing kan intree. Praktiese riglyne in hierdie verband is die volgende (Trollinger, 2007:8):

- Die begeerte om gehelp te word (vgl. Ps. 139:23-24). Daar moet 'n desperaatheid wees om gehelp te word asook 'n bereidwilligheid tot intense selfondersoek. Jesus het gekom om ons te help met hierdie herstelproses (Luk. 4:18-19).
- Bepaal die oorsprong van die emosionele verwonding – vra onder andere indringende vrae oor die kindertyd.
- Bid vir genesing van hierdie verwonding.

Elke persoon het 'n emosionele en geestelike geskiedenis en hierdie geskiedenis moet ten volle geëksploreer word. Met hierdie stap moet daar as't ware "argeologiese opgrawings" met betrekking tot die verlede van hierdie persoon gedoen word en al die stukke van die legkaart van sy lewe moet uitgepak word. Hierdie 'ontdekkings' moet vervolgens aan iemand wat vertrou word, vertel word. Hierdie vertelling het gewoonlik 'n diepgaande genesende effek. Hierdie vertelling kan ook in die vorm van 'n brief geskied, hetsy aan 'n persoon of aan God. As deel van hierdie proses moet daar in diepte gekyk word na al die verhoudings waarin die persoon in die verlede betrokke was, aangesien verskillende persone op verskillende tye 'n emosionele invloed op hierdie persoon se lewe uitgeoefen het. In die evaluering van die emosionele invloed van die verskillende verhoudings waarin die persoon was, sal daar herhalende temas na vore kom wat dan ook 'n aanduiding kan gee van moontlike emosionele verwonding (Coetzer, 2008:37).

Dit is belangrik om met hierdie stap te onthou dat dit nie ’n heksejag is nie, maar ’n proses van genesing. Dit is ook nie ’n spel van reg of verkeerd nie. Die wond moet bekyk word soos die tiener dit ervaar het en nie soos wat dit vir hom voorgeskryf word nie.

Die uiteindelike genesing van die emosionele wonde sou vervolgens aan die hand van die volgende stappe gefasiliteer kan word (Frank, 1997:43):

- Identifiseer ’n insident in die verlede wat tot een van die volgende emosionele verwondings gelei het

| | | | |
|---|---|---|---|
| Opgetree asof ek nie seergekry het nie | | Onttrek | |
| Gehuil | | Vir iemand vertel | |
| Verwerp gevoel | | Verantwoordelik gevoel | |
| Kwaad geword | | | |

- Hoe het dit gevoel toe die emosionele verwonding plaasgevind het (Frank, 1997:54)

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Verleentheid | | Verwerping | | Haat | | Frustrasie | |
| Skaam | | Liefde | | Blydskap | | Skuheid | |
| Woede | | Verwarring | | Warmte | | Erkenning | |
| Gekrenktheid | | Hartseer | | Vrees | | Skuldgevoel | |

- Beskryf hierdie insident en die emosies wat ervaar is. Skryf ’n brief waarin die verloop van die gebeure stap vir stap beskryf word en lees dit dan aandagtig deur – voeg aspekte by waar nodig. Gee dit ook aan ’n berader om te lees.
- Gee die emosionele verwonding ’n naam, byvoorbeeld "die verwerping", "die ongeluk", "die molestering" (Van Wijk, 2010:119).
- Vergifnis. Hierdie is ’n wilsbesluit en ’n proses. Daar is menslike rede tot 'n wrok, maar deur aan die wrok vas te hou, beroof dit die persoon van ware lewe. Dit is ook ’n struikelblok in sy verhouding met God. Skuld, wrok, sonde en geheimhouding daarvan het ’n psigologiese impak op ’n persoon – hierdie dinge maak ’n mens emosioneel en fisies siek en die lewe kan nie in sy volheid geniet word nie. Vergifnis help egter om die toekoms te heel en vandag sinvol te kan leef. Wrok en bitterheid verbreek die verhoudings met andere en maak die persoon wantrouig en bang vir verhoudings. Die verskillende stappe in die vergifnisproses kan soos volg aangedui word (vgl. Coetzer, 2008: 67ev.):
    - *Voorbereiding tot vergifnis*
        - Kyk die feite in die oë.
        - Identifiseer die emosies wat betrokke was.

    - Ervaar en verbaliseer die pyn.
    - Konfronteer jou haat.
  - *Die hart van vergifnis*
    - Deurleef die pyn.
    - Stel grense in plek om jouself te beskerm.
    - Spreek diegene vry wat jou verontreg het.
  - *Om van voor af te begin*
    - Aanvaar verantwoordelikheid vir jouself.
    - Bid om 'n begeerte na versoening.

#### 6.7.3.2 Fase 2: *Hou op* – help sodat die bene weer sterk kan word

Te midde van die oënskynlike sinneloosheid van 'n lewe onder die son moet die tiener begelei word om te besef dat hy leef in 'n wêreld wat gebuk gaan onder die vloek van ydelheid as gevolg van die sonde. Die lewe hoef egter nie opgegee te word nie omdat God voorsiening gemaak het vir 'n uitweg. Die tiener moet gevolglik begelei word om te midde van die verwarring en sinloosheid van die lewe fisies, psigies en geestelik gesond te word. Hy moet besef wie God is, wie hy vir God is en wie God vir hom is en in hierdie proses sal sy geestelike arms en bene al sterker word.

- **Stap 1: Begelei die tiener om sy ware self te ontdek – nuwe selfpersepsie**

Die tiener moet begelei word om homself te sien soos God hom sien. Daar is drie essensiële behoeftes wat elke mens het, naamlik om te behoort, om aanvaarbaar te wees en om bekwaam te voel. Dit hou uiteraard verband met 'n goeie selfbeeld, en om dit verder uit te bou, is die volgende riglyne van toepassing (Frank, 1997:151):

- Verwerp valse oortuiginge – identifiseer hulle en vervang hulle met die waarheid.
- Vernuwe jou denke.
- Herstel die regte verhoudings.

Help die tiener om die lewe aan te gryp – dit impliseer om alles aan te gryp, ook die seer en diegene wat daarvoor verantwoordelik is. Hierdie moeilike mense kan beskryf word as "grace growers" en "character builders" (Arterburn, 2005:115). Hulle word gebruik om die tiener te skaaf om uiteindelik te wees wat God wil hê hy moet wees.

Talle negatiewe boodskappe spruit voort vanuit disfunksionele kinderjare en daarom is dit op hierdie stadium van die terapeutiese proses ook belangrik dat die persoon alle negatiewe

persepsies oor homself neerskryf. Daarna moet hy die positiewe boodskappe oor homself neerskryf, veral in die lig van Skrifgedeeltes soos Ps. 18 en 139. Nuwe besluite oor die selfpersepsie moet geformuleer en in die praktyk toegepas word. Dit sal onder andere impliseer dat daar voortaan geleer sal moet word om andere te vertrou – die keuse kan gemaak word om lief te hê of nie. Daar kan geleer word dat om op God te vertrou, veilig en die moeite werd is. Hierdie proses behels klein treetjies (Coetzer, 2008:79).

Wanneer die tiener emosioneel verwond is, word die ware self gewoonlik eerste weggesluit of onderdruk in 'n poging om die kosbaarste besitting te beskerm. Wanneer die tiener egter verward is betreffende die ware self, kan dit daartoe lei dat sy lewe gekenmerk word deur fragmentasie (stukkies van die essensie word afgebreek), self-verwerping en mede-afhanklikheid. Dit is dus belangrik dat die tiener gekonfronteer sal word met die waarheid oor homself. Die waarheid is (Van Wijk, 2010:129 ev.):

- Daar is 'n rede waarom hy lyk soos hy lyk en waarom hy is soos hy is.
- Daar is 'n rede waarom hy spesiale talente ontvang het.
- Daar is 'n rede waarom hy op aarde is.

Hy moet deeglik besef dat die ware self, die essensie, God se skeppingswerk in hom is. Hy moet ook verstaan wie God is vir hom, wie hy is vir God en wie God werklik is. Sy gedrag moet ook nie bepaal word volgens andere se oordeel nie, maar volgens die ware self. Om die ware self te vind, moet na binne gekyk word omdat dit so dikwels gebeur dat vanuit die emosionele verwonding en die gebroke verhoudings waarin die tiener vasgevang is, 'n valse identiteit gevorm word (Van Wijk, 2010:135). Daarteenoor staan die identiteit wat hy in God het (Trollinger, 2007:209):

| **Valse Identiteit** | **Identiteit deur God gegee** |
|---|---|
| Hulpeloos/slagoffer | Hoopvol/wenner |
| Las | Seën |
| Vreesagtig | Vol geloof |
| Skuldgevoelens | Vergeef/verlos |
| Vasgevang/beperk | Vrygemaak/vry |

- **Stap 2: Herstruktureer die lewe en verander gedrag**

Om die ware self ten volle te kan identifiseer, is dit dan noodsaaklik dat 'n bestekopname van die lewe gemaak word. Wat het hy van God ontvang? In die bestekopname van wat hy

ontvang het, gaan dit nie oor die dinge onder die son nie, maar oor die dinge bokant die son. Hy moet fokus op die dinge wat vir hom op die langtermyn vrug gaan lewer. Hy moet bepaal wie hy werklik is en homself dan aanvaar. Om sy talente en gawes te bepaal, sal hom help om sy doel op aarde te besef en uit te leef (Van Wijk, 2010:138).

Die tiener moet vervolgens begelei word om veral op die terrein van die denke, gesprekke en luister anders op te tree. Die verwonde tiener se gedagtewêreld het 'n chaotiese slagveld geword waar die media, musiek, pornografie, groepsdruk, ens. wedywer om aandag. 'n Weldeurdagte poging moet gevolglik aangewend word om hierdie slagveld te omskep en te vernuwe. Hierdie proses is nie maklik nie en vind nie oornag plaas nie. Die tiener moet leer dat slegte gedagtes nie gevoed moet word nie – hy moet versigtig wees wat hy dink, want die denke kan die lewe ingrypend beïnvloed. Net hy is in beheer van sy denke en gedrag (Trollinger, 2007:223).

Tieners moet verder geleer word om die regte woorde te spreek. Dit wat hy sê, het die krag om 'n positiewe identiteit in die lig van die Skrif te ontwikkel. Spr. 18:21 bevestig: "*Die tong het mag oor dood en lewe; die wat lief is om te praat, sal die gevolg dra."* Negatiewe opmerkinge van ouers, onderwysers of vriende bepaal grootliks die tiener se selfbeeld. Positiewe woorde ontwikkel en vestig 'n selfwaarde in Christus en gee rigting vir die toekoms met 'n sekerheid ten opsigte van identiteit en bestemming. Wie God vrees en sy Woord gehoorsaam, gebruik woorde wat opbouend is en gemeenskap stig (Trollinger, 2007:225).

Die vermoë om te hoor wat God spreek, en ook na ander te kan luister, help die tiener om sy gedrag te verander. Identiteite word ook in 'n groot mate gevorm deur dit waarna die tiener luister. Die tiener word daagliks gekonfronteer deur die vader van die leuen, naamlik Satan. Die tiener moet in die lig van die waarheid van die Woord die onderskeidingsvermoë ontwikkel om nie deur die leuen mislei te word nie. Die gedagtes en die hartsbegeertes van die tiener moet ook in hierdie opsig op die lewe bokant die son, op God, gefokus wees, sodat hy kan hoor wat God oor hom en sy toekoms sê. God se uitnodiging in Jer. 33:3 is: *"Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie"* (Trollinger, 2007:230).

### 6.7.3.3 Fase 3: *Bou op* – help die geloofspiere bou

Die tiener moet opgebou word sodat hy in 'n lewende verhouding met God kan leef. Die sin en die vreugde van die lewe lê daarin om God te vrees en sy gebooie te gehoorsaam. Hierdie gesonde verhouding met God is van wesenlike belang vir al die ander verhoudings waarin hy staan. Hierdie gesonde verhoudings bepaal sy identiteit, waardes en sekuriteit en

stel hom in staat om van 'bokant die son' perspektief te verkry op die sinvolheid en vreugde van die lewe.

- **Stap 1: Opbouwerk is nodig**

Die verwonde tiener moet uitgedaag word om die risiko te neem en die keuse te maak om gesond te word – dit maak die geloofspiere sterk. Hy moet ook weer waag om verhoudings te bou, anders sal hy in isolasie ondergaan. Hy moet weer liefkry, anders word hy bitter en eensaam. Angstigheid ontneem nie die dag van môre van sy seer nie, maar dit ontneem vandag van sy krag. God moet vertrou word dat Hy sal sorg (1 Petr. 5:7).

Opbouwerk is nou nodig en die tiener moet vervolgens begelei word om geestelik en emosioneel al sterker te word. Die onderskeie areas van hierdie opbouproses kan soos volg aangedui word (Trollinger, 2007:189):

- Hulle verhouding met God moet verryk word en daartoe lei dat God 'n fundamentele rol in hul lewe vervul.
- Verhoudings met ouers en ander rolspelers moet herstel word.
- Verhoudings met persone wat God ken, moet uitgebou en gevestig word.

Verdere belangrike riglyne wat bydraend kan wees tot 'n ryk en sinvolle lewe vir die verwonde tiener, is die volgende:

- Die stel van grense is belangrik in die bou van gesonde verhoudings. Grense leer tieners om selfbeheersd op te tree. Dit help hulle om nie negatief oor hulself en ander te dink nie. Grense wek ookliefde. God self stel grense en is baie duidelik oor wat binne hierdie grense moet wees en wat buite hierdie grense moet bly (Spr. 6:16-19). Wanneer grense nie gehandhaaf word nie, word ons van die volgende dinge beroof: gebalanseerde emosies, positiewe gesindhede, sterk waardes en norme, begeertes en doelwitte, aanvaarbare gedrag, stiltetyd, kreatiewe moontlikhede en talente, persoonlike besittings, en persoonlike ruimte.
- 'n Goeie selfbeeld asook duidelikheid betreffende eie identiteit in Christus dien as kragtige faktore tot 'n sinvolle en vreugdevolle lewe. Wanneer 'n tiener dink dat hy 'n mislukking is, dan leef hy so (Spr. 23:7). Die volgende Skrifgedeeltes is belangrik betreffende die vestiging van 'n gesonde en positiewe selfbeeld: Jer. 29:11; Dt. 28:13; Jes.43:2; Mark. 9:23; 1 Joh. 5:14-15; Ps. 62:5; Luk. 1:37; Ps. 61:2-4 en Fil. 4:6-7. Ware identiteit lê in Christus terwyl valshede 'n onegte identiteit skep.

- **Stap 2: Volharding en instandhouding**

Die stappe soos tot dusvêr beskryf, is eintlik 'n aaneenlopende proses en nie 'n verbygaande fase in die persoon se lewe nie. God se bystand en versorging is hierin van kardinale belang. Gereelde verstellings en aanpassings sal dan ook gaandeweg nodig wees ten einde die vrugte van die herstelproses ten volle te geniet. Daar is veral drie kategorieë van instandhouding (Coetzer, 2008:104):

  - Daaglikse instandhoudingbehoeftes – gebed, stiltetyd en dan gereelde evaluasie van verhoudings.
  - Gebruikmaking van ondersteuningsgroepe.
  - Hersiening op 'n gereelde basis van al die fases en stappe soos tot dusvêr beskryf.

In die genesingsproses is die tiener ook afhanklik van 'n krag bokant sy eie om uit die bose siklus van herhaalde verwonding en verslawing van die verlede weg te breek. Sonder die nodige geestelike groei sal die herstelproses dikwels blokkeer en die tiener moet voortdurend daaraan herinner word dat God in elke behoefte kan voorsien (vgl. Jes. 40:31).

Die roete van die verwonde tiener se geestelike emosionele progressie kan uiteindelik aan die hand van die volgende vier mylpale beskryf word:

  - Die eerste mylpaal: as gevolg van onverwerkte pyn en trauma is jy mede-afhanklik en verslaaf aan plekke, gedrag en dinge.
  - Die tweede mylpaal: Die verslawing en die pyn se beheer word verbreek en jy ontdek jouself. Jou nuut ontdekte identiteit in Christus is nou in die bestuurder se stoel. Hierdie is 'n geweldige uitdaging vir die jongmens en hy sal nog heelwat ondersteuning nodig hê.
  - By die derde mylpaal begin jy uitreik na andere deur middel van verhoudings. Jy begin om God al meer te vertrou asook jou medemens – hulle begin ook om jou al meer te vertrou.
  - Die vierde mylpaal impliseer dat jy al meer daagliks in 'n persoonlike en intieme verhouding van totale afhanklikheid met 'n persoonlike God tree. Jy is bereid om al meer beheer aan Hom oor te gee ten einde uiteindelik geheel en al onder leiding van die Heilige Gees te leef
    (Coetzer, 2008:108).

- **Stap 3: Gee volle beheer oor aan God**

Die tiener moet in sy soeke na identiteit, wat inhou die begeerte om te behoort, die begeerte om van waarde te wees en die begeerte om bekwaam te wees, begelei word om God te ken en na sy wil te soek vir sy lewe. Iets hiervan word treffend verwoord in1 Kron.28:9:

> *"En jy, Salomo, my seun, jy moet die God van jou vader ken en Hom dien met jou hele hart en met 'n gewillige gemoed, want die Here ondersoek alle harte en ken die bedoeling van elke gedagte. As jy na Hom vra, sal Hy Hom deur jou laat vind, maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd verwerp."*

### 6.9 Samevatting

- Gebroke verhoudings speel 'n groot rol in die emosionele verwonding van tieners. Die belangrikste verhouding is die verhouding met God, en daarom moet die tiener begelei word om in sy verhouding met God herstel te word. Dit bevorder uiteraard dan ook die proses van emosionele genesing. Betreffende hierdie hele proses bied die boek Prediker belangrike riglyne.
- Die tiener wat emosioneel verwond is, word verder verwar deur die sinloosheid van die lewe hier onder die son. Wanneer sy emosionele wonde nie genees word nie, lei dit tot reaksies soos angs, depressie, selfmoord, seksuele losbandigheid, wangedrag, ens.
- Die tiener moet gevolglik deur 'n proses van fisiese, emosionele en geestelike gesondheid begelei word ten einde werklik te kan besef wie God is, hoe God hom sien en wat sy potensiaal in God se hand is.
- In die praktykgerigte model soos uiteengesit in hierdie hoofstuk, is gefokus op die terapeutiese begeleiding tot emosionele genesing, die verwerking van die emosionele pyn en daarmee saam die fokus op die genieting van die lewe 'hier onder die son' in die lig van die beginsels van Prediker.
- Die kern van die begeleidingsproses is geformuleer aan die hand van die volgende drie fases:
  - *Tel op* (Pred 1:2-3 en Gal. 6:1).
  - *Hou op* (Pred 12:1 en Gal. 6:2-5).
  - *Bou op* (Pred 12:13 en Gal. 6:6).
- Die gewonde moet opgerig word – hulp is nodig om op te tel, reg te help, te versterk.
- Die gewonde moet gehelp word om weer sin en vreugde te midde van 'n gebroke en stukkende wêreld te kan ervaar.
- Die gewonde moet opgebou word sodat hy in staat kan wees om op hierdie pad te volhard deur in 'n persoonlike verhouding met God te tree.

- Die emosioneel verwonde tiener moet leer om nie die sin en vreugde van die lewe op verkeerde plekke en by verkeerde persone te soek nie. Die ware antwoorde op die lewe word gevind in ’n lewende verhouding met God.
- Die finale woord is: *Vrees God* – leef in volle toewyding aan Hom; *Hou sy gebooie* – sy Woord moet geleef word.

# SAMEVATTING

# HOOFSTUK 7: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

## 7.1 Inleiding

In hierdie studie is daar gefokus op die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener aan die hand van 'n aantal breëre merkers vanuit die boek Prediker. Die doelwitte van hierdie studie kan soos volg saamgevat word:

- Om riglyne te identifiseer vanuit 'n eksegetiese studie van sekere passasies uit die boek Prediker waarvolgens die emosioneel verwonde tiener pastoraal begelei kan word tot heling.
- Om vas te stel watter verhelderende perspektiewe die hulpwetenskappe kan bied met betrekking tot die begeleiding van emosioneel verwonde tieners.
- Om vas te stel watter insigte betreffende die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener deur 'n empiriese ondersoek na vore kom.
- Om 'n praktykteoretiese model daar te stel ten einde die emosioneel verwonde tiener pastoraal te begelei tot heling deur gebruikmaking van riglyne vanuit die boek Prediker.

In die metodologie van hierdie studie is aangesluit by die handelingswetenskaplike model wat Zerfass (1974:164-177) ontwerp het. Dit behels dat basisteoretiese beginsels eers ondersoek is (Hoofstukke 2 en 3), waarna metateoretiese perspektiewe gevorm is (Hoofstuk 4). Die metateoretiese perspektiewe is ook toegelig met 'n empiriese studie (Hoofstuk 5) en uiteindelik is 'n nuwe of aangepaste praktykteoretiese model (Hoofstuk 6) geformuleer wat berus op die wisselwerking tussen en integrering van basisteoretiese en metateoretiese perspektiewe.

## 7.2 Samevatting van bevindinge

### 7.2.1 Basisteoretiese perspektiewe

Die keuse is gemaak om twee kerngedeeltes uit Prediker (Pred. 1:1-11 en 12:8-14) wat na die sin en doel van die lewe verwys, te ondersoek. Die Prediker se woorde word omraam deur die proloog en epiloog se opsommende verklarings in 1:2 en 12:8, naamlik dat alles

tevergeefs is. Hierdie feit ondermyn die aanspraak dat daar 'n ontwikkelende gedagtegang by die Prediker is. Alles in die hoofinhoud word gefilter deur hierdie verklaring in 1:2 en 12:8. Prediker 1:1-11 vorm 'n inleiding tot die Prediker se hoofgedagte. Die funksie van hierdie proloog is om die gemoedstoestand van wat gaan volg, te bepaal. Die Prediker se gemoedstoestand word in die proloog en epiloog (12:8-14) saamgevat in die woorde: "Tevergeefs, alles tevergeefs". Die laaste ses verse (12:9-14) vorm die epiloog. Hierdie woorde is belangrik vir die verstaan van die boodskap van die boek. Die indrukke oor die inhoud van die boek en sy siening oor die wysheidsbeweging van sy tyd word hier saamgevat. In hierdie konklusie word die Prediker se verhouding met die wêreld en die res van die kanon verstaan.

Die epiloog is 'n integrale deel van die res van die boek. Aan die einde word gesien dat wysheid nie sy eie fundamentele vrae kan beantwoord nie, en al bied dit sekere voordele, is dit ook maar gebroke en word dit maklik ondermyn. Slegs hier word die geloofwaardigheid van die Prediker se bevindinge bevestig en word 'n weg uit die duisternis, waaruit die wysheid nie kon ontkom nie, aangebied. Die Prediker fokus op die probleem van die menslike bestaan in 'n gevalle wêreld. Hy toon aan hoe 'n lewe sonder God in wese chaoties, sinloos en onvergenoegd is. Hy moedig sy leerders aan om 'n God-gesentreerde leefstyl aan te kweek deurdat hy sekere leefstyle en strewes waarin God uitgelaat word, kritiseer.

In Prediker 1:3-11 word die gevolge van sulke leefstyle en strewes uitgespel en in hierdie gedeelte vervul die term "hebel" (die belangrikste vertalings verstaan met "hebel" dat alles sinloos is; alles is tevergeefs) 'n belangrike rol, wat soos volg saamgevat kan word:

- Die lewe is raaiselagtig en geheimsinnig, want aan die een kant is daar baie gereelde, voorspelbare kringlope in die natuur, maar aan die ander kant is daar onverstaanbare herhaling.
- Hierdie realiteit is nie soseer futiel, absurd, betekenisloos nie, maar eerder kompleks, geheimsinnig en meerduidig.
- Dit vertolk die begrip dat die lewe raaiselagtig en geheimsinnig is, en dat daar baie onbeantwoorde vrae is.
- Die persoon wat glo, erken hierdie feit en beweeg positief vorentoe deurdat hy die lewe as gawe van God ontvang en dit geniet soos God dit aanbied.
- Dit blyk dat Prediker ook, soos Job, geskryf is om misverstande oor vergelding reg te stel. Prediker ontken nie dat God orde geskep het nie, maar hy wil beklemtoon dat

ons persepsie van hierdie orde soms verwarrend is. Die lewe is beide sinvol en raaiselagtig.

- Die Prediker herinner in hierdie inleiding, wat dan verder in die boek uitgewerk word, dat die waarnemings deur wysheid slegs maar 'n deel van die waarheid is. Ander perspektiewe moet ook bekom word.

Prediker 1:3 verwoord die wanhoopskreet van die mens wat in die sweet van sy aangesig (Gen. 3:19) hier "onder die son" geen voordeel in sy bestaan en werk sien nie. Die lewe en die werk hier lyk sinneloos en bring geen vreugde nie (verse 4-11 beklemtoon hierdie doellose sirkelgang). Hierdie vers beskryf die gevolge van die wêreldse ydelheid vir die mens. Die lewe lewer geen voordeel nie – as ons strewe nie verder gaan as "onder die son" nie, dan hou dit geen voordeel in nie. Van die begin af maak die Prediker dit duidelik wat sy doel is, naamlik dat hy die lewe ondersoek in 'n poging om uit te vind of daar enige voordeel in is.

Wat is die sin van al die mens se arbeid onder die son? Dit lyk nie of daar enige wins in is nie. Wat wil Prediker dan hiermee sê? Is dit net wanhoop? Nee. Soos Paulus (Rom.8:18-30), wil die outeur die mens wys op die invloed van die sonde. Die sonde maak blind. Wanneer die mens egter hierdie sonde sien, moet hy daaraan dink dat God dit sal regmaak. Die lewe is vol pyn en is stukkend, maar in Christus is daar verlossing van al hierdie pyn en smart want Hy het kom herskep en heelmaak. Verlossing is meer as om van sonde verlos te word – dit verlos die gelowige van die tevergeefsheid van die lewe soos in verse 3-11 geskets. Besef die mens hoe diep die val was? Ons moet realisties wees. Geniet die lewe, maar moenie die wêreld liefkry nie. Ons moet uitsien na die lewe hierna, want dit is die ware lewe. Ons lewe hier in 'n wêreld wat nie beantwoord aan die doel waarvoor God dit geskep het nie.

Prediker 12:13-14 is 'n opsomming van die reis van die Prediker. "Vrees God" – 'n heilige eerbied vir God, en in aansluiting by Spreuke is dit die beginsel van wysheid. Wysheid staan in noue verband met die Ou-Testamentiese Wet. Hierdie verse sluit nou aan by 5:1-7 (4:17-5:6).

Prediker gee twee redes hoekom ons God moet vrees en sy gebooie moet onderhou:

- Dit behels die totaliteit van die menslike bestaan – om sin en vreugde in die lewe te kry, moet jy aan jou Skepper dink.

- God oordeel alles – niks ontkom sy oordeel nie. Hy is egter regverdig. Oordeel hou dus in dat dit wat nou is, nie is soos wat dit moet wees nie: wat is, is verkeerd. Volgens Prediker beteken 'n wyse lewe onder die las van die sondeval dat die mens die ontevredenheid, frustrasie en sinloosheid sal hanteer met 'n begeerte dat God dit sal kom regmaak.

**7.2.1.1 Basisteoretiese konklusies vanuit die eksegese**

Die volgende basisteoretiese konklusies is gemaak (vgl. hfst.2:par.2.7):

- Die mens se siening oor die sin van die lewe hang af van die perspektief waaruit 'n mens kyk: óf los van God, óf in die lig van God se openbaring.
- Om God te vrees, beteken dat beide die onmoontlikhede en moontlikhede erken word en daarmee saamgeleef word.
- Die soewereine God het diepgaande ordelikheid in die skepping ingebou en 'n wyse persoon vind sin in die lewe wanneer hy binne hierdie ordelikheid met integriteit leef.
- Om te sê dat 'n persoon se lewe sin het, beteken dat die somtotaal van sy dade en ervaringe moet heenwys na iets of iemand buite homself.
- Die ware antwoorde op die lewe lê in 'n lewende verhouding met God – eers dan kan daar op fisiese, psigiese en geestelike wyse ware sin en vreugde in die lewe ervaar word.

**7.2.1.2 Basisteoretiese konklusies vanuit die pastorale teologie**

In Hoofstuk 3 is gefokus op bydraes vanuit die pastorale teologie in die breë betreffende die moontlike oorsake en gevolge van die emosionele verwonding van tieners, asook op riglyne ten opsigte van die pastorale begeleiding van sulke verwonde jongmense.

Tieners bevind hulself in 'n onsekere stadium van groei onderweg na volwassenheid, en teen hierdie agtergrond is belangrike gevolgtrekkings vanuit hierdie afdeling die volgende (vgl. hfst. 3: par. 3.6):

- Tieners is in 'n magstryd gewikkel en voortdurend besig om grense te toets. Teregwysings lei baie maklik daartoe dat die tiener homself sien as 'n mislukking.
- Verhoudings speel 'n belangrike rol in die bepaling van identiteit. Mislukte verhoudings kan tot emosionele verwonding lei.
- Die tiener is nie toekomsgerig nie en die hier en nou speel 'n belangrike rol. Hierdie lewenshouding lei daartoe dat die lewe dikwels nie sin maak nie omdat die sin en vreugde van die lewe dikwels in materiële rykdom en prestasies gesoek word.

- Gesinsverhoudings speel ’n bepalende rol in die vorming van ’n identiteit. Die postmoderne fase het daartoe gelei dat gesinswaardes plek moes maak vir die vereistes van ’n sekulêre samelewing. Grense het verdwyn en dit het aanleiding gegee tot onsekerheid en vrees. Die onsekere rolverdeling tussen man en vrou lei ook tot onsekerheid by die tiener oor sy rol in die lewe.
- In die begeleiding van die tiener tot 'n sinvolle en vreugdevolle lewe moet ouers hulle geestelik, psigies en fisies opvoed om tot die besef te kom dat die antwoord op die sin en doel van die lewe nie in mense en dinge lê nie, maar in God, hul Skepper. Goeie ouerskap lê nie noodwendig daarin dat jy alles reg doen nie, maar daarin dat die gesinslede bewus gemaak word dat hulle 'n behoefte aan 'n Verlosser het – Een wat hulle sondes sal vergewe. Ps 128:1-4 beskryf die verskillende lede in 'n gesin soos God dit bestem het: wie hulle is, hoe hulle funksioneer, in watter verhouding hulle tot mekaar staan en hoe hulle bemagtig en gemotiveer word om die gesin te wees wat hulle veronderstel is om te wees.

### 7.2.2 Metateoretiese perspektiewe

Om aan die basisteoretiese beginsels te midde van 'n gesekulariseerde daaglikse milieu gestalte te gee, is in Hoofstukke 4 en 5 gefokus op moontlike bydraes vanuit die hulpwetenskappe. Uit die literatuurstudie is die volgende perspektiewe ten opsigte van moontlike redes en oorsake van die emosioneel verwonde tiener geformuleer:

- Die tiener van vandag is blootgestel aan 'n veranderende wêreld en daarom het hy sekere behoeftes wat vervul moet word om die veranderinge sinvol te kan integreer en 'n positiewe identiteit te kan ontwikkel. ’n Veilige omgewing wat sekuriteit bied, is dus noodsaaklik sodat hy nie verward raak en in homself twyfel nie.
- Angs, skuld, wanhoop en hulpeloosheid is basiese vraagstukke wat tot lewensworsteling lei.
- 'Emosionele bagasie' ontwikkel wanneer hy in sy verhoudings met die verskillende rolspelers rondom hom nie die nodige begeleiding kry om vraagstukke sinvol op te los nie.
- Hierdie emosionele bagasie lei tot verwarring en gevoelens van hopeloosheid. Dit lei tot negatiewe gevolge wat ook vergestalt kan word in selfmoord, depressie, seksuele wanpraktyke, stres, dissiplinêre probleme, angs en middelmisbruik.
- Waardes en grense wat in ’n gesonde verhouding in die tradisionele gesin ontwikkel is, ontbreek in talle gevalle by die emosioneel verwonde tiener en dit lei tot angs, wanhoop en hulpeloosheid. Heel dikwels ontbreek gesonde voorbeelde van ouers as stabiele rolmodelle en lei dit tot onsekerheid in sy ontwikkeling tot volwassenheid.

- Wanneer waardes en grense soos in die ouerhuis neergelê verskil van dit wat deur ander rolspelers in die skool en gemeenskap bepaal word, kan dit maklik lei tot skuldgevoelens en gevolglike skynheilige optredes.
- Gesonde verhoudings met die ouers kan meehelp in die keuse van 'n stabiele portuurgroep. Hierteenoor kan 'n onstabiele portuurgroep maklik daartoe lei dat die tiener sy ouer se waardes en grense bevraagteken en daarteen begin rebelleer. Wanneer tieners nie in hul ouerhuise antwoorde op vrae soos *"Wie is ek?"* en *"Waarheen is ek op pad?"* kry nie, is hulle aangewese op die terugvoering wat hulle oor hulself in hul portuurgroep kry.
- Die tiener se toekomsverwagting word gevorm deur die eise en verwagtinge van die gemeenskap.
- In die eeu van moderne en oorweldigende kommunikasietegnologie word sinvolle kommunikasie op 'n dieper vlak al minder. Gesprekke met tieners is dikwels onsamehangend en oppervlakkig en dit word ook maklik onderbreek ter wille van iets anders wat die volwassene se aandag vereis, soos byvoorbeeld 'n selfoon. Invloede soos dié van die internet, *Facebook*, kletskamers, *MXit,* ens., bied ook geweldige uitdagings aan die tieners van vandag om daagliks steeds nugter en gebalanseerd te kan funksioneer.

#### 7.2.2.1 Metateoretiese konklusies vanuit die empiriese navorsing

In die empiriese navorsing is hoofsaaklik gebruik gemaak van die kwantitatiewe benadering met die oog op die insameling en verwerking van data by vyf privaatskole. Vir die insameling van data is gebruik gemaak van die vraelysmetode en wel van meervoudige keusevrae. 'n Vraelys soos opgestel deur Perspektief Opleidingskollege is gebruik by die insameling van data. Die spesifieke vraelys wat gebruik is, is dié van die "Kinderfunksionering Inventaris Hoërskool (CFI-Hoër)". Hierdie vraelys evalueer die tiener se huidige funksionering, en daaruit word dan aanbevelings gemaak met betrekking tot die toekoms. Die vrae fokus besonderlik op die tiener in sy verhouding met homself, sy ouers, sy vriende en sy omgewing, aan die hand van die volgende kategorieë:

- Positiewe funksioneringselemente.
- Selfpersepsie.
- Traumadinamika.
- Persoonlike verhoudings.
- Besluitnemingsvermoë.

Die resultate van hierdie vraelys bevestig die gevolgtrekkings wat daar uit die literatuurstudie gemaak is met betrekking tot die oorsake en reaksies van die emosioneel verwonde tiener.

Dit het byvoorbeeld geblyk dat 44% van die tieners voordeel sal trek uit 'n lewensverrykingsprogram, terwyl 7% professionele hulp nodig het.

As gevolg van die las van die onverwerkte emosionele bagasie uit die verlede ervaar hulle die uitdagings van die lewe baie negatief en beleef hulle die lewe as sinloos en sonder vreugde. Die tieners het in die vestiging van 'n eie identiteit en selfwaarde ook 'n sterk behoefte aan persoonlike verhoudings getoon. Hulle negatiewe en swak selfpersepsie kan verder ook herlei word na hulle gebrek aan rolmodelle. Hierdie gebrek se verdere uitwerking is dat daar 'n swak verhouding met God en hulle medemens is. Hierdie swak verhouding met God, hulle medemens en hulself gee dan ook aanleiding tot 'n gebrek aan besluitnemingsvermoë.

'n Verdere belangrike aspek is die feit dat die gebrek aan gesonde gesinsverhoudings daartoe lei dat hierdie tieners oor die algemeen nie die vermoë ontwikkel om traumatiese gebeure sinvol te hanteer nie. 'n Lae selfpersepsie asook die onvermoë om die gebrokenheid van die lewe hier *onder die son* te hanteer, bring mee dat die tiener die sin en doel van die lewe dikwels negatief beleef en en dan ook negatief in sy besluite reageer. Hierdie soort leefwyse het 'n negatiewe impak op sy verhoudingslewe en in besonder sy verhouding met God, *bo die son*.

### 7.2.3 Praktykteoretiese konklusies

Deur middel van 'n hermeneutiese wisselwerking tussen basisteoretiese riglyne en metateoretiese perspektiewe is gepoog om 'n verstelde praktykteorie te formuleer met betrekking tot die pastorale begeleiding van die emosioneel verwonde tiener aan die hand van riglyne uit die boek Prediker. Binne die pastoraat moet die tiener te midde van die verwarring en sinloosheid van die lewe begelei word om fisies, psigies en geestelik gesond te word. Dit impliseer onder andere om te besef wie God is, hoe God oor hierdie tiener voel, en wie God vir hom is. Met die praktykgerigte model is parameters gebied vir die pastorale begeleiding van alle onverwerkte trauma en emosionele pyn by die tiener. Dit hou dan ook verband met tipiese aspekte wat geestelike vordering en emosionele genesing in die breë geblokkeer het - eers dan is die tiener in staat om waarlik te kan fokus op die genieting van die lewe hier *onder die son*, in die lig van die beginsels uit die Boek Prediker.

Die voorgestelde model berus enersyds op die resultate van die basisteoretiese en metateoretiese afdelings van hierdie studie. Andersyds is riglyne geïdentifiseer en geformuleer volgens die breëre merkers soos uiteengesit in die volgende pastorale modelle:

- Tessa van Wijk (2010), soos beskryf in haar boek *Genees jou Trauma.*

- Jan Frank (1995), soos beskryf in haar boek *Door of hope – recognising and resolving the pains of your past.*
- Stephen Arterburn (2005), soos beskryf in sy boek *Healing is a choice.*
- Sarah Trollinger (2007), soos beskryf in haar boek *Advanced triage counselling – counselling that heals teenagers and parents.*
- Wentzel Coetzer (2008), soos beskryf in sy ongepubliseerde bundel *Tien fases van die genesingsproses.*

Die doel van hierdie hoofstuk was dus om praktykgeoriënteerde leiding te gee met betrekking tot die hantering van onverwerkte emosionele pyn by die tiener – om te midde van chaos en verwoesting tog uiteindelik by heling asook die sinvolheid en vreugde van die lewe uit te kom ondanks ʼn gebroke wêreld.

Die model behels drie fases met verskeie stappe in elke fase. Die boodskap van Prediker, waarop daar in besonder gefokus is in die basisteoretiese afdeling van hierdie studie, vind binne die Nuwe-Testamentiese konteks veral weerklank in die bewoording van Paulus se opdrag in Gal. 6:1-10 (MacArthur, 1997:1799). Die drie fases van die onderhawige model is dan die volgende:

- **Tel op** (Gal. 6:1: "*Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid."* Vergelyk ook Pred. 1:2-3: *"Alles tevergeefs, sê die Prediker, alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs. Watter voordeel het die mens van al sy moeite waarmee hy hom vermoei onder die son?").* Iemand wat val, is op die grond. Om iemand pastoraal te begelei, impliseer dat so 'n persoon reggehelp word en dus weer op sy voete kan kom – hy word dus opgetel.
- **Hou op** (Gal. 6:2: "*Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus.* Vergelyk ook Pred. 12:11: "*Die woorde van die wyse manne is soos prikkels, en soos spykers, diep ingeslaan, is die versamelde spreuke; hulle is deur die enige Herder gegee."*). Wanneer iemand opgehelp is, moet hy nie maar net so gelos word nie. Aanvanklik gaan hulp en ondersteuning nodig wees sodat die 'bene' eers sterk kan word – op hierdie wyse word die persoon se las dan ook gedra.
- **Bou op** (Gal. 6:6: "*Maar laat hom wat in die Woord onderwys ontvang, meedeel van alle goeie dinge aan hom wat onderwys gee."* Vergelyk ook Pred. 12:13: "*Die hoofsaak van alles wat gehoor is, is: Vrees God en hou sy gebooie, want dit geld vir alle mense."*). Bou hierdie persoon op sodat hy weer op sy eie die stryd kan aanpak. Rus hom toe sodat hy nie dalk weer vir dieselfde rede val nie.

Met dié model is dus gefokus op die terapeutiese begeleiding tot emosionele genesing, die verwerking van die emosionele pyn, en daarmee saam die genieting van die lewe 'hier onder die son' in die lig van die beginsels van Prediker. Die emosioneel verwonde tiener moet leer om nie die sin en vreugde van die lewe op verkeerde plekke en by verkeerde persone te soek nie. Die ware antwoorde op die lewe word gevind in 'n lewende verhouding met God. Die finale woord is: *Vrees God* – leef in volle toewyding aan Hom; *Hou sy gebooie* – sy Woord moet geleef word

**7.3. Finale konklusie**

Die Prediker fokus op die probleem van die menslike bestaan in 'n gevalle wêreld. Alle menslike aktiwiteite vind plaas "onder die son". Die gebied "onder die son" gaan oor sake soos geregtigheid, regverdigheid, wysheid, kennis, tyd, die kosmiese en sosiale ordes, die koning, die sin en vreugde van die lewe en watter voordeel daar vir die mens vir al sy moeisame arbeid is. In hierdie sfeer "onder die son" is dit ook so dat die vloek van die sonde aanleiding gegee het tot gebroke verhoudings en oorweldigende emosionele pyn.

Die Prediker toon verder aan hoe 'n lewe sonder God in wese chaoties, sinloos en onvergenoegd is. Hy moedig sy lesers aan om 'n Godgesentreerde leefstyl aan te kweek deurdat hy sekere leefstyle en strewes waarin God uitgelaat word, kritiseer. In Pred. 1:3-11 word die gevolge van sulke leefstyle en strewes uitgespel. Die lewe *onder die son* is as gevolg van die sondeval tevergeefs. In sy worsteling en soeke na die sin van die lewe beskryf die Prediker dan ook die sleutel om die lewe te verstaan. *Onder die son* sal geen sin verkry word nie, maar die sin en die vreugde van die lewe hier lê daarin dat die mens *bokant die son* uitstyg. *Alles tevergeefs* – dit is die sleutelfrase in die boek Prediker. As gevolg van die vloek van die sonde (Gen. 3:17-19) beleef die mens 'n sinloosheid in die lewe hier onder die son. Die gevolge van die sonde raak die hele skepping, in al sy fasette – veral dan ook wat verhoudings betref.

God het die mens as 'n verhoudingswese geskep (Gen. 1:27 en 2:18). Wanneer hierdie verhoudings egter skade ly, bring dit emosionele verwonding, veral dan ook by tieners. Die enigste wyse waarop sodanige verwonding weer herstel en genees kan word, is om terug te keer na 'n intieme verhouding met God (Pred. 12:13). Teen hierdie agtergrond kan die boek Prediker sinvol gebruik word in die begeleiding van die emosioneel verwonde tiener wat gewoonlik ook worstel rondom toekomsvrae en ook op soek is na antwoorde wat betekenis kan gee in die lewe vandag.

Die tiener se verwysingsraamwerk word beïnvloed deur onder andere sy gesin, skool, kerk en vriende – dit vorm dan uiteindelik gesamentlik die bron van die tiener se gesindheid en gedrag. Om werklik lewensin te ervaar, moet die tiener egter hulp kry om vanuit die herskeppingswerk van Jesus Christus te leef. Die verhouding met God moet weer herstel word, want hierdie verhouding is bepalend vir alle ander tussenpersoonlike verhoudings. Die boek Prediker bied in hierdie opsig 'n aantal praktiese riglyne vir die begeleiding van die tiener tot herstel in sy verhouding met God, en om uiteindelik die sin en vreugde van die lewe in Hom te vind. Die geestelike verdieping wat met hierdie proses gepaard gaan, dra dan ook by tot die verwerking van alle onverwerkte seer uit die verlede.


Die mens is geneig om sin en vreugde op verkeerde plekke en by verkeerde persone te soek en daarom is sodanige soeke gewoonlik onsuksesvol. Die ware antwoorde op die lewe word egter gevind in 'n lewende verhouding met God. Die finale woord is: Vrees God en hou Sy gebooie. *Vrees God !* – leef in volle toewyding aan Hom. Vrees hou nie in om bang te wees nie, maar die implikasie is eerder om ontsag en eerbied te hê. Dien Hom! *Hou sy gebooie* ! – sy Woord moet geleef word.

**7.4 Terreine vir verdere ondersoek**


In hierdie studie het dit duidelik geword dat verdere studie op die volgende terreine van groot waarde sal wees:

- Die moontlike bydrae van moderne tegnologie tot die bou van gesonde interpersoonlike verhoudings.
- Die moontlike bydrae van moderne tegnologie tot sinvolle kommunikasie.
- Die rol wat dieselfde-geslag huwelike kan uitoefen op die bepaling van die identiteit van die tiener.
- Die rolvervulling van man en vrou in die eeu van geslagsgelykheid en die invloed hiervan op die identiteit van die tiener

## BYLAAG A: DIE LIEFDESTENKS – I



## BYLAAG B: DIE LIEFDESTENKS – II



# BYLAAG C:GROEPSVERSLAG

# Groep Opsommende Verslag

## Kinderfunksioneringinventaris - Hoërskool Groep Opsommende

**Gedruk op**
12 Mei 2010

**Inhoud**
Oorsig
Positiewe Funksioneringselemente
Selfpersepsie
Trauma Dinamika
Verhoudings
Besluitnemingsvermoë
C-Styl Naamlys


Voorsien deur
**Perspektief Opleidingskollege**
PO Box 20842
Dassierand
2522
018 297 3716

(C) Copyright Perspektief Training College

# CFI-HOëR Profiel - Oorsig

**Naam: Group** 

Puntetellings in die kernaspekte van persoonlike funksionering word hieronder getoon. Puntetellings strek vanaf 0 tot 100. Spesifieke inligting aangaande elk van hierdie kernaspekte word in die hieropvolgende verslae aangetoon.
**Positiewe Funksioningsareas**: 'n totaal van minder as 64% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 64% en 70% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van meer as 70% is in die aanbevole gebied.
**Selfpersepsie**: 'n totaal van meer as 36% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 30% and 36% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van minder as 30% is in die aanbevole gebied.
**Trauma Dinamika**: 'n totaal van meer as 36% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 30% and 36% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van minder as 30% is in die aanbevole gebied.
**Persoonlike Verhoudings**: 'n totaal van minder as 64% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 64% en 70% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van meer as 70% is in die aanbevole gebied.
**Besluitnemingsvermoë**: 'n totaal van minder as 67% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 67% en 73% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van meer as 73% is in die aanbevole gebied.



**CFI-HOëR Styl:**
**- B -**

**A Styl**: Dit toon aan dat jou selfpersepsie en trauma dinamika nie jou positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed nie. Jou funksionering kan as effektief beskryf word.

**B Styl**: Dit toon aan dat jou selfpersepsie en trauma dinamika soms jou positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Jou funksionering kan as fluktuerend beskryf word.

**C Styl**: Dit toon aan dat jou selfpersepsie en trauma dinamika jou positiewe funksioneringselemente, verhoudings en besluitnemingsvermoë negatief beïnvloed. Jou funksionering kan as oneffektief beskryf word.

## Oorsig


**Positiewe Funksioneringselemente:** Die huidige telling is 68.
**Matige positiewe funksionering:** alhoewel daar baie positiewe aspekte in die respondente se lewe is, is daar tog uitdagings wat hulle geluk in die lewe negatief beïnvloed. Hulle is dikwels in staat om konstruktief op hul omstandighede te reageer. Daar is egter tye dat hulle hul omstandighede negatief beleef en probleme in die gesig moet staar wat hulle sou verkies om nie te doen nie.

**Selfpersepsie:** Die huidige telling is 35.
**Matige selfpersepsie**: alhoewel daar baie positiewe aspekte rakende die respondente se selfpersepsie is, is daar steeds beduidende uitdagings wat hulle selfpersepsie beïnvloed. Hulle is dikwels daartoe in staat om konstruktief op die volgende vals oortuiging te reageer: selfwaarde = prestasie + ander se opinie. Daar is egter nog tye dat hulle toelaat dat hierdie vals oortuiging hulle selfpersepsie negatief beïnvloed.

**Trauma Dinamika:** Die huidige telling is 30.
**Optimale trauma dinamika:** die respondente beleef hulle omstandighede positief en verkry tevredenheid en persoonlike beloning uit die lewe. Hulle hanteer uitdagings binne hulle omstandighede konstruktief en benut geleenthede tot die maksimum ter wille van hulle persoonlike ontwikkeling.

**Verhoudings:** Die huidige telling is 60.
**Minimale persoonlike verhoudings:** die respondente se algehele belewing van hulle verhoudings is nogal negatief en dit maak hulle ongelukkig. Hulle vind min persoonlike vervulling in hulle verhoudings en beleef hulle verhoudings as veeleisend en onbevredigend.

**Besluitnemingsvermoë:** Die huidige telling is 62.
**Minimale besluitnemingsvermoë**: die respondente se vermoë om verantwoordelike besluite te neem, is minimaal. Hulle laat ander mense toe om hulle te beïnvloed wanneer hulle besluite neem.





Getal respondente met 'n A styl wat sal voordeel trek uit 'n voorkomingsprogram : 53 (50%)
Getal respondente met 'n B styl wat sal voordeel trek uit 'n verrykingsprogram : 47 (44%)
Getal respondente met 'n C styl wat sal voordeel trek uit professionele hulp : 7 (7%)

# CFI-HOëR Profiel - Positiewe Funksioneringselemente



***Positiewe Funksioneringselemente Totale***


Puntetellings in die kernaspekte van **positiewe funksioneringsareas** word hieronder getoon. Puntetellings strek vanaf 0 tot 100. 'n Totaal van minder as 64% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 64% en 70% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van meer as 70% is in die aanbevole gebied.




*** Verbetering is nodig**

## *Algehele Positiewe Funksioneringselemente Telling*

Die algehele Positiewe Funksioneringselemente puntetotaal is die gemiddelde van al die Positiewe Funksioneringselemente faktore.




Die algehele telling is 69%

**Beste CFI-HIGH Areas:**

- ☑ Deursettingsvermoë
- ☑ Tevredenheid
- ☐ Toekomsperspektief

## Verslag:

**Toekomsperspektief:** Die huidige telling is 63.
Die respondente het hoop verloor en is pessimisties oor hulle toekoms. Dis vir hulle moeilik om kalm te bly en hulle fokus op die negatiewe elemente in hulle omstandighede. Identifiseer die oorsake hiervan sowel as die areas waar hulle moet groei en ontwikkel. Benut alle geleenthede om te groei (bv seminare, boeke, berading, ens). Dit mag nodig wees om professionele hulp in te roep om 'n strategie vir die toekoms uit te werk. 'n Optimistiese benadering tot jou omstandighede en die toekoms vorm die grondslag vir persoonlike ontwikkeling.

**Deursettingsvermoë:** Die huidige telling is 72.
Die respondente presteer goed en besit die volgende kwaliteite: doelgerigtheid, selfmotivering, die behoefte om te groei en te verbeter, deursettingsvermoë, deeglikheid en die neem van verantwoordelikheid vir jouself. Die dryfkrag om te bereik en goed te doen is uiters belangrik in persoonlike en loopbaan ontwikkeling.


**Tevredenheid:** Die huidige telling is 72.
Die respondente besit die volgende belangrike kwaliteite: 'n innerlike belewenis van tevredenheid, geluk, vriendelikheid en gemoedsrus. Tevredenheid met jou omstandighede en verhoudings is uiters belangrik in persoonlike ontwikkeling.

# CFI-HOëR Profiel - Selfpersepsie



***Selfpersepsie Totale***


Puntetellings in die kernaspekte van **selfpersepsie** word hieronder getoon. Puntetellings strek vanaf 0 tot 100. 'n Totaal van meer as 36% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 30% en 36% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van minder as 30% is in die aanbevole gebied.




*** Verbetering is nodig**

## *Algehele Selfpersepsie Telling*

Die algehele Selfpersepsie puntetotaal is die gemiddelde van al die Selfpersepsie faktore.




Die algehele telling is 35%

**Beste CFI-HIGH Areas:**

- [ ] Angstigheid
- [x] Skuldgevoelens
- [x] Gebrek aan Selfwaarde
- [ ] Isolasie
- [ ] Verantwoordelik vir Ander
- [ ] Gebrek aan Selfgelding

## Verslag:

**Verantwoordelik vir Ander:** Die huidige telling is 45.
Die volgende elemente is teenwoordig in die respondente se funksionering: hulle voel verantwoordelik vir ander se geluk en probeer aanhoudend om hulle uit die moeilikheid te hou. Identifiseer waarom hulle verantwoordelikheid neem vir ander se geluk. Om dit te doen, beveel ons 'n konsultasie met 'n professionele berader aan. In samewerking met professionele advies, besluit op 'n strategie en volg dit heelhartig.

**Angstigheid:** Die huidige telling is 41.
Die respondente beleef 'n gebrek aan sekuriteit in hul verhoudings en is bang om emosioneel seer te kry. Hulle voel bedreig deur hul omstandighede en is bang vir die toekoms. Hulle is bang vir mislukking en verwerping. Die beste benadering sou wees om presies te identifiseer waarom hulle 'n gebrek aan sekuriteit beleef. Om dit te doen beveel ons 'n konsultasie met 'n professionele berader aan. In samewerking met professionele advies, besluit op 'n strategie en volg dit heelhartig. Die ontwikkeling van die nodige vaardighede om hul innerlike sekuriteit te bestuur, is die eerste stap tot persoonlike vervulling.

**Gebrek aan Selfgelding:** Die huidige telling is 36.
Die respondente is selfgeldend. Selfgeldendheid is belangrik vir groei binne enige verhouding. Hou aan om die nodige vaardighede te ontwikkel om selfgeldend te bly deur gebruik te maak van elke geleentheid (bv professionele konsultasie, seminare, boeke, video's, ens).
(SOMS KAN HULLE DIT MOEILIK VIND OM SELFGELDEND TE WEES.)


**Isolasie:** Die huidige telling is 33.
Die respondente beskik oor die volgende elemente met betrekking tot isolasie: dis vir hulle lekker om mense rondom hulle te hê en hulle vertel maklik vir ander hoe hulle voel. Hou aan om die nodige vaardighede te ontwikkel om hulself nie te isoleer nie deur die beste gebruik te maak van elke geleentheid (bv professionele konsultasie, seminare, boeke, video's, ens).
(SOMS KAN HULLE HULSELF MINDER POSITIEF BELEEF.)

# CFI-HOëR Profiel - Trauma Dinamika



***Trauma Dinamika Totale***


Puntetellings in die kernaspekte van **trauma dinamika** word hieronder getoon. Puntetellings strek vanaf 0 tot 100. 'n Totaal van meer as 36% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 30% en 36% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van minder as 30% is in die aanbevole gebied.




*** Verbetering is nodig**

## *Algehele Trauma Dinamika Telling*

Die algehele Trauma Dinamika puntetotaal is die gemiddelde van al die Trauma Dinamika faktore.




Die algehele telling is 28%.
Maak goeie vordering.

**Beste CFI-HIGH Areas:**

- [ ] Geheueverlies
- [ ] Frustrasie
- [ ] Hulpeloosheid
- [ ] Houding teenoor Volwassenes
- [ ] Wantroue
- [ ] Stigma
- [ ] Liggaamsbeeld
- [x] Persoonlike Grense
- [ ] Skoolprobleme
- [x] Alkoholgebruik
- [x] Dwelmgebruik

## Verslag:

**Wantroue:** Die huidige telling is 46.
Die respondente vind dit moeilik om ander te vertrou. Identifiseer wat dit veroorsaak. Om dit te doen, beveel ons 'n konsultasie met 'n professionele berader aan. Besluit op 'n strategie in samewerking met professionele advies en volg dit met toewyding.

**Skoolprobleme:** Die huidige telling is 41.
Skool is vir die respondente sleg en hulle kom maklik by die skool in die moeilikheid. Identifiseer wat vir hulle probleme by die skool veroorsaak. Om dit te doen, beveel ons 'n konsultasie met 'n professionele berader aan. Besluit op 'n strategie in samewerking met professionele advies en volg dit met toewyding.

**Geheueverlies:** Die huidige telling is 36.
Dis vir die respondente maklik om goed te onthou. Spreek probleme aan sodra dit vir hulle moeilik raak om goed te onthou.
(SOMS KAN HULLE DIT MOEILIK VIND OM GOED TE ONTHOU)


**Houding teenoor Volwassenes:** Die huidige telling is 34.
Die respondente se houding teenoor volwassenes is positief. Help hulle om hul houding teenoor volwassenes te handhaaf en spreek probleme aan sodra dit ontstaan.
(SOMS KAN HULLE VOLWASSENES MINDER POSITIEF BELEEF.)

**Frustrasie:** Die huidige telling is 33.
Die respondente se innerlike belewenis van frustrasie dui op 'n gevoel van vergenoegdheid. Dit blyk dat hulle die onderbreking van doelgerigte aksies as gevolg van probleme in hulself en hul omgewing goed hanteer en dat hulle nie toelaat dat dit hulle verhinder om hulle aspirasies in die lewe te bereik nie. Ervarings soos woede, frustrasie, irritasie, ongeduld, verbittering en agterdog word dus goed deur hulle hanteer.
(SOMS KAN HULLE HULSELF MINDER POSITIEF BELEEF.)

**Stigma:** Die huidige telling is 33.
Die respondente beleef hulself as dieselfde as ander kinders. Help hulle om dit te handhaaf en die beste gebruik te maak van elke geleentheid om hulself te bestuur.
(SOMS KAN HULLE HULSELF MINDER POSITIEF BELEEF.)

***Verhoudings Totale***


Puntetellings in die kernaspekte van **persoonlike verhoudings** word hieronder getoon. Puntetellings strek vanaf 0 tot 100. 'n Totaal van minder as 64% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 64% en 70% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van meer as 70% is in die aanbevole gebied.




*** Verbetering is nodig**

## *Algehele Verhoudings Telling*

Die algehele Verhoudings puntetotaal is die gemiddelde van al die Verhoudings faktore.




Die algehele telling is 51%. Verbetering is nodig.

**Beste CFI-HIGH Areas:**

- [x] Verhouding met Vriende
- [ ] Verhouding met Ma
- [ ] Verhouding met Pa
- [ ] Verhouding met Stiefma
- [ ] Verhouding met Stiefpa
- [x] Gesinsverhoudings

## Verslag:

**Verhouding met Stiefma:** Die huidige telling is 18.
Dit ontbreek die respondente se verhouding met hul stiefma's aan die volgende belangrike elemente: liefde, respek en trots. Dit is belangrik om alle negatiewe aspekte rakende hul verhouding met hul stiefma's soos onopgeloste konflik, 'n gebrek aan respek, verwaarlosing, ens te identifiseer en te bestuur. Om dit te doen beveel ons 'n konsultasie met 'n professionele berader aan. Besluit op 'n strategie in samewerking met professionele advies en volg dit na selfs as dit 'n verandering in lewenstyl behels.


**Verhouding met Stiefpa:** Die huidige telling is 35.
Dit ontbreek die respondente se verhouding met hulle stiefpa's aan die volgende belangrike elemente: liefde, respek en trots. Dit is belangrik om alle negatiewe aspekte rakende hul verhouding met hul stiefpa's soos onopgeloste konflik, 'n gebrek aan respek, verwaarlosing, ens te identifiseer en te bestuur. Om dit te doen beveel ons 'n konsultasie met 'n professionele berader aan. Besluit op 'n strategie in samewerking met professionele advies en volg dit na selfs as dit 'n verandering in lewenstyl behels.

**Verhouding met Pa:** Die huidige telling is 57.
Dit ontbreek die respondente se verhouding met hulle pa's aan die volgende belangrike elemente: liefde, respek en trots. Dit is belangrik om alle negatiewe aspekte rakende hul verhouding met hul pa's soos onopgeloste konflik, 'n gebrek aan respek, verwaarlosing, ens te identifiseer en te bestuur. Om dit te doen beveel ons 'n konsultasie met 'n professionele berader aan. Besluit op 'n strategie in samewerking met professionele advies en volg dit na selfs as dit 'n verandering in lewenstyl behels.

**Verhouding met Ma:** Die huidige telling is 61.
Dit ontbreek die respondente se verhouding met hul ma's aan die volgende belangrike elemente: liefde, respek en trots. Dit is belangrik om alle negatiewe aspekte rakende hul verhouding met hul ma's soos onopgeloste konflik, 'n gebrek aan respek, verwaarlosing, ens te identifiseer en te bestuur. Om dit te doen beveel ons 'n konsultasie met 'n professionele berader aan. Besluit op 'n strategie in samewerking met professionele advies en volg dit na selfs as dit 'n verandering in lewenstyl behels.

***Besluitnemingsvermoë Totale***


Puntetellings in die kernaspekte van **besluitnemingsvermoë** word hieronder getoon. Puntetellings strek vanaf 0 tot 100. 'n Totaal van minder as 67% toon 'n behoefte vir verbetering aan; 'n totaal van tussen 67% en 73% dui 'n waarskuwing aan wat aandag nodig het en 'n totaal van meer as 73% is in die aanbevole gebied.




*** Verbetering is nodig**

### *Algehele Besluitnemingsvermoë Telling*

Die algehele Besluitnemingsvermoë puntetotaal is die gemiddelde van al die Besluitnemingsvermoë faktore.




Die algehele telling is 62%.
Verbetering is nodig.

**Beste CFI-HIGH Areas:**

☐ Onafhanklikheid
☑ Verantwoordelikheid

## Verslag:

**Onafhanklikheid:** Die huidige telling is 56.
In die respondente se gesinne word hulle nie toegelaat om vir hulself te besluit en om dit te doen waarvan hulle hou nie. Hul ouers probeer beheer uitoefen oor met wie hulle meng en is oorbeskermend. Dit kan wees as gevolg van baie dinge en ons beveel aan dat hulle dit met 'n professionele berader bespreek, omdat dit 'n negatiewe impak op hul funksionering sowel as op hul loopbaanbeplanning kan hê.

**Verantwoordelikheid:** Die huidige telling is 68.
Die respondente is seker van hul opinies en is in staat om probleme in die lewe te hanteer. Hulle glo hulle kan 'n sukses van hul lewe maak. Maak van elke geleentheid gebruik om hul vermoë om verantwoordelike besluite te neem, verder te ontwikkel (bv professionele konsultasie, seminare, boeke, video's, ens).
(SOMS KAN HULLE HULSELF MINDER POSITIEF BELEEF.)

| Naam | E-Pos | Telefoon |
|---|---|---|
| ELN<br>ELN<br>BOA 10<br>BOA 11<br>WAP 12<br>WAP 2<br>ELN 27 | | |

# BRONNELYS


AALDERS, G.C.1948. Het Boek De Prediker. (Commentaar op het Oude Testament.) Kampen: Kok.

ADAMS, J. E. 1975. Christian living in the home.New Jersey: Presbyterian and Reformed Publishing Company.

ADAMS, J. E.1999. Life under the Son. Printed in the United States of America.

AMOORE, C. 2009. Help at hand for suicidal teenagers. Citizen. Topic 10. 17 Februarie 2009.

ARTERBURN, M. 2005. Healing is a choice. Nashville, Tennessee: Nelson Books.

BARNES, P. 2004. Both sides now – Ecclesiastes and the human condition. Edinburgh: The Banner of Truth Trust.

BARTHOLOMEW, C.G. 2009. Ecclesiates. Grand Rapids, MI: Baker.

BEEK, M.A. 1984. Prediker. Hooglied. (De Prediking van het Oude Testament). Nijkerk:Uitgeverij G.F. Callenbach)

BEELD. (Suid-Afrika) 2010. Jong Afrikaners se denke oor seks, vloek verander radikaal. Johannesburg.

BLOK, M.J.C. 1988. Ecclesiastes. London. I.L.P.B.

BOICE, J. M. 1998. Psalms. Volume 3. Grand Rapids, Michigan: Baker Books.

BRUNSDON, A.R. & JANSE VAN RENSBURG, J. 2003. Wanneer jongmense hoop verloor. 'n Pastorale perspektief op die selfmoord kontemplerende adolessent. *Acta Theologica*. 2003:2.

BUMA, M. 2001. Convention through postmodern eyes. *The Banner,* 136(19) 28-30. September 2001.

BURDEN, J. 1993. Prediker (*In* Vosloo, W & J van Rensburg, F. *Red.* Die Bybel in Praktyk. Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy. P.939-953).

CAMBELL, R.M.D. 1981. How to really love your teen. Colorado Springs: David Cook.

CARTWRIGHT-HATTON, S. 2006. Worry in childhood and adolescence (*In* Davey, G.C.L. & Wells, A. Eds. Worry and its psychological disorders. Cornwall. *TJ International.*)

CAWOOD, A. 2008. Tieners moet grense hê. Welgemoed. Metz Press.
CHAPMAN, G. 2008. The family you've always wanted. Chicago. Northfield Publishing.
CHRISTIANSON, E.S. 2007. Ecclesiastes through the centuries. (Bible Commentaries). Oxford, UK: Blackwell Publishing).
CLARKSON, C. 2004. Our 24 family ways. Family devotional guide. United States of America. Whole Heart Ministries.
CLINTON, T. 2006. Turn your life. Boston: Faith Words.
CLOUD, H. & TOWNSEND, J. 1992. Boundaries. Grand Rapids, Mi.: Zondervan.
CLOUD, H. & T. J. 2004. Grense mens tot mens. Kaapstad. Struik Christelike Boeke Bpk.
COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls (*In*Floor. L. & Coetzee, J.C. Die Skrif en wetenskap. Potchefstroom: PU vir C.H.O. p.15-30.)
COETZER, W. 2004. Seksualiteit. Ongepubliseerde bundel. Potchefstroom.
COETZER, W.C. 2007: Tien fases van die genesingsproses. Ongepubliseerde bundel. Potchefstroom.
COETZER, W.C. 2008. Vergifnis. Ongepubliseerde bundel. Potchefstroom.
COVEY, S.R. 1989. The seven habits of highly effective people. London: Simon & Schuster.
COVEY, S.R. 2008. The Leader in Me. London. Simon & Schuster
COX, D. 1993. Ecclesiastes, The Book of. (*In* Metzger, B.M. *ed.* The Oxford companion to the Bible. P.176-178. New York. Oxford University Press.)
CRENSHAW, J.L. 1992. Ecclesiastes, Book of. (The Anchor Bible Dictionary. Volume 2: D-G. P.271-280)New York. Doubleday.
CROTTS, J. 2004. Mighty Men. The starter's guide to leading your family. Sand Springs, Oklahoma. Grace and Truth Books.
DE KLERK, B.J. & VAN RENSBURG, F.J.2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking. Potchefstroom: Potchefstroom Teologiese Publikasies.
DE KLERK, T.C. 2002. Die Prediker. (Aantekeninge by Bybelstudie). Ongepubliseer.
DE KLERK, T.C. 2003. Die Godvresende vader – die man na God se hart. (Voordrag gelewer by jaarlikse GTV op 5 Augustus 2003 in Pretoria) Ongepubliseer.
DE KLERK-LUTTIG, J. & HEYSTEK, J. 2007. Discipline in schools: Are our student teachers ready for the challenge? (*In* Oosthuizen, I.J., Rossouw, J.P., Russo, C.J.,

Van der Walt, J.L. & Wolhuter, C.C.Perspectives on learner conduct. 2-4 April 2007. Proceedings of the first international conference on learner discipline at the North-West University, Potchefstroom Campus. p. 1-14.)

DE KOCK, H.K. 2003. ‘n Prakties-teologiese beoordeling van *Natural church development* se agt kwaliteitseienskappe van groeiende kerke. Potchefstroom. P.U. vir C.H.O.(Skripsie – M.Th.)198 p.

DE VRIES, M. 1994. Family-based youth ministry. Downers Grove, Illinois. Intervarsity Press.

DELPORT, C.S.L. 2005. Quantitative data-collection methods. (*In* De Vos, A.S. *ed.* Research at Grass roots. Third Edition. Pretoria. Van Schaik Publishers. P.159-191.)

DELPORT, C.S.L. & FOUCHè, C.B. 2005. The place of theory and literature review in the qualitative appraoch to research (*In* De Vos, A.S. *ed.* Research at grass roots. Third Edition. Pretoria. Van Schaik Publishers.p.261-265)

DELPORT, C.S.L. & FOUCHè, C.B. 2005.The qualitative research report (*In* De Vos, A.S. *ed.* Research at Grass roots. Third Edition. Pretoria.Van Schaik Publishers. P.350-354)

DILLARD, R.B. & LONGMAN III, T. 2000. Inleiding op het Oude Testament. Heerenveen. Uitgeverij Groen

DOBSON, J. 1992. Dare to discipline. Wheaton, Ill: Tyndale House Publishers, Inc.

DOBSON, J. 2000. Complete marriage and family home reference guide. Wheaton, Illinois. Tyndale House Publishers, Inc.

DOBSON, J. 2004. The new strongwilled child. Wheaton, Illinois. Tyndale House Publishers, Inc.

DOBSON, J. 2006. Preparing for adolescence. Vereeniging. Christian Art Publishers

DRAPER, P. L. 1996. Haunted Memories. Healing the pain of childhood abuse. Grand Rapids, Michigan. Fleming H. Revell.

DU PLESSIS, P.J. & CONLEY, L. 2007. Bullying in schools: can we turn the tide? (*In* Oosthuizen, I.J., Rossouw, J.P., Russo, C.J., Van der Walt, J.L. & Wolhuter, C.C. Perspectives on learner conduct. 2-4 April 2007. Proceedings of the first international conference on learner discipline at the North-West University, Potchefstroom Campus. p.42-59.)

DU TOIT, M., NIENABER, A., HAMMES-KIRSTEN, D., KIRSTEN, T., CLAASSENS, E., DU PLESSIS, W. & WISSING, M. 1997. A Lifeskills & Coping programme for adolescents. Potchefstroom: PU vir CHO.

EATON, M.A. 1983. Ecclesiastes. (The Tyndale Old Testeament Commentaries). England, Leicester: Inter-Varsity Press)
ELWELL, W.A. 1996, c1989. Vol. 3: Evangelical Commentary on the Bible. Baker reference library (Pr 1:2). Grand Rapids, Mich: Baker Book House.
FAESSLER, M. 1977. Youth in the year 2000: the problem of values (*In* Hill, J.P. & Mönks, F.J. eds. Adoloscence and Youth in Prospect. Guildford, England: IPC Science and Technology Press Limited. p.130-135.)
FARMER, K. 2000. Ecclesiastes, Book of. (*In* Freedman, D.N. *ed.* Dictionary of the Bible. P. 367-368. Grand Rapids, MI. Wm. B. Eerdmans Publishing Co.)
FAUL, A.C & HANEKOM, A. J. 2006. Ekometrie – Module 1 Grondbeginsels. Potchefstroom: Perspektief Opleidingskollege
FERREIRA, A., BADENHORST, G. & WILKENSON, A. 2007. Teachers values and the use of punishment in managing learner behaviour: an interpretative perspective. (*In* Oosthuizen, I.J., Rossouw, J.P., Russo, C.J., Van der Walt, J.L. & Wolhuter, C.C.Perspectives on learner conduct. 2-4 April 2007. Proceedings of the first international conference on learner discipline at the North-West University, Potchefstroom Campus. p.60-78.)
FORSYTH, D. 2005. ECCLESIASTES: As an authoritative foundation for teaching life skills to Youth today (A thesis submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of
FOUCHè, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. (*In* De Vos, A.S. *ed.* Research at Grass roots. Third Edition. Pretoria. Van Schaik Publishers.p.71-85)
FOX, M. V. 1999. A time to tear down and a time to build up:A reading of Ecclesiastes. Grand Rapids, Michigan: Wiliam B. Eerdmans Publishing Company.
FOX, M.V. 1989. Qohelet and his contradictions. England.
Sheffield. The Almond Press. FOX, M.V. 1998. The inner-structure of Qohelet's thought. (*In* Schoors, A ed. Qohelet in the context of wisdom.p.225-238.Leuven. Uitgeverij Peeters)
FRANK, J. 1995. Door of hope – recognizing and resolving the pains of your past. Nashville: Thomas Nelson.
FREEKS, F. E. 2004. Die rol van die ontbrekende vaderfiguur in die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Prakties-teologiese studie (Verhandeling voorgelê vir die gedeeltelike

voldoening aan die vereistes vir die graad Magister Artium in Praktiese Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).

GARBERS, J.G., WIID, A.J.B., MYBURGH, C.P.H., VAN BILJON, S.S. & FOURIE, C.M. 1983. Adolessensie. Pretoria. Butterworth-Uitgewers (Edms.) Bpk.

GARRET, D.A. 1993. Proverbs, Ecclesiastes, Song of Songs. (The New American Commentary. Vol.14.)Nashville, Tennessee: Broadman Press).

GIBSON, K., SWARTZ, L. & SANDENBERGH, R. 2002. Counselling and Coping. Oxford. University Press.

GOTTFREDSON, M.R. & HIRSCHI, T. 1994. A General theory of adolescent problem behavior: Problems and prospects (*In* Keeterlinus, R.D. & Lamb, M.E. eds. Adolescent problem behaviors. New Jersey. Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.) H. Revell Company.

HART, A. D. 1992. Stress and your child. The hidden reason why your child may be moody, resentful or insecure. W. Publishing Group.

HART, A. D. 1992. Stress and your child. The hidden reason why your child may be moody, resentful or insecure. Nashville, Tennessee. W Publishing Group.

HAWKEY, R. 2000. Praying for children. Praying healing for your child. Cichester. England. New Wine Press.

HEAVEN, P.C.L. & CIARROCHI, J. 2007. Personality and religious values among adolescents: A three-wave longitudinal analysis. *British Journal of Psychology* (2007) 98, 681-684. The British Psychology Society.

HEITINK, G. 1999. Practical Theology: history, theory, action domains. Translated by Reinder Bruinsma. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans.

HEMFELT, R., MINIRTH, F. & MEIER, P. 2003. Love is a choice. Nashville: Thomas Nelson Publishers**.**

HENRY, M. 1996, Matthew Henry's commentary on the Whole Bible. CD Rom.

HICKS,R. 1993. Trauma. The pain that stays. Grand Rapids, Michigan. Fleming H. Revell.

HILL, A.E. & WALTON, J.H. 2000. A Survey of the Old Testament. Grand Rapids, MI: Zondervan.

HILL, J.P. & MöNKS, F.J. 1977. Overview and outcomes. (*In* Hill, J.P. & Mönks, F.J. eds. Adoloscence and Youth in Prospect. Guildford, England: IPC Science and Technology Press Limited. p.1-12.)

HOVESTADT, A.J., ANDERSON, W.T., PIERCY, F.P., COCHRAN, S.W. & FINE, M. 1985. A Family-of-origin scale. *Journal of Marital and Family Therapy, Vol. 11, No (3); 287-297.*

HUGHES, K. & B. 2004. Disciplines of a Godly family. Wheaton, Illinois. Crossway Books.

INGRAM, C. 2003. Effective parenting in a defective world. Walk Thru the Bible Ministries.

JAMES, J. 2003.Ecclesiastes. (Grace Fellowship. Pretoria. Tape 1-21)

JAMES, J. 2010. Understanding and preaching Ecclesiastes.(Shepherd's Conference, 24-26 May. Johannesburg). Ongepupliseerd.

JAMIESON, R. & FAUSSET, A.R.& BROWN, D. 1997. A Commentary, critical and explanatory, on the Old and New Testaments. On spine: Critical en explanatory commentary. (Pr.1:1). Oak Harbor, WA: Logos Research Systems, Inc.

JEREMIAH. D. 2008. Hopeful Parenting. California. Christian Art Publishers.

JOUBERT, N. L. 1999. Die ontwerp en evaluering van 'n Bybelsgefundeerde terapieprogram vir 'n gemeente. Potchefstroom. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif – Philosophiae Doctor)

KAMANO, N. 2001. Cosmology and Character. Berlin. Walter de Gruyter.

KIDNER, D. 1976. A time to mourn, and a time to dance. Ecclesiastes and the way of the world. Cambridge. Inter-Varsity Press.

KIDNER, D. 1985. The wisdom of Proverbs, Job & Ecclesiastes. Illinois. InterVarsity Press.

KOH, Y.V. 2006. Royal Autobiography in the Book of Qoheleth. Berlin. Walter de Gruyter.

KRUGER, D.J., DE VOS, A.S., FOUCHE, C.B & VENTER, L. 2005. Qualitative data analysis and interpretation (*In* De Vos, A.S. *ed.* Research at Grass roots. Third Edition. Pretoria.Van Schaik Publishers. P.217-245).

KRUGER, R. 2008. Die pastorale hantering van oorgeërfde verwonding by tieners. Potchefstroom. Noordwes-Universiteit. (Verhandeling Magister Artium in Pastoraal.)

KRUGER, S.F. 2000. Menslike persoonlikheid en toerustende herderlike bediening. Aspekte van 'n metateorie, basisteorie en praktykteorie. Potchefstroom. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Proefskrif – Theologiae Doctor.)

KUHN, T.1987. Die Paradigma – teorie en die vraag na die herkoms van teologiese denkmodelle. (*In.* Van Huysteen, W. *et al.* Teologie as kritiese geloofs-verantwoording. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria. p.63-87).
LANE, T. & TRIPP, P. 2006. Relationships. A mess worth making. Greensboro. New Growth Press.
LARNEY, T. & LOTTER, G.A.2005. Ouers se rol in die oordrag van etiese en morele waardes. *Koers*, 70(4):661-683.
LEE, E.P 2005. The vitality of enjoyment in Qohelet's Theological Rhetoric. New York. Walter de Guyter.
LESSING, A.C. & DREYER, J. 2007. Every teacher's dream: Discipline is no longer a problem in South African schools. (*In* Oosthuizen, I.J., Rossouw, J.P., Russo, C.J., Van der Walt, J.L. & Wolhuter, C.C.Perspectives on learner conduct. 2-4 April 2007. Proceedings of the first international conference on learner discipline at the North-West University, Potchefstroom Campus. p.120-131.)
LIOY, D. 2005. Checkmating the human drive for life. A Biblical-Theological examination of Genesis 5, Ecclesiastes 1, and 1 Corinthians 15:50-58. South African Theological Seminary.
LITTLE, I. 2008. Lewenspraatjies met ouers. Kaapstad. Oshun Books.
LOADER, J.A. 1979. Polar Structures in the Book of Qohelet. New York. Walter de Gruyter.
LONGMAN III, T. 1998.The Book of Ecclesiastes. (*In* Harrison, R.K. & Hubbard, R.L. *ed.* The New International Commentary on the Old Testament. Grand Rapids, Michigan. William B. Eerdmans Publishing Company).
LONGMAN III, T. 1998. The Book of Ecclesiastes. (New International Commentary on the Old Testament) Grand Rapids, MI: William B. Eerdmans Publishing Company.
LOUW, D. 2005. Ratwerke van die menslike siel. Oor volwassenheid en lewensvaardighede. Stellenbosch. Sun Press.
MACARTHUR, J. 1997. The MacArthur Study Bible. Thomas Nelson Bibles.
MACARTHUR, J. 1998. Successful Christian parenting. Raising your child with care, compassion, and common sense. Nashville. Word Publishing.
MACARTHUR, J. 1998. What the Bible says about parenting: God's plan for rearing your child. Nashville: W Publishing Group.
MACDONALD, J. 2002. Seven words to change your family. Chicago. Moody Press.

MACK, W. A. 1991. Your Family God's way. Developing & sustaining relationships in the home. Phillipsburg, New Jersey. P&R Publishing.
MAREE, C. 2001. Die identifisering van temas vir die ontwikkeling van 'n voorbereidingsprogram vir adolessente wat stiefgesinne betree. Potchefstroom. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Skripsie – Magister Artium: Kliniese Psigologie.)
MATSAKIS, A. 1996. I can't get over it. A handbook for Trauma Survivors. Oakland. New Harbinger Publications, Inc.
McDOWELL, J. 1996. Counselling Youth. Dallas: Word Publishing.
MCDOWELL, J. & HOSTETLER, B. 1996. Handbook on counselling youth. A comprehensive guide for equipping youth workers, pastors, teachers, and parents. Dallas. Word Publishing.
McGEE, R S.1998.The search for significance. Nashville, Tennessee: W Publisher Group.
McGRAW, P.2004. Family first. New York. Simon & Schuster.
MEIER, P. D. & RATCLIFF, D. E. 1995. Raising your child. Grand Rapids, Michigan. Flemming H Revell.
MEIER, P., BERTRAND, J. & MANDT, D. 2005. Blue Genes. Wheaton, Illinois:Tyndale House Publishers.
MILEVSKY, A. & LEVITT, M.J. 2004. Intrinsic and extrinsic religiosity in preadolescence and adolescence: Effect on psychological adjustment. *Mental Health, Religion & Culture*. Volume 7, Number 4 (p.307-321).
MORGAN, G. C. 1961. Unfolding Message of the Bible**.** Grand Rapids, MI: Fleming
MURPHY, R.E. 1992. Ecclesiastes. (Word Biblical Commentary.) Dallas. Texas: Word Books.
OGDEN, G. 1987. Qoheleth. Sheffield: JSOT Press.
OGDEN, G. S., & Zogbo, L. 1998. *A handbook on Ecclesiastes*. UBS handbook series; Helps for translators (437–438). New York: United Bible Societies.
OLYOTT, S. 1983. A Life worth living and a Lord worth loving. England, Durham: Evangelical Press. One volume . Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers.
OOSTHUIZEN, I.J., ROSSOUW, J.P., RUSSO, C.J., VAN DER WALT, J.L. & WOLHUTER, C.C. Perspectives on learner conduct. 2-4 April 2007. Proceedings of the first international conference on learner discipline at the North-West University, Potchefstroom Campus.

PARROT, L & PARROT, L. 2002. Counselling Adolescents (*In* Clinton, T. & Ohlschlager, G., *ed.* Competent Christian Counselling. Colorado Springs: Waterbrook Press. p. 561-585).
PRIOLO, L. 2000. Teach them diligently. Woodruff. Timeless Text.
PROVAN, I. 2001. The NIV Application Commentary. Ecclesiastes/Song of Songs. Grand Rapids: Zondervan.
RAINER, S.S. 2008. Squaring off with the Church Dropout Rate (In: SermonCentral.com)
RANKIN, O.S. 1956. Ecclesiastes. (The Interpreter's Bible. Volume v). New York: Abingdon Press.
RETIEF, Y. 2004. Genesing vir trauma. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
SALZWEDEL, I. 2006. Leer jou kind waardes. *Leef,* 25-26, Jan.
SCHLEBUSCH, L. 2009. Teen suicide can be prevented – Recognize the warning signs. *Daily News.* Topic 10. 16 Fberuarie 2009.
SCHOEMAN, O. 2005. "Failure": a pastoral study. North-West University: Potchefstroom. (Thesis – PhD)
SCHOORS, A. 1998. Words typical of Qohelet. (*In* Schoors, A ed. Qohelet in the context of wisdom.p.17-39.Leuven. Uitgeverij Peeters).
SEAMANDS, D.1985. Healing of memories. Carlisle, Cumbria: Alpha.
SEAMANDS, D. A. 2004. Genesing van emosionele pyn. Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy.
SEMMELINK, W.G. 2009. The Advanced Course in Counselling Youth in Crisis. Pretoria.
SEYBOLD, K. 1978. Hebhel. (*In* Botterweck, G.J. *ed.* Theological Dictionary of the Old Testament. Volume III. P.313-320. Michigan. Grand Rapids. William B. Eerdmans Publishing Company.)
SHIELDS, M.A. 2006. The end of wisdom:A Reapraisal of the historical and canonical function of Ecclesiastes. Indiana. Winona Lake: Eisenbrauns.
SMALLEY, G & SMALLEY, G. 2005. The DNA of parent-teen relationships. Wheaton, Illinois: Tyndale.
SMITH, J. 2008. Hoe om jou lewe te verwoes voor jy 16 is. Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy.
STEYN, R.S & LOTTER, G. A. 2006. Veranderende tendense en die implikasie vir jongmensverhoudings. Koers 71(2,3,4):535-555.

STRYDOM, H. 1999. Maatskaplikewerk-navorsing. Maatskaplike Werk Diktaat MWK321/411. Potchefstroom. Noordwes Universiteit.
STRYDOM, H. 2005. Information collection: Participant observation (*In* De Vos, A.S. *ed.* Research at Grass roots. Third Edition. Pretoria. Van Schaik Publishers.p.274-285)
The Hebrew Bible: Andersen-Forbes Analyzed Text; Bible. O.T. Hebrew. Andersen-Forbes. 2008; 2008. Logos Bible Software.
TOWNER, W.S.1997. The Book of Ecclesiastes – Introduction, commentary, and reflections. (*In* The New Interpreter's Bible. Volume V (p.267-360). Nashville: Abingdon Press.
TRENT, J., OSBORNE, R. & BRUNER. 2003. Geestelike groei van kinders. Help jou kinders 'n persoonlike verhouding met die Here ontwikkel. Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy.
TRIPP, P.D. 1997. Age of Opportunity. A Biblical Guide to Parenting Teens. New Jersey. P&R Publishing
TRIPP, T. 1995. Shepherding a Child's heart. Wapwallopen, PA. Shepherd Press.
TROLLINGER, S. 2007. Advanced Triage counseling – counseling that heals teenagers & parents. Oviedo, Florida: Higherlife Press.
VAN ZYL, A. 1997, c1993. Die Bybel verklaar: 1983 Vertaling. Verklarings oorspronklik in 1989 uitgegee saam met die Bybelsteks onder die titel: Verklarende Bybel. (Pr.1:1) Kaapstad. Lux Verbi.
VAN DER MERWE, C. 2004. *The Lexham Hebrew-English Interlinear Bible; Bible. O.T. Hebrew.* Logos Research Systems, Inc.
VAN ROOY, HF. 1991. Riglyne vir die prediking oor wysheidsliteratuur, toegespits op die boek Spreuke. *In die Skriflig,* 25 (3): 303 – 321.
VAN WIJK, T. 2002. Hantering van trauma. (Lesing tydens kursus in 2002 te Potchefstroom) Ongepubliseer.
VAN WIJK, T. 2010. Genees jou trauma. Hermanus. Hemel & See Boeke.
VANVONDEREN, J. 1992. Families where grace is in place. Minneapolis, Minnesota. Bethany House Publishers.
VENTER, C.J.H.1993. Basisteoretiese perspektiewe op kommunikasie in die bediening. *In die Skriflig,* 27(2): 247-260.
VENTER, C.J.H. 1996. Uitkringende liefdesbetoon: kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria. RGN Uitgewery.

VENTER, P. 2003. Prediker. (*In* Van der Walt, J. Die Bybel A – Z. Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy. P.403-408.).
VENTER. H.V. 2004. Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n Prakties-teologiese benadering. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. (Skripsie – M.Div.)
VIVIERS, H. 1999. Prediker. (*In* Vosloo, W & J van Rensburg, F. *Red.* Die Bybellenium. Eenvolumekommentaar. Vereeniging. Christelike Uitgeversmaatskappy. P.734-758).
VON WIELLIGH, J. 2003. Coping by kinders uit egskeidingsgesinne. (Skripsie vir die MA Graad.) Potchefstroom.
VOS, C. 2006. ‘n Hand vol wind.Die stem van Prediker vir ons tyd. Wellington: Lux Verbi. BM.
WALSH, F. 1999. Spiritual resources in family therapy. New York, London: The Guilford Press.
WALWOOD, J.F. & ZUCK, R.B.& Dallas Theological Seminary. 1983-c1985. The Bible Knowledge Commentary: An exposition of the scriptures (1:978). Wheaton, IL: Victor Books.
WHYBRAY, R.N. 1998. Qoheleth as a theologian. ((*In* Schoors, A ed. Qohelet in the context of wisdom.p239-265. Leuven. Uitgeverij Peeters).
WIDON, C.S. 1994. Childhood victimization and adolescent problem behaviors. (*In* Keeterlinus, R.D. & Lamb, M.E. eds. Adolescent problem behaviors. New Jersey. Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.)
WILSON, L. 1998. Artful ambiguity in Ecclesiastes 1:1-11. (*In* Schoors, A *ed.* Qohelet in the context of wisdom. P.357-365. Leuven. Uitgeverij Peeters
WITTBERG, P. 1999. Families and religions (*In* Sussman, M.B., Steinmetz, S.K & Peterson, G.W., eds. Handbook of marriage and the family. N.Y.: Plenum.)
WOLHUTER, C.C. & VAN STADEN, J.G. 2007. Learner misconduct in the Free State, Eastern Cape and Vaal Triangle (South Africa): An empirical study of the experience of teachers. (*In* Oosthuizen, I.J. ed., Perspectives on learner conduct. Potchefstroom: The Platinum Press. p. 394-406)
WOLTERS, A. M. 2005. Creation regained. William B. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans Publishing Company.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (*In* Klostermann, F. & Zerfass, R.Praktische Theologie Heute. München: Kaiser/Grünewald. p.164-177).
ZIEGLER, D. 2000. Raising children who refuse to be raised. Oregon, Jasper. SCAR.